DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE AKADEMIE

PROSPEKTUS 2027



- Die Afrikaanse Protestantse Akademie behou die reg voor om die inligting en kostes te verander soos nodig.
- Die Prospektus word jaarliks hersien en sommige inligting daarin vervat kan van jaar tot jaar verskil.

GEREGISTREERDE NAAM

Hierdie Akademie is by die Departement van Onderwys amptelik geregistreer onder die naam:

DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE AKADEMIE MSW

Registrasienommer: 2002/031756/08

By die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding as 'n privaat tersiêre onderwysinstelling geregistreer kragtens die Hoër Onderwyswet van 1997

Registrasiesertifikaat Nr. 1999/HE08/001

Ou spore – Nuwe weë

KONTAKBESONDERHEDE

Posadres: Die Afrikaanse Protestantse Akademie
Farendenstraat 430
CLYDESDALE
Pretoria, 0002

Straatadres: Farendenstraat 430
CLYDESDALE
Pretoria, 0002

☎ (012) 344 3960/1/2

info@apa.ac.za

www.apa.ac.za

INHOUDSOPGAWE

INHOUDSOPGAWE 1
ALGEMENE INLIGTING 7
Ons Visie 7
Ons Missie 7
Ons Norme (Waardes) 7
Wetlike Status 7
Internasionale erkenning van APA kwalifikasies 7
Name van Direkteure 7
Programkoördineerder(s) 8
Voltydse Akademiese personeel 8
Deeltydse Akademiese personeel 8
Taalbeleid 9
Metode van onderrig en vereistes 9
Leermateriaal en Handboeke 9
Definisies 9
Aansoek om Toelating 9
Minimum aantal studente per vak 9
Laat registrasie 10
Ondersteuningstelsels vir studente 10
Omskrywing rakende onderrig en leer 10
Assessering 11
1. Werkstukke/navorsingsprojekte en referate 11
2. Toetse en Eksamen 11
3. Toekenning van punte (Slaagvereistes) 12
4. Hereksamen 12
5. Siekeksamen 12
6. Dispuut oor die toekenning van punte 12
Erkenning en oordrag van krediete (CAT) 12
Erkenning van vorige leer (RPL) 13
Studente met gestremdhede 13
Klagtes en Griewe 13
Gesondheid en Welstand van Studente en Personeel 14
Finansiële hulp aan studente 14

Gedragskode en ander reëls 15

BACCALAUREUS IN GEESTESWETENSKAPPE/BACHELOR OF ARTS (BA) GEAKKREDITEER - SAKO (SAQA) ID: 23375 (61409) 18

Minimum 360-krediet program op vlak 7 van die nasionale kwalifikasieraamwerk (NKR) 18

Inleiding 18

Duur van die kursus 18

Metode van onderrig 18

Toelatingsvereistes 18

Spesifieke instellingsvereistes 19

Finansies 19

Kwytskeldings by staking van studie en of vakke 20

Kurrikula/programsamestelling 21

Kombinasiereëls 22

Akkumulasie van akademiese krediete 23

Uitkomstebeskrywing 23

Afrikaans 23

Akademiese Geletterdheid 26

Bybelkunde 26

Christelike Berading 28

Duits 30

Ekonomie 32

Engels 35

Filosofie 37

Klassiek-Christelike wêreldbeskouing 39

Geografie 39

Geskiedenis 42

Grieks 51

Hebreeus 53

Kommunikasiekunde 56

Latyn 59

Navorsingsmetodologie 62

Navorsing- en Statistiese Metodes 62

Navorsingsprojek 62

Politieke Wetenskap 63

Rekenaar- en digitale geletterdheid 64

Rekenaartegnologie 65
Sepedi 67
Sielkunde 69
Sosiologie 72
Wiskunde 75
BACCALAUREUS IN SOSIALE WETENSKAPPE/BACHELOR OF SOCIAL SCIENCES (BSocSci) GEAKKREDITEER - SAKO (SAQA) ID: 120400 80
Minimum 360-krediet program op vlak 7 van die nasionale kwalifikasieraamwerk (NKR) 80
Inleiding 80
Duur van die kursus 80
Metode van onderrig 80
Toelatingsvereistes 80
Spesifieke instellingsvereistes 82
Finansies 82
Kwytskeldings by staking van studie en of vakke 83
Kurrikula/programsamestelling 83
Kombinasiereëls 85
Akkumulasie van akademiese krediete 86
Uitkomstebeskrywing 87
Afrikaans 87
Akademiese Geletterdheid 89
Duits 90
Ekonomie 92
Engels 94
Filosofie 96
Frans 98
Gemeenskapsontwikkeling 99
Geografie 100
Geskiedenis 103
Klassiek-Christelike wêreldbeskouing 112
Joernalistiek 112
Kommunikasie vir beroepsdoeleindes 115
Kommunikasiekunde 115
Latyn 118
Navorsing- en Statistiese Metodes 120

Navorsingsmetodologie 121
Politieke Wetenskap 121
Rekenaar- en digitale geletterdheid 123
Rekenaartegnologie 123
Sepedi 125
Sielkunde 127
Sosiologie 130
Toegepaste internet kommunikasie en Vierde Industriële Rewolusie Tegnologie 133
Toegepaste Sagteware en verwante Tegnologie 133
Werksgeïntegreerde leer 134
Wiskunde 134
BACCALAUREUS IN SOSIALE WETENSKAPPE HONNEURS IN SIELKUNDE / BACHELOR OF SOCIAL SCIENCES HONOURS IN PSYCHOLOGY (BSocSci Hons Sielkunde) GEAKKREDITEER - SAKO (SAQA) ID: 125164 138
Minimum 120-krediet program op vlak 8 van die nasionale kwalifikasieraamwerk (NKR) 138
Inleiding 138
Duur van die kursus 138
Metode van onderrig 138
Toelatingsvereistes 139
Spesifieke instellingsvereistes 139
Finansies 139
Kwytskeldings by staking van studie en of vakke 140
Kurrikula/programsamestelling 140
Akkumulasie van akademiese krediete 141
Uitkomstebeskrywing 141
Benadering tot Psigoterapie 141
Christelike Sielkunde 141
Gemeenskapsielkunde 142
Ontwikkelingsielkunde 142
Klassiek-Christelike wêreldbeskouing 142
Sielkunde Assessering 143
Psigopatologie 143
Navorsingsprojek 143
Navorsingsmetodologie 144
Traumatologie 144
BACCALAUREUS IN TEOLOGIE/BACHELOR OF DIVINITY (BDiv) 145

Minimum 480-krediet program op vlak 8 van die nasionale kwalifikasieraamwerk (NKR) 145
Inleiding 145
Duur van die kursus 145
Metode van onderrig 145
Toelatingsvereistes 145
Finansies 146
Kwytskeldings by staking van studie en of vakke 147
Kurrikula/programsamestelling 147
Kombinasiereëls 149
Akkumulasie van akademiese krediete 150
Uitkomstebeskrywing 151
Departement Ou Testament 155
Departement Nuwe Testament 158
Departement Diakoniologie 160
Departement Dogmatologie 163
Departement Ekklesiologie 165
Departement Missiologie 166
HOËR SERTIFIKAAT IN SOSIALE STUDIES - SAKO (SAQA) ID: 125454 169
Minimum 120-krediet program op vlak 5 van die nasionale kwalifikasieraamwerk (NKR) 169
Inleiding 169
Duur van die kursus 170
Metode van onderrig 170
Toelatingsvereistes 170
Spesifieke instellingsvereistes 170
Finansies 171
Kwytskeldings by staking van studie en of vakke 171
Kurrikula/programsamestelling 172
Akkumulasie van akademiese krediete 173
Uitkomstebeskrywing 173
Administrasie van Maatskaplike Dienste 173
Akademiese Geletterdheid 174
Berading 174
Gesinstudies 174
Klassiek-Christelike wêreldbeskouing 175

LoCC Duits 175
LoCC Gebaretaal 175
LoCC Sepedi 176
Maatskaplike Sorgprogramme 176
Menslike Ontwikkeling en die Omgewing 176
Menslike Ontwikkeling en Sielkunde 177
Professionele Standaarde en Etiek 177
Rekenaar- en digitale geletterdheid 177
Sosiale Teorie 178
Werkgeïntegreerde leer (WIL): Professionele Praktyk in die Studieveld 178
NAGRAADSE ONDERWYSSERTIFIKAAT VIR DIE SENIOR- EN VERDERE ONDERWYS EN OPLEIDINGSFASE (NGOS)/POSTGRADUATE CERTIFICATE IN EDUCATION FOR SENIOR PHASE AND FURTHER EDUCATION AND TRAINING (PGCE) 179
Inleiding 179
Duur van die kursus 179
Metode van onderrig 179
Toelatingsvereistes 179
Spesifieke instellingsvereistes 182
Finansies 182
Kwytskeldings by staking van studie en of vakke 184
Kurrikula/programsamestelling 184
Akkumulasie van akademiese krediete 185
Uitkomstebeskrywing 186
Algemene Didaktiek 186
Klassiek-Christelike wêreldbeskouing 186
Kommunikasie 186
Onderwysteorie 187
Professionaliteit in Onderrig 188
Skoolgebaseerde-/Werksgeïntegreerde leer 188
Spesifieke Vakdidaktiek 189
VOORBEELD: KONTRAK/AANSOEKVORM 191

ALGEMENE INLIGTING

ONS VISIE

Die Afrikaanse Protestantse Akademie is ’n privaat tersiêre instelling in die klassiek-Christelike tradisie wat studente vorm vanuit reformatoriese vertrekpunte om hul roeping uit te leef tot eer van God Drie-enig.

ONS MISSIE

Ons missie is om ’n toonaangewende akademie in Suidelike Afrika te wees wat diensbaar is aan die reformasie van die vakwetenskappe asook die vorming van leiers met integriteit in die samelewing.

ONS NORME (WAARDES)

Daar is drie norme, naamlik **Woord, Lig** en **Waarheid** –

- **Woord**: Ons buig onder die gesag van die Heilige Skrif en werk vanuit ’n Gereformeerd-katolieke belydenisraamwerk. Daarom beoefen ons studente-ondersteuning, onderrig en leer, navorsing en gemeenskapsdiens in gehoorsaamheid aan God vanuit sy natuurlike en besondere openbaring.
- **Lig**: Ons beoefen wetenskap *coram Deo* en soek wysheid in die lig van ’n Bybels-reformatoriese wêreldbeskouing wat ons harte en denke rig en verdiep.
- **Waarheid**: Ons erken waarheid as objektief in God se skeppingsorde en sy Woord, daarom streef ons na intellektuele integriteit, en akademiese uitnemendheid wat ‘n Christelike karakter en verantwoordelikheid vorm.

WETLIKE STATUS

Hierdie Akademie is by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding as ‘n Privaat Tersiêre Onderwysinstelling geregistreer kragtens die Hoër Onderwyswet van 1997 onder die Registrasienommer **1999/HE08/001.** Die Akademie is 'n maatskappy sonder winsoogmerk met Registrasienommer **2002/031756/08.**

INTERNASIONALE ERKENNING VAN APA KWALIFIKASIES

Omdat die APA by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding geregistreer is werk ons akkreditasie- en registrasieproses op presies dieselfde wyse as enige ander hoër onderwysinstelling in Suid-Afrika.

Die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding keur al die publieke en privaat instansies se grade/programme goed en verleen aan al hiérdie instansies goedkeuring om hierdie grade/programme vir studente aan te bied. Die grade/programme by die APA is dus nie minder of meer kredietwaardig as 'n ander instansie se grade/programme nie. Indien afgestudeerde studente oorsee wil gaan werk, moet hulle by daardie spesifieke land se ambassade oor die addisionele vereistes navraag doen sou 'n student oor 'n Suid-Afrikaanse graad beskik.

NAME VAN DIREKTEURE

Die volgende persone is die Direkteure van die Art . 21 Maatskappy:

- Ds. AJ Ferreira (Rekenmeester)
- Prof. dr. GDS Smit (Visekanselier en Rektor)
- Prof. dr. CA Swanepoel (Dekaan: Akademiese Programme)

Die Senior Bestuur van die Akademie is:

- Ds. AJ Ferreira (Rekenmeester)
- Prof. dr. GDS Smit (Visekanselier en Rektor)
- Prof. dr. CA Swanepoel (Dekaan: Akademiese Programme)

PROGRAMKOÖRDINEERDER(S)

- **BA en HSSS:** Dr. AD Pieterse: BA, BTh (APA), BAHons, MA (Antieke Tale en Kultuurstudies – Klassieke Tale), DLitt (Latyn, UP)
- **BDiv:** Mnr. JJ Broekman: BA, BDiv (APA)
- **BSocSci:** Dr. AD Pieterse: BA, BTh (APA), BAHons, MA (Antieke Tale en Kultuurstudies – Klassieke Tale), DLitt (Latyn, UP)
- **BsocSci Hons (Sielkunde):** Sal nog aangewys word.
- **NGOS:** Dr. PA Breytenbach: BA, BAHons, MA, PhD (Engels, UP)

VOLTYDSE AKADEMIESE PERSONEEL

Prof. dr. J Bosman: BA, BD, ThM, PhD (Diakoniologie, NWU)
Prof. dr. GDS Smit: BA, BAHons, BTh (APA), MA (Grieks), MA (Semitiese Tale), DLitt (Antieke Tale, UP)
Prof. dr. CA Swanepoel: BA, DiplTeol (APA), MA (New Saint Andrews Kollege, VSA) MTh, DTh (Dogmatiek, UOVS)
Dr. PA Breytenbach: BA, BAHons, MA, PhD (Engels, UP)
Me. EE Kellerman: BA, BAHons, MA (Sepedi, UP), NGOS (UNISA)
Dr. AD Pieterse: BA, BTh (APA), BAHons, MA (Antieke Tale en Kultuurstudies – Klassieke Tale), DLitt (Latyn, UP)
Mnr. WA 't Hart: BDiv (APA), MTh (Apologetiek, NWU)

DEELTYDSE AKADEMIESE PERSONEEL

Me. I Bensch: BEd (UP)
Ds. WA Burger: BA (UP), DiplTeol (APA), BAHons, BTh, MA (Semitiese Tale, UP), BAHons (Sielkunde, UNISA)
Me. I de Beer: BA, BAHons (Kommunikasiekunde, NWU)
Me. I Furstenberg: BA (Mode-ontwerp, LISOF), NGOS (UP)
Mnr. CJ Geertsema: BEd, BEdHons, BA, HOD (UP)
Mnr. HJ Gerber: BCom, BComHons, MCom (Statistiek, UP)
Me. HM Grobler: BSc, BScHons (PU vir CHO), NGOS (APA)
Me. EH Hartzer: BEd, BEdHons, BPrimEd (Preprimêr, UP)
Dr. BJ Hefer: BA, BTh (APA), BAHons, MA, PhD (Grieks, NWU)
Me. CE Human: BAEd (RAU), LTCL (SAGA)
Dr. ML Mabille: BA, BHons (Engels), BHons (Filosofie), MA (Filosofie), PhD (Filosofie, UP), PhD (Engels, Hull – Yorkshire, UK)
Mnr. P Maré: BSc, BScHons (Rekenaarwetenskap, UNISA)
Dr. H Minnaar: BSc, BScHons (UV), MSc (UP), PhD (Geologie, UV)
Dr. AI Odendaal: BSc, BScHons, PhD (Geologie, UV)
Mnr. JE Oosthuizen: BSc (Wiskunde en Statistiek, UJ), BA, BTh (APA), BAHons (UP)
Mnr. A Opperman: BA (APA), BCom, BComHons (UNISA), MCom (Ekonomie, NWU)
Me. ME Pienaar: BA, BAHons (Berading Sielkunde), BAHons (Sosiologie) MA (Positiewe Sielkunde, NWU)
Me. A Pieterse: BA (APA), NGOS, BEdHons (Opvoedkundige Wiskunde, UNISA)
Dr. AB Posthuma: BA (UP), THOD (NKP), BAHons (Sielkunde, UNISA), Mtech (Ed) (TUT), PhD (UP)
Mnr. W Schlüter: BSc, BScHons (Geologie, RAU), BCom (Ekonomie en Bedryfsekonomie, UNISA), LLBDipl (RAU), MBL (UNISA), NGOS (APA)
Ds. JL Schütte: BA, BTh (APA), MA (Teologie, UP)
Me. C Steyn: BA, BAHons (Biokinetika, US)
Mnr. WN Strydom: BSc, BScHons, MSc (Strukturele Geologie, NMMU)
Dr. J van Rensburg: BBibl, Nagr.Dipl. (Museumkunde), BAHons, MHCS, DPhil (Kultuurgeskiedenis, UP)
Mnr. R van Rooyen: BScEd, BEdHons (UNISA)

Dr. MH van Zyl-Henstock: BA, BAHons, MA (RAU), DLitt et Phil (Sielkunde, UJ), Nagr.Dipl. (Kindergesondheid, WITS)
Mnr. P Wilke: BSc (UP), BCompt Hons (Ekonomiese Bestuurswetenskap, UNISA), NGOS (APA)

TAALBELEID

Die taal van onderrig en leer (LoLT) is Afrikaans.

METODE VAN ONDERRIG EN VEREISTES

- BA, NGOS en HSSS-studente kan slegs deur middel van **afstandsonderrig** studeer.
- BDiv-studente kan die kwalifikasie voltyds deur middel van **kontak- of afstandsonderrig** volg, onderhewig aan die vereistes en bepalings van hul betrokke Kuratorium.
- BsocSci- en BSocSci Hons (Sielkunde)-studente en kan voltyds deur middel van **kontak- of afstandsonderrig** studeer.

Voornemende studente moet oor 'n geskikte rekenaar of skootrekenaar, asook 'n betroubare internetverbinding en voldoende data, beskik om toegang tot die program te verkry.

LEERMATERIAAL EN HANDBOEKE

Die programme word in Afrikaans aangebied met Afrikaanse onderrig en leermateriaal en sover moontlik handboeke in Afrikaans indien beskikbaar. Studiegidse word op die webblad van die APA gelaai terwyl voorgeskrewe handboeke/boeke deur die student self aangekoop word.

DEFINISIES

Vak: 'n Vak is 'n afgebakende dissipline of gebied soos byvoorbeeld Afrikaans of Wiskunde.

Module: 'n Module is 'n lesing of groep lesings wat 'n eenheid binne 'n vak vorm. Elke module het 'n modulekode. Elke module moet afsonderlik geslaag word.

NKR-vlak: NKR staan vir die Nasionale Kwalifikasieraamwerk. Dit is die Suid Afrikaanse raamwerk wat gebruik word om die uitkomsvlakke voor te berei. Met ander woorde hoe hoër die NKR-vlak van 'n kwalifikasie, hoe hoër die intellektuele vaardigheid van 'n persoon (ten minste binne die spesifieke akademiese maatstaf).

Krediete: 'n Krediet dui die gewig aan wat 'n spesifieke komponent binne die geheel van 'n kwalifikasie verteenwoordig. Krediete bestaan uit die hoeveelheid studietyd (of "nosionele ure"). Een krediet verteenwoordig 10 ure van onderrig en leer (byvoorbeeld 10 ure x 12 krediete = 120 ure). **Vergelyk: Omskrywing rakende onderrig en leer**.

AANSOEK OM TOELATING

Voornemende studente moet aanlyn aansoek doen op die APA se webblad (https://www.apa.ac.za).

MINIMUM AANTAL STUDENTE PER VAK

Die AP Akademie behou die reg voor om nie 'n vak vir studente aan te bied, indien die klas getalle dit nie regverdig nie. Die minimum aantal studente per vak is op vier vasgestel.

LAAT REGISTRASIE

Program	Lesings neem in aanvang	Laaste datum vir registrasie
BDiv	Maandag 1 Februarie 2027	Vrydag 5 Februarie 2027
BSocSci Hons (Sielkunde)	Maandag 1 Februarie 2027	**Woensdag 30 September 2026**
BA	Maandag 15 Februarie 2027	Vrydag 19 Februarie 2027
BSocSci	Maandag 15 Februarie 2027	Vrydag 19 Februarie 2027
NGOS	Maandag 15 Februarie 2027	Vrydag 19 Februarie 2027
Hoër Sertifikaat in Sosiale Studies (HSSS)	Maandag 15 Februarie 2027	**Vrydag 30 Januarie 2026**

ONDERSTEUNINGSTELSELS VIR STUDENTE

Die dekane en programkoördineerders is deurentyd tot beskikking van studente vir hulp met betrekking tot studierigtings en vakkeuses. Skriftelike navrae word deur die Akademie beantwoord.

Die dekane en programkoördineerders is beskikbaar om aan alle studente hulp te verleen met studie, persoonlike en ander probleme. Elke dosent is tot beskikking van die studente om hulle te begelei en raad en advies aan te bied wanneer dit benodig word. Aan die begin van elke jaar is daar oriënteringsdae waartydens spesiale aandag aan studente geskenk word om hulle akademies in te lig, die gedragsreëls onder hulle aandag te bring, die eksamenregulasies en gebruik van die rekenaars en die Inligting sentrum te verduidelik. Studente word ook opgelei in die gebruik van die internet en die APA se webblad in dié verband.

Effektiewe administratiewe stelsels is in plek om tydig probleme ten opsigte van akademiese vordering te identifiseer met die nodige terugvoer aan programkoördineerders. Studente vordering word deurlopend gemonitor met die oog daarop om probleme betyds aan te spreek en waar moontlik, verdere ondersteuning te verleen.

OMSKRYWING RAKENDE ONDERRIG EN LEER

Berekening van onderrig en leer

1. Akademiese jaar

Voltydse studie behels 'n 40-uur werksweek. Dit is gebaseer op die bepalings van SAQA (Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheid), sowel as ECTS (Europese Krediet Oordragstelsel). 'n Akademiese jaar bestaan uit twee semesters van 15 weke elk, dit is altesaam 30 weke in totaal.

2. Krediete

'n Krediet dui die gewig aan wat 'n spesifieke komponent binne die geheel van 'n kwalifikasie verteenwoordig. Krediete bestaan uit die hoeveelheid studietyd (of "notional hours"). Een krediet is gelykstaande aan 10 ure van studietyd (byvoorbeeld 10 ure x 12 krediete = 120 ure). Die volgende vorm deel van die kredietberekening:

- onderrig: kontak- en/of elektroniese sessies (soos lesings, seminare, ens.);
- onafhanklike selfstudietyd (soos lees, klasvoorbereiding, biblioteeknavorsing, ens.);
- tutoriale;
- fleksietyd;
- assessering (soos opdragte, toetse, eksamens, ens.);
- Werkgeïntegreerde Leer.

Die volgende riglyn rakende krediete vir Europa en die VSA kan gebruik word:

- 1 x ECTS (Europese Krediet Oordragstelsel) = 2 x SAQA (Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheid) krediete.
- 1 x VSA krediet = 4 x SAQA krediete.

10 x SAQA (CAT - Credit Accumulation and Transfer) krediete = 5 x ECTS en 2.5 x VSA krediete.

Dus: 1 x ECTS = 2 x SAQA (CAT) krediete en
1 x VSA krediet = 4 SAQA (CAT) krediete.

3. Leeswerk
'n Gemiddeld van 10 bladsye per uur word vir literatuurstudie gehandhaaf. Studente ontvang dus gemiddeld 'n uur om 10 bladsye in geheel krities te verwerk. Dit beteken 'n geheeloorsig word verkry, onduidelikhede uitgeklaar, asook aantekeninge gemaak met die oog op memorisering, insig en verantwoording. Indien minder as 10 bladsye per uur gelees word (tot 'n minimum van 5 bladsye), dui dit op 'n hoë moeilikheidsgraad van die voorgeskrewe werk. Indien meer as 10 bladsye per uur gelees word (tot 'n maksimum van 15 bladsye), dui dit op maklike leesstof en/of vinnige oorsiglees.

4. Skryfwerk
'n Gemiddeld van 300 woorde per uur word vir skryfwerk gehandhaaf. Navorsingsopdragte word egter bereken teen 5 uur vir elke 200 woorde.

ASSESSERING

Die volledige assesseringsbeleid van *Die Afrikaanse Protestantse Akademie* is op die webblad (www.apa.ac.za) beskikbaar en alle studente en dosente moet hulle deeglik daarvan vergewis.

Die hooftaak van enige assessering is om nuttige inligting aan studente te beklemtoon. Die integrasie van 'n breër stel inligting, benaderings en standpunte wat uit verskillende wetenskaplike areas kom, met interaksie tussen mekaar, bied meer en beter inligting oor die aangeleentheid wat geassesseer word as 'n enkele dissiplinêre studie.

- 'n Geïntegreerde assesseringsbenadering word gevolg met verwysing na die volgende:

Geïntegreerde assessering is 'n interdissiplinêre benadering tot assessering gebaseer op die kombinasie, interpretasie en kommunikasie van kennis uit uiteenlopende wetenskaplike dissiplines, op sodanige wyse dat 'n hele oorsaak-effek-ketting van 'n probleem vanuit 'n oorsigtelike perspektief geëvalueer kan word.

- Soorte geïntegreerde assessering wat in hierdie instansie in hierdie program gebruik word:

a. Probleemstrukturering - Studente sal voorsien word van 'n probleem wat opgelos moet word. By die ontleding van die probleem moet die studente van multidissiplinêre kennis gebruik maak wat die studente in hul studie leer ken het.

b. Deelnemende geïntegreerde assessering - 'n Groep studente uit verskillende studierigtings word gekonfronteer met 'n probleem wat hulle moet oplos. Hulle sal as 'n span kundiges moet saamwerk om die probleem op te los.

1. WERKSTUKKE/NAVORSINGSPROJEKTE EN REFERATE

Deur die loop van die akademiese jaar word werkstukke aan studente gegee ten einde hulle akademiese vordering te monitor en hul vaardigheid in die Harvard- verwysingsmetode te evalueer. Terselfdertyd word hulle slyping in beginsel-denke getoets. Die derdejaar studente in die BA-graad moet 'n navorsingsprojek/referaat indien, en blyke daarvan gee dat hulle in die verwysingstegniek van Harvard sowel as navorsingswetenskap en akademiese skryfvaardighede onderlê is.

GEEN LAAT INDIENING VAN WERKSTUKKE WORD TOEGELAAT NIE.

2. TOETSE EN EKSAMEN

In elke vak word van tyd tot tyd toetse afgeneem na goeddunke van die dosent. Punte word deur middel van dié toetse geakkumuleer om 'n semesterpunt in elke vak te vorm. 'n Student moet 'n semesterpunt van 40% hê ten einde toelating tot die eksamen te ontvang.

In meeste modules vind summatiewe assessering plaas. Die dosent stel 'n vraestel en memorandum op, wat deur 'n moderator geëvalueer word. Antwoordstelle word deur die dosent nagesien en punte toegeken. Daarna kontroleer die eksterne moderator die antwoordstelle en puntetoekenning en die nodige vorms word voltooi. In sommige modules

vind deurlopende assessering plaas. Die uitslae- en moderatorsvorms word deur die Dekaan nagegaan en aan die Fakulteitsraad voorgelê vir finale beslissing oor die punt wat aan elke student toegeken word.

3. TOEKENNING VAN PUNTE (SLAAGVEREISTES)

- Om tot 'n semestereksamen toegelaat te word, moet 'n student se semesterpunt minstens 40% wees.
- Ten einde 'n semester te slaag, moet die gemiddeld van die student se semesterpunt en eksamenpunt minstens 50% wees, op voorwaarde dat ‘n punt van nie minder as 40% in die eksamen behaal is nie.
- Om vir 'n hereksamen te kwalifiseer moet die gemiddeld van die eksamen minstens 40% wees.
- Om vir ‘n siek-eksamen te kwalifiseer, moet ‘n geldige doktersertifikaat vir die tyd en duur van die eksamen ingedien word.
- Ten einde vir 'n onderskeiding in 'n vak te kwalifiseer, moet die gemiddeld van die semestereksamen in daardie vak en die semesterpunt vir daardie vak minstens 75% wees.
- Studente ontvang 'n graad/diploma/sertifikaat met onderskeiding indien die student in die finale jaar al die vakke wat deur die bepaalde program vereis word met onderskeiding slaag.
  - **BA en BSocSci:** ‘n Student ontvang die graad met onderskeiding indien die student in die finale jaar al sy/haar hoofvakke met onderskeiding geslaag het.
  - **BDiv en BSocSci Hons (Sielkunde):** ‘n Student ontvang die graad met onderskeiding indien die student 'n gemiddeld van 75% of meer in al sy/haar NKR vlak 8 modules bereik het.
  - **NGOS en HSSS:** ‘n Student wat 75% in **al** die vakke van die NGOS of HSSS behaal het, ontvang dié kwalifikasie met onderskeiding.
- Indien ’n student ’n vak druip, is die student verplig om die volle vak te herhaal wat die aflê van toetse en eksamen insluit.

4. HEREKSAMEN

Om vir 'n hereksamen te kwalifiseer moet die gemiddelde punt van die eksamen, met berekening van die semesterpunt, minstens 40% wees.
Die student moet ook in die eksamen ‘n subminimum van 40% verwerf.
Die student kan in die hereksamen **'n maksimum van 50% verwerf**.
In 'n hereksamen word die semesterpunt **NIE** in berekening gebring **nie**.

5. SIEKEKSAMEN

Om vir ‘n siek eksamen te kwalifiseer, moet ‘n geldige doktersertifikaat vir die tyd en duur van die toets of eksamen ingedien word.

Om vir ‘n tweede geleentheid in die geval van dood te kwalifiseer, word slegs eerste graad van verwantskap erken, byvoorbeeld ouers, broers, susters, en kinders. ‘n Begrafnis brief van die geleentheid waarvoor uitstel gegee word, moet ingedien word.

6. DISPUUT OOR DIE TOEKENNING VAN PUNTE

Die beleid van die APA maak voorsiening dat studente dispute oor die toekenning van punte met die dosente kan opneem. Studente kan ook in alle gevalle vra vir terugvoer oor die toekenning van punte. In geval van verskil wat nie deur die student en dosent besleg kan word nie, kan beswaar by die Programkoördineerder gemaak word en selfs ‘n hermerk kan versoek word. Die student het die reg om na die betrokke Fakulteitsraad te appelleer. Die beslissing van die Fakulteitsraad is finaal.

ERKENNING EN OORDRAG VAN KREDIETE (CAT)

(Erkenning van **formele** erkende leer)

Definisie: Toekenning van krediete vir modules of kursusse reeds geslaag by 'n ander erkende instelling.

‘n Student wat een of meer toepaslike vakke aan 'n ander geakkrediteerde universiteit of privaat instelling geslaag het, kan aansoek doen om oordrag van krediete op voorwaarde dat die inhoud van daardie vak vir oorweging deur die Registrateur en sy paneel goedgekeur word. Vakke sal erken word indien die vakke in ooreenstemming is met die instelling se uitkomste vir die vakke. 'n Maksimum van 50% van 'n voltooide kursus en 100% van 'n onvoltooide kursus se krediete kan erken word.

Die erkenning van krediete vir die doel van die oordrag van krediete van die een kwalifikasie na 'n ander kan horisontaal (na dieselfde), diagonaal (na 'n soortgelyke) of vertikaal (na 'n hoër) toegepas word.

Erkenning van vakke elders verwerf
‘n Persoon wat reeds ‘n aantal vakke aan ‘n ander erkende universiteit of privaat tersiêre inrigting verwerf het, kan 'n kwalifikasie aan die AP Akademie verwerf, mits die helfte plus een van die graad-vakke by die AP Akademie gevolg en geslaag word en mits die twee hoofvakke by die AP Akademie geneem is.

ERKENNING VAN VORIGE LEER (RPL)

(Erkenning van vorige leer)

RPL is die identifikasie, assessering en erkenning van individuele vaardighede en kennis binne die konteks van 'n spesifieke kwalifikasie, wat nie by 'n erkende instelling of 'n formele kwalifikasie was nie. Die erkenning van vaardighede, kennis en ervaring word gemeet teen spesifieke leer uitkomste. *RPL* is hoofsaaklik op informele leer van toepassing. Die vernaamste doel van RPL is om toegang tot formele studie te verleen.

Vakerkenning kan volgens beleid op grond van vorige leer en kundigheid verleen word. Studente wat op skool (Matriek/Gr 12) Rekenaartoepassingstegnologie (RTT/CAT) of Informasietegnologie (IT) as vak geslaag het kan erkenning kry vir Rekenaar- en digitale geletterdheid. Studente wat bewys kan lewer van kundigheid ten opsigte van 'n spesifieke vak, kan vir erkenning aansoek doen deur 'n brief aan die Senaat in dié verband te rig waarin volledige uiteensetting, bewyse en motivering gegee word.

Wat die NGOS betref word RPL slegs oorweeg ten opsigte van Werksgeïntegreerde leer (WIL).

Die volledige beleide ten opsigte van die oordrag van krediete (*CAT*) en erkenning van vorige leer (*RPL*) is op die webblad (www.apa.ac.za) van *Die Afrikaanse Protestantse Akademie* beskikbaar.

STUDENTE MET GESTREMDHEDE

Die volledige beleid ten opsigte van studente met gestremdhede is op die webblad (www.apa.ac.za) van *Die Afrikaanse Protestantse Akademie* beskikbaar.

Die AP Akademie stel ‘n infrastruktuur, onderrig en leer, asook ondersteuningsisteme vir alle studente in plek. Gestremde persone word bemoedig om alle ondersteuningsisteme te gebruik. In sake wat deur gestremde persone steeds as problematies ervaar word, bied die beleid aangaande gestremdheid hulle die geleentheid om dit met die bestuur van die instansie op te neem vir ondersoek, hulp en ondersteuning.

KLAGTES EN GRIEWE

Die volledige beleid ten opsigte van klagtes en griewe is op die webblad (www.apa.ac.za) van *Die Afrikaanse Protestantse Akademie* beskikbaar.

Die APA is toegewyd in die onderhouding van kwaliteit en standaard van sy programme, dienste en fasiliteite. Gevolglik kan geregistreerde studente van die APA klagtes en griewe ten opsigte van akademiese asook administratiewe aangeleenthede skriftelik indien. Die APA het prosesse en prosedures om formele klagtes en griewe te ondersoek met die doel om sake op

‘n regverdige wyse op te los. Oplossings word gesoek binne die parameters van die bestaande APA beleide en prosedures. Klagtes word vertroulik behandel. Vergelyk die volledige beleid van *Die Afrikaanse Protestantse Akademie NPC,* wat op die webblad (www.apa.ac.za) beskikbaar is vir kennisname.

GESONDHEID EN WELSTAND VAN STUDENTE EN PERSONEEL

Die gesondheid en welstand van die studente, personeel en dosente is vir die AP Akademie van uiterste belang. ’n Vrywillige en vertroulike diens van professionele berading en verwysingsdienste is in plek gestel met die oog op die vermindering van gesondheidsrisiko’s, asook die bevordering van gesonde gedragswyses, welstand en effektiwiteit. Vir werknemers is daar ‘n toepaslike wets- en statutêre werksverhoudingsraamwerk in plek. Vir studente is daar ook ‘n klagte- en griewebeleid asook prosedures tot hulle beskikking.
Weens die aard en programme van die AP Akademie, het die AP Akademie verskeie welstandspraktisyne in diens. Die APA verskaf dus ‘n informele gesondheids- en welstandsdiens aan baie van die studente en personeel van die instansie.

FINANSIËLE HULP AAN STUDENTE

Beurse en Lenings
Die AP Akademie beskik oor twee beursfondse waarvoor studente vanaf hulle tweede studiejaar aansoek kan doen. Daar word nie beurse toegestaan aan eerstejaar-studente nie. Studente moet twee sake met betrekking tot die beurse in gedagte hou:

- Die beurse dek nie die totale studiegeld nie.
- By staking van studies verval alle beurstoekennings.

1.1 Behoeftebeurse

- Daar is behoeftebeurse wat deur die Senaat van die AP Akademie geadministreer word vanuit die APA Studente-Ondersteuningsfonds. Studente wat een of meer akademiese jaar aan die AP Akademie suksesvol voltooi het, kan aansoek doen vir 'n behoeftebeurs. Hierdie beurs word in oorleg met die Fakulteitsrade van die AP Akademie toegeken. Studente moet ’n volledige verslag ten opsigte van hulle finansies sowel as hulle behoeftes voorlê. Daar word van studente verwag om akademies te slaag en te vorder by oorweging van ’n behoeftebeurs.

- Daar is behoeftebeurse vir teologie-studente beskikbaar wat deur die Kuratorium van die AP Kerk geadministreer word. Indien studente om welke rede nie die fondse het om aan die AP Akademie te studeer nie, maar na die oordeel van die Kuratorium en op aanbeveling van die Fakulteitsraad, tog akademiese potensiaal toon, kan die studente by die Kuratorium aansoek doen om 'n behoefte-beurs vir die betaling van hul studiegeld aan die AP Akademie. Sodanige studente moet die Kuratorium voorsien van 'n volledige begroting vir die betrokke studiejaar, asook redes verskaf waarom die studente nie die studiegeld kan bekostig nie. Die Kuratorium oordeel oor die meriete van die saak. Hierdie beurse word toegeken met inagneming van die beskikbaarheid van fondse. Slegs studente wat 'n lidmaat is van ’n AP Kerk kan vir hierdie beurse in aanmerking kom. Alternatiewelik kan ’n e-pos na info@apa.ac.za, vir die aandag van die Kuratorium, gestuur word.

Studente wat meen dat hulle in aanmerking kom vir hierdie beurse moet aansoek doen op ‘n beursvorm wat by die APA aangevra kan word. Die volledig voltooide Beursaansoekvorm word gestuur aan die Registrateur by info@apa.ac.za.

1.2 Prestasiebeurse

Hierdie beurse word deur die Senaat van die AP Akademie geadministreer. Die beurs word in oorleg met die Fakulteitsrade van die AP Akademie toegeken ten opsigte van studente wat hulself akademies onderskei van ander studente. Die minimum vereiste om in aanmerking te kom vir so 'n beurs is ‘n gemiddelde punt van 75%. Studente wat voltyds ingeskryf is vir 'n graadkursus aan die AP Akademie en sy eerste studiejaar suksesvol voltooi het kom in

aanmerking vir die prestasiebeurs. Die beurs word toegeken met inagneming van die beskikbaarheid van fondse.

2. Lenings

Die Willie Lubbe Teologiese Studiefonds

Geregistreerde teologiese studente asook behoeftige teologiese studente van die AP Akademie, kan aansoek doen om 'n studielening vanuit die Willie Lubbe Teologiese Studiefonds. Die lening gaan gepaard met die uitneem van 'n polis wat in die aansoeker se naam uitgeneem word by 'n gemagtigde finansiële instelling met die Willie Lubbe Studiefonds as begunstigde. Vir die duur van die betrokke student se studie onderhou die APA die polis premie en skiet jaarliks 'n bedrag aan die student voor ter betaling van die student se finansiële verpligtinge. Na voltooiing van studie onderhou die student die polis premie vir 'n tydperk van 4 jaar as terugbetaling van die lening. Indien studente hul studie om welke rede staak, of hulle kursus nie slaag nie, sal hulle steeds verantwoordelik gehou word vir die bedrae wat hulle geleen het teen 'n vasgestelde rentekoers wat met die Kuratorium onderhandel sal word. 'n Volledige leningsaansoek moet die APA bereik voor/op 5 Januarie van die jaar waarvoor finansiële hulp verlang word. Laat aansoeke kan nie oorweeg word nie.

3. Vriende van die AP Akademie – Debietorder stelsel

Die AP Akademie is 'n privaat Afrikaanse tersiêre instelling en ontvang geen subsidie van enige aard van die Suid-Afrikaanse owerheid nie. Die AP Akademie word vir die teologiese opleiding gesubsidieer deur die sinode van die AP Kerk, maar daar word staatgemaak op die welwillendheid van mede-geloofsgenote vir die behoud en uitbreiding van hierdie akademiese instelling. Alle erflatings of donasies stel die AP Akademie in staat om hul werksaamhede as Afrikaanse Gereformeerde instelling voort te sit en sal hoog op prys gestel word.

Indien u meer inligting verlang, kontak die AP Akademie per e-pos by info@apa.ac.za of by 012 344 3960/1/2, tydens kantoorure.
U is ook welkom om 'n finansiële bydrae te maak. Trouens, u betrokkenheid is onontbeerlik in die bereiking van ons ideaal. Ons rekening besonderhede:

Bank: ABSA
Rekeningnommer: 408 589 5656
Rekening naam: AP Akademie
Tipe rekening: Tjek

Daar is ook 'n debietorder stelsel by die AP Akademie waardeur vriende van die AP Akademie die Akademie deur middel van aftrekorders van 'n bedrag soos deur die skenker bepaal, ondersteun. Indien u ons skakel, stuur ons vir u 'n debietorder vorm. **Alle bydraes/skenkings aan die AP Akademie is belastingaftrekbaar. Ons rekenmeester sal vir u 'n belastingvorm op versoek uitreik**.

GEDRAGSKODE EN ANDER REËLS

Om u akademiese ervaring so sinvol moontlik te maak, wil ons die volgende gedragsreëls onder u aandag bring. ONTHOU: Die AP Akademie is 'n onafhanklike tersiêre instelling wat op 'n Christelike grondslag gevestig is. Goeie en voorbeeldige gedrag, orde en dissipline, volgehoue studie, pligsgetrouheid en eerbiedwaardige kleredrag geld dus en sal streng gehandhaaf word.

Drag

Netjiese kleredrag is 'n vereiste. Manstudente mag nie lesings bywoon met 'n kortbroek en sandale nie en damestudente moet waardig gekleed wees en nie suggestief nie!

Gesindheid

Van elke student word eerbied vir dosente en administratiewe personeel verwag!

Klasbywoning

a. Dit is 'n vereiste dat alle klasse of lesings in geval van kontakprogramme waarvoor ingeskryf is, pligsgetrou bygewoon word en in die geval van afstandkursusse pligsgetrou

aanlyn gevolg sal word. Studente mag nie klasse vrygee nie. Dit sal net die voorreg van 'n dosent wees wanneer 'n ander plig dit noodsaak.

b. Indien 'n student weens siekte of 'n ander gewigtige rede nie 'n klas kan bywoon nie, moet vooraf verskoning aangebied word. Geen personeellid is verantwoordelik om verskoning te maak vir die afwesigheid van ‘n student by ‘n dosent nie. Dit is die studente se verantwoordelikheid om hul dosente te kontak en die boodskap self oor te dra.
c. Kontakstudente moet volgens die dagrooster betyds vir klasse opdaag en dit, sover as absoluut moontlik, voorkom om laat op te daag. Om sonder gewigtige redes laat op te daag of aan te meld is 'n teken van onhoflikheid en miskenning van dosente en medestudente.

Gedrag op Kampus

a. Studente moet enige luidrugtigheid in die ontvangslokaal vermy.
b. Studente mag nie voor klas of tussen periodes of selfs gedurende af periodes in die ontvangslokaal sit of rondstaan en geselskap met personeel voer nie. Die personeel word verhinder met die uitvoering van hulle pligte.
c. Hou asseblief die toilette, studentekombuis en studente areas netjies!

Biblioteekfasiliteite

a. Studente moet die gedrags- en ander reëls soos vir die biblioteek vasgestel, streng nakom, veral ten opsigte van die uitneem van boeke en die stiptelike terugbesorging daarvan.
b. Moenie biblioteekboeke laat rondlê nie. Indien 'n boek van 'n rak afgehaal word om in die biblioteek te gebruik of te raadpleeg, MÓÉT dit ná gebruik op die boektafel geplaas word vir die biblioteekkundige om dit weer in die korrekte rakposisie te plaas.
c. Die leeskamer agter in die biblioteek bevat boeke wat gereserveer is vir navorsing en mag onder **geen** omstandighede uitgeneem word nie. Studente mag die leeskamer gebruik ooreenkomstig sy doel, nl. navorsing. Boeke wat daar geraadpleeg word, moet op die tafel gelaat word, sodat die biblioteekkundige dit weer in die korrekte rakposisie kan plaas.
d. **Geen verversings** mag in die biblioteek of in 'n lesinglokaal ingeneem word nie. Dit geld óók koeldrank of bottels met water.
e. Daar moet absolute stilte in die biblioteek gehandhaaf word, aangesien hierdie ruimte bedoel is vir studente wat navorsing wil doen. Harde gesprekke versteur die ernstige student se konsentrasie. Daar sal streng teen studente wat oortree, opgetree word.

Parkering

Geen student mag onder een van die afdakke parkeer nie aangesien dit gereserveer is vir die voltydse dosente en administratiewe personeel.

Tee- en Etenspouse

a. Volgens die rooster is teetyd 10:40 – 11:10. Studente moet self voorsiening maak vir tee of koffie.
b. Studente wat tot laat middag klasse moet bywoon, kry ook 30 minute etenstyd (13:10 – 13:40).
c. Geen koppies/pierings of ander breekgoed mag uit die gebou geneem word nie.
d. **Geen verversings** mag in die biblioteek of in 'n lesinglokaal ingeneem word nie. Dit geld óók koffie/tee/koeldrank of bottels met water.

Telefoongebruik

Selfone moet tydens lesings en in die biblioteek afgeskakel word.

Toetse en Eksamens

a. Studente moet vir alle toetse, soos gereël, aanmeld en die eksamens in 'n baie ernstige lig beskou. Geen uitstel sal vir toetse of eksamens gegee word nie, behalwe in hoogs uitsonderlike gevalle. In geval van siekte moet ’n doktersbrief voorsien word.
b. Studente moet 15 minute voor die aanvang van 'n skriftelike eksamen reeds aanmeld.

Staking van studies

a. Studente mag nie hulle studie staak sonder om die programkoördineerder en dekaan daarin te ken nie omdat daar vasgestelde datums is wat geld by die oorweging van terugbetaling van studiegeld.
b. Studente moet deeglik kennis neem van die afsnydatums vir staking van vakke. Indien studente vakke ná die vasgestelde afsnydatums staak, **bly hulle vir die kostes van die vak(ke) wat gestaak word verantwoordelik.**
c. Studente met akademiese probleme moet die betrokke fakulteit se dekaan of programkoördineerder spreek.

Noodplan

a. Aangesien die AP Akademie ’n openbare instelling is, beskik die APA oor ’n uitgewerkte noodplan volgens die reëls en bepalings van die Departement van Hoër Onderwys. Die noodplan word met die studente in die oriëntasieweek behandel.
b. Daar word van studente verwag om ’n Noodplan-vorm te onderteken ter bevestiging van die feit dat almal van die plan kennis dra. Daar word ook van die studente verwag om die nodige mediese inligting en kontak besonderhede van naasbestaandes op die vorm te verstrek in geval van nood.

BACCALAUREUS IN GEESTESWETENSKAPPE/BACHELOR OF ARTS (BA) GEAKKREDITEER - SAKO (SAQA) ID: 23375 (61409)

MINIMUM 360-KREDIET PROGRAM OP VLAK 7 VAN DIE NASIONALE KWALIFIKASIERAAMWERK (NKR)

INLEIDING

Die doel van die BA-graad is om aan studente toegang te verleen tot verskeie beroepe in die geesteswetenskappe. Dit is tans vir die meeste studente by ons instelling die eerste stap tot beroepe in die teologie, onderwys, en sielkunde. Dit verleen ook toegang tot ander beroepsmoontlikhede in velde soos menslike hulpbronne, taal- en veelsydigheidsberoepe. Hierdie graad dien egter ook 'n baie wyer doel. Die rede is dat ons hier te make het met vakgebiede wat op besondere wyse in verband staan met meningsvorming, visie op die groter prentjie, asook die florering van mense in al hul lewensuitinge. By die APA word studente in hierdie belangrike velde spesifiek begelei om as Christene hulle lewe voor die aangesig van God krities te deurdink. Daarom is daar ook verpligte modules en studente het 'n keuse tussen Filosofie of Bybelkunde. Daar is ook 'n verpligte module genaamd Gereformeerde lewens- en wêreldbeskouing wat studente toerus om hulle studies welbewus as Christene te benader. Die doel is om studente in staat te stel om in elke vakgebied berekend kennis te neem van die grondslae en beste bydraes wat al gemaak is. Hulle word op hierdie wyse begelei om self die grondslae en bydraes effektief te integreer, en uiteindelik op die skouers van hulle wat ons voorgegaan het, skeppend te dink oor toepassings van die vakgebiede binne nuwe kontekste.

DUUR VAN DIE KURSUS

Die BA-graad duur drie jaar voltyds en vier jaar deeltyds. Dit mag egter nie vyf jaar oorskry nie.

METODE VAN ONDERRIG

BA studente kan slegs deur middel van afstandsonderrig studeer.

TOELATINGSVEREISTES

'n Persoon wat die BA wil volg, moet aan die volgende toelatingsvereistes voldoen:

1. Matrikulasievrystelling

'n Student met matriek vrystelling kwalifiseer vir toelating tot die BA-graad op die volgende voorwaardes:

Gematrikuleer 2008 en daarna

1.1 'n Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) met 'n toelatings-puntetelling van **25** (die som van die TPT punte toegeken “achievement level” aan die 6 beste vakke op die NSS, **Lewensoriëntering uitgesluit**).
Minimum vereistes vir spesifieke vakke:
Afrikaans: 4 (50 – 59%) en Engels: 4 (50 – 59%)
Vir studente wat in die onderwys rigting wil studeer, met Wiskunde as skoolvak:
Wiskunde: 5 (60% +) (Wiskunde-geletterdheid kan nie vir toelating tot die vak Wiskunde oorweeg word nie). **OF**

1.2 'n Geldige sertifikaat wat bewys lewer van voorwaardelike vrystelling van die Suid-Afrikaanse Matrikulasieraad (UMALUSI).

2. Voorwaardelike vrystelling op grond van ouderdom van minstens 23 jaar (St.10 / Graad 12)

Indien 'n persoon aan die volgende vereistes voldoen, kan aansoek om voorwaardelike Vrystelling gedoen word:

2.1 Indien die ouderdom van 23 jaar reeds op 1 Januarie van die jaar waarin vir die BA geregistreer word, bereik is; en

2.2 Indien een vak in matriek op hoër graad geslaag is; en

2.3 Indien ten minste vier graad 12 – vakke op Hoërgraad of op Standaardgraad met simbole A tot E geslaag is; en
2.4 Indien minstens drie vakke tydens een eksamensessie (eksamengeleentheid) geslaag is.

3. Vrystelling op grond van ouderdom 45 jaar of ouer
'n Persoon wat 45 jaar of ouer is, hoef geen skool kwalifikasie te besit alvorens vir vrystelling aansoek gedoen word nie.

4. Volledige vrystelling op grond van die behaling van ’n 3 of 4 jarige diploma
'n Persoon wat 'n 3 of 4 jarige diploma verwerf het aan 'n Technikon, 'n Onderwyserskollege, 'n Universiteit of 'n Verplegingskollege wat by 'n SA universiteit geaffilieer is, mag aansoek om algehele vrystelling doen op voorwaarde dat die persoon voor die aanvang van die diplomastudie oor 'n Senior Sertifikaat (dit is Matriek sonder vrystelling) beskik het.

5. Studente het ‘n telling van 25 nodig vir toelating tot die BA-program (die som van die TPT punte toegeken “achievement level” van tot ses vakke, Lewensoriëntering uitgesluit).

6. Studente met 'n telling van 24 word **voorwaardelik toegelaat** om vir al hul vakke in te skryf, mits hulle die vakke in die eerste semester slaag. Indien die studente in gebreke bly om al die vakke te slaag, sal hulle oorgaan op die verlengde program.

7. Studente met ‘n telling tussen 21 en 23 word **toegelaat tot die verlengde program** wat beteken dat ‘n student met ‘n telling tussen 21 en 23 in die eerste jaar net die verpligte vakke moet doen.

SPESIFIEKE INSTELLINGSVEREISTES

Wiskunde toelatingstoets
Indien ‘n student minder as 60% in die eindeksamen van Graad 12 vir Wiskunde (nie Wiskunde geletterdheid nie) behaal het, maar tog Wiskunde as vak wil neem sal die student toegelaat word om 'n Wiskunde toelatingstoets te skryf. Die studente wat die Wiskunde toelatingstoets skryf en dit met 60+% slaag sal toegelaat word om Wiskunde te neem.

FINANSIES

Die volgende studiegeld is betaalbaar:

Aansoekgeld:	Nie-terugbetaalbare bedrag	**R500.00**
Deposito: **(R10 000.00 van die deposito vorm deel van die studiegeld** en is dus nie 'n addisionele fooi nie)	Met registrasie moet die deposito van R11 600.00 betaal word, waarvan R10 000 dien as ‘n terugbetaalbare bedrag **SLEGS INDIEN** daar voor die aangeduide datum op die kalender gekanselleer word.	**R11 600.00** (per jaar)

BA 1	
Akademiese Geletterdheid	R4 750.00 (per vak, per jaar)
Gereformeerde Lewens- en Wêreldbeskouing	R4 750.00 (per vak, per jaar)
Rekenaar- en digitale geletterdheid	R3 000.00 (per vak, per jaar)
Filosofie óf Bybelkunde	R9 200.00 (per vak, per jaar)
Vak 1	R9 300.00 (per vak per jaar)
Vak 2	R9 300.00 (per vak per jaar)
Vak 3	R9 300.00 (per vak per jaar)
	TOTAAL: R49 600.00
BA 2	
Vak 1	R12 600.00 (per vak, per jaar)
Vak 2	R12 600.00 (per vak, per jaar)
Vak 3	R12 600.00 (per vak, per jaar)
	TOTAAL: R37 800.00

BA 3 Hoofvak 1 Hoofvak 2 Navorsingsmetodologie Navorsingsprojek **of** Navorsing- en statistiese metodes (studente wat in Sielkunde wil spesialiseer)	 R14 500.00 (per vak, per jaar) R14 500.00 (per vak, per jaar) R 7 250.00 (per vak, per jaar) R 7 250.00 (per vak, per jaar) **TOTAAL: R43 500.00**
Hereksamengeld Hermerk van vraestel Senaatseksamen CAT/RPL	R1 000.00 (per vraestel) R1 000.00 (per vraestel) R1 000.00 (per vraestel) R 750.00 (per vak)

Bogenoemde gelde is verpligtend en 'n student wat dit nie betaal nie, word nie as 'n geregistreerde student van die Akademie beskou voordat die geld teen die aanvang van die akademiese jaar betaal is nie.
Geen studie inligting sal tydens die Oriëntasietydperk voorsien word sonder bewys van betaling nie.

FINALE DATUMS VIR BETALING VAN VOLLE STUDIEGELD ELKE JAAR:

Eerste Semester: 31 Maart
Tweede Semester: 31 Augustus
Studente wat hier in gebreke bly, se volle akademiese diens word onmiddellik opgeskort indien die studiegeld nie teen die betrokke spertye betaal is nie.

- **Geen student sal 'n Puntestaat ontvang of toegelaat word om vir die volgende semester/studiejaar in te skryf alvorens die student se agterstallige studiegeld ten volle betaal is nie**.
- **Geen grade sal toegeken word indien studiegeld nie ten volle vereffen is nie**.

KWYTSKELDINGS BY STAKING VAN STUDIE EN OF VAKKE

Indien studente binne die eerste twee weke nadat die eerste semester se klasse begin het (soos op kalender aangedui), besluit om hul studie te staak of vakke te kanselleer, en vroegtydig **behoorlik en skriftelik** kennis daarvan aan die Programkoördineerders van die onderskeie programme gee, word die studente van die studiegeld vir die eerste semester kwytgeskeld. **Die aansoekgeld (R500.00) en R1 600.00 van die deposito is egter nie terugbetaalbaar indien studies gestaak word nie**. **R10 000.00 dien as 'n terugbetaalbare bedrag SLEGS INDIEN daar voor die aangeduide datum op die kalender gekanselleer word**.

Indien studente ***ná*** die eerste twee weke nadat die klasse vir die eerste semester begin het, besluit om hul studies te staak of vakke te kanselleer, bly die studente verantwoordelik vir die betaling van die **volle** studiegeld vir die eerste semester en word kwytskelding gegee vir die tweede semester. Indien studente egter versuim om betyds kennis te gee, bly hulle aanspreeklik vir die volle jaar se studiegeld.

Indien studente binne die eerste twee weke nadat die tweede semester begin het, besluit om hul studie te staak of vakke te kanselleer, en vroegtydig, behoorlik en skriftelik kennis daarvan aan die Programkoördineerders van die onderskeie programme gee, word die student van die studiegeld vir die tweede semester kwytgeskeld. Sou die studente hul studie ***ná*** die eerste twee weke van die tweede semester staak, bly die studente verantwoordelik vir die betaling van die **volle** studiegeld vir die volle tweede semester.

Alle gelde wat betaalbaar is, word direk in die AP Akademie se bankrekening inbetaal, waarna die bewys van betaling aan die rekenmeester (betalings@apa.ac.za) deurgestuur word. Waar studente 'n studielening ontvang, word die toekenning direk en ten volle op hul studie-rekening inbetaal en nie aan die studente nie, tensy daar 'n krediet tot hul beskikking is. Indien die

toekenning minder is as die bedrag wat betaalbaar is, is die studente verantwoordelik daarvoor om die ontbrekende bedrag betyds in te betaal.

KURRIKULA/PROGRAMSAMESTELLING

Hierdie kwalifikasie bied toegang tot soortgelyke kwalifikasies op NKR-vlak 7. Dit kan na voltooiing toegang bied tot kwalifikasies op NKR-vlak 8 indien die student van studierigting of loopbaan wil verander.

JAAR 1	MODULEBESKRYWING	KODE	NKR-VLAK	KREDIETE
Jaarvak	Akademiese Geletterdheid **(verpligtend)**	AKG1052	5	12
Sem. 1	Bybelkunde **(verpligtend)** of Filosofie **(verpligtend)**	BYB1152 FIL1152	5	12
	Rekenaar- en digitale geletterdheid **(verpligtend)**	RGL1151	5	6
	Keusevak 1		5	12
	Keusevak 2		5	12
	Keusevak 3		5	12
Sem. 2	Bybelkunde **(verpligtend)** of Filosofie **(verpligtend)**	BYB1252 FIL1252	5	12
	Klassiek-Christelike wêreldbeskouing **(verpligtend)**	KCW1252	5	12
	Keusevak 1		5	12
	Keusevak 2		5	12
	Keusevak 3		5	12
	Totale krediete			**126**

JAAR 2	MODULEBESKRYWING	KODE	NKR-VLAK	KREDIETE
Sem. 1	Keusevak 1		6	20
	Keusevak 2		6	20
	Keusevak 3		6	20
Sem. 2	Keusevak 1		6	20
	Keusevak 2		6	20
	Keusevak 3		6	20
	Totale krediete			**120**

JAAR 3	MODULEBESKRYWING	KODE	NKR-VLAK	KREDIETE
Sem. 1	Navorsingsmetodologie **(verpligtend)**	NVM3172	7	12
	Keusevak 1		7	24
	Keusevak 2		7	24
Sem. 2	Navorsingsprojek **(verpligtend)** of Navorsing- en Statistiese Metodes **(verpligtend)**	NPJ3272 NSM3272	7	12
	Keusevak 1		7	24
	Keusevak 2		7	24
	Totale krediete			**120**

Eerstejaar
In die eerstejaar neem die student drie keusevakke asook drie fundamentele verpligte vakke, naamlik Akademiese Geletterdheid, Gereformeerde Lewens- en Wêreldbeskouing, Rekenaar- en digitale geletterdheid en Bybelkunde- óf Filosofie.

Tweedejaar
In die tweedejaar neem die student drie vakke gekoppel aan die vakkeuses van hul eerstejaar.

Derdejaar
In die derdejaar neem die student twee hoofvakke asook verpligte vakke, naamlik Navorsingsmetodologie en ‘n Navorsingsprojek. Studente wat Sielkunde tot op NKR-vlak 7 neem, is verplig om die module Navorsing- en Statistiese Metodes (NSM3272) in die plek van die Navorsingsprojek (NPJ3272) te doen.

Die volgende bepalings word saam met bogenoemde gelees:

Belangrike inligting ten opsigte van vereistes, kombinasies en kombinasiereëls (Samestelling van die kursus)

Aantal vakke:
Die kursus duur drie jaar en bestaan uit minstens 360 krediete in totaal, maar 'n student mag verdere vakke vir nie-graad doeleindes neem.

KOMBINASIEREËLS

Die kombinasies vereis van studente om vakinhoude op ‘n bepaalde NKR-vlak eers volledig te bemeester voordat na ‘n hoër vlak beweeg word.

In die algemeen bepaal die kombinasiereëls dat die voltooiing van modules op ‘n laer NKR-vlak nodig is ten einde na ‘n hoër vlak te beweeg.

Keusevakke
Studente mag 'n keuse maak uit die volgende vakke:
Afrikaans, Bybelkunde, Christelike Berading, Duits, Ekonomie, Engels, Filosofie, Geografie, Geskiedenis, Grieks, Hebreeus, Kommunikasiekunde, Latyn, Politieke wetenskap, Rekenaartegnologie, Sepedi, Sielkunde, Sosiologie, Wiskunde vir Onderwysstudente.

Hoofvakke
'n Student kies twee hoofvakke uit die vakke hierbo genoem. Die keuse van hoofvakke kan deur die loop van die studie verander word. ’n Hoofvak is ‘n vak ten opsigte waarvan ‘n student die vak tot op derdejaarsvlak (NKR-vlak 7) voltooi.

Verpligte vakke
Vergelyk die volgende vakke met die uitkomstebeskrywing by elke vak wat volg

Eerstejaar ➢ Akademiese Geletterdheid (AKG1052) ➢ Filosofie (FIL1152/1252) **óf** Bybelkunde (BYB1152/1252) ➢ Klassiek-Christelike wêreldbeskouing (KCW1252) ➢ Rekenaar- en digitale geletterdheid (RGL1151)
Tweedejaar Geen verpligte vakke.
Derdejaar ➢ Navorsingsmetodologie (NVM3172) ➢ Navorsingsprojek (NPJ3272) **óf** ➢ Navorsing- en Statistiese Metodes (NSM3272) → **Verpligtend vir studente wat Sielkunde tot op NKR-vlak 7 neem.**

Minimum aantal studente per vak:
Die AP Akademie behou die reg voor om nie 'n vak vir studente aan te bied, indien die klasgetalle dit nie regverdig nie. Vir eerstejaarstudente, word die minimum aantal studente per vak op vier vasgestel.

Voornemende Sielkunde studente
Vir studente wat na voltooiing van die BA-graad elders verder in die Sielkunde wil studeer, is Sielkunde 1, 2 en 3, Sosiologie 1, 2 en 3 asook Navorsing en Statistiese Metodes verpligtend. Studente wat in die Sielkunde verder wil studeer, moet **betyds** by ander instellings navorsing doen oor toelatingsvereistes.

AKKUMULASIE VAN AKADEMIESE KREDIETE

Ten einde die **BA-graad** (NKR-vlak 7) te verwerf, moet 'n student altesaam minstens 360 krediete verkry.

- BA 1 keusevakke het ‘n kredietwaarde van 24 (12 per module, per semester). Die verpligte vakke het ‘n wisselende kredietwaarde van tot 12 krediete.
- BA 2 keusevakke het ‘n kredietwaarde van 40 (20 per module, per semester).
- BA 3 se keuse/hoofvakke het ‘n kredietwaarde van 48 (24 per module, per semester). Die verpligte modules van die derdejaar het 'n kredietwaarde van 12.

‘n Student ontvang erkenning vir krediete sodra ‘n vak suksesvol geslaag is.

Sodra 'n BA-studente al die vereiste vakke oor die drie jaar heen (of oor ’n langer tydperk) geslaag het, kwalifiseer hulle vir die toekenning van die geakkrediteerde BA-graad.

Die BA-graad duur drie jaar voltyds en vier jaar deeltyds. Dit mag egter nie vyf jaar oorskry nie.

UITKOMSTEBESKRYWING

Hierdie afdeling bevat 'n kort beskrywing van die inhoud van elke vak.

Elke krediet soos aangetoon naas die vaknaam verteenwoordig 10 ure van onderrig en leer (byvoorbeeld 10 ure x 12 krediete = 120 ure) – **Vergelyk: Omskrywing rakende onderrig en leer**

Afrikaans

Van studente word verwag om in die eksamen 'n subminimum van 40% in beide Taal- en Letterkunde te verwerf.			
AFR1152	**Afrikaans 1**	**NKR-vlak 5**	**Krediete = 12**

Na voltooiing van hierdie module se **taalkunde-afdeling** behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- begryp en bespreek die ontstaan van Afrikaans te deur verwysing na die Europese, plaaslike en internasionale invloede;
- pas kennis oor die morfologie toe ten einde woordvormingsprosesse te identifiseer en/of te verklaar;
- gebruik basiese kennis van die sintaksis om woordsoorte te klassifiseer en enkelvoudige sinne te ontleed;
- gebruik spel-, skryfteken- en leestekenreëls in die AWS ten einde foutlose skryfstukke in Afrikaans te lewer, asook om ongeredigeerde dokumente te verbeter.

Na voltooiing van hierdie module se **letterkunde-afdeling** behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- ontleed Afrikaanse gedigte deur gebruik te maak van die korrekte vakterminologie en metodes;
- ontleed verhalende tekste, naamlik ’n drama, kortverhaal en/of roman narratologies en plaas in konteks;

- begryp en interpreteer die struktuur, ontwerp en samehang van verhalende, sowel as algemene taaltekste.

AFR1252	Afrikaans 1	NKR-vlak 5	Krediete = 12

Na voltooiing van hierdie module se **taalkunde-afdeling** behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- begryp en bespreek die ontstaan van Afrikaans te deur verwysing na die Europese, plaaslike en internasionale invloede;
- pas kennis oor die morfologie toe ten einde woordvormingsprosesse te identifiseer en/of te verklaar;
- gebruik basiese kennis van die sintaksis om woordsoorte te klassifiseer en enkelvoudige sinne te ontleed;
- gebruik spel-, skryfteken- en leestekenreëls in die AWS ten einde foutlose skryfstukke in Afrikaans te lewer, asook om ongeredigeerde dokumente te verbeter.

Na voltooiing van hierdie module se **letterkunde-afdeling** behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- ontleed Afrikaanse gedigte deur gebruik te maak van die korrekte vakterminologie en metodes;
- ontleed verhalende tekste, naamlik ’n drama, kortverhaal en/of roman narratologies en plaas in konteks;
- begryp en interpreteer die struktuur, ontwerp en samehang van verhalende, sowel as algemene taaltekste.

AFR2163	Afrikaans 2	NKR-vlak 6	Krediete = 20

Na voltooiing van hierdie module se **taalkunde-afdeling** behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- demonstreer ‘n gedetailleerde begrip van Afrikaanse taalkunde en belangrike taalkundiges se bydrae;
- toon ‘n verstaan van verskillende vorms van kennis, denkskole en vorme van verduideliking in verskillende benaderings wat in Afrikaanse taalkunde gebruik word;
- vergelyk sinchroniese en diachroniese Afrikaanse taalkunde;
- verduidelik die verband tussen fonetiek en fonologie;
- verduidelik die spraakproses en die drie produksiefases;
- verduidelik, benoem en ken die hoofkragte in klankverskynsels uit, naamlik reduksie en assimilasie;
- bespreek vokale fonologies met spesifieke verwysing na ronding.

Na voltooiing van hierdie module se **letterkunde-afdeling** behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- begryp wat die perspektief op die Afrikaanse prosa in die twintigste eeu was;
- bespreek en ontleed die unifikasie en politieke ontvoogding van Suid-Afrika krities;
- trek peil op literêre strominge en bewegings, aan die hand van politieke en geskiedkundige gebeure;
- plaas voorgeskrewe kortverhale, dramas en romans kontekstueel, histories en literêr;
- ontleed voorgeskrewe kortverhale, dramas en romans narratologies en analities;
- skryf wetenskaplik korrekte verslae en besig deurentyd akademiese taal.

AFR2263	Afrikaans 2	NKR-vlak 6	Krediete = 20

Na voltooiing van hierdie module se **taalkunde-afdeling** behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- demonstreer ‘n gedetailleerde begrip van Afrikaanse taalkunde met spesifieke verwysing na sintaksis – die naamwoordstuk, adjektiefstuk, stelselgroep en werkwoordstuk;

- toon ‘n verstaan van verskillende vorms van kennis, denkskole en vorme van verduideliking in die area van Afrikaanse sintaksis en pragmatiek;
- ken die belangrikste teorieë en terminologie in die studieterrein pragmatiek en wend dit aan in die kritiese analise van verskillende tipes taalhandelinge;
- gebruik die belangrikste sosiolinguistiese terminologie in die kritiese ontleding van verskillende taalvariëteite;
- verduidelik die metodologie van belangrike sosiolinguistiese studies;
- bespreek geslag, sosiale klas en ouderdom as sosiolinguistiese veranderlikes;
- omskryf die terme lingua franca, pidgins en kreole;
- bespreek die rol van taal en kultuur in gebruiksvariasie.

Na voltooiing van hierdie module se **letterkunde-afdeling** behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- begryp wat die perspektief op die Afrikaanse prosa in die twintigste eeu was;
- trek peil op literêre strominge en bewegings, aan die hand van politieke en geskiedkundige gebeure;
- plaas voorgeskrewe kortverhale, dramas en romans kontekstueel, histories en literêr;
- ontleed voorgeskrewe kortverhale, dramas en romans narratologies en analities;
- skryf wetenskaplik korrekte verslae en besig deurentyd akademiese taal;
- identifiseer, benoem en stel sinstukke voor in boomdiagramformaat in konteks van ’n enkelvoudige sin;
- gebruik terreinspesifieke terminologie en konsepte vir die terreine van die pragmatiek;
- bespreek sosiolinguistiese metodologie en terminologie.

AFR3174	Afrikaans 3	NKR-vlak 7	Krediete = 24

Na voltooiing van hierdie module se **taalkunde-afdeling** behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- beskryf wat met die studie van sintaksis bedoel word;
- demonstreer dat hy/sy oor uitgebreide geïntegreerde kennis van die sintaktiese komponent van taal beskik;
- toon dat hy/sy oor geïntegreerde kennis van die naamwoordstuk, die adjektiefstuk, die werkwoordstuk, sinskonstruksies, tempus, modaliteit en aspek asook adjunkte beskik;
- oplossing van probleme ten opsigte van sintaksis kan doen;
- bewys dat hy/sy oor die vermoë beskik om toepaslike sintaktiese prosesse toe te pas en te beskryf;
- identifiseer wat sy/haar spesifieke leerbehoeftes ten opsigte van die kennisveld is en diensooreenkomstig aanpassings te maak;
- verduidelik en te motiveer waarom sekere sintaktiese aanduidings plaasvind en/of gemaak word;
- beskryf hoe sintaksis funksioneel benader kan word.

Na voltooiing van hierdie module se **letterkunde-afdeling** behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- demonstreer dat hy/sy oor ’n geïntegreerde kennis van die belangrikste literatuurbenaderings van die 20ste en 21ste eeu as veld van studie beskik;
- toon dat hy/sy oor uitgebreide kennis van die literêre terminologie beskik en dit toe te pas in die veld van studie;
- beskryf wat die agtergrond van die historiese tydperk onderliggend aan die literatuurtydperk was;
- beskryf wat die poësie van die beweging van die sestigerjare sowel as 1980–2018 is,
- demonstreer dat hy/sy oor ’n gedetailleerde kennis van poësie van die 20ste en 21ste eeu beskik;
- identifiseer, analiseer, evalueer, spreek aan en reflekteer krities (op) ingewikkelde probleme binne die veld, asook die toepassing van bewys-gebaseerde oplossings en teorie-gedrewe argumente in die veld, dissipline en/of praktyk.

AFR3274	Afrikaans 3	NKR-vlak 7	Krediete = 24

Na voltooiing van hierdie module se **taalkunde-afdeling** behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- oor ’n geïntegreerde kennis van fonetiek, fonologie, semantiek, pragmatiek en leksikografie as areas van spesialisasie beskik;
- 'n evaluering kan gee van aspekte en/of fasette van kennis wat tipies tot die velde van die fonetiek, fonologie, semantiek, pragmatiek en leksikologie behoort;
- 'n keuse kan uitoefen ten opsigte van die oplossing van probleme wat tot genoemde velde van die Afrikaanse taalkunde behoort;
- oor die vermoë beskik om toepaslike inligting ten opsigte van genoemde velde van die Afrikaanse taalkunde te versamel, evalueer en kommunikeer met goed geformuleerde en akademies gebaseerde argumente;
- jou eie idees, menings en insigte ten opsigte van die fonetiek, fonologie, semantiek, pragmatiek en leksikografie te kan formuleer.

Na voltooiing van hierdie module se **letterkunde-** behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- bespreek die opvoeringsgerigtheid van ’n drama;
- onderskei die verskil tussen die hoofteks van ’n drama en die neweteks (didaskalia) en analiseer die rol daarvan in die interpretasie van die voorgeskrewe dramas;
- toon die plek van die voorgeskrewe dramas aan in die ontwikkelingsgang van die Afrikaanse drama en motiveer dit;
- analiseer die tyds- en ruimtelike aspekte van die voorgeskrewe dramas krities;
- wys die kenmerke van die klassieke epos uit en toon die verskille aan met die voorgeskrewe moderne epos;
- analiseer die verskille tussen die held en die anti-held in twee voorgeskrewe eposse;
- toon die kenmerke aan van ’n historiese drama en pas dit toe op die voorgeskrewe roman;
- analiseer die hoofkarakter se ontwikkeling in die loop van die roman.

Akademiese Geletterdheid

AKG1052	Akademiese Geletterdheid	NKR-vlak 5	Krediete = 12
Studente wat nie AKG1052 in die eerste studiejaar slaag nie, kan nie met hulle volgende studiejaar voortgaan alvorens AKG1052 suksesvol geslaag is nie			

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- bespreek basiese studiemetodes, asook die eise van tersiêre studie en basiese studievaardighede;
- formuleer bronverwysings: in ‘n teks en in ‘n Bronnelys;
- demonstreer basiese taal- en leesvaardighede in skryfstukke in Afrikaans en Engels;
- reflekteer korrekte akademiese skryfvaardighede en begryp die belang van korrekte spelling;
- identifiseer die belangrikste en kerngedagtes van ‘n akademiese leesstuk, dus die prosessering en bestuur asook beheer van inligting;
- produseer, kommunikeer en bestuur akademiese inligting in skryfstukke.

Bybelkunde

BYB1152	Bybelkunde 1	NKR-vlak 5	Krediete = 12

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- die vermoë om vanuit ‘n gereformeerde perspektief na die Bybel te kyk en te verklaar;
- die vermoë om oor die eienskappe van die Bybel as die geopenbaarde en geïnspireerde Woord van God te redeneer en argumente te evalueer;
- die vermoë om die breë lyne van die heils- en openbaringsgeskiedenis soos in die Heksateug (Genesis tot Josua), asook Rigters en Rut uiteengesit, weer te gee;

- toepassing te maak vanuit die Heksateug, Rigters en Rut met betrekking tot die geloofs- en etiese lewe van vandag;
- die vermoë om hierdie kennis in goed geformuleerde argumente te formuleer en te kommunikeer;
- die vermoë om mede-studente se uitsette te evalueer en regstellings/verbeterings voor te stel.

BYB1252	Bybelkunde 1	NKR-vlak 5	Krediete = 12

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- demonstreer ’n grondige kennis met betrekking tot die inhoud van die boeke 1 en 2 Samuel, 1 Kronieke en Psalms;
- gee ‘n oorsig oor die inhoud van 1 en 2 Samuel en 1 Kronieke;
- bespreek en maak grondige toepassings vanuit die geskiedenis van 1 en 2 Samuel en 1 Kronieke en die inhoud van Psalms met betrekking tot die geloofs- en etiese kwessies;
- beskik oor die vermoë om vanuit die boek en 2 Samuel en 1 Kronieke die lyne na Christus aan te dui;
- bespreek en verskeie oorkoepelende temas vanuit die boek Psalms;
- verklaar en toon aan vanuit die Messiaanse Psalms hoe dit heenwys na die koms van Christus;
- definieer en verklaar die betekenis van die term “Sinoptiese Evangelie”;
- demonstreer ’n grondige kennis met betrekking tot die inhoud van die Sinoptiese Evangelies en Johannes;
- bespreek en maak grondige toepassings vanuit die Sinoptiese Evangelies en Johannes met betrekking tot die geloofs- en etiese kwessies;
- gee ‘n oorsig oor die gebeure en volgorde van die lydensweek, opstanding en hemelvaart van Christus;
- formuleer grondige argumente vanuit die Evangelie volgens Johannes met betrekking tot die godheid van Christus;
- demonstreer ’n grondige kennis met betrekking tot die inhoud van Handelinge;
- bespreek en maak grondige toepassings vanuit die Handelinge met betrekking tot die geloofs- en etiese kwessies.

BYB2163	Bybelkunde 2	NKR-vlak 6	Krediete = 20

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- die vermoë om die teologiese kennis te vanuit verskillende bronne te versamel (navorsing te doen);
- die vermoë om die breë lyne aangaande die openbaringsgeskiedenis soos in u Testamentiese geskiedenis en profete beskryf, weer te gee;
- toepassing te maak vanuit die narratiewe van die Ou Testament, asook wysheids- en profetiese literatuur met betrekking tot die geloofs- en etiese lewe van vandag.
- die vermoë om hierdie kennis in goed geformuleerde argumente te kommunikeer;
- die vermoë om mede-studente se uitsette te evalueer en regstellings/verbeterings voor te stel.

BYB2263	Bybelkunde 2	NKR-vlak 6	Krediete = 20

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- demonstreer ’n ingeligte verstaan van die inhoud van Jakobus en die Pauliniese briewe;
- bespreek die teologie van Jakobus en die Pauliniese briewe;
- posisioneer die skrywe van Jakobus en die Pauliniese briewe binne die geskiedenis van die vroeg-Christelike kerk soos verhaal in die boek Handelinge;
- formuleer en kommunikeer grondige argumente met betrekking tot die daaglikse lewe vanuit Jakobus en die Pauliniese briewe.

BYB3174	Bybelkunde 3	NKR-vlak 7	Krediete = 24

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- die vermoë om die teologiese kennis te vanuit verskillende bronne te versamel (navorsing te doen);
- die vermoë om die breë lyne aangaande die openbaringsgeskiedenis soos Ou testamentiese geskiedenis en profete beskryf, weer te gee;
- toepassing te maak vanuit narratiewe en profetiese literatuur met betrekking tot die geloofs- en etiese lewe van vandag;
- die vermoë om hierdie kennis in goed geformuleerde argumente te kommunikeer;
- die vermoë om mede-studente se uitsette te evalueer en regstellings/verbeterings voor te stel.

BYB3274	Bybelkunde 3	NKR-vlak 7	Krediete = 24

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- demonstreer ‘n geïntegreerde kennis van die boodskap van die boeke Haggai, Sagaria en Maleagi ten opsigte van die geskiedenis en identifiseer hoe hierdie uitgebreide kennis met die boodskap van die Ou Testament in verband staan, veral met betrekking tot die Messias verwagting van die Joodse volk;
- toon kennis van, evalueer en verduidelik betwiste kennis en wat tipies binne die area van die studie lê, veral met betrekking tot Messias verwagting van die Joodse volk;
- toon geïntegreerde kennis van die inhoud van Haggai, Sagaria en Maleagi, met betrekking tot die tema van herstel;
- demonstreer ‘n geïntegreerde kennis van die boodskap van die Algemene Briewe en Openbaring en hul en kommunikeer hoe hierdie uitgebreide kennis met die boodskap van die Nuwe Testament in verband staan;
- toon, evalueer en verduidelik betwiste kennis, veral met betrekking tot die fondament van die geloof vanuit die Algemene Briewe en Openbaring;
- toon geïntegreerde kennis van die inhoud van die Algemene Briewe en Openbaring.

Christelike Berading

CHB1152	Christelike Berading 1	NKR-vlak 5	Krediete = 12

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- demonstreer ‘n ingeligte verstaan van basiese Bybelse berading, asook insig in hoe verskillende Sielkundige modelle beoordeel word aan die hand van Christelike beginsels
- toon ‘n bevoegdheid in die gebruik die Cornell opsommingsmetode;
- definieer en evalueer bepaalde Teologiese begrippe: verlossing, heiligmaking, ekklesiologie en eskatologie met toespitsing op berading;
- toon die vermoë om verantwoordelikheid te neem en te handel ooreenkomstig voorgeskrewe etiese kodes, waardes en praktyke waar geskrewe opdragte vereis word, asook vir sy/haar eie besluite en aksies rakende navorsing in die bepaalde konteks van inligtingstemas wat behandel is;
- selekteer en pas metodes van Christelike analisering en basiese evaluerings tegnieke op Sielkundige modelle toe;
- toon die vermoë tot die versameling, produsering en kommunikasie en beoordeling van inligting rakende die Bybelse beradingsmodel en hoofstroom Sielkundige modelle, en die weergee daarvan in referaatvorm met beperkte omvang;
- beoordeel, hanteer en weergee van die Bybelse beradingsmodel en sekulêre modelle.

CHB1252	Christelike Berading 1	NKR-vlak 5	Krediete = 12

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- demonstreer ‘n ingeligte verstaan van persoonlike kwessies wat berading verg vanuit ‘n Christelike benadering;
- toon insig in berading van uit ‘n Bybelse perspektief;

- pas Bybelse beginsels op die beradingsopset toe;
- wees op hoogte van hulp aan ‘n beradene met die hantering van verliese;
- bemeester die basiese tegnieke rakende krisisintervensie;
- analiseer Dood as sielkundige fenomeen;
- bemeester sleutelaspekte rakende berading by selfmoordvoorkoming en by die naspel van selfmoord;
- beskryf kerntemas in die studie van aandagafleibaarheid en verwante probleme;
- bespreek probleem eetgewoontes met spesifieke verwysing na Anorexia en Bulimia;
- demonstreer grondliggende kennis in die berading van siekes;
- toon perspektief op die tema van God se wil relevant tot berading.

CHB2163	Christelike Berading 2	NKR-vlak 6	Krediete = 20

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- demonstreer ‘n ingeligte verstaan van basiese Ontwikkelingsielkundige, asook insig in die relevante sedelike kwessies aan die hand van Christelike beginsels;
- toon ‘n bevoegdheid in die bespreking van kindwees en kinderberading;
- definieer en evalueer bepaalde opvoedingskwessies met spesifieke verwysing na druip en presteer op skool;
- toon die vermoë om verantwoordelik etiese kwessies te beoordeel veral rakende die tienerfase;
- selekteer en pas metodes van Christelike berading toe op morele kwessies;
- toon die vermoë tot die versameling, produsering en kommunikasie en beoordeling van inligting rakende middeljare en gerontologie.

CHB2263	Christelike Berading 2	NKR-vlak 6	Krediete = 20

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- demonstreer ‘n ingeligte verstaan van basiese Ontwikkelingsielkundige, asook insig in die relevante sedelike kwessies aan die hand van Christelike beginsels;
- toon ‘n bevoegdheid in die bespreking van kindwees en kinderberading;
- definieer en evalueer bepaalde opvoedingskwessies met spesifieke verwysing na druip en presteer op skool;
- toon die vermoë om verantwoordelik etiese kwessies te beoordeel veral rakende die tienerfase;
- selekteer en pas metodes van Christelike berading toe op morele kwessies;
- toon die vermoë tot die versameling, produsering en kommunikasie en beoordeling van inligting rakende middeljare en gerontologie.

CHB3174	Christelike Berading 3	NKR-vlak 7	Krediete = 24

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- demonstreer ‘n ingeligte verstaan van basiese Bybelse beoordeling van seksuele gedrag aan die hand van Christelike beginsels;
- toon ‘n bevoegdheid in die weergee van interpersoonlike kwessies en ‘n metode van konflikhantering;
- definieer en evalueer bepaalde begrippe: moraliteit, kuisheid, teistering, molestasie en verkragting met toespitsing op berading van slagoffers;
- toon die vermoë om verantwoordelikheid te neem en te handel ooreenkomstig voorgeskrewe etiese kodes, waardes en praktyke waar geskrewe opdragte vereis word, asook vir sy/haar eie besluite en aksies rakende navorsing in die bepaalde konteks van inligtingstemas wat behandel is;
- selekteer en pas metodes van Christelike analisering en basiese evaluerings tegnieke op kontensieuse morele kwessies toe;
- toon die vermoë tot die versameling, produsering en kommunikasie en beoordeling van inligting rakende sedelike moraliteit, en die weergee daarvan in referaatvorm met beperkte omvang;

- beoordeel, hanteer en weergee van Collins se Christelike beradingsmodel rakende sedelike kwessies.

CHB3274	Christelike Berading 3	NKR-vlak 7	Krediete = 24

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- demonstreer ‘n ingeligte verstaan van Christelike benadering tot lewensafrigting, asook insig in hoe verskillende afrigtingstegnieke toegepas kan word aan die hand van Christelike beginsels;
- toon ‘n bevoegdheid in die berading van kwessies en aanverwante etiese vraagstukke
- demonstreer die vermoë om geestesprobleme te analiseer;
- selekteer en pas metodes van Christelike berading toe op beradenes wat worstel met die problematiek van verslawing en voorligting;
- definieer en evalueer die kompleksiteit van gestremdheid binne die beradingskonteks
- toon die vermoë tot die versameling, produsering en kommunikasie en beoordeling van inligting rakende substansie afhanklikheid;
- beoordeel, hanteer en weergee van beradingsbeginsels toegepas op beroeps- en finansiële voorligting vanuit ‘n Bybelse perspektief.

Duits

DTS1152	Duits 1	NKR-vlak 5	Krediete = 12

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- demonstreer 'n ingeligte kennis van basiese Duitse geskiedenis, kultuur, kontemporêre Duitse samelewing en letterkunde;
- toon 'n bevoegdheid in die gebruik van Duitse grammatika – selfstandige naamwoorde en nominatiewe, datiewe en akkusatiewe naamvalle; persoonlike, besitlike, vraende voornaamwoorde; reëlmatige, onreëlmatige, modale werkwoorde in die teenwoordige en verlede onbepaalde tyd; imperatiewe werkwoorde; woordorde, voorsetsels;
- identifiseer, evalueer en los sekere probleme rakende die verstaan en skryf van grammatika en tekste op;
- demonstreer die vermoë om verantwoordelikheid te neem en om volgens voorgeskrewe etiese kodes te werk;
- selekteer en pas metodes van standaardontleding van verskillende Duitse tekste toe;
- evalueer sy/haar eie uitsette tydens die verbale en visuele aanbieding van sy/haar semesteropdragte;
- voer 'n interaktiewe gesprek in Duits met gemak.

DTS1252	Duits 1	NKR-vlak 5	Krediete = 12

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- demonstreer 'n ingeligte kennis van basiese Duitse geskiedenis, kultuur, die kontemporêre Duitse samelewing en letterkunde;
- toon 'n bevoegdheid in die gebruik van Duitse grammatika – selfstandige naamwoorde en die nominatief, genitief, datief en akkusatief naamval; persoonlike, besitlike, vraende, onbepaalde, demonstratiewe, relatiewe, refleksiewe voornaamwoorde; reëlmatige, onreëlmatige, modale werkwoorde in die teenwoordige en verlede onbepaalde tyd; konjunktiewe modus; woordorde, voorsetsels, vergelyking van byvoeglike naamwoorde en bywoorde;
- identifiseer, evalueer en los sekere probleme rakende die verstaan en skryf van grammatika en tekste op;
- demonstreer die vermoë om verantwoordelikheid te neem en om volgens voorgeskrewe etiese kodes te werk;
- selekteer en pas metodes van standaardontleding van verskillende Duitse tekste en literatuur toe;
- evalueer sy/haar eie uitsette tydens die verbale en visuele aanbieding van sy/haar semesteropdragte;

- voer 'n interaktiewe gesprek in Duits met gemak.

DTS2163	Duits 2	NKR-vlak 6	Krediete = 20

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- demonstreer 'n gedetailleerde kennis van basiese Duitse geskiedenis, kultuur, die kontemporêre Duitse samelewing en letterkunde;
- toon 'n bevoegdheid in die gebruik van Duitse grammatika – (die passief – modale werkwoorde in die huidige onbepaalde tyd, voltooide teenwoordige tyd en verlede onbepaalde tyd; persoonlike voornaamwoorde in nominatief, datief en akkusatief naamvalle; Ordinale getalle, attributiewe byvoeglike naamwoorde in die nominatiewe naamval sonder lidwoorde; attributief byvoeglike naamwoorde in die genitief naamval sonder lidwoorde; hoofsinne + infinitiefsinne; voegwoord – modale werkwoorde, ontkennende sinne, teenwoordige volmaakte tyd; SMS-taal; voegwoord – *sein*, *haben*, *werden* & sommige onreëlmatige werkwoorde – *finden*, *kommen*; afkortings; modale werkwoord "*möchte*"; bywoorde; attributiewe byvoeglike naamwoord as selfstandige naamwoord; gekombineerde sinne; attributiewe byvoeglike naamwoorde in die datief en akkusatief; vraende voornaamwoorde; da- & wo-verbindings; attributiewe byvoeglike naamwoorde en teenoorgesteldes;
- identifiseer, evalueer en los sekere probleme rakende die verstaan en skryf van grammatika en tekste op;
- demonstreer die vermoë om verantwoordelikheid te neem en om volgens voorgeskrewe etiese kodes te werk;
- selekteer en pas metodes van standaardontleding van verskillende Duitse tekste toe;
- evalueer sy/haar eie uitsette tydens die verbale en visuele aanbieding van sy/haar semesteropdragte;
- voer 'n interaktiewe gesprek in Duits met gemak.

DTS2263	Duits 2	NKR-vlak 6	Krediete = 20

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- demonstreer 'n gedetailleerde kennis van basiese Duitse geskiedenis, kultuur, die kontemporêre Duitse samelewing en letterkunde;
- toon 'n bevoegdheid in die gebruik van Duitse grammatika – (refleksiewe werkwoorde; die persoonlike voornaamwoord "jy" & meervoud; voegwoord "*dass*" & ander ondergeskikte voegwoorde; attributiewe byvoeglike naamwoorde sonder lidwoorde in die genitief naamval; negatiewe lidwoord "*kein*"; woordorde verander; Vraende voornaamwoorde; rangtelwoorde; verlede volmaakte tyd; konjunktiewe hoofletter "*weil*"; woordorde; gekombineerde sinne, relatiewe voornaamwoorde; selfstandige naamwoorde wat in attribuut byvoeglike vorm gebruik word;
- identifiseer, evalueer en los sekere probleme rakende die verstaan en skryf van grammatika en tekste op;
- demonstreer die vermoë om verantwoordelikheid te neem en om volgens voorgeskrewe etiese kodes te werk;
- selekteer en pas metodes van standaardontleding van verskillende Duitse tekste toe;
- evalueer sy/haar eie uitsette tydens die verbale en visuele aanbieding van sy/haar semesteropdragte;
- voer 'n interaktiewe gesprek in Duits met gemak.

DTS3174	Duits 3	NKR-vlak 7	Krediete = 24

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- demonstreer 'n geïntegreerde kennis van basiese Duitse geskiedenis, kultuur, die kontemporêre Duitse samelewing en letterkunde;
- toon 'n bevoegdheid om Duitse grammatika te gebruik – (woordorde in 'n sin; ontkenning; vergelykende sinne met *als*, *wie* en *je* …, *desto* /*umso*; die woord / persoonlike voornaamwoord “dit”; dubbele voegwoorde; voegwoorde *um zu*, *ohne zu* ,

(*an*)*statt zu* + infinitief & alternatiewe; relatiewe sinne; naamwoord-werkwoordverbindings);
- identifiseer, evalueer en los sekere probleme rakende die verstaan en skryf van grammatika en tekste op;
- demonstreer die vermoë om verantwoordelikheid te neem en om volgens voorgeskrewe etiese kodes te werk;
- selekteer en pas metodes van standaardontleding van verskillende Duitse tekste toe;
- evalueer sy/haar eie uitsette tydens die verbale en visuele aanbieding van sy/haar semesteropdragte;
- voer 'n interaktiewe gesprek in Duits met gemak.

DTS3274	Duits 3	NKR-vlak 7	Krediete = 24

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:
- demonstreer 'n geïntegreerde kennis van basiese Duitse geskiedenis, kultuur, die kontemporêre Duitse samelewing en letterkunde;
- toon 'n bevoegdheid om Duitse grammatika te gebruik – (Passief met *sein* (om te wees); vergelykingsinne *mit als*, *als ob und als wenn* in die voegvorm; tekskoherensie; modale sinne met *dadurch*, *dass*, *indem*; selfstandige naamwoorde, werkwoorde en byvoeglike naamwoorde met voorsetsels; indirekte rede met konjunktief I; nominale styl van werkwoorde; modale deeltjies; deelwoorde as byvoeglike naamwoorde; voegwoord “*während*”, voorsetsels met genitief);
- identifiseer, evalueer en los sekere probleme rakende die verstaan en skryf van grammatika en tekste op;
- demonstreer die vermoë om verantwoordelikheid te neem en om volgens voorgeskrewe etiese kodes te werk;
- selekteer en pas metodes van standaardontleding van verskillende Duitse tekste toe;
- evalueer sy/haar eie uitsette tydens die verbale en visuele aanbieding van sy/haar semesteropdragte;
- voer 'n interaktiewe gesprek in Duits met gemak.

Ekonomie

EKN1152	Ekonomie 1	NKR-vlak 5	Krediete = 12

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:
- verstaan die ontologie van ekonomie, wat dit spesifiek maak en hoe dit verskil van nie-ekonomiese fenomene;
- begryp die moontlikheidsvoorwaardes vir die onstaan van ’n werkende ekonomie;
- gee ’n basiese oorsig van die sub-elemente van al die aktiwiteite wat onder ‘ekonomie’ val;
- verstaan die werkinge van ’n mikro- sowel as makro-ekonomie;
- verstaan die vier sleutelbegrippe van produksie, naamlik grond, arbeid, kapitaal en ondernemingsgees;
- gee ’n globale geheelbeeld van die ontwikkeling van die Westerse ekonomie weer;
- verstaan die invloed van sleuteldenkers.

EKN1252	Ekonomie 1	NKR-vlak 5	Krediete = 12

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:
- skets hoe die verskillende sektore van die gemengde ekonomie by mekaar pas;
- verduidelik die vyf makro-ekonomiese doelwitte en die implikasies van die interaksie tussen veranderinge in een of meer van 'n wye reeks makro-ekonomiese kragte (ekonomiese groei en ontwikkeling; inflasie; werkloosheid; die betalingsbalans en wisselkoerse);
- beskryf hoe die prestasie van die ekonomie gemeet word;
- verstaan vraag en aanbod en markewewig en die interaksie tussen verwante markte;

- verstaan hoe totale ekonomiese aktiwiteit gemeet word;
- verduidelik die vraag na geld en hoe die aanbod van geld bepaal word en die basiese instrumente van monetêre beleid en die funksies van die Suid-Afrikaanse Reserwebank;
- verstaan die rol van die regering in die ekonomie en fiskale beleid;
- verstaan die betekenis en uitdagings van globalisering en internasionale ekonomiese integrasie en die betalingsbalans en wisselkoerse.

EKN2163	Ekonomie 2	NKR-vlak 6	Krediete = 20

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- identifiseer die temas van mikro-ekonomie;
- toon aan wat ‘n mark is;
- onderskei tussen reële en nominale pryse;
- verduidelik waarom die studie van mikro-ekonomie nodig is;
- omskryf hoe gebruikersvoorkeur uitgedruk word;
- verduidelik hoe ‘n verbruiker beperk word deur sy of haar begroting;
- toon aan hoe ‘n verbruiker ‘n keuse uitvoer gegewe sy of haar voorkeur en begrotingsbeperkinge;
- definieer, algebraïes en grafies, wat grensnut is;
- lei die vraagkromme vanuit die verbruikersvoorkeur en begroting af;
- verduidelik wat die inkome en substitusie effek is;
- vergelyk die verskil tussen markvraag en individuele vraag;
- lig met voorbeelde toe wat positiewe en negatiewe eksternaliteite is;
- definieer wat risiko is;
- bereken en kwantifiseer risiko;
- verduidelik wat mense se voorkeur vir risiko is;
- toon aan hoe risiko kan verminder of gedeeltelik elimineer kan word;
- verduidelik die teorie van die firma;
- bereken die produksiefunksie van ‘n firma uit;
- toon aan wat die verskil tussen die gemiddelde produk en grensproduk is;
- beeld grafies uit hoe arbeid en kapitaal ‘n firma se produksiebesluite kan beïnvloed;
- bereken die tegniese grenskoers van substitusie;
- definieer wat skaalopbrengs is;
- onderskei tussen die verskillende soorte definisies van koste;
- bereken totale koste en grenskoste;
- omskryf en grafies uitbeeld hoe ‘n firma se koste lyk in die korttermyn;
- omskryf en grafies uitbeeld hoe ‘n firma se koste lyk in die langtermyn;
- identifiseer wat die eienskappe van ‘n perfekte mededingende mark is;
- bereken wins van ‘n firma;
- aan te toon teen watter uitset wins maksimeer word;
- grafies uitbeeld wat ‘n firma se korttermyn aanbodkromme is;
- onderskei tussen kortermyn aanbodkromme en langtermyn aanbodkromme van ‘n firma op ‘n winsmaksimeringpunt;
- evalueer wat die effek is van owerheidsin mening vir verbruikers en produsente;
- bereken verbruikers en produsentesurplus;
- onderskei tussen die effek van prys ondersteuning en produksie kwotas;
- verduidelik wat invoer kwotasie en tariewe is;
- grafies aantoon watter effek owerheidsinmening het op markte;
- definieer wat ‘n monopolie is;
- toon aan by watter punt die monopolis wins maksimeer op ‘n grafiek;
- bereken by watter punt die monopolis wins maksimeer;
- verduidelik wat die determinante van monopolie mag is;
- bespreek wat die sosiale koste van ‘n monopolie is;

- verduidelik wat antitrust wette is;
- verduidelik die doel van monopolie-mag;
- lys drie verskillende prysstrategieë te;
- bespreek Prysdiskriminasies en twee deel tariewe as prysstrategieë;
- verduidelik wat spelteorie is;
- interpreteer verskillende spelprobleme;
- definieer ‘n dominante strategie;
- definieer ‘n Nash-ewewig;
- bespreek spel strategie vir herhalende en opeenvolgende spele;
- onderskei tussen inset en uitsetmarkte;
- toon aan dat insetmarkte ‘n afgeleide vraag het;
- analiseer die winsmaksimeringspunt in ‘n mark vir produksiefaktore;
- bespreek die inkomste en substitusie effek op die aanbod van arbeid.

EKN2263	Ekonomie 2	NKR-vlak 6	Krediete = 20

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- demonstreer 'n gedetailleerde begrip van Suid-Afrikaanse ekonomiese data;
- demonstreer die vermoë om die hoofbronne van data op elke aanwyser en die tegnieke vir die interpretasie en ontleding van ekonomiese data te identifiseer;
- demonstreer 'n gedetailleerde begrip van en interpreteer en verduidelik die betekenis, relevansie en toepassing van die volle reeks ekonomiese aanwysers;
- lees en interpreteer grafieke en het 'n grondige praktiese kennis van ekonomiese aanwysers om ekonomiese data te vind, te verstaan en te interpreteer;
- bespreek en som die belangrikste kenmerke en probleme van die Suid-Afrikaanse ekonomie op.

EKN3174	Ekonomie 3	NKR-vlak 7	Krediete = 24

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- demonstreer die vermoë om sy/haar eie fiskale modelle te ontwikkel;
- demonstreer die vermoë om by rudimentêre voorspellings betrokke te raak;
- identifiseer swakhede in regeringsbeleid;
- herken die beperkings op predikatiewe modelle;
- pas kontemporêre modelle toe;
- demonstreer die vermoë om deel te neem aan 'trendspotting' op mikrovlak;
- demonstreer die vermoë om hul eie voorspellende modelle te skep;
- ontwikkel alternatiewe vir bestaande modelle;
- demonstreer 'n geïntegreerde begrip van handelsmerk, digitale bemarking, inligtingsgebaseerde kapitalisme, hedendaagse weergawes van Marxisme, en die verskillende druk-en-trek-faktore van hedendaagse kapitalisme.

EKN3274	Ekonomie 3	NKR-vlak 7	Krediete = 24

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- ontleed, kontekstualiseer, sintetiseer en beredeneer op 'n logiese, objektiewe en beredeneerde wyse;
- sien die “groot prentjie” en nie net die detail van 'n spesifieke, eng probleem nie;
- demonstreer 'n geïntegreerde begrip van standpunte wat in openbare en professionele debat oor die Suid-Afrikaanse ekonomie ingeneem word;
- evalueer, staaf en daag posisies uit wat in openbare en professionele debat oor die Suid-Afrikaanse ekonomie ingeneem word;
- verstaan die betekenis en uitdagings van globalisering en internasionale ekonomiese integrasie;

- verstaan en beskryf die implikasie van die interaksie tussen veranderinge in een of meer van 'n wye reeks makro-ekonomiese kragte (ekonomiese groei, werkloosheid, inflasie, wisselkoerse, betalingsbalans);
- weet watter ekonomiese inligting benodig en beskikbaar is om 'n ingeligte besluit te neem en om te weet hoe om hierdie inligting te integreer, te verwerk, te ontleed, te interpreteer en aan te bied om tot 'n besluit te kom;
- integreer bogenoemde om te verstaan hoe en hoekom ekonomiese beleidsbesluite geneem word en bepaal die impak van sulke besluite.

Engels

ENG1152	Engels 1	NKR-vlak 5	Krediete = 12

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- demonstreer 'n ingeligte kennis van die Engelse taal in terme van geselekteerde velde in die letterkunde;
- demonstreer 'n ingeligte kennis oor 'n wye reeks voorgeskrewe tekste;
- demonstreer 'n ingeligte begrip van die generiese klassifikasie van literatuur en toepaslike terminologie;
- identifiseer en bespreek die historiese ontwikkeling van Engelse letterkunde en die invloed daarvan op kontemporêre taalgebruik;
- ontleed en bespreek die verband tussen teks en konteks van die voorgeskrewe tekste;
- formuleer akademiese argumente deur die korrekte terminologie te gebruik;
- ontleed, som op en parafraseer 'n gedig akkuraat;
- ontleed 'n gedig deur die toepaslike terminologie te gebruik;
- definieer en bespreek verskillende genres en stylperiodes van poësie, drama en die roman;
- identifiseer die leesstrategieë wat nodig is om waardering vir die spesifieke literêre genres te verhoog;
- definieer en beskryf die genres van komedie en tragedie;
- kategoriseer tekste met betrekking tot genre.

ENG1252	Engels 1	NKR-vlak 5	Krediete = 12

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- demonstreer 'n ingeligte kennis van die Engelse taal in terme van geselekteerde velde in die letterkunde;
- identifiseer en ontleed die kenmerke van Modernisme en Kolonialisme;
- identifiseer en ontleed die kenmerke van die 19de en 20ste eeuse Suid-Afrikaanse Letterkunde;
- demonstreer 'n ingeligte kennis van die historiese ontwikkeling van Engelse letterkunde vanaf die Renaissance tot die tydperk van Modernisme;
- identifiseer en bespreek 'n roman rakende die narratiewe stem en romantieke tegnieke;
- ontleed 'n uittreksel van 'n roman, plaas die uittreksel in die konteks van die roman as geheel en lewer kommentaar op intrige, karakterisering, temas, beelde en literêre middele wat in die uittreksel gebruik word;
- demonstreer 'n ingeligte begrip van die Engelse romantradisie;
- demonstreer 'n ingeligte begrip van die verskillende vorme of dele van die werkwoord;
- identifiseer, kategoriseer en korrigeer foutiewe sinstrukture met verwysing na gefragmenteerde sinne, misplaaste of hangende wysigers, passiewe en aktiewe konstruksies, en gesplete infinitiewe;
- demonstreer 'n ingeligte begrip van die verskillende tye van die werkwoord.

ENG2163	Engels 2	NKR-vlak 6	Krediete = 20

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- beskryf die sosio-politieke agtergrond van die literatuur wat in hierdie module bestudeer word, naamlik Suid-Afrikaanse en Afrikaanse letterkunde;
- gee die datums van die verskillende eras in Suid-Afrikaanse poësie;
- neem die historiese ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse letterkunde waar;
- lewer kommentaar op die kwelpunte van Suid-Afrikaanse letterkunde;
- lewer kommentaar op die kwelpunte van die Afrika-roman(s) wat in hierdie module bestudeer word;
- noem sommige Suid-Afrikaanse en Afrikaanse skrywers en digters;
- skryf 'n bekwame kritiese ontleding van 'n Suid-Afrikaanse gedig;
- skryf 'n bekwame kritiese ontleding van 'n uittreksel uit enige van die romans en die toneelstuk wat in hierdie module bestudeer is;
- gebruik die Engelse taal akkuraat en vlot;
- gaan met selfvertroue voort na die volgende module.

ENG2263	Engels 2	NKR-vlak 6	Krediete = 20

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- gee die datums wat verband hou met die Elizabethaanse Era en lys die belangrikste Elizabethaanse digters;
- lewer kommentaar op die konteks en betrekkinge van Elizabethaanse poësie;
- skryf 'n bekwame kritiese ontleding van 'n Elizabethaanse gedig;
- lewer kommentaar op *The Merchant of Venice* as 'n Shakespeariaanse komedie;
- skryf 'n bekwame kritiese ontleding van 'n uittreksel uit die drama;
- plaas die Augustaanse Tydperk chronologies en lys die name van sommige Augustaanse digters;
- lewer kommentaar op die konteks en betrekkinge van Augustaanse poësie;
- skryf 'n bekwame kritiese ontleding van 'n Augustaanse gedig en lewer kommentaar op die Augustaanse kenmerke van daardie gedig;
- sien iets van die ontwikkeling van Engelse poësie vanaf die Elizabethaanse tot die Augustaanse Tydperk raak;
- verstaan *Heart of Darkness;*
- skryf 'n bekwame kritiese ontleding van 'n uittreksel uit die roman;
- plaas George Bernard Shaw chronologies;
- lewer kommentaar op die betrekkinge en komiese tegnieke van *Arms and the Man* in 'n bekwame kritiese ontleding van 'n uittreksel uit die toneelstuk;
- gebruik die Engelse taal met groter bevoegdheid en fasiliteit as in Engels 1;
- gaan met selfvertroue oor na die volgende module.

ENG3174	Engels 3	NKR-vlak 7	Krediete = 24

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- beskryf die sosio-politieke agtergrond van die literatuur wat in hierdie module bestudeer is, naamlik Suid-Afrikaanse en Afrikaanse letterkunde;
- gee die datums van die verskillende eras in Suid-Afrikaanse poësie weer;
- neem die historiese ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse letterkunde waar;
- lewer kommentaar oor die kwelpunte van Suid-Afrikaanse letterkunde;
- lewer kommentaar oor die kwelpunte van die Afrika-roman(s) wat in hierdie module bestudeer word;
- noem sommige Suid-Afrikaanse en Afrikaanse skrywers en digters;
- skryf 'n bekwame kritiese ontleding van 'n Suid-Afrikaanse gedig;
- skryf 'n bekwame kritiese ontleding van 'n uittreksel uit enige van die romans en die toneelstuk in hierdie module bestudeer is;
- gebruik die Engelse taal akkuraat en vlot;

- gaan met selfvertroue voort na die volgende module.

ENG3274	Engels 3	NKR-vlak 7	Krediete = 24

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- besit 'n diepgaande begrip van Modernisme in al die genres, aangesien ENG3274 op ENG3174 voortbou waar die moderne roman bestudeer is;
- Wees vertroud met die betrekkinge en innoverende tegnieke van moderne drama en moderne poësie;
- wees vertroud met die poëtiese tendense van die eerste vyf-en-sewentig jaar van 1900: vanaf die vroeë Moderniste tot Oorlogspoësie tot Hoë Modernisme tot ‘The Movement’;
- skryf 'n bekwame kritiese analise van 'n moderne gedig;
- lewer insiggewend kommentaar oor die betrekkinge en temas van moderne drama, asook oor dramatiese tegnieke en kenmerke van taal;
- wees bewus van die gebruik van geskiedenis om kommentaar te lewer op kontemporêre temas en betrekkinge in die toneelstukke wat in hierdie kursus bestudeer word;
- voeg 'n Shakespeariaanse geskiedenisstuk by sy/haar repertorium: *King Henry IV: Part I;*
- wees bewus van Shakespeare se gebruik van feodale geskiedenis om hedendaagse Elizabethaanse betrekkinge te ondersoek;
- lewer met insig kommentaar op die temas, dramatiese tegnieke en kenmerke van taal van die drama;
- neem uiteindelik die ontwikkeling van die belangrikste literêre genres oor die eeue heen waar;
- skryf met groter fasiliteit, akkuraatheid en vlotheid as voorheen;
- betree sy/haar professionele of nagraadse lewe met vertroue in sy/haar vermoë om die Engels taal te gebruik.

Filosofie

FIL1152	Filosofie 1	NKR-vlak 5	Krediete = 12

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- toon ‘n begrip van die grondmotiewe van die Westerse denke en hoe dit in die denke van die voor-Sokratiese wysgere na vore kom;
- verstaan wat Sokrates en Plato se filosofiese benaderings behels en verstaan die hooftrekke daarvan;
- ken die belangrikste uitgangspunte van Aristoteles se wysbegeerte en demonstreer die vermoë om ’n kritiese oordeel oor die vroeë Griekse denke te fel;
- toon ‘n oorsigtelike begrip van die Patristieke denke met besondere verwysing na Aurelius Augustinus se filosofie;
- verstaan wat die belangrikste vraagstukke was waarmee die Skolastieke denkers geworstel het, met besondere verwysing na Thomas Aquinas;
- toon ‘n begrip van die filosofie van Aquinas, asook die verval van Skolastiek soos verwoord in die filosofie van Bacon, Scotus en Ockham;
- ken die wysgerige grondgedagtes van die Renaissance;
- bewus wees van wat die Reformatoriese denke behels en vergelyk dit breedweg met Aristoteles en Thomas Aquinas;
- ken die grondgedagtes van die Cartesianisme en vergelyk dit kortliks met ander denk strominge;
- toon ‘n verstaan van die denktradisies vanaf Hume tot Nietzche;
- verstaan wat die “krisis” van die humanisme behels;
- onderskei en beskryf die eksistensiële denke van Kierkegaard, Husserl en Sartre en verkry ’n oorsig van hedendaagse wysgerige tendense te verkry.

FIL1252	Filosofie 1	NKR-vlak 5	Krediete = 12

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- dra kennis van die eienskappe van lewens- en wêreldbeskouings;
- toon begrip van die deontiese aard van lewens- en wêreld-beskouing;
- omskryf die Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing;
- verduidelik die grondgedagtes van die Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing met betrekking tot skepping, die wetsorde en rol van die universiteit;
- verstaan die Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing en wat die aard daarvan is;
- verduidelik wysgerige antropologie is, wat die mens as beeld van God behels en wat die implikasies daarvan is;
- verstaan wat die betekenis van die mens as beeld van God vir die wysgerige antropologie behels;
- demonstreer 'n kennis aangaande wat die belangrikste wysgerige fasette van vryheid behels en om die uitgangspunte van die liberale lewens- en wêreldbeskouing;
- verduidelik wat die teologiese, wysgerige en vakwetenskaplike etiek is en hoe dit binne die sentrale Calvinistiese uitgangspunte figureer;
- toon begrip van 'n wysgerige benadering tot die sedelike;
- verskaf 'n oorsig van Calvyn se opvatting van die sedelike;
- bespreek die betekenis van die Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing vir die kultuurlewe.

FIL2163	Filosofie 2	NKR-vlak 6	Krediete = 20

Na voltooiing van hierdie module behoort 'n student die volgende uitkomste te bereik:
- ken die belangrikste wysgerige denkstrominge in die Westerse Filosofie tot met die laat-Renaissance;
- verstaan die besondere bydraes van gerekende filosowe in die Westerse denktradisie en die invloed wat dit op die ontwikkeling van die filosofiese denke gehad het;
- onderskei die belangrikste religieuse grondmotiewe wat hul verskyning in die Westerse denke gemaak het;
- verstaan die grondliggende bydrae wat die ontstaan van die Christelike denke tot die Westerse Filosofiese denktradisie gemaak het.

FIL2263	Filosofie 2	NKR-vlak 6	Krediete = 20

Na voltooiing van hierdie module behoort 'n student die volgende uitkomste te bereik:
- begryp die unieke taak van die wetenskap;
- verstaan die besondere taak en terrein van die Filosofie as oorkoepelende wetenskap;
- verstaan die struktuur van die modale aspekte van die werklikheid;
- verstaan die aard van dimensies en entiteite in die werklikheid;
- doen 'n wysgerige analise van die menslike samelewing.

FIL3174	Filosofie 3	NKR-vlak 7	Krediete = 24

Na voltooiing van hierdie module behoort 'n student die volgende uitkomste te bereik:
- verstaan die belangrikste wysgerige strominge van die moderne filosofiese denke;
- beoordeel die moderne wysgerige strominge krities;
- weeg die moderne wysgerige strominge teen die Christelik-gereformeerde filosofie op;
- toon die invloed van die moderne wysgerige strominge op die wetenskap aan.

FIL3274	Filosofie 3	NKR-vlak 7	Krediete = 24

Na voltooiing van hierdie module behoort 'n student die volgende uitkomste te bereik:
- verstaan die uniekheid van die wetenskap en die modale aspekte;
- verstaan die wysgerige antropologie;
- verstaan aspekte van en perspektiewe op die evolusionistiese denkrigting;
- verstaan samelewings- en staatsfilosofiese aspekte.

Klassiek-Christelike wêreldbeskouing

KCW1252	Klassiek-Christelike wêreldbeskouing	NKR-vlak 5	Krediete = 12

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- demonstreer 'n begrip van 'n Bybels-gereformeerde wêreldbeskouing;
- beskryf die verskil tussen teologie en filosofie in 'n akademiese konteks;
- definieer die hervorming van die samelewing;
- verduidelik persoonlike hervorming;
- ontwikkel hervormingstrategieë om probleme in verskeie sektore van die samelewing op te los;
- kommunikeer hervormingsontwikkeling in 'n akademiese en werksomgewing.

Geografie

GRF1152	Geografie 1	NKR-vlak 5	Krediete = 12

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- oefen die vermoë om deur middel van ingeligte kennis die kerngebiede van een of meer studievelde/dissiplines/praktyke se begrippe, konsepte, feite, algemene beginsels, reëls en teorieë in klimatologie en geomorfologie te verstaan en weer te gee;
- ontwikkel die vermoë om kennis of ‘n kennis-sisteem binne klimatologie en geomorfologie te (kan) ontwikkel en ontplooi;
- selekteer en pas standaardmetodes, prosedures, en tegnieke binne klimatologie en geomorfologie toe en beplan hiervolgens ‘n implimenteringsplan en bestuur dit binne ‘n goedgedefinieerde, algemene en ondersteunde omgewing van hierdie vakgebiede;
- identifiseer, evalueer en los bekende, algemene en nuwe probleme in klimatologie en geomorfologie op en pas die oplossings toe wat gebaseer is op relevante bewyse en prosedures of ander vorme van verklaring in hierdie spesifieke vakdissiplines en praktyk;
- neem verantwoordelikheid in ooreenstemming met die voorgeskrewe organisatoriese en professionele etiese gedragskodes, waardes en praktyke en is bereid om onder leiding van ander bekwames, etiese en professionele problematiese kwessies se oplossings te help soek;
- versamel inligting uit ‘n groot verskeidenheid bronne, wat mondelinge oorlewering, asook geskrewe en simboliese teks insluit, om sodoende geskikte inligting vir spesifieke take te kan selekteer en dan hiermee ná ‘n basiese analise-proses, sintese en evaluering die inligting wyer kan toepas;
- leer die vermoë om die verband tussen geskrewe, mondelinge of simboliese inligting te trek, dit wil sê gebruik die inligting wat op mekaar van toepassing is, wat in die regte konteks van klimatologie en geomorfologie mekaar aanvul;
- gebruik verskeie tipe sisteme sodat die verskillende onderliggende dele/bestanddele van sisteme gedefinieer kan word, die onderlinge verband/verhouding tussen die dele uitgeken word en enige reaksie as gevolg van invloede, verstaan word;
- evalueer eie en ander se optredes en vermoëns om verskeie aksies te onderneem indien nodig asook om veranwoordelikheid van eie leerwerk binne ‘n gestruktureerde leerproses te neem en ander se leerwerk en -omgewing te bevorder;
- neem verantwoordelikheid vir eie aksies, werk effektief saam met ander, respekteer diegene en vat toesighoudende verantwoordelikheid oor ander en waar nodig hou toesig oor die verantwoordelike gebruik van geografiese hulpbronne.

GRF1252	Geografie 1	NKR-vlak 5	Krediete = 12

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- oefen die vermoë om deur middel van ingeligte kennis die kerngebiede van een of meer studievelde/dissiplines/praktyke se begrippe, konsepte, feite, algemene beginsels, reëls en teorieë te verstaan en weer te gee;
- ontwikkel die vermoë om kennis of ‘n kennis-sisteem binne die vakgebied te (kan) ontwikkel en ontplooi;

- selekteer en pas standaardmetodes, prosedures, en tegnieke binne die studieveld toe en beplan hiervolgens ‘n implimenteringsplan en bestuur dit binne ‘n goed-gedefinieerde, algemene en ondersteunde omgewing;
- identifiseer, evalueer en los bekende, algemene en nuwe probleme in ‘n bekende vakomgewing op en pas die oplossings toe wat gebaseer is op relevante bewyse en prosedures of ander vorme van verklaring in die spesifieke vakdissipline of praktyk;
- neem verantwoordelikheid in ooreenstemming met die voorgeskrewe organisatoriese en professionele etiese gedragskodes, waardes en praktyke en is bereid om onder leiding van ander bekwame, etiese en professionele problematiese kwessies se oplossings te help soek;
- versamel inligting uit ‘n groot verskeidenheid bronne, wat mondelinge oorlewering, asook geskrewe en simboliese teks insluit, om sodoende geskikte inligting vir spesifieke take te kan selekteer en dan hiermee ná ‘n basiese analise-proses, sintese en evaluering die inligting wyer kan toepas;
- leer die vermoë om die verband tussen geskrewe, mondelinge of simboliese inligting te trek, dit wil sê gebruik die inligting wat op mekaar van toepassing is, wat in die regte vakkonteks mekaar aanvul;
- gebruik verskeie tipe sisteme sodat die verskillende onderliggende dele/bestanddele van sisteme gedefinieer kan word, die onderlinge verband/verhouding tussen die dele uitgeken word en enige reaksie as gevolg van invloede, verstaan word;
- evalueer eie en ander se optredes en vermoëns om verskeie aksies te onderneem indien nodig asook om verantwoordelikheid van eie leerwerk binne ‘n gestruktureerde leerproses te neem en ander se leerwerk en -omgewing te bevorder;
- neem verantwoordelikheid vir eie aksies, werk effektief saam met ander, respekteer diegene en vat toesighoudende verantwoordelikheid oor ander en waar nodig hou toesig oor die verantwoordelike gebruik van hulpbronne.

GRF2163	**Geografie 2**	**NKR-vlak 6**	**Krediete = 20**

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- oefen die vermoë om deur middel van ingeligte kennis die kerngebiede van een of meer studievelde/dissiplines/praktyke se begrippe, konsepte, feite, algemene beginsels, reëls en teorieë in stedelike- en nedersettingsgeografie te verstaan en weer te gee;
- ontwikkel die vermoë om kennis of ‘n kennis-sisteem binne stedelike- en nedersettingsgeografie te (kan) ontwikkel en ontplooi;
- selekteer en pas standaardmetodes, prosedures, en tegnieke binne stedelike- en nedersettingsgeografie toe en beplan hiervolgens ‘n implimenteringsplan en bestuur dit binne ‘n goed-gedefinieerde, algemene en ondersteunde omgewing van hierdie vakgebiede;
- identifiseer, evalueer en los bekende, algemene en nuwe probleme in stedelike- en nedersettingsgeografie op en pas die oplossings toe wat gebaseer is op relevante bewyse en prosedures of ander vorme van verklaring in hierdie spesifieke vakdissiplines en praktyk;
- neem verantwoordelikheid in ooreenstemming met die voorgeskrewe organisatoriese en professionele etiese gedragskodes, waades en praktyke en is bereid om onder leiding van ander bekwames, etiese en professionele problematiese kwessies se oplossings te help soek;
- versamel inligting, rakende stedelike- en nedersettingsgeografie, uit ‘n groot verskeidenheid bronne, wat mondelinge oorlewering, asook geskrewe en simboliese teks insluit, om sodoende geskikte inligting vir spesifieke take te kan selekteer en dan hiermee ná ‘n basiese analiseproses, sintese en evaluering die inligting wyer kan toepas;
- leer die vermoë om die verband tussen geskrewe, mondelinge of simboliese inligting te trek, dit wil sê gebruik die inligting wat op mekaar van toepassing is, wat in die regte konteks van stedelike- en nedersettingsgeografie mekaar aanvul;

- gebruik verskeie tipe sisteme sodat die verskillende onderliggende dele/bestanddele van sisteme gedefinieer kan word, die onderlinge verband/verhouding tussen die dele uitgeken word en enige reaksie as gevolg van invloede, verstaan word;
- evalueer eie en ander se optredes en vermoëns om verskeie aksies te onderneem indien nodig asook om veranwoordelikheid van eie leerwerk binne ‘n gestruktureerde leerproses te neem en ander se leerwerk en -omgewing te bevorder.
- neem verantwoordelikheid vir eie aksies, werk effektief saam met ander, respekteer diegene en vat toesighoudende verantwoordelikheid oor ander en waar nodig hou toesig oor die verantwoordelike gebruik van geografiese hulpbronne.

GRF2263	Geografie 2	NKR-vlak 6	Krediete = 20

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- oefen die vermoë om deur middel van ingeligte kennis die kerngebiede van een of meer studievelde/dissiplines/praktyke se begrippe, konsepte, feite, algemene beginsels, reëls en teorieë te verstaan en weer te gee;
- ontwikkel die vermoë om kennis of ‘n kennis-sisteem binne die vakgebied te (kan) ontwikkel en ontplooi;
- selekteer en pas standaardmetodes, prosedures, en tegnieke binne die studieveld toe en beplan hiervolgens ‘n implimenteringsplan en bestuur dit binne ‘n goed-gedefinieerde, algemene en ondersteunde omgewing;
- identifiseer, evalueer en los bekende, algemene en nuwe probleme in ‘n bekende vakomgewing op en pas die oplossings toe wat gebaseer is op relevante bewyse en prosedures of ander vorme van verklaring in die spesifieke vakdissipline of praktyk;
- neem verantwoordelikheid in ooreenstemming met die voorgeskrewe organisatoriese en professionele etiese gedragskodes, waades en praktyke en is bereid om onder leiding van ander bekwames, etiese en professionele problematiese kwessies se oplossings te help soek;
- versamel inligting uit ‘n groot verskeidenheid bronne, wat mondelinge oorlewering, asook geskrewe en simboliese teks insluit, om sodoende geskikte inligting vir spesifieke take te kan selekteer en dan hiermee ná ‘n basiese analiseproses, sintese en evaluering die inligting wyer kan toepas;
- leer die vermoë om die verband tussen geskrewe, mondelinge of simboliese inligting te trek, dit wil sê gebruik die inligting wat op mekaar van toepassing is, wat in die regte vakkonteks mekaar aanvul;
- gebruik verskeie tipe sisteme sodat die verskillende onderliggende dele/bestanddele van sisteme gedefinieer kan word, die onderlinge verband/verhouding tussen die dele uitgeken word en enige reaksie as gevolg van invloede, verstaan word;
- evalueer eie en ander se optredes en vermoëns om verskeie aksies te onderneem indien nodig asook om veranwoordelikheid van eie leerwerk binne ‘n gestruktureerde leerproses te neem en ander se leerwerk en -omgewing te bevorder;
- neem verantwoordelikheid vir eie aksies, werk effektief saam met ander, respekteer diegene en vat toesighoudende verantwoordelikheid oor ander en waar nodig hou toesig oor die verantwoordelike gebruik van hulpbronne.

GRF3174	Geografie 3	NKR-vlak 7	Krediete = 24

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- verstaan die aard, oorsake en huidige stand van onderontwikkeling;
- definieer die Balansstaat van Ontwikkeling en beskryf die betekenis daarvan ook in huidige terme;
- bespreek armoede as deel van ‘n globale krisis;
- beskryf ‘n moderne samelewing;
- vergelyk demokratisering, goeie regering en ontwikkeling;
- ondersoek die begrip, doelwitte en veranderde sienings in verband met volhoubare ontwikkeling;

- dui die globale uitdagings vir volhoubare ontwikkeling aan;
- bestudeer die volhoubare ontwikkeling in landelike en stedelike gebiede;
- identifiseer die verskillende rolspelers in die volhoubare ontwikkelingsproses en hul aktiwiteite.

GRF3274	Geografie 3	NKR-vlak 7	Krediete = 24

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- verstaan die geskiedkundige agtergrond van Suid-Afrika en die invloed daarvan op die geografie van Suid-Afrika;
- som die politieke verandering in Suidelike Afrika op en pen die invloed daarvan op geografiese aspekte vas;
- analiseer die kulturele geografie van Suid-Afrika, en lê veral klem op die verandering ná die nuwe politieke bestel van ‘n nuwe Suid-Afrika;
- ondersoek Suid-Afrika se veranderende bevolkingstruktuur;
- bespreek die ekonomiese ontwikkeling en groei van Suid-Afrika, al dan nie;
- bestudeer die stedelike strukture en veranderings binne Suid-Afrika;
- speur Suid-Afrikaanse vervoernetwerke en tendense oor tyd na en vergelyk die mobiliteit en toeganklikheid wat daarmee gepaard gaan;
- identifiseer die veranderinge en ontwikkelings op landbougebied en landelike gebiede in Suid-Afrika;
- som die breër geologiese templaat en meer spesifiek die perspektiewe van Suidelike Afrika en Suid-Afrika se geologiese geskiedenis op;
- vors die klimaat van Suidelike Afrika en Suid-Afrika na en stel die redes en gevolge van klimaatsverandering oor tyd vas;
- verduidelik die redes en gevolge van landskapsontwikkeling van Suid-Afrika;
- vorm gedagtes oor die invloed van omgewingswetgewings en –wette in die algemeen en meer spesifiek aspekte van Suid-Afrika in die verband.

Geskiedenis

GES1152	Geskiedenis 1	NKR-vlak 5	Krediete = 12

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- demonstreer 'n ingeligte begrip van die kernareas, sowel as konsepte, feite en algemene beginsels van geskiedenis;
- onderskei tussen en definieer sekere historiese konsepte;
- beskryf geskiedskrywing as 'n proses;
- verstaan en verduidelik die verband tussen historiese tydperke;
- beskryf kortliks die oorsprong van die eerste beskawings in die Nabye Ooste;
- ken en gee 'n paar feite wee oor die aard van die volgende beskawings: Sumeriërs, Akkadiërs, Babiloniërs, Egiptenaars, Hetiete, Assiriërs, Pers en Hebreërs;
- verstaan en verklaar die godsdienstige oriëntasie van die antieke Nabye-Ooste;
- beskryf kortliks enkele prestasies van die Nabye-Oosterse beskawings;
- dra kennis van die vroeë Egeïese beskawings;
- beskryf die ontwikkeling van die Griekse stadstate;
- beskryf die invloed van die skrywer Homerus op die Griekse lewensuitkyk en godsdiens;
- bespreek die stadstaat Athene as die versinnebeelding van die ideaal van politieke vryheid;
- beskryf die Persiese oorloë en dui die betekenis daarvan aan;
- beoordeel die beperkings, tekortkominge en betekenis van die Atheense demokrasie;
- beskryf die Peloponnesiese oorlog kortliks en dui die betekenis daarvan aan;
- bespreek en beoordeel die Klassieke era of hoogtepunte van die Griekse kuns;
- beskryf die Hellenistiese tyd en kultuur;
- bespreek die belangrikste twee filosofiese denkrigtings van die Hellenistiese tyd;

- dra kennis van en gee enkele feite weer oor die drie tydperke in die Romeinse geskiedenis;
- toon aan hoe die kultuur van die Republiek en die Rykstydperk verskil het;
- bespreek die Rykstydperk in terme van Wet en orde, Letterkunde en geskiedskrywing, Filosofie, Wetenskap, Kuns en argitektuur, Vermaak en vryetydsbesteding;
- bespreek die Romeinse prestasie kortliks;
- posisioneer die Christelike godsdiens in die Romeinse Ryk;
- beskryf die ontstaan van die kloosterwese;
- bespreek die rol van die kerkvaders;
- verstaan en verduidelik waarom die Christelike godsdiens as ‘n sintese van die Hebreeuse – en Grieks-Romeinse tradisies beskou word;
- beskryf die Klassieke Humanisme en die Christendom as twee hoofkomponente van die moderne, Westerse beskawing;
- tref ‘n beknopte vergelyking te tussen die geskiedenis en kultuur van die Wes- en Oos-Romeinse Ryke voor en gedurende die Middeleeue;
- verklaar wat die Heilige Romeinse Ryk was en beskryf die rol daarvan in die Middeleeue;
- bespreek die aard en denkwyse van die Middeleeuse samelewing;
- verduidelik hoe die feodale stelsel gefunksioneer het;
- bespreek die rol van die Kerk in die Middeleeue;
- toon die betekenis van kuns en argitektuur in die Middeleeue aan;
- toon die aard en invloed van die Kruistogte kortliks aan;
- ken Romaanse en Gotiese argitektuur uit, noem die belangrikste stylkenmerke van elk en verduidelik hoe die argitektuur die tydsgees verpersoonlik;
- verstaan die redes vir die kulturele ontwaking in die 11de en 12de eeue;
- bespreek die opkoms van handel en stede;
- gee die aard en kenmerke van die Middeleeuse stad weer;
- bespreek die ontstaan en funksionering van die gildes in die Laat-Middeleeue;
- bespreek die Hoog- of Laat-Middeleeuse wêreldbeskouing;
- dui die kontinuïteit en diskontinuïteit van die Middeleeuse wêreldbeskouing aan;
- definiëer die volgende begrippe: Renaissance, Humanisme, Hervorming;
- bespreek die samelewing van c.1400-1600 kan in terme van: Die kontras wat daar met die Middeleeue bestaan het; Die klassestruktuur, Die belangstelling in die Klassieke kultuur;
- noem op en omskryf kortliks die kenmerke van die Renaissance-mens;
- dra kennis van die ontwikkeling in die wetenskap en kuns gedurende hierdie tyd;
- ken Renaissance-argitektuur uit en bespreek die belangrikste eksponente en kenmerke daarvan;
- lys die kenmerke van die skilder- en beeldhoukuns van die tyd kortliks;
- bespreek die betekenis van die Renaissance en die Humanisme;
- verduidelik die oorsprong en aard van die Humanisme;
- bespreek Desiderius Erasmus as die belangrikste Nederlandse Humanis;
- dra kennis van enkele Duitse, Franse en Engelse Humaniste;
- verstaan die invloed van die Humanisme op die Kerkhervorming;
- verduidelik kortliks hoe die Kerkhervorming plaasgevind het en wat Calvinisme is;
- bespreek die verloop en gevolge van die Beeldestorm;
- verduidelik die invloed van die Hervorming op die kunste in Nederland;
- bespreek die ontstaan van die Barok as kultuurstroming en teenreaksie op die Renaissance;
- dra kennis van die Kontra-Reformasie en die Barok as kerklike kunsuiting;
- beskryf die aard en struktuur van die samelewing tydens die tydperk;
- bespreek die geestesingesteldheid en lewenswyse van die Barokmens;
- ken uit en noem die kenmerke van Barokkuns op;

- bespreek Barokargitektuur kortlik;
- omskryf die Rococotyd kortliks.

GES1252	Geskiedenis 1	NKR-vlak 5	Krediete = 12

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- bespreek die lewenswyse en bewegings van die vroeë inwoners van die Afrikaanse sub-kontinent kortliks;
- noem en bespreek kortliks die eerste Oosterse en Europese besoekers aan Suidelike Afrika;
- bespreek en verstaan die Nederlandse setlaars se koms en Jan van Riebeeck se opdrag en nalatenskap;
- bespreek die aard en groei van die koloniale gemeenskap aan die Kaap;
- beskryf die koms en bydrae van die Franse en Duitse setlaars;
- bespreek die koms, regte en pligte van die eerste slawe aan die Kaap;
- bespreek Simon van der Stel se bewindstyd;
- verduidelik die ontstaan van die veeboer in Suid-Afrika;
- verduidelik waarom en hoe Groot Brittanje die Kaap die Goeie Hoop in 1795 in besit geneem het;
- verduidelik die redes vir en verloop van die koms van die Britse Setlaars;
- verduidelik die Slagtersnek-rebellie breedvoerig;
- bespreek die ontstaan en groei van die Engelse nedersetting in Port Natal;
- duidelik uiteen te sit wat die Mfecane was en hoe dit plaasgevind het;
- bespreek die ontwikkeling en uitbreiding van Shaka se ryk en sy 12 jaarlange bewindstyd;
- beskryf en verklaar kortliks die toestand op die Oos-grens van die Kaapkolonie en waarom dit bygedra het tot die Groot Trek;
- skryf kort aantekeninge oor elk van die verskillende trekgeselskappe;
- bespreek die Slag van Vegkop;
- verduidelik wat by Thaba Nchu gebeur het toe die verskillende geselskappe daar ontmoet het en watter twispunte daar bestaan het;
- bespreek die direkte oorsake, verloop en gevolge van die Slag van Bloedrivier;
- bespreek die kortstondige bestaan van die Republiek Natalia;
- beskryf die omstandighede waarbinne die Vrystaatse Republiek tot stand gekom het;
- verhaal die vroeë geskiedenis van die ZAR kortliks;
- voer ‘n beperkte genealogiese ondersoek uit;
- verduidelik wat die doel en nut van genealogie is;
- verskaf ‘n kort opsomming van die geskiedenis van genealogie as studieveld;
- interpreteer en verstaan die oorsprong en aard van familiewapens;
- ontwerp ‘n eenvoudige embleem volgens die internasionaal aanvaarde heraldiese riglyne;
- beskryf bogenoemde ontwerp in korrekte heraldiese taalgebruik;
- interpreteer en verstaan die oorsprong en aard van sekere Afrikaanse familiename;
- gee enkele feite oor die vestiging van ‘n Indiër-bevolking in Natal weer;
- gee enkele feite oor die ontdekking van diamante in Suid-Afrika weer;
- bespreek die omstandighede wat daartoe aanleiding gegee het dat Brittanje die ZAR in 1877 geannekseer het, kortliks;
- bespreek die redes en verloop van die eerste Britse inval in Zoeloeland tydens die Anglo-Zoeloe-oorlog kortlik;
- beskryf die gebeure vanaf die Tweede Inval tydens die Anglo-Zoeloe-oorlog tot die einde van die Zoeloe-koninkryk in 1887 kortliks;
- gee enkele biografiese feite oor Paul Kruger weer;
- beskryf die verloop van die oorlog kortliks;
- bepaal en verduidelik die betekenis van die Slag van Majuba;

- sit die bevolkingsamestelling van die Afrikaner kortliks uiteen;
- verduidelik hoekom die stamouers van die Afrikaner na Suid-Afrika gekom het en wat hulle aard was;
- bespreek die verskillende hoofgroepe waaruit die Afrikaner afstam se bydraes in terme van genetika en kulturele beïnvloeding;
- verduidelik hoe die bodemgesteldheid en die kultuur van ‘n land mekaar wedersyds beïnvloed en verskaf voorbeelde van kultuuraspekte wat ten nouste verwant is aan die bodem;
- sit die wisselwerkende proses uiteen wat plaasgevind het tussen die Suid-Afrikaanse bodem en die ontwikkeling van die Afrikanerkultuur as ‘n gevallestudie van die verskynsel dat bodem en kultuur mekaar wedersyds beïnvloed.

GES2163	Geskiedenis 2	NKR-vlak 6	Krediete = 20

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- Verstaan hoe bepaalde geestestrominge bygedra het tot die wetenskaplike rewolusie;
- Weet wat die Wetenskaplike Rewolusie was en beskryf enkele belangrike ontwikkelings daarvan;
- Bespreek die betekenis van die wetenskaplike rewolusie;
- Bespreek die Verligting as kultuurstroming;
- Skryf kort aantekeninge oor enkele filosowe van die Verligting en hul teorieë;
- Dui kortliks die betekenis van die Verligting vir vandag aan;
- Bespreek die samelewingstruktuur, regeringsadministrasie en die ekonomiese toestand onder die Ou Bewind in Frankryk as teëlaarde vir opstand;
- Sit die verloop van die eerste en gematigde fase van die Rewolusie kortliks uiteen;
- Verduidelik wie of wat die volgende begrippe verteenwoordig: Sans-Culottes, Die Jacobyne, Die bewind van terreur, Verligte despoot, Code Napoléon;
- Beskryf die opkoms en val van Napoleon kortliks;
- Sit die betekenis van die Franse Rewolusie uiteen;
- Bespreek die Romantiek as geestestroming;
- Verklaar waarom die Industriële Rewolusie in Wes-Europa en spesifiek Brittanje begin het;
- Wys uit en bespreek die sosiale veranderinge wat industrialisasie veroorsaak het;
- Verstaan en gee die belangrikste beginsels van Marxisme weer;
- Wys die uitwerking van industrialisasie op die Westerse samelewing uit;
- Bespreek die gebeure by en die uitkoms van die Kongres van Wenen;
- Beskryf die rewolusies in Europa van 1820-1829 kortliks;
- Beskryf die rewolusies van 1830-1832 kortliks;
- Sit die gebeure rondom die rewolusies van 1848 duidelik uiteen;
- Bespreek die verskillende pogings tot vereniging in Italië, Duitsland en Oostenryk;
- Bespreek die sosiale struktuur in die Victoriaanse tyd;
- Beskryf die rol en betekenis van die middelklas en die gesin in die tydperk;
- Toon die geestesingesteldheid van die Victoriaanse mens aan;
- Bespreek ontspanning en vermaak in die Victoriaanse tyd;
- Dui die rol wat godsdiens in die lewe van die deursnee Victoriaan gespeel het aan;
- Lig toegepaste kuns in die Victoriaanse tydperk kortliks toe;
- Noem en omskryf die oorsake en gevolge van die Eerste Wêreldoorlog baie kortliks;
- Beskryf die ontstaan en uitwerking van die Groot Depressie in ‘n paragraaf;
- Verduidelik die kenmerkende eienskappe van Fascisme;
- Gee die verloop van die Tweede Wêreldoorlog kortliks weer;
- Verduidelik die nalatenskap van die Tweede Wêreldoorlog;
- Verstaan hoe na-oorlogse pessimisme in die Modernistiese beweging tot uiting gekom het;

- Bespreek die Modernisme as stylrigting aan die hand van die volgende hoofkomponente: Impressionisme en Post-Impressionisme, Ekspressionisme, Kubisme, Abstrakte kuns, Dadaïsme, Surrealisme en Pop art;
- Verduidelik kortliks hoe die Eksistensialisme as filosofiese denkrigting die Modernistiese tydsgees die beste verteenwoordig;
- Beskryf die seksuele rewolusie;
- Wys die aard en ontwikkeling van die kontra-kulturele beweging aan die hand van voorbeelde uit.
- Evalueer en beoordeel die kontra-kultuur;
- Verduidelik hoe die Post-Modernisme uit die Modernisme voortgevloei het, wat dit behels en hoe dit die bestudering van moderne geskiedenis beïnvloed.

GES2263	Geskiedenis 2	NKR-vlak 6	Krediete = 20

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- Bespreek die omvang en invloed van die goudmynbedryf aan die Rand;
- Dui aan en bespreek President Kruger se hantering van die Uitlandergriewe;
- Verstaan wat die aard en gevolge van Cecil John Rhodes se karakter en politieke loopbaan op die Suid-Afrikaanse geskiedenis is;
- Bespreek die Jameson-inval breedvoerig;
- Verduidelik waarom pres. Kruger ‘n ultimatum aan die Britse regering gestel het;
- Bespreek die strategie van die Boere-offensief in die eerste fase van die oorlog kortliks;
- Verklaar waarom die Britse Pers die eerste week van Desember 1899 as “Swart week” bestempel het;
- Bespreek die strategie van die Britse-offensief in die tweede fase van die oorlog kortliks;
- Bespreek die laaste fase van die oorlog;
- Verduidelik wat die Britte se Konsentrasiekampbeleid behels het en wat die gevolge daarvan was;
- Bespreek die vredesonderhandelinge en -bepalings kortliks;
- Som die toestand en gebeure in Suid-Afrika na afloop van die oorlog kortliks op;
- Sit die voordele van Uniewording vir die Britte uiteen;
- Verduidelik hoe die proses van Uniewording verloop het van 1906 tot 1910;
- Bespreek die eerste tekens van swart nasionalisme;
- Bespreek die redes, verloop en uiteinde van die 1914-Rebellie kortliks;
- Verskaf enkele biografiese feite rondom Jan Christiaan Smuts;
- Bespreek die Suid-Afrikaanse Weermag se betrokkenheid by die oorlog in terme van die volgende drie veldtogte kortliks: Suidwes-Afrika-veldtog, Oos-Afrika-veldtog, Slag van Delville-bos;
- Dui verder kortliks aan wat nie-blanke Suid-Afrikaners se bydrae tot die oorlog was;
- Toon ‘n breë begrip van die sosiale, ekonomiese en politieke omstandighede in Suid-Afrika tussen die twee Wêreldoorloë;
- Verduidelik wat met die volgende stelling bedoel word – “Die nuus dat Groot Brittanje op 3 September 1939 oorlog teen Duitsland verklaar het, het die land [Suid-Afrika] weer verdeel;”
- Bespreek Suid-Afrika se betrokkenheid by die Tweede Wêreldoorlog ten opsigte van die volgende aspekte: Die Unie se Verdedigingswet, Die Veldtog in Oos-Afrika, ook genoem die Abessiniese Veldtog, 1940, Die Verowering van Madagaskar, 1942, Die Veldtog in Noord-Afrika, ook genoem die Veldtog in die Westelike Woestyn, 1941-1943, Die SA-Vloot se betrokkenheid, Die SA-Lugmag se betrokkenheid, Die Veldtog in Italië, 1944-1945, Anderskleuriges se bydrae, Suid-Afrika se bydrae op ander gebiede;
- Skets die ekonomiese toestand in Suid-Afrika na die oorlog kortliks;
- Spreek ‘n mening uit oor die mate van ondersteuning wat afsonderlike ontwikkeling voor 1948 geniet het en verskaf voorbeelde verskaf om die mening te staaf;

- Verduidelik kortliks hoe die teenstanders en die ondersteuners van die beleid van Apartheid dit onderskeidelik na 1948 beskou het;
- Verstaan en sit die weg na Republiekwording in Suid-Afrika verstaan en kortliks uiteen;
- Verduidelik hoe dit gebeur het dat Suid-Afrika teen 1980 internasionaal geïsoleerd was;
- Som die veldtog vir swart politieke mag in Suid-Afrika na 1948 kortliks op;
- Verskaf redes vir, asook enkele feite oor die verloop van die Suid-Afrikaanse weermag se betrokkenheid by die oorloë in Angola en Mozambiek;
- Verduidelik waarom die oorlog in Namibië uitgebreek het, wat die aard daarvan was en hoe vrede en onafhanklikheid uiteindelik bewerkstellig is;
- Bespreek die einde van die NP-bewind en die oorgang na die Nuwe Suid-Afrika;
- Dra kennis van die bekendste Suid-Afrikaanse skilders;
- Wees ingelig oor die hoofkunsstrominge in Suid-Afrika in die 20ste eeu;
- Verduidelik hoe kuns die samelewing se geestesgesteldheid weerspieël;
- Definiëer die begrippe Africana, Antiek en Memorabilia.

GES3174	Geskiedenis 3	NKR-vlak 7	Krediete = 24

Die module bestaan uit vier afdelings waarvan studente twee vir bestudering kies.
Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

Keuse-afdeling A – Erfenishulpbronbestuur

- definiëer die volgende begrippe: Erfenis, Kulturele erfenis, Natuurlike terrein of gebied, Bewaringsgebied, Wêrelderfenisterrein, Erfenishulpbron, Erfenishulpbronbestuur;
- bespreek die betekenis en waarde van erfenis;
- bepaal, noem op en omskryf die faktore wat die betekenis of waarde van erfenishulpbronne bepaal;
- verduidelik waarom dit belangrik is om die betekenis of waarde van erfenishulpbronne te bepaal;
- demonstreer ’n ingeligte verstaan van die kernareas, asook konsepte, feite en algemene beginsels van erfenisbewaring;
- definieer die terme erfenishulpbronne, erfenishulpbronbestuur en kulturele erfenishulpbronne deeglik;
- bespreek die doel van erfenishulpbronbestuur
- lewer kommentaar op die stand van erfenishulpbronbestuur in die Westers wêreld en in Afrika;
- verduidelik wat die kenmerke van kulturele betekenis van erfenishulpbronne is;
- bespreek die proses van waardepaling van erfenishulpbronne;
- verduidelik watter bestuursimplikasies die proses van waardebepaling inhou;
- beskryf die uitdagings met betrekking tot die bestuur van erfenishulpbronne;
- verstaan en gee die verantwoordelikhede van erfenishulpbronbestuurders weer;
- bespreek die beginsel van *volhoubare bestuur van erfenishulpbronne*;
- verduidelik hoe die debat oor toegangsfooie die bestuur van erfenishulpbronne beïnvloed;
- hanteer en interpreteer die *Wet op Nasionale Erfenishulpbronne* en verstaan waarna die definisies soos in die Wet vervat, verwys;
- verduidelik wat die Nasionale raamwerk vir die bestuur van erfenishulpbronne in Suid-Afrika, soos in die Wet uiteengesit, behels;
- noem die die algemene funksies van SAEHA op;
- noem die die funksies, bevoegdhede en pligte van provinsiale erfenishulpbronowerhede op;
- bespreek die sewe vorme van formele beskerming en vyf vorme van algemene beskerming waarvoor daar in die Wet voorsiening gemaak word;
- neem kennis van die bepalings in artikels 39-61 van die Wet;

- kennis neem van die belangrikste internasionale ooreenkomste en wetgewing in erfenisbewaring;
- bespreek kortliks: *The World Heritage Convention*, *The World Heritage Committee*, *The World Heritage List;*
- noem en bespreek die Suid-Afrikaanse wêrelderfenisterreine kortliks;
- bespreek kortliks die betekenis van: *Burra Charter*, *Nara Document*, *Declaration of San Antonio on Authenticity*, *UNIDROIT Convention on stolen or illegally exported cultural objects;*
- verduidelik die voordele of belangrikheid van strategiese beplanning in erfenisbestuur;
- verduidelik wat die verskil is tussen ‘n bewaringsbestuursplan en ‘n geïntegreerde bestuursplan;
- bespreek die stappe om ‘n bestuursplan op te stel;
- verduidelik hoe ‘n situasie-analise gedoen word;
- verstaan en verduidelik die finansiële bestuursdoelwitte vir erfenisbewaring;
- bespreek die formule vir die vermeerdering van wins;
- verduidelik wat die simbiotiese verhouding tussen erfenishulpbronne en hul besoekers behels;
- verduidelik wat die konvensionele benadering tot die bestuur van besoekers behels;
- stel ‘n nuwe, uitgebreide benadering tot die bestuur van besoekers voor;
- bespreek die verskillende vereistes by die bestuur van verskillende soorte erfenishulpbronne;
- bespreek die belangrikheid van bemarking in erfenishulpbronbestuur;
- verduidelik die bemarkingsproses;
- definieer en bespreek marksegmentering, teikenbemarking en posisionering;
- verstaan en verduidelik die proses wat gevolg word tydens ‘n erfenis-impakstudie.

Keuse-afdeling B – Die Anglo-Boereoorlog

- verduidelik hoe Britse Imperialisme en Afrikanernasionalisme aan die einde van die 19de eeu in botsing gekom het;
- wys die implikasies van die Konvensie van Pretoria (1881), die Konvensie van Londen (1884), die ontdekking van goud aan die Witwatersrand (1886) en Brits-Duitse verhoudings in die aanloop tot die oorlog uit;
- verduidelik hoe die Uitlanderkwessie gebruik is om ander politieke oogmerke te bereik;
- bespreek die direkte gevolge van die Jameson-inval;
- verduidelik hoe die Bloemfonteinse Konferensie verloop het;
- bespreek die Boere-offensief;
- bespreek die mislukte eerste Britse offensief;
- bespreek die geslaagde tweede Britse offensief;
- verstaan en dui aan wat bewegingskryg is en hoe dit beslag gekry het na die val van Pretoria onder Roberts en Kitchener se beheer onderskeidelik;
- beskryf die vredesonderhandelings en uiteindelike vredesondertekening;
- vorm n duidelike begrip van die aard en karakter van die deursnee Britse soldaat wat aan die oorlog deelgeneem het;
- verduidelik hoe die weermagte van die Boererepublieke daaruit gesien het;
- bespreek die lewe op kommando;
- verduidelik die emosionele uitwerking van die oorlog op die Boerekommando’s;
- verklaar wat die redes vir en ligging van krygsgevangenekampe was;
- bespreek die lewe in die krygsgevangenekampe;
- verduidelik wat die geestelike uitwerking van die kampe op die gevangenes was;
- verstaan en bespreek die beleid van *Verskroeide aarde*;
- beskryf en beoordeel die toestande in die konsentrasiekampe;
- verduidelik aan die hand van voorbeelde wat die vrouevluglaers was en hoe dit gefunksioneer het;

- verduidelik wie die *hensoppers* en *joiners* in die oorlog was;
- bespreek die beskouing van *hensoppers* en *joiners* deur die Britte en die Boere;
- beskryf die rol van agterryers in die oorlog;
- bespreek die belangstelling wat die oorlog in Europa en die VSA gewek het;
- verduidelik wat die betrokkenheid en houding van die res van die wêreld behels het;
- Sit die gevolge van die oorlog deeglik uiteen.

Keuse-afdeling C – Die Groot Trek

- verduidelik kortliks wie die Trekkers was;
- weet uit watter gebied elke trekgeselskap afkomstig was;
- verhaal in breë trekke die verloop van die Trek chronologies;
- skryf kort aantekeninge oor elk van die Trekleiers;
- neem kennis van die belangrikste bronne oor die Groot Trek;
- bespreek die Trekkers se verhouding met ander volke op die Trek breedvoerig;
- neem kennis van belangrike take wat afgehandel moes word voor die Trek kon begin;
- neem kennis van wat alles op trek saamgeneem moes word;
- toon aan of daar bediendes was wat die Trek meegemaak het en verduidelik wat die Trekkers se verhouding met hierdie bediendes was;
- beskryf die moeilikhede rondom die verhuising met diere;
- beskryf die onstaan en bou van die ossewa;
- verduidelik kortliks hoe ‘n wa ingespan en aangedryf word, asook uitgespan word;
- bespreek die moeilikhede wat die Trekkers met hulle waens beleef het, asook die herstelwerk aan die waens;
- beantwoord **kortvrae** oor die Trekkers se kos en klere;
- beantwoord **kortvrae** oor waarom, hoe en waarmee die Trekkers self noodsaaklike gebruikartikels vervaardig het;
- verduidelik hoe die jagtersbestaan die lewe op die Trek beïnvloed en die kultuur van die Trekkers help vorm het;
- bespreek die politieke en militêre organisasie op die Groot Trek;
- beantwoord **kortvrae** oor die wapens van die Voortrekkers;
- gee ‘n beskrywing van die medisyne en rate wat die Trekkers tot hulle beskikking gehad het;
- beskryf enkele gebruike rondom dood en begrafnis;
- beskryf die godsdienstige en kerklike belewenis van die mense op die Groot Trek;
- bespreek doop- en huweliksregisters en ander geskrifte tot die Trekkers se beskikking;
- verduidelik hoe die Trekkers verseker het dat hulle kinders nie ongeletterd en onopgevoed in die binneland word nie;
- beantwoord **kortvrae** oor hoe mense op die Groot Trek hulle beperkte vryetyd bestee het;
- beskryf die rol wat smouse in die lewe van die Trekkers gespeel het;
- beskryf die eerste argitektoniese strukture wat die Trekkers in die binneland.

Keuse-afdeling D – Verstedeliking in Suid-Afrika en twintigste eeuse Afrikanerkultuur

- definieer die volgende begrippe: opper- en onderkultuur, kulturele tydsgees, die verband tussen kultuurperiodes, die dinamiese aard van kultuur, die proses van akkulturasie, dekulturasie, kultuurontwikkeling, verwestering, dubbelkultuur, kontrakultuur;
- beskryf die term verstedeliking as ‘n demografiese begrip;
- beskryf die term verstedeliking as ‘n sosio-kulturele begrip;
- onderskei tussen die terme stedelik en verstedelik;
- sit die ontwikkeling van stede in Suid-Afrika kortliks uiteen deur na die ekonomiese ontwikkling van die land en die Afrikaner en die swartes aan die begin van die twintigste eeu te verwys;
- bespreek die oorsake van verstedeliking in Suid-Afrika;
- vergelyk Afrikaner- en swart verstedelikingsprosesse;

- bespreek die toestand aan die Witwatersrand tydens die aanvang van verstedeliking;
- bespreek die kulturele verandering wat die Afrikaner en die swartman ondergaan het as ‘n gevolg van verstedeliking;
- beskryf die ekonomiese gevolge van verstedeliking vir die Afrikaners en die swartmense;
- beskryf die sielkundige uitwerking van verstedeliking op die Afrikaners en die swartmense;
- verduidelik wat die sanitasie-sindroom was;
- bespreek die aard en oorsake van die Swart Gevaar;
- vergelyk die lewensomstandighede van ‘n Afrikanervrou en ‘n swart vrou in Johannesburg in die eerste helfte van die twintigste eeu;
- verklaar die volksaard van die vroeë Afrikaner;
- beskryf die Afrikaner se tradisionele godsdiensopvatting;
- bespreek die posisie van die vrou in die tradisionele Afrikanersamelewing;
- sit die politieke organisasie van die vroeë twintigste Afrikaner uiteen;
- bespreek die ekonomiese en maakskaplike gesteldheid van die vroeë stedelike Afrikaners;
- beskryf die stryd vir Afrikaans;
- bespreek die kultuurlewe van die vroeë Afrikaner;
- gee ‘n deeglike uiteensetting van die manier waarop die vroeë stadsafrikaner sy vryetyd bestee het;
- skryf kort aantekeninge oor vroeë twintigste eeuse Afrikaanse musiek.

GES3274	**Geskiedenis 3**	**NKR-vlak 7**	**Krediete = 24**

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- verstaan die term historiografie en defineer dit;
- sit die ontwikkeling van die geskiedskrywing kortliks uiteen;
- wys die verskillende beskouings in die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing uit;
- beskryf die komplekse aard van die geskiedenis as vakgebied;
- toon die nut van geskiedenis as vakgebied aan;
- som die probleem van objektiwiteit in geskiedenis op;
- bespreek die die probleem van waarde-oordele in geskiedenis;
- weet watter navorsingshulpmiddels daar tot die historikus se beskikking is;
- som die navorsingsproses vir geskiedenis kortliks op;
- dui die waarde van kwantitatiewe navorsing in geskiedenis aan;
- bespreek die fase van ontleding en sintese in die navorsingsproses breedvoerig;
- dra kennis van die riglyne vir goeie skryfwerk ten einde ń sinvolle navorsingsproduk te kan lewer;
- omskryf die beginsel van kousaliteit;
- bespreek die probleme met kousaliteit;
- bespreek die beginsel van veralgemenings in geskiedenis deeglik;
- bespreek die verskillende bronne tot die historikus se beskikking kortliks;
- verduidelik wat eksterne kritiek behels;
- bespreek die proses van eksterne kritiek;
- verduidelik wat die verskil tussen die letterlike en bedoelde betekenis van bronmateriaal is;
- bespreek die aard en oorsaak van foute in bronmateriaal;
- verstaan wat die proses van interne kritiek behels;
- weet wat die kriteria is waarvolgens interne kritiek toegepas word;
- verduidelik wat die verband tussen herinnering en geskrewe geskiedenis is;
- verduidelik hoe die oordrag van sosiale herinnering plaasvind;
- beskryf die gebruike van sosiale herinnering en sosiale geheueverlies;

- verduidelik wat die konstruksie van sosiale geheue behels deur Wolf Kansteiner se hermeneutiese driehoek te gebruik;
- bespreek die waarde van mondelinge geskiedskrywing;
- wys die probleme met mondelinge geskiedskrywing uit;
- verduidelik hoe om mondelinge data in te samel;
- weet hoe om onderhoude te transkribeer.

Grieks

GRK1152	Grieks 1	NKR-vlak 5	Krediete = 12

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- bemeester die Griekse skrifsisteem;
- verbuig, ontleed en vertaal die praesans-, imperfektum-, futurum-, aoristos- en perfektumtydsvore;
- herken, verbuig en vertaal selfstandige naamwoorde van die α-verbuiging en die o-verbuiging in die verskillende naamvalle;
- verduidelik die gebruike van die verskillende Griekse naamvalle;
- herken, ontleed en vertaal die selfstandige naamwoorde en adjektiewe in Grieks;
- gee die voorgeskrewe woordeskat in Grieks weer;
- gee die vorme van die werkwoorde en naamwoorde wat aangeleer is in paradigmas weer.

GRK1252	Grieks 1	NKR-vlak 5	Krediete = 12

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- toon ‘n basiese begrip van die grammatika en woordeskat wat in die Griekse taal aangetref word;
- demonstreer dat die student oor die vaardighede beskik om Griekse frases en paragrawe na Afrikaans te vertaal en woorde binne hulle morfologiese konteks te kan ontleed;
- beskik oor die toepaslike basiese vaardighede om Grieks doeltreffend aan te wend vir sy/haar studies en/of daaglikse werk;
- toon bevoegdheid in die identifisering en beskrywing van die fases (epogge) van die bonatuurlike openbaring in sy historiese progressie;
- selekteer en som kernaspekte van die Nuwe-Testamentiese geskiedenis op;
- identifiseer en beskryf die verband tussen die opkoms van die Griekse ryk en die invloed van die Griekse taal in die tyd van die Nuwe Testament;
- toon die vermoë om verantwoordelikheid te neem en te handel ooreenkomstig voorgeskrewe etiese kodes, waardes en praktyke waar geskrewe opdragte vereis word, asook vir sy/haar eie besluite en aksies rakende navorsing in die bepaalde konteks van inligtingstemas wat behandel is;
- versamel, analiseer en evalueer inligting rakende die verskillende benaderings tot die Griekse grammatika, die struktuur van die taal, die kennis van die geskiedenis en van die Griekse literatuur om sodoende basiese probleme met betrekking tot die vertaling van Griekse frases en paragrawe op te los;
- toon die vermoë tot die versameling, produsering en skriftelike kommunikasie van inligting rakende die Griekse taal in sy progressiewe ontwikkeling, asook vermoë om sy/haar eie uitsette te evalueer, volgens die ingeboude selfassesserings-opdragte;
- beoordeel eie en ander se werk en toon die vermoë om in ‘n groep te funksioneer terwyl die verantwoordelikheid vir eie leer tydens die formatiewe en summatiewe assesseringsgeleenthede getoon word.

GRK2163	Grieks 2	NKR-vlak 6	Krediete = 20

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- gee ‘n oorsig oor die ontstaan, ontwikkeling en voorkoms van Griekse himnes en NuweTestamentiese liedere;
- identifiseer, vertaal en ontleed woorde in en beskryf die teologie in die Christelike himnes uit Lukas, Johannes, Efesiërs, Filippense, Kolossense, Timoteus, Titus en Openbaring en beskryf die teologie in die lied;
- gee ‘n oorsig oor die belang van Tekskritiek van die Bybel, beide Ou en Nuwe Testament;
- gee ‘n historiese oorsig oor die ontwikkeling van Tekskritiek deur die eeue;
- verskaf redes waarom tekskritiek as vakgebied ontwikkel het;
- vertaal en ontleed voorgeskrewe tekste, interpreteer tekskritiese aantekeninge, lewer kommentaar op die Griekse teks en som die teologie van die gedeelte op;
- beskik oor gedetailleerde kennis van Tekskritiek asook die vermoë om terme, konsepte, feite, beginsels en teorieë toe te pas deur Tekskritiese aantekeninge te interpreteer en te verklaar;
- beskik oor die vermoë om te evalueer, selekteer en metodes, prosedures en tegnieke toe te pas ten opsigte van die identifisering, vertaling, ontleding en teologiese inhoud van die leer oor gebed die Nuwe Testament, Septuaginta en Kerkvaders;
- bespreek en evalueer die ontstaan en die aard van die Septuaginta;
- bespreek en evalueer die invloed van die Septuaginta op antieke, sowel as moderne vertalings en studievelde;
- definieer en bespreek die term “Septuaginta”;
- bespreek die toevoegings van die LXX;
- besit die nodige kennis om ‘n indeling van die kerkvaders te maak;
- beskik geïntegreerde kennis van wie die kerkvaders was en teen watter valse leerstellings hulle geskryf het;
- gee ‘n oorsig van die geskiedenis van die kerkvaders;
- bespreek en evalueer die nut van die kerkvaders vir die 21ste eeu;
- beskik geïntegreerde kennis van teologie van gebed by die kerkvaders Tertullianus en Chrysostomus;
- bespreek en evalueer die verklaring van die Onse Vader by Tertullianus en Chrysostomus.

GRK2263	**Grieks 2**	**NKR-vlak 6**	**Krediete = 20**

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- gee ‘n oorsig oor die ontstaan, ontwikkeling en voorkoms van Griekse himnes en Nuwe-Testamentiese liedere;
- identifiseer, vertaal en ontleed woorde in en beskryf die teologie in die Christelike himnes uit Lukas, Johannes, Efesiërs, Filippense, Kolossense, Timoteus, Titus en Openbaring en beskryf die teologie in die lied;
- gee ‘n oorsig oor die belang van Tekskritiek van die Bybel, beide Ou en Nuwe Testament
- gee ‘n historiese oorsig oor die ontwikkeling van Tekskritiek deur die eeue;
- verskaf redes waarom tekskritiek as vakgebied ontwikkel het;
- vertaal en ontleed voorgeskrewe tekste, interpreteer tekskritiese aantekeninge, lewer kommentaar op die Griekse teks en som die teologie van die gedeelte op;
- beskik oor gedetailleerde kennis van Tekskritiek asook die vermoë om terme, konsepte, feite, beginsels en teorieë toe te pas deur Tekskritiese aantekeninge te interpreteer en te verklaar;
- beskik oor die vermoë om te evalueer, selekteer en metodes, prosedures en tegnieke toe te pas ten opsigte van die identifisering, vertaling, ontleding en teologiese inhoud van die leer oor gebed die Nuwe Testament, Septuaginta en Kerkvaders;
- bespreek en evalueer die ontstaan en die aard van die Septuaginta;
- bespreek en evalueer die invloed van die Septuaginta op antieke, sowel as moderne vertalings en studievelde;
- definieer en bespreek die term “Septuaginta”;

- bespreek die toevoegings van die LXX;
- besit die nodige kennis om ‘n indeling van die kerkvaders te maak;
- beskik geïntegreerde kennis van wie die kerkvaders was en teen watter valse leerstellings hulle geskryf het;
- gee ‘n oorsig van die geskiedenis van die kerkvaders;
- bespreek en evalueer die nut van die kerkvaders vir die 21ste eeu;
- beskik geïntegreerde kennis van teologie van gebed by die kerkvaders Tertullianus en Chrysostomus;
- bespreek en evalueer die verklaring van die Onse Vader by Tertullianus en Chrysostomus.

GRK3174	Grieks 3	NKR-vlak 7	Krediete = 24

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- identifiseer, afbaken, ontleed en vertaal Griekse Nuwe-Testamentiese tekste wat oor lyding en vervolging handel;
- identifiseer, afbaken, ontleed en vertaal Griekse tekste van die Septuagint wat oor lyding en vervolging handel, te identifiseer, af te baken, te ontleed en vertaal;
- toon ‘n bevoegdheid in die gebruik van Noord-Sotho se aanwysende voornaamwoorde en besitlike konstruksies, adjektiewe, bywoorde, hulpwerkwoorde, deverbatiewe, relatiewe konstruksies, die situatief en subjunktief, die bê-verlede tydsvorm toe te pas in die gebruik van sinne (positief en negatief), kousatiewe en applikatiewe agtervoegsels te kan formuleer, passiewe vorms, resiprokale en refleksiewe formulerings te kan toepas, ideofone, verkleinwoorde, partikels, voegwoord-en die kwantitatiewe voornaamwoorde te kan weergee;

- identifisering, evaluering en vertaling van gegewe grammatikale woorde en frases in beide Afrikaans en Noord-Sotho;
- selektering en toepassing van metodes van standaard analisering en basiese vertalingstegnieke op Noord-Sotho sinne en tekste;
- beoordeling van sy/haar eie en ander se werk om rekenpligtigheid en verantwoordelikheid vir sy/haar eie werk te kan neem.

SEP2163	Sepedi 2	NKR-vlak 6	Krediete = 20

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- demonstreer kennis van die faktore wat die gebruik van taal en woordeskat beïnvloed;
- verstaan die maniere waarop taal beskryf word en demonstreer die vermoë om tradisionele taalkennis skriftelik te dupliseer;
- verstaan en ontleed sinstruktuur krities in 'n verskeidenheid sinne;
- demonstreer 'n begrip van die onderskeid tussen gesproke en geskrewe Noord-Sotho;
- versamel, ontleed en organiseer inligting krities: fundamenteel tot die proses van taalvaardigheid in taaltoepassings;
- stimuleer die leerproses deur die analise van tekste en ontwikkel lewensvaardighede;
- demonstreer die vermoë om paragrawe in Noord-Sotho te vertaal;
- identifiseer hoofgedagtes deur tekste te vlugtig deur titels, inleidings, eerste paragrawe en tematiese sinne van paragrawe te lees; soek tekste vir ondersteunende besonderhede; lees vlot en aandagtig volgens doel en opdrag.
- lei die betekenis van onbekende woorde of beelde in 'n verskeidenheid kontekste af deur kennis van grammatika, woordhanteringsvaardighede en kontekstuele leidrade;
- herlees en hersien tekste om begrip en woordeskat te bevorder.

SEP2263	Sepedi 2	NKR-vlak 6	Krediete = 20

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- ontleed die ontwikkeling van die intrige, by-intrige, konflik, karakter en vertellerrol waar toepaslik;
- verduidelik die gebruik van stilistiese en literêre middele (soos in die bestek gespesifiseer) en hul invloed op betekenis;
- identifiseer en verduidelik temas en idees;
- evalueer hoe agtergrond en omgewing verband hou met karakter en/of tema;
- interpretasie en beskrywing van toon, tydlyn, ironie en gevolgtrekkings;
- identifisering van die invloed van woordkeuse, beeldspraak en klankmiddels op die betekenis en tema;
- ontleding van vers- en strofevorme om betekenis te bepaal;
- lei die betekenis van onbekende woorde of beelde in 'n verskeidenheid kontekste af deur kennis van grammatika, woordeskat, kontekstuele leidrade;
- herlees en hersien tekste om begrip en woordeskat te bevorder.

SEP3174	Sepedi 3	NKR-vlak 7	Krediete = 24

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- demonstreer kennis van die deduktiewe benadering in taalgebruik;
- brei op 'n meer gedetailleerde manier uit oor taalkennis wat die student reeds in vorige jare se studies bestudeer het;
- verstaan en analiseer komplekse sinstruktuur in 'n verskeidenheid teks;
- versamel, ontleed en organiseer inligting krities: fundamenteel tot die proses van taalvaardigheid in taaltoepassings;
- identifiseer die metaforiese gebruik van taal om die temas en karakters van die tekste beter te verstaan en te ontleed;
- analise van tekste behoort bewustheid en ontwikkeling van lewensvaardighede en die leerproses te stimuleer;
- demonstreer die vermoë om meer komplekse paragrawe in Noord-Sotho te vertaal;

- identifiseer hoofgedagtes deur tekste te vlugtig deur titels, inleidings, eerste paragrawe en temasinne van paragrawe te lees; soek tekste vir ondersteunende besonderhede; lees vlot en aandagtig volgens doel en opdrag;
- demonstreer geïntegreerde kennis aangaande die verskillende hoofgenres van Noord-Sotho;
- lei die betekenis van onbekende woorde of beelde in 'n verskeidenheid kontekste af deur bestaande kennis van grammatika, woordeskat en kontekstuele leidrade;
- herlees en hersien tekste om begrip en woordeskat te bevorder.

SEP3274	Sepedi 3	NKR-vlak 7	Krediete = 24

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- demonstreer 'n geïntegreerde kennis van vertaaltegnieke deur praktiese vertaalaktiwiteite;
- evaluering van persoonlike taalvaardighede om basiese tekste in Afrikaans te vertaal;
- ontleed en organiseer inligting wys: fundamenteel tot die proses om taalvaardighede en woordeskat te gebruik om tekste te vertaal;
- identifiseer die metaforiese gebruik van taal om die temas en karakters van die tekste beter te verstaan en te ontleed;
- analise van tekste behoort bewustheid en ontwikkeling van lewensvaardighede en die leerproses te stimuleer;
- demonstreer 'n dieper kennis van Noord-Sotho literatuur en vertaling;
- toon waardering vir die rol wat kulturele en historiese kontekste speel in die skepping en interpretasie van tekste;
- ondersoek en besin oor geregtigheid, waardes, die spiritualiteit, geloof en betekenis wat tekste vir ons bring;
- lei die betekenis van onbekende woorde of beelde in 'n verskeidenheid kontekste af deur bestaande kennis van grammatika, woordeskat en kontekstuele leidrade;
- herlees en hersien tekste om begrip en woordeskat te bevorder;
- demonstreer die vermoë om inligting te evalueer en te integreer asook om die korrekte inligting uit verskeie bronne toe te pas deur oortuigende argumente te verskaf.

Sielkunde

SLK1152	Sielkunde 1	NKR-vlak 5	Krediete = 12

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- demonstreer ‘n ingeligte verstaan van basiese neurowetenskaplike konsepte en beginsels, asook insig in hoe verskillende kennisvelde funksioneer;
- toon ‘n bevoegdheid in die gebruik van neurowetenskaplike terminologie in verskeie kontekste;
- identifiseer, evalueer en beskryf die relatiewe bydrae van aangebore - en omgewingsfaktore in verskeie areas van menslike kognitiewe- en neurowetenskaplike funksionering;
- toon die vermoë om verantwoordelikheid te neem en te handel ooreenkomstig voorgeskrewe etiese kodes, waardes en praktyke waar geskrewe opdragte vereis word, asook vir sy/haar eie besluite en aksies rakende navorsing in die bepaalde konteks van inligtingstemas wat behandel is;
- selekteer en pas metodes van standaard analisering en integrasie van Sielkundige tekste toe;
- toon die vermoë tot die versameling, produsering en kommunikasie van inligting rakende kognitiewe- en neurowetenskaplike konsepte, asook die vermoë om sy/haar eie uitsette te evalueer, volgens die ingeboude selfassesserings-opdragte;
- beoordeel sy/haar eie en ander werk en toon rekenpligtigheid en die vermoë om verantwoordelikheid vir sy/haar eie werk te toon, nie alleen nie, maar hoofsaaklik tydens

en met die formatiewe terugvoer aangaande neurowetenskaplike literatuur en navorsing (tydens die vooraf gereelde kontakdag) en die summatiewe assesserings-geleenthede.

SLK1252	Sielkunde 1	NKR-vlak 5	Krediete = 12

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- demonstreer ‘n ingeligte verstaan van die filosofiese wortels van benaderings tot menslike gedrag, asook insig in hoe verskillende kennisvelde funksioneer;
- toon ‘n bevoegdheid in die gebruik van filosofiese/sielkundige terminologie in verskeie kontekste;
- identifiseer, evalueer en beskryf die relatiewe bydrae van antieke en eietydse denksisteme in verskeie areas van menslike funksionering;
- toon die vermoë om verantwoordelikheid te neem en te handel ooreenkomstig voorgeskrewe etiese kodes, waardes en praktyke waar geskrewe opdragte vereis word, asook vir sy/haar eie besluite en aksies rakende navorsing in die bepaalde konteks van inligtingstemas wat behandel is;
- selekteer en pas metodes van standaard analisering en integrasie van sielkundige tekste toe;
- toon die vermoë tot die versameling, produsering en kommunikasie van inligting rakende filosofiese/sielkundige konsepte, asook die vermoë om sy/haar eie uitsette te evalueer, volgens die ingeboude selfassesseringsopdragte;
- beoordeel sy/haar eie en ander werk en toon rekenpligtigheid en die vermoë om verantwoordelikheid vir sy/haar eie werk te toon, nie alleen nie, maar hoofsaaklik tydens en met die formatiewe terugvoer aangaande Filosofie/Sielkunde literatuur en navorsing (tydens die vooraf gereelde kontakdag) en die summatiewe assesserings-geleenthede.

SLK2163	Sielkunde 2	NKR-vlak 6	Krediete = 20

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- demonstreer ‘n gedetailleerde kennis van die hoof area/s van meer as een veld, dissipline of praktyk, die vermoë om terme, konsepte, feite, beginsels en teorieë in persoonlikheidsielkunde te kan toepas, asook ‘n kennis van ‘n area/s van spesialisasie en hoe daardie kennis met ander velde, dissiplines of praktyke in verband staan;
- demonstreer ‘n verstaan van verskillende vorms van kennis, denkskole en vorme van verduideliking binne persoonlikheidsielkunde, bewerking of praktyk, asook ‘n gevoel vir die kennis-produksie proses;
- selekteer en beoordeel toepaslike metodes, prosedures en tegnieke in die ondersoek- of toepassingsproses binne ‘n bepaalde konteks in persoonlikheidsielkunde;
- identifiseer, analiseer en los probleme op in onbekende kontekste of situasies, d.m.v. bewyse en prosedures toepaslik tot die veld, dissipline en/of praktyk van persoonlikheidsielkunde;
- verstaan die etiese implikasies van besluite en aksies binne ‘n organisasie of professionele konteks, gebaseer op ‘n bewustheid van die kompleksiteit van etiese probleme;
- evalueer verskillende inligtingsbronne, selekteer en pas die inligting toe; analiseer, sintetiseer en evalueer hierdie inligting binne die persoonlikheidsielkundekonteks;
- bied aan en kommunikeer komplekse inligting deur toepaslike akademiese, professionele of beroepsgebruike, formate en tegnologie in persoonlikheidsielkunde te kan gebruik;
- demonstreer die vermoë om besluite te kan neem en toepaslik op te tree in bekende en onbekende kontekste, asook ‘n bewustheid van die verhouding tussen persoonlikheidsisteme en hulle impak op mekaar;
- toon die vermoë om prestasies of optredes te evalueer teen gegewe kriteria en akkurate identifisering en aanspreking van sy/haar taak-spesifieke leerbehoeftes in persoonlikheidsielkunde, bied ondersteuning aan die leerbehoeftes van ander waar toepaslik;

- demonstreer die vermoë om in ‘n groep te werk en neem verantwoordelikheid vir sy/haar eie besluite sowel as dié van ander in goed omskrewe of gedefinieerde kontekste en/of situasies.

SLK2263	Sielkunde 2	NKR-vlak 6	Krediete = 20

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- demonstreer ‘n gedetailleerde kennis van die hoof area/s van meer as een veld, dissipline of praktyk, die vermoë om terme, konsepte, feite, beginsels en teorieë in Sielkunde te kan toepas, asook ‘n kennis van ‘n area/s van spesialisasie en hoe daardie kennis met ander velde, dissiplines of praktyke in verband staan;
- demonstreer ‘n verstaan van verskillende vorms van kennis, denkskole en vorme van verduideliking binne Sielkunde, bewerking of praktyk, asook ‘n gevoel vir die kennis-produksie proses;
- selekteer en beoordeel toepaslike metodes, prosedures en tegnieke in die ondersoek- of toepassingsproses binne ‘n bepaalde konteks in Sielkunde;
- Identifiseer, analiseer en los probleme op in onbekende kontekste of situasies, d.m.v. bewyse en prosedures toepaslik tot die veld, dissipline en/of praktyk van Sielkunde;
- verstaan die etiese implikasies van besluite en aksies binne ‘n organisasie of professionele konteks, gebaseer op ‘n bewustheid van die kompleksiteit van etiese probleme;
- evalueer verskillende inligtingsbronne, selekteer en pas die inligting toe; analiseer, sintetiseer en evalueer hierdie inligting binne die Sielkunde-konteks;
- bied aan en kommunikeer komplekse inligting deur toepaslike akademiese, professionele of beroepsgebruike, formate en tegnologie in Sielkunde te kan gebruik;
- demonstreer die vermoë om besluite te kan neem en toepaslik op te tree in bekende en onbekende kontekste, asook ‘n bewustheid van die verhouding tussen sisteme en hulle impak op mekaar;
- toon die vermoë om prestasies of optredes te evalueer teen gegewe kriteria en akkurate identifisering en aanspreking van sy/haar taak-spesifieke leerbehoeftes in sielkunde, bied ondersteuning aan die leerbehoeftes van ander waar toepaslik;
- demonstreer die vermoë om in ‘n groep te werk en neem verantwoordelikheid vir sy/haar eie besluite sowel as dié van ander in goed omskrewe of gedefinieerde kontekste en/of situasies.

SLK3174	Sielkunde 3	NKR-vlak 7	Krediete = 24
Studente wat Sielkunde tot op NKR-vlak 7 neem, is verplig om die module Navorsing- en Statistiese Metodes (NSM3272) in die plek van die Navorsingsprojek (NPJ3272) te doen.			

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- demonstreer ‘n geïntegreerde kennis van meer as een van die velde, dissiplines en/of praktyke in psigopatologie, asook ‘n uitgebreide kennis van ‘n area/s van spesialisasie, en identifiseer hoe hierdie uitgebreide kennis met ander velde, dissiplines en/of praktyke in verband staan;
- toon kennis van, evalueer en verduidelik betwiste kennis en wat tipies binne die area van die studie en/of praktyk in psigopatologie lê;
- verstaan ‘n wye reeks metodes in die veld en selekteer en pas ‘n metode toe in die konteks van probleemoplossings binne die veld van psigopatologie;
- identifiseer, analiseer, evalueer, spreek aan en reflekteer krities (op) ingewikkelde probleme binne die veld, asook toepassing van bewys-gebaseerde oplossings en teorie-gedrewe argumente in die veld, dissipline en/of praktyk van psigopatologie;
- toon die vermoë om besluite te neem en professioneel te kan optree, asook die vermoë in terme van die regverdiging van besluite en aksies deur van toepaslike etiese waardes en benaderings binne ‘n ondersteunde omgewing gebruik te maak;

- ontwikkel toepaslike prosesse vir die invordering van inligting in ‘n gegewe konteks of vir ‘n gegewe gebruik en evalueer en bestuur onafhanklik die bronne van inligting;
- ontwikkel en kommunikeer sy of haar idees en opinies in goed geformuleerde argumente deur die toepaslike akademiese, professionele of beroepsredevoering te gebruik vir ‘n gegewe konteks;
- pas bekende prosesse toe in onbekende en veranderlike kontekste en toon die besef dat probleemoplossing konteks en sisteem gebonde is en nie in isolasie plaasvind nie;
- identifiseer, evalueer en spreek sy/haar leerbehoeftes op ‘n selfgerigte wyse aan;
- neem volle verantwoordelikheid vir sy/haar werk, besluite en gebruik van oplossings en neem gedeeltelike verantwoordelikheid vir die besluite en aksies van ander in wisselende- of onduidelik-gedefinieerde kontekste.

SLK3274	Sielkunde 3	NKR-vlak 7	Krediete = 24

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- demonstreer ‘n geïntegreerde kennis van meer as een van die velde, dissiplines en/of praktyke in hulpverlening, asook ‘n uitgebreide kennis van ‘n area/s van spesialisasie, en identifiseer hoe hierdie uitgebreide kennis met ander velde, dissiplines en/of praktyke in verband staan;
- toon kennis van, evalueer en verduidelik betwiste kennis en wat tipies binne die area van die studie en/of praktyk van hulpverlening lê;
- verstaan ‘n wye reeks metodes in die veld en selekteer en pas ‘n metode toe in die konteks van probleemoplossings binne die veld van hulpverlening;
- identifiseer, analiseer, evalueer, spreek aan en reflekteer krities (op) ingewikkelde probleme binne die veld, asook toepassing van bewys-gebaseerde oplossings en teorie-gedrewe argumente in die veld, dissipline en/of praktyk van hulpverlening;
- toon die vermoë om besluite te neem en professioneel te kan optree, asook die vermoë in terme van die regverdiging van besluite en aksies deur van toepaslike etiese waardes en benaderings binne ‘n ondersteunde omgewing gebruik te maak;
- ontwikkel toepaslike prosesse vir die invordering van inligting in ‘n gegewe konteks of vir ‘n gegewe gebruik en evalueer en bestuur onafhanklik die bronne van inligting;
- ontwikkel en kommunikeer sy of haar idees en opinies in goed geformuleerde argumente deur die toepaslike akademiese, professionele of beroepsredevoering te gebruik vir ‘n gegewe konteks;
- pas bekende prosesse toe in onbekende en veranderlike kontekste en toon die besef dat probleemoplossing, konteks- en sisteemgebonde is en nie in isolasie plaasvind nie;
- identifiseer, evalueer en spreek sy/haar leerbehoeftes op ‘n selfgerigte wyse aan;
- neem volle verantwoordelikheid vir sy/haar werk, besluite en gebruik van oplossings en neem gedeeltelike verantwoordelikheid vir die besluite en aksies van ander in wisselende- of onduidelik-gedefinieerde kontekste.

Sosiologie

SOS1152	Sosiologie 1	NKR-vlak5	Krediete = 12

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- vestig ‘n grondige begrip van inleidende gedagtes oor die Sosiologie;
- besit ‘n ingeligte begrip van die verskillende sosiologiese teorieë, omdat hierdie kennis die latere vermoë ondersteun om aspekte in die sosiale omgewing, vanuit ‘n bepaalde teoretiese raamwerk, te kan bespreek en kritiseer;
- besit ‘n goeie begrip van watter faktore die studie oor populasie beïnvloed en hoe om bevolkingstatistieke te interpreteer;
- besit ‘n goeie verstaan van die begrip “sosiale verandering” omdat dit ook die goue draad deur al drie die studiejare vorm;
- verstaan die basiese elemente van kultuur en hoe kultuur gevorm word;

- verstaan en begryp inleidende gedagtes oor sosialisering en identiteitsvorming in beantwoording van vrae hieroor.

SOS1252	Sosiologie 1	NKR-vlak 5	Krediete = 12

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- demonstreer 'n ingeligte begrip van kernareas, konsepte, feite en algemene beginsels van toepassing op die studieveld, dissipline en/of praktyk;
- demonstreer en bewustheid van hoe kennisstelsels funksioneer asook hoe kennis of kennisstelsels binne die studieveld ontwikkel;
- selekteer standaardmetodes, prosedures en tegnieke binne die studieveld; beplan en bestuur 'n implementeringsproses binne 'n goed gedefinieerde, bekende en ondersteunende omgewing;
- identifiseer, evalueer en los bepaalde roetine en nuwe probleme binne 'n bekende konteks op; oplossings te verskaf gebaseer op toepaslike bewyse en prosedures en 'n begrip van die gevolge van navorsing te demonstreer;
- neem verantwoordelikheid vir sy/haar eie werk en tree volgens etiese beginsels en praktyke op;
- versamel inligting uit 'n verskeidenheid bronne, insluitend mondelinge, geskrewe en simboliese tekste. Kies inligting wat relevant is vir die taak op hande en pas basiese analitiese, sintetiserings- en evalueringsvaardighede toe;
- produseer en kommunikeer inligting uit 'n verskeidenheid bronne akkuraat, betroubaar en samehangend. Toon en begrip en respek vir gebruike wat betrekking het op intellektuele eiendom, kopiereg en plagiaat (insluitend wetlike implikasies);
- demonstreer die vermoë te om in bekende sowel as onbekende kontekste te funksioneer; demonstreer 'n begrip van verskillende sisteme, asook die impak wat aksies op ander areas binne dieselfde sisteem het;
- toon die vermoë om sy/haar eie werk sowel as die werk van ander te evalueer en toepaslike stappe te neem waar nodig; verantwoordelikheid neem vir sy/haar eie leer binne 'n gestruktureerde leerproses;
- neem verantwoordelikheid om in groepe te werk sowel as vir sy/haar eie individuele keuses en optrede sowel as dié van ander binne 'n goed gedefinieerde konteks.

SOS2163	Sosiologie 2	NKR-vlak 6	Krediete = 20

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- besit ‘n grondige begrip van inleidende gedagtes oor afwykende gedrag of sosiale probleme vanuit ‘n sosiologiese oogpunt;
- demonstreer ‘n ingeligte verstaan van die verskillende sosiale probleme, omdat hierdie kennis die latere vermoë ondersteun om sosiale probleme in die sosiale omgewing te kan identifiseer;
- besit ‘n goeie begrip van watter faktore afwykende gedrag beïnvloed;
- vorm ‘n goeie begrip vir alkohol- en dwelmmisbruik en verstaan hoe dit sosiale probleme in die samelewing beïnvloed en daartoe bydra;
- verstaan die basiese elemente van armoede en faktore wat daartoe bydra en versterk in die samelewing te kan identifiseer;
- verstaan inleidende gedagtes oor seksuele gedragafwyking;
- onderskei misdaad van jeugmisdaad en verstaan die omvang van geweld in die Suid-Afrikaanse gemeenskap;
- verstaan dat werk en die ekonomie ook faktore is wat aan sosiale probleme gekoppel kan word;
- besit ‘n goeie ingeligte begrip van die familie as bron van sosiale probleme;
- identifiseer gesondheid en siekte as oorsake van sosiale probleme;
- besit ‘n inleidende begrip van sosiale probleme wat uit die omgewing en wanbestuur van die omgewing ontstaan.

SOS2263	Sosiologie 2	NKR-vlak 6	Krediete = 20

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- demonstreer 'n gedetailleerde kennis van die hoofarea/s van meer as een veld, dissipline of praktyk, die vermoë om terme, konsepte, feite, beginsels en teorieë toe te pas, asook 'n kennis van 'n area/s van spesialisasie en hoe dit kennis hou verband met ander velde, dissiplines of praktyke;
- demonstreer 'n begrip van verskillende vorme van kennis, denkrigtings en vorme van verduideliking binne 'n studie-, werkings- of praktykarea, sowel as 'n gevoel vir die kennisproduksieproses;
- kies en evalueer toepaslike metodes, prosedures en tegnieke in die ondersoek- of toepassingsproses binne 'n spesifieke konteks;
- identifiseer, analiseer en los probleme in onbekende kontekste of situasies op deur middel van bewyse en prosedures wat op die veld, dissipline en/of praktyk van toepassing is;
- verstaan die etiese implikasies van besluite en aksies binne 'n organisasie of professionele konteks, gebaseer op 'n bewustheid van die kompleksiteit van etiese kwessies;
- evalueer verskillende inligtingsbronne, kies en pas die inligting toe; hierdie inligting te analiseer, sintetiseer en evalueer;
- bied komplekse inligting aan en kommunikeer deur toepaslike akademiese, professionele of professionele gebruike, formate en tegnologieë vir 'n gegewe konteks;
- demonstreer die vermoë om besluite te neem en toepaslik op te tree in bekende en onbekende kontekste, asook 'n bewustheid van die verhouding tussen sisteme en hul impak op mekaar;
- demonstreer die vermoë om prestasies of optrede teen gegewe kriteria te evalueer en identifiseer en spreek sy/haar taakspesifieke leerbehoeftes akkuraat in 'n gegewe konteks aan, verskaf ondersteuning aan die leerbehoeftes van ander waar toepaslik;
- demonstreer die vermoë om in 'n groep te werk en neem verantwoordelikheid vir sy/haar eie besluite sowel as dié van ander in goed gedefinieerde of gedefinieerde kontekste en/of situasies.

SOS3174	Sosiologie 3	NKR-vlak 7	Krediete = 24

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- onderskei tussen deduktiewe en induktiewe navorsingsbenaderings;
- onderskei en vergelyk kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsingsbenaderings;
- beskryf die Gemengde navorsingsmetode;
- onderskei tussen verskillende sosiale navorsingsontwerpe;
- bespreek etiese faktore, wat met enige navorsing in ag geneem moet word;
- onderskei tussen ewekansige en nie-ewekansige steekproefmetodes;
- bespreek en konstrueer die verskillende basiese sosiale meetinstrumente;
- bespreek opnames en vraelyste, as basiese kwantitatiewe datainsamelingsmetodes;
- bespreek onderhoude en fokusgroepe, as basiese kwalitatiewe data-insamelingsmetodes;
- beskryf etnografie en gestruktureerde waarneming, as kwalitatiewe datainsameleingsmetodes;
- beskryf kwalitatiewe data-analiseringsmetodes.

SOS3274	Sosiologie 3	NKR-vlak 7	Krediete = 24

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- demonstreer 'n geïntegreerde kennis van verskeie velde, dissiplines en/of praktyke. Demonstreer ook 'n wye kennis van spesialiseringsareas en kan identifiseer hoe hierdie areas met mekaar verband hou;
- toon kennis van, evalueer en verduidelik betwiste kennis wat tipies geassosieer word met die spesialisasie- of studieveld;
- verstaan 'n wye reeks metodes binne die veld en kies en pas metodes binne probleemoplossingskontekste toe;
- identifiseer, evalueer en los ingewikkelde en komplekse probleme binne die veld op deur die gebruik van bewysgebaseerde oplossings en teoriegedrewe argumente;
- toon professionaliteit en die vermoë om besluite te neem, en regverdig daardie besluite, gebaseer op die etiese waardes en prosesse soos toegepas binne 'n ondersteunende omgewing;
- ontwikkel toepaslike prosesse vir die insameling van inligting binne 'n spesifieke konteks en toon die vermoë om inligtingsbronne te evalueer en te bestuur;
- ontwikkel en kommunikeer idees in goed-ontwikkelde argumente deur gebruik te maak van die toepaslike akademiese en professionele retoriek;
- neem volle verantwoordelikheid vir sy/haar eie akademiese werk;
- deel verantwoordelikheid vir besluite wat in onbekende of ongedefinieerde kontekste geneem word.

Wiskunde

WHS1152	Wiskunde 1	NKR-vlak 5	Krediete = 12

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:
Demonstreer ’n ingeligte begrip van

- basiese beginsels van die vakwetenskaplike benadering tot Wiskunde;
- van hoe vroeë telsisteme en simbole gefunksioneer het, met ’n spesifieke fokus op die Egiptenare en Grieke;
- hoe vroeë telsisteme en simbole gefunksioneer het, met ’n spesifieke fokus op die Babiloniërs;
- interval notasie;
- die reëls vir ongelykhede;
- bewerkings van eksponente;
- algebraïese uitdrukkings;
- komplekse getalle; - modellering van probleme;
- ongelykhede;
- absolute waardes;
- koördinaat meetkunde;
- lyne;
- direkte en indirekte verandering;
- funksies;
- grafieke van funksies;
- gemiddelde tempo van verandering van ’n funksie;
- liniêre funksies en modelle;
- transformasies van funksies;
- een-tot-een funksies en hulle transformasies;
- kombinering van funksies;
- een-tot-een funksies en hulle inverses;
- kwadratiese funksies en modelle;
- polinoomfunksies en hulle grafieke;
- deling van polinome;

- nulpunte van polinome;
- komplekse nulpunte;
- die fundamentele stelling van algebra;
- rasionale funksies;
- polinome en rasionale ongelykhede;
- eksponensiële funksies;
- die natuurlike eksponensiële funksie;
- logaritmiese funksies;
- die wette van logaritmes;
- eksponensiaal en logaritmiese vergelykings;
- die eenheid sirkel;
- trigonometriese funksies van reële nommers;
- trigonometriese grafieke;
- inverse trigonometriese funksies en grafieke.

WHS1252	Wiskunde 1	NKR-vlak 5	Krediete = 12

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:
Demonstreer ’n ingeligte begrip van

- basiese beginsels van die vakwetenskaplike benadering tot Wiskunde;
- van hoe vroeë telsisteme en simbole gefunksioneer het, met ’n spesifieke fokus op die Egiptenare en Grieke;
- hoe vroeë telsisteme en simbole gefunksioneer het, met ’n spesifieke fokus op die Babiloniërs;
- interval notasie;
- die reëls vir ongelykhede;
- bewerkings van eksponente;
- algebraïese uitdrukkings;
- komplekse getalle; - modellering van probleme;
- ongelykhede;
- absolute waardes;
- koördinaat meetkunde;
- lyne;
- direkte en indirekte verandering;
- funksies;
- grafieke van funksies;
- gemiddelde tempo van verandering van ’n funksie;
- liniêre funksies en modelle;
- transformasies van funksies;
- een-tot-een funksies en hulle transformasies;
- kombinering van funksies;
- een-tot-een funksies en hulle inverses;
- kwadratiese funksies en modelle;
- polinoomfunksies en hulle grafieke;
- deling van polinome;
- nulpunte van polinome;
- komplekse nulpunte;
- die fundamentele stelling van algebra;
- rasionale funksies;
- polinome en rasionale ongelykhede;
- eksponensiële funksies;
- die natuurlike eksponensiële funksie;
- logaritmiese funksies;

- die wette van logaritmes;
- eksponensiaal en logaritmiese vergelykings;
- die eenheid sirkel;
- trigonometriese funksies van reële nommers;
- trigonometriese grafieke;
- inverse trigonometriese funksies en grafieke.

WHS2163	Wiskunde 2	NKR-vlak 6	Krediete = 20

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:
Demonstreer ’n ingeligte begrip van

- basiese beginsels van die vakwetenskaplike benadering tot Wiskunde;
- van die mens se kennis van Wiskunde;
- die meetkundige uitvindsels van Thales;
- Pythagoriese Wiskunde;
- die ontstaan en ontwikkeling van Griekse Wiskunde, met ’n spesifieke fokus op meetkunde;
- die antieke konstruksie probleme;
- van Euklides en die Elemente;
- van Euklidiese Meetkunde o die raaklyn en snelheid probleme;
- die limiet van ’n funksie;
- limietwette;
- kontinuïteit;
- limiete by oneindig;
- horisontale asimptote;
- afgeleides en tempo van verandering;
- die afgeleide as ’n funksie;
- afgeleides van polinome; eksponensiaal- en trigonometriese funksies;
- die som-reël;
- die produk-reël;
- die kwosiënt-reël;
- die ketting-reël o implisiete differensiasie;
- die afgeleides van logaritmiese funksies;
- die toepassing van differensiasie;
- die maksimum en minimum waardes van funksies;
- die middelwaarde stelling;
- hoe die vorm van die afgeleide die vorm van die grafiek beïnvloed;
- onbepaalde vorme;
- l’Hospital se reël;
- krommesketsing;
- optimeringsprobleme.

WHS2263	Wiskunde 2	NKR-vlak 6	Krediete = 20

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:
Demonstreer ’n ingeligte begrip van

- optel;
- die idee van wat volgende is;
- om rekenkunde af te lei vanaf opvolging;
- vermenigvuldiging;
- simmetrie;
- stelle;
- deling en beuke;
- aftrek en negatiewe getalle;
- irrasionale getalle;

- imaginêre getalle;
- oneindig;
- ruimte en meetkunde;
- Liber Abaci se haasprobleem;
- eienskappe van Fibonacci Getalle;
- Pithagoriese drietalle;
- Fibonacci se toernooi probleem;
- die ontwaking van Wiskunde in Europa in die 14de en15de eeue;
- Cardan se oplossing van die kubiese vergelyking;
- Ferrari se oplossing van die kwartiese vergelyking;
- Sewentiende eeu se verspreiding van kennis;
- Galileo se teleskopiese observasies;
- die begin van die moderne notasie;
- die desimale breuke van Simon Stevin;
- Napier se ontdekking van logaritmes;
- Astronomiese ontdekkings van Brahe en Kepler;
- skrywes van Descartes;
- die ontdekking van Cartetiese Meetkunde;
- Algebra in die la Geometrie;
- Descartes se Principia Philosophiae;
- Perspektiewe Meetkunde;
- Newton se metode en anti-afgeleides;
- areas onder grafieke;
- die bepaalde integraal;
- die hoofstelling van Calculus;
- onbepaalde integrale;
- die totale veranderingstelling;
- die berekening van die oppervlakte tussen twee grafieke;
- die berekening van volumes met integrasie;
- die substitusie-reël in integrasie;
- faktorintegrasie;
- die gebruik van trigonometriese identiteite om integrale op te los;
- die gebruik van parsiële breuke om te integreer;
- integrasie strategieë;
- Booglengte;
- oppervlakte van ’n oppervlakte wat geroteer word;
- toepassings in Ekonomie en Biologie;
- waarskynlikheid.

WHS3174	**Wiskunde 3**	**NKR-vlak 7**	**Krediete = 24**

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:
Demonstreer ’n ingeligte begrip van

- Wiskunde as God se openbaring;
- die mens se kennis van Wiskunde;
- eenvoudige wiskundige strukture;
- Newton en Leibniz se bydrae tot differensiasie en integrasie;
- die oorsprong van Waarskynlikheidsteorie;
- Pascal se rekenkundige driehoek;
- die modellering met differensiaal vergelykings;
- rigtingvelde;
- Euler se metode;
- die oplos en modellering van differensiaalvergelykings;

- lineêre differensiaal vergelykings;
- die definiëring van kurwes in terme van parametriese vergelykings;
- die toepassing van differensiaalrekene metodes op parametriese vergelykings o die voorstelling van poolkoördinate;
- die berekening van areas en lengtes;
- koniese snitte (kegelsnedes);
- die voorstelling van Statistiese data;
- die berekeninge van sentrale geneigdheid;
- waarskynlikheid;
- die Binomiaal-, Poisson en Normaalverdelings;
- die toepassing van die Binomiaal-, Poisson en Normaalverdelings;
- lineêre korrelasie en regressie;
- Steekproefneming- en skattingteorieë;
- Statistiese hipoteses ken en toepas;
- die toepassing van statistiese hipoteses;
- Chi-kwadraat en verdeling-vrye toetse.

WHS3274	**Wiskunde 3**	**NKR-vlak 7**	**Krediete = 24**

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:
Demonstreer ’n ingeligte begrip van

- Wiskunde as God se openbaring;
- die mens se kennis van Wiskunde;
- eenvoudige wiskundige strukture;
- Newton en Leibniz se bydrae tot differensiasie en integrasie;
- die oorsprong van Waarskynlikheidsteorie;
- Pascal se rekenkundige driehoek;
- die modellering met differensiaal vergelykings;
- rigtingvelde;
- Euler se metode;
- die oplos en modellering van differensiaalvergelykings;
- lineêre differensiaal vergelykings;
- die definiëring van kurwes in terme van parametriese vergelykings;
- die toepassing van differensiaalrekene metodes op parametriese vergelykings o die voorstelling van poolkoördinate;
- die berekening van areas en lengtes;
- koniese snitte (kegelsnedes);
- die voorstelling van Statistiese data;
- die berekeninge van sentrale geneigdheid;
- waarskynlikheid;
- die Binomiaal-, Poisson en Normaalverdelings;
- die toepassing van die Binomiaal-, Poisson en Normaalverdelings;
- lineêre korrelasie en regressie;
- Steekproefneming- en skattingteorieë;
- Statistiese hipoteses ken en toepas;
- die toepassing van statistiese hipoteses;
- Chi-kwadraat en verdeling-vrye toetse.

BACCALAUREUS IN SOSIALE WETENSKAPPE/BACHELOR OF SOCIAL SCIENCES (BSocSci)
GEAKKREDITEER - SAKO (SAQA) ID: 120400
MINIMUM 360-KREDIET PROGRAM OP VLAK 7 VAN DIE NASIONALE KWALIFIKASIERAAMWERK (NKR)

INLEIDING

Die Baccalaureus in Sosiale Wetenskappe (BSocSci) is ’n baie handige algemene of “breë” kwalifikasie. Die rede daarvoor is dat dit soveel moontlikhede in verskillende velde of dissiplines bied. Die kwalifikasie het onder andere ook kreatiewe denke, probleemoplossing en etiese verantwoordbaarheid binne ’n voortdurend veranderende wêreld en digitale omgewing ten doel. Gegradueerdes kan met goeie begronding en oordraagbare kennis as kritiese denkers, in hul gekose gespesialiseerde studierigtings funksioneer. Die moontlike gespesialiseerde studierigtings word gekies uit leerareas soos sosiale wetenskappe (Sielkunde, Sosiologie, Filosofie, Geskiedenis, Geografie), kommunikasiewetenskappe, ekonomie, inligtingstegnologie en tale.

By voltooiing van BSocSci kan gegradueerdes direk in gemeenskapsgerigte beroepe instap, onder andere weens die insluiting van Gemeenskapsontwikkeling in jaar een en twee van die program. Gegradueerdes sal ook vaardighede besit in tegnologieë verwant aan hulle gespesialiseerde studierigtings en Vierde Industriële Rewolusie-platforms (4IR). Die BSocSci rus studente toe om bestaande en toekomstige plaaslike en internasionale sosiale kwessies te benader binne die konteks van ’n ingeligte wêreldbeskouing, en so ’n krities belangrike bydra tot die maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling van Suid-Afrika te kan lewer. Die kurrikulum van hierdie kwalifikasie is so ontwerp om verantwoordelikheid en besluitnemingsbevoegdheid by studente aan te wakker en hulle sodoende ook as leiers te vorm.

Suksesvolle graduandi van die BSocSci kan vertikaal toegelaat word vir studie van verwante honneursgrade of nagraadse diplomas op vlak 8 van die NKR, in dieselfde studierigtings as dié in hul finale jaar van die BSocSci. Diagonale artikulasie is met die oog op beroeps- of studierigting verandering. 'n Student wat byvoorbeeld BSocSci II by die APA gedoen het met byvoorbeeld kommunikasiekunde, kan aansoek doen vir 'n BA Kommunikasiekunde (NWU), BAdmin (NWU), BCom (NWU) om maar 'n paar voorbeelde te noem. Dus bied die BSocSci ruim moontlikhede vir diagonale artikulasie. Studente wat ’n loopbaan in die onderwys wil volg, kan horisontaal toegelaat word vir NGOS-studie, wat by die APA op vlak 7 van die NKR aangebied word.

DUUR VAN DIE KURSUS

Die BSocSci-graad duur drie jaar voltyds en vier jaar deeltyds. Dit mag egter nie vyf jaar oorskry nie.

METODE VAN ONDERRIG

BSocSci-studente kan voltyds deur middel van **kontak- of afstandsonderrig** studeer.

TOELATINGSVEREISTES

'n Voornemende student doen jaarliks aansoek om as student toegelaat te word. Die dekane en programkoördineerders is tot beskikking van die studente ten einde advies oor hul akademiese loopbaan te bied en leiding te verskaf. Die student kan ook vooraf skriftelik of telefonies navraag doen.

Die minimum toelatingsvereiste tot hierdie program is ‘n Nasionale Senior Sertifikaat of ‘n Nasionale Sertifikaat (Beroepsgerig) met toepaslike vakkombinasies en vlakke van prestasie, soos omskryf in die Minister se beleid: Minimum Toelatingsvereistes vir Hoër Sertifikaat-, Diploma- en Baccalaureusgraadprogramme wat 'n Nasionale Senior vereis Sertifikaat ,

Staatskoerant, Vol 751, No 32131 van 11 Julie 2008, en Minimum Toelatingsvereistes vir Hoër Sertifikaat, Diploma en Baccalaureusgraad Programme wat 'n Nasionale Sertifikaat (Beroepsgerigte) vereis, gepubliseer in die Regering Gazette, Vol. 533, No. 32743, November 2009. Daar kan van leerders verwag word om spesifieke vakkombinasies soos vereis deur die rade of rade te bied. Die kwalifiserende leerder sal in staat wees om na registrasie by verwante rade of rade in verskeie studierigtings te praktiseer as sosiale wetenskaplikes en/of geassosieerde professionele persone.

'n Persoon wat die BSocSci wil volg, moet aan die volgende toelatingsvereistes voldoen:

1. Matrikulasievrystelling
'n Student met matriek vrystelling kwalifiseer vir toelating tot die BSocSci-graad op die volgende voorwaardes:
Gematrikuleer 2008 en daarna
1.1 'n Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) met 'n toelatings-puntetelling van **25** (die som van die TPT punte toegeken "achievement level" aan die 6 beste vakke op die NSS, **Lewensoriëntering uitgesluit**).
Minimum vereistes vir spesifieke vakke:
Afrikaans: 4 (50 – 59%) en Engels: 4 (50 – 59%)
Vir studente wat in die onderwys rigting wil studeer, met Wiskunde as skoolvak:
Wiskunde: 5 (60% +) (Wiskunde-geletterdheid kan nie vir toelating tot die vak Wiskunde oorweeg word nie).
OF
1.2 'n Geldige sertifikaat wat bewys lewer van voorwaardelike vrystelling van die Suid-Afrikaanse Matrikulasieraad (UMALUSI).

2. Voorwaardelike vrystelling op grond van ouderdom van minstens 23 jaar (St.10 / Graad 12)
Indien 'n persoon aan die volgende vereistes voldoen, kan aansoek om voorwaardelike Vrystelling gedoen word:
2.1 Indien die ouderdom van 23 jaar reeds op 1 Januarie van die jaar waarin vir die BSocSci geregistreer word, bereik is; en
2.2 Indien een vak in matriek op hoër graad geslaag is; en
2.3 Indien ten minste vier graad 12 – vakke op Hoërgraad of op Standaardgraad met simbole A tot E geslaag is; en
2.4 Indien minstens drie vakke tydens een eksamensessie (eksamengeleentheid) geslaag is.

3. Vrystelling op grond van ouderdom 45 jaar of ouer
'n Persoon wat 45 jaar of ouer is, hoef geen skool kwalifikasie te besit alvorens vir vrystelling aansoek gedoen word nie.

4. Volledige vrystelling op grond van die behaling van 'n 3 of 4 jarige diploma
'n Persoon wat 'n 3 of 4 jarige diploma verwerf het aan 'n Technikon, 'n Onderwyserskollege, 'n Universiteit of 'n Verplegingskollege wat by 'n SA universiteit geaffilieer is, mag aansoek om algehele vrystelling doen op voorwaarde dat die persoon voor die aanvang van die diplomastudie oor 'n Senior Sertifikaat (dit is Matriek sonder vrystelling) beskik het.

5. **Studente het 'n telling van 25 nodig vir toelating tot die BSocSci-program** (die som van die TPT punte toegeken "achievement level" van tot ses vakke, Lewensoriëntering uitgesluit).

6. Studente met 'n telling van 24 word **voorwaardelik toegelaat** om vir al hul vakke in te skryf, mits hulle die vakke in die eerste semester slaag. Indien die studente in gebreke bly om al die vakke te slaag, sal hulle oorgaan op die verlengde program.

7. Studente met 'n telling tussen 21 en 23 word **toegelaat tot die verlengde program** wat beteken dat 'n student met 'n telling tussen 21 en 23 in die eerste jaar net die verpligte vakke moet doen.

SPESIFIEKE INSTELLINGSVEREISTES

Wiskunde toelatingstoets
Indien ‘n student minder as 60% in die eindeksamen van Graad 12 vir Wiskunde (nie Wiskunde geletterdheid nie) behaal het, maar tog Wiskunde as vak wil neem sal die student toegelaat word om 'n Wiskunde toelatingstoets te skryf.
Die studente wat die Wiskunde toelatingstoets skryf en dit met 60+% slaag sal toegelaat word om Wiskunde te neem.

FINANSIES

Die volgende studiegeld is betaalbaar:

Aansoekgeld:	Nie-terugbetaalbare bedrag	**R500.00**
Deposito: (**R10 000.00 van die deposito vorm deel van die studiegeld** en is dus nie 'n addisionele fooi nie)	Met registrasie moet die deposito van R11 600.00 betaal word, waarvan R10 000 dien as ‘n terugbetaalbare bedrag **SLEGS INDIEN** daar voor die aangeduide datum op die kalender gekanselleer word.	**R11 600.00** (per jaar)

BSocSci 1	
Gemeenskapsontwikkeling	R 4 750.00 (per vak, per jaar)
Akademiese Geletterdheid	R 4 750.00 (per vak, per jaar)
Rekenaar- en digitale geletterdheid	R 3 000.00 (per vak, per jaar)
Gereformeerde Lewens- en Wêreldbeskouing	R 4 750.00 (per vak, per jaar)
Keusevak 1	R10 140.00 (per vak per jaar)
Keusevak 2	R10 140.00 (per vak per jaar)
Keusevak 3	R10 140.00 (per vak per jaar)
Keusevak 4	R10 140.00 (per vak per jaar)
	TOTAAL: R57 810.00
BSocSci 2	
Kommunikasie vir Beroepsdoeleindes	R 5 300.00 (per vak, per jaar)
Gemeenskapsontwikkeling	R 5 300.00 (per vak, per jaar)
Toegepaste Internet kommunikasie en Vierde Industriële Rewolusie Tegnologie	
Keusevak 1	R 5 300.00 (per vak, per jaar)
Keusevak 2	R12 750.00 (per vak per jaar)
Keusevak 3	R12 750.00 (per vak per jaar)
	R12 750.00 (per vak per jaar)
	TOTAAL: R54 150.00
BSocSci 3	
Navorsingsmetodologie	R 6 700.00 (per vak, per jaar)
Navorsing- en statistiese metodes (studente wat in Sielkunde wil spesialiseer)	
OF	
Toegepaste Sagteware en verwante tegnologie	R 6 700.00 (per vak, per jaar)
Werksgeïntegreerde leer (WIL)	R15 000.00 (per vak, per jaar)
Keusevak 1	R13 000.00 (per vak, per jaar)
Keusevak 2	R13 000.00 (per vak per jaar)
	TOTAAL: R54 400.00
Hereksamengeld	R1 000.00 (per vraestel)
Hermerk van vraestel	R1 000.00 (per vraestel)
Senaatseksamen	R1 000.00 (per vraestel)
CAT/RPL	R 750.00 (per vak)

Bogenoemde gelde is verpligtend en ‘n student wat dit nie betaal nie, word nie as ‘n geregistreerde student van die Akademie beskou voordat die geld teen die aanvang van die akademiese jaar betaal is nie.
Geen studie inligting sal tydens die Oriëntasietydperk voorsien word sonder bewys van betaling nie.

FINALE DATUMS VIR BETALING VAN VOLLE STUDIEGELD ELKE JAAR:

Eerste Semester: 31 Maart
Tweede Semester: 31 Augustus
Studente wat hier in gebreke bly, se volle akademiese diens word onmiddellik opgeskort indien die studiegeld nie teen die betrokke spertye betaal is nie.

- **Geen student sal ‘n Puntestaat ontvang of toegelaat word om vir die volgende semester/studiejaar in te skryf alvorens die student se agterstallige studiegeld ten volle betaal is nie**.
- **Geen grade sal toegeken word indien studiegeld nie ten volle vereffen is nie**.

KWYTSKELDINGS BY STAKING VAN STUDIE EN OF VAKKE

Indien studente binne die eerste twee weke nadat die eerste semester se klasse begin het (soos op kalender aangedui), besluit om hul studie te staak of vakke te kanselleer, en vroegtydig **behoorlik en skriftelik** kennis daarvan aan die Programkoördineerders van die onderskeie programme gee, word die studente van die studiegeld vir die eerste semester kwytgeskeld. **Die aansoekgeld (R500.00) en R1 600.00 van die deposito is egter nie terugbetaalbaar indien studies gestaak word nie**. **R10 000.00 dien as ‘n terugbetaalbare bedrag SLEGS INDIEN daar voor die aangeduide datum op die kalender gekanselleer word**.

Indien studente ***ná*** die eerste twee weke nadat die klasse vir die eerste semester begin het, besluit om hul studies te staak of vakke te kanselleer, bly die studente verantwoordelik vir die betaling van die **volle** studiegeld vir die eerste semester en word kwytskelding gegee vir die tweede semester. Indien studente egter versuim om betyds kennis te gee, bly hulle aanspreeklik vir die volle jaar se studiegeld.

Indien studente binne die eerste twee weke nadat die tweede semester begin het, besluit om hul studie te staak of vakke te kanselleer, en vroegtydig, behoorlik en skriftelik kennis daarvan aan die Programkoördineerders van die onderskeie programme gee, word die student van die studiegeld vir die tweede semester kwytgeskeld. Sou die studente hul studie ***ná*** die eerste twee weke van die tweede semester staak, bly die studente verantwoordelik vir die betaling van die **volle** studiegeld vir die volle tweede semester.

Alle gelde wat betaalbaar is, word direk in die AP Akademie se bankrekening inbetaal, waarna die bewys van betaling aan die rekenmeester (betalings@apa.ac.za) deurgestuur word. Waar studente 'n studielening ontvang, word die toekenning direk en ten volle op hul studie-rekening inbetaal en nie aan die studente nie, tensy daar 'n krediet tot hul beskikking is. Indien die toekenning minder is as die bedrag wat betaalbaar is, is die studente verantwoordelik daarvoor om die ontbrekende bedrag betyds in te betaal.

KURRIKULA/PROGRAMSAMESTELLING

Hierdie kwalifikasie bied toegang tot soortgelyke kwalifikasies op NKR-vlak 7. Dit kan na voltooiing toegang bied tot kwalifikasies op NKR-vlak 8 indien die student van studierigting of loopbaan wil verander.

JAAR 1	MODULEBESKRYWING	KODE	NKR-VLAK	KREDIETE
Jaarvak	Akademiese Geletterdheid (verpligtend)	AKG5052	5	12

Sem. 1	Rekenaar- en digitale geletterdheid (verpligtend)	RGL5151	5	6
	Keusevak 1		5	12
	Keusevak 2		5	12
	Keusevak 3		5	12
	Keusevak 4		5	12
Sem. 2	Gemeenskapsontwikkeling (verpligtend)	COD5252	5	12
	Klassiek-Christelike wêreldbeskouing (verpligtend)	KCW5252	5	12
	Keusevak 1		5	12
	Keusevak 2		5	12
	Keusevak 3		5	12
	Keusevak 4		5	12
	Totale krediete			**138**

JAAR 2	**MODULEBESKRYWING**	**KODE**	**NKR-VLAK**	**KREDIETE**
Sem. 1	Kommunikasie vir Beroepsdoeleindes (verpligtend)	COP6163	6	12
	Keusevak 1		6	15
	Keusevak 2		6	15
	Keusevak 3		6	15
Sem. 2	Gemeenskapsontwikkeling (verpligtend)	COD6263	6	12
	Toegepaste Internet kommunikasie en Vierde Industriële Rewolusie Tegnologieë (verpligtend)	ICT6263	6	12
	Keusevak 1		6	15
	Keusevak 2		6	15
	Keusevak 3		6	15
	Totale krediete			**126**

JAAR 3	**MODULEBESKRYWING**	**KODE**	**NKR-VLAK**	**KREDIETE**
Sem. 1	Navorsingsmetodologie (verpligtend)	NVM7174	7	12
	Keusevak 1		7	18
	Keusevak 2		7	18
Sem. 2	Toegepaste Sagteware en verwante tegnologie (verpligtend) **of** Navorsing- en Statistiese Metodes (verpligtend)	AST7274 **of** NSM7272	7	12
	Werksgeïntegreerde leer (WIL) (verpligtend)	PRP7274	7	30
	Keusevak 1		7	18
	Keusevak 2		7	18
	Totale krediete			**126**

Die kennis, vaardighede en toegepaste vaardighede van studente in die voorgestelde BSocSci, word geraamwerk teen die uittreevlak-uitkomste van die program en word gekoppel aan die ingeboude kennis, vaardighede en toegepaste ervaring soos aangedui. Alle modules is ontwerp met die doel om te kommunikeer met die huidige en toekomstige behoeftes van die wêreld en werksomstandighede en is dus gepas vir die 21ste eeu.

Eerstejaar
In die eerstejaar neem die student vier keusevakke asook vier fundamentele verpligte vakke. Die eerste studiejaar word gekenmerk deur die insluiting van verskeie studierigtings in fundamentele leer om die student toe te rus met 'n stewige basis van algemene bevoegdhede. Vakspesifieke leer word geïntegreer op grond van die keusemodules soos in die tabel hieronder aangedui. Vier modules kan gekies word uit die vier groepe soos aangedui. Een module **moet gekies word uit Groep A óf B**. Die bykomende drie modules kan uit enige ander groep(e) gekies word.
Suksesvolle voltooiing van modules in die eerstejaar is 'n voorvereiste vir die tweedejaar.

Tweedejaar
Die tweedejaar sluit in drie fundamentele leer modules gekoppel aan die modules van die eerstejaar, vir die doel om die studente toe te rus met spesifieke vaardighede in die werksplek. Studente moet hul hoofstudierigting finaliseer en een module uit Groep A of B kies. Twee bykomende modules kan gekies word uit Groep A, B of C of Groep D in artikulasie met hul keuses in die eerste studiejaar.
Suksesvolle voltooiing van modules in die tweedejaar is 'n voorvereiste vir die derdejaar.

Derdejaar
Twee modules uit die keusemodules van die tweede jaar met ten minste een uit Groep A of B, moet vir die derde jaar gekies word, ondersteun deur twee fundamentele leermodules sowel as 'n module in WIL. Die WIL-module, “Professionele Praktyk in Studieveld”, sal studente se vermoë ontwikkel om 'n 'sisteemdenke'-benadering op probleme in die werkswêreld toe te pas, deur gebruik te maak van die begrip wat hulle gedurende hul studies van relevante omgewings-, ekonomiese, sosiale en politieke faktore.

Studente wat Sielkunde tot op NKR-vlak 7 neem, is verplig om die module **Navorsing- en Statistiese Metodes (NSM7272)** in die plek van die **Toegepaste Sagteware en verwante tegnologie (AST7274)** te doen.

Die volgende bepalings word saam met bogenoemde gelees:

Belangrike inligting ten opsigte van vereistes, kombinasies en kombinasiereëls (Samestelling van die kursus)

Aantal vakke:
Die kursus duur drie jaar en bestaan uit minstens 390 krediete in totaal, maar 'n student mag verdere vakke vir nie-graad doeleindes neem.

KOMBINASIEREËLS

Die kombinasies vereis van studente om vakinhoude op ‘n bepaalde NKR-vlak eers volledig te bemeester voordat na ‘n hoër vlak beweeg word.

In die algemeen bepaal die kombinasiereëls dat die voltooiing van modules op ‘n laer NKR-vlak nodig is ten einde na ‘n hoër vlak te beweeg.

Keusevakke
Studente mag 'n keuse maak uit die volgende vakke:

Groep A (Sosiaal)	Groep B (Tale)	Groep C (Besigheid, Ekonomie en Bestuurstudies)	Groep D (Wetenskappe)
Filosofie	Afrikaans	Ekonomie	Rekenaartegnologie
Kommunikasiekunde	Duits		Wiskunde
Geografie	Engels		
Geskiedenis	Frans		
Joernalistiek	Latyn		
Politieke Wetenskap	Sepedi		

Sielkunde			
Sosiologie			

Hoofvakke
'n Student kies twee hoofvakke uit die vakke hierbo genoem. Die keuse van hoofvakke kan deur die loop van die studie verander word. ’n Hoofvak is ‘n vak ten opsigte waarvan ‘n student die vak tot op derdejaarsvlak (NKR-vlak 7) voltooi.

Verpligte vakke
Vergelyk die volgende vakke met die uitkomstebeskrywing by elke vak wat volg

Eerstejaar
- Gemeenskapsontwikkeling (COD5252)
- Akademiese Geletterdheid (AKG5052)
- Rekenaar- en digitale geletterdheid (RGL5151)
- Klassiek-Christelike wêreldbeskouing (KCW5252)

Tweedejaar
- Gemeenskapsontwikkeling (COD6263)
- Kommunikasie vir Beroepsdoeleindes (COP6163)
- Toegepaste Internet kommunikasie en Vierde Industriële Rewolusie Tegnologie (ICT6263)

Derdejaar
- Toegepaste Sagteware en verwante tegnologie (AST7274)
  of
- Navorsing- en Statistiese Metodes (NSM7272) → **Verpligtend vir studente wat Sielkunde tot op NKR-vlak 7 neem**
- Navorsingsmetodologie (NVM7174)
- Werksgeïntegreerde leer (WIL) (PRP7274)

Voornemende Sielkunde studente
Vir studente wat na voltooiing van die BSocSci-graad elders verder in die Sielkunde wil studeer, is Sielkunde 1, 2 en 3, Sosiologie 1, 2 en 3 asook Navorsing en Statistiese Metodes verpligtend. Studente wat in die Sielkunde verder wil studeer, moet **betyds** by ander instellings navorsing doen oor toelatingsvereistes.

Minimum aantal studente per vak:
Die AP Akademie behou die reg voor om nie 'n vak vir studente aan te bied, indien die klasgetalle dit nie regverdig nie. Vir eerstejaarstudente, word die minimum aantal studente per vak op vier vasgestel.

AKKUMULASIE VAN AKADEMIESE KREDIETE

Ten einde die **BSocSci** (NKR-vlak 7) te verwerf, moet 'n student altesaam 420 krediete verkry.

- BSocSci 1 keusevakke het ‘n kredietwaarde van 24 (12 per module, per semester). Die verpligte vakke het ‘n wisselende kredietwaarde van tot 12 krediete.
- BSocSci 2 keusevakke het ‘n kredietwaarde van 30 (15 per module, per semester). Die verpligte modules van die derdejaar het 'n kredietwaarde van 12.
- BSocSci 3 se keuse/hoofvakke het ‘n kredietwaarde van 36 (18 per module, per semester). Die verpligte modules van die derdejaar het 'n kredietwaarde van 12.

‘n Student ontvang erkenning vir krediete sodra ‘n vak suksesvol geslaag is.

Sodra 'n BSocSci-studente al die vereiste vakke oor die drie jaar heen (of oor ’n langer tydperk) geslaag het, kwalifiseer hulle vir die toekenning van die geakkrediteerde BSocSci-graad.

Die BSocSci-graad duur drie jaar voltyds en vier jaar deeltyds. Dit mag egter nie vyf jaar oorskry nie.

UITKOMSTEBESKRYWING

Hierdie afdeling bevat 'n kort beskrywing van die inhoud van elke vak.

Elke krediet soos aangetoon naas die vaknaam verteenwoordig 10 ure van onderrig en leer (byvoorbeeld 10 ure x 12 krediete = 120 ure) – **Vergelyk: Omskrywing rakende onderrig en leer**

Afrikaans

Van studente word verwag om in die eksamen 'n subminimum van 40% in beide Taal- en Letterkunde te verwerf.

AFR5152	Afrikaans 1	NKR-vlak 5	Krediete = 12

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- demonstreer 'n ingeligte kennis van die Afrikaanse taal in terme van geselekteerde velde in letterkunde en linguistiek;
- verstaan en bespreek die oorsprong van Afrikaans deur te verwys na Europese, plaaslike en internasionale invloed;
- pas kennis van morfologie toe om woordvormingsprosesse te identifiseer en te verduidelik;
- demonstreer basiese kennis van sintaksis om woordsoorte en enkelvoudige sinne te klassifiseer en te ontleed;
- gebruik die reëls van spelling, leestekens en grammatika in toepassing soos in die AWS om skryftake te lewer en om ongeredigeerde dokumente te verbeter;
- ontleed Afrikaanse gedigte deur korrekte vakterminologie en -metodes te gebruik;
- ontleed verhalende tekste, naamlik dramas, kortverhale en romans, volgens narratologie en plaas dit in konteks;
- verstaan en interpreteer die struktuur, ontwerp en samehang van narratiewe- sowel as gewone taaltekste.

AFR5252	Afrikaans 1	NKR-vlak 5	Krediete = 12

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- demonstreer 'n ingeligte kennis van die Afrikaanse taal in terme van geselekteerde velde in letterkunde en linguistiek;
- demonstreer 'n ingeligte begrip van die literatuurwetenskaplike aard, die verskillende studierigtings en die metodes wat gebruik kan word om 'n teks te ontleed;
- analiseer literatuurtekste deur literatuurwetenskaplike terminologie te gebruik;
- demonstreer 'n begrip van die vaardighede wat nodig is om jeugliteratuur te analiseer, te beskryf en te onderrig;
- demonstreer 'n ingeligte begrip van die leesgedrag en behoeftes van Afrikaanse kinders;
- ontleed 'n jeugroman in terme van die struktuur, belangrike motiewe, temas en karakterisering;
- evalueer 'n jeugroman in terme van die morele geskiktheid daarvan om 'n voorgeskrewe teks te wees;
- ontleed 'n radiodrama met betrekking tot die drama-genrestruktuur en relevante terminologie;
- demonstreer 'n ingeligte begrip van die belangrike konsepte in fonetiek;
- demonstreer die vermoë om 'n basiese fonetiese transkripsie te doen deur die IPA fonetiese alfabet te gebruik;
- bespreek die konstruk “standaardtaalgebruik”;
- bespreek die rol van nie-standaardtaal in die skepping van identiteit;
- verbeter tekste met betrekking tot taalgebruik;
- demonstreer 'n bewustheid met betrekking tot die styl van dokumente.

AFR6163	Afrikaans 2	NKR-vlak 6	Krediete = 15

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- toon 'n gedetailleerde kennis van die Afrikaanse taal in terme van gekose velde in literatuur en taalkunde;
- verstaan wat die perspektief was op Afrikaanse prosa in die 20ste eeu;
- analiseer en bespreek die eenwording en politieke bemagtiging van Suid-Afrika krities;
- identifiseer literêre bewegings met betrekking tot politieke en historiese gebeure;
- klassifiseer voorgeskrewe kortverhale, dramas en romans volgens narratologie, geskiedenis en literatuur;
- skryf wetenskaplik korrekte verslae deur akademiese taal te gebruik;
- identifiseer en beskryf verskillende genres in Afrikaanse literatuur;
- bespreek verskillende outeurs in Afrikaanse literatuur;
- toon 'n gedetailleerde begrip van die belangrike konsepte in fonetiek;
- toon 'n gedetailleerde begrip van die konsepte en toepassing van fonologie.

AFR6263	Afrikaans 2	NKR-vlak 6	Krediete = 15

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- toon 'n gedetailleerde kennis van die Afrikaanse taal in terme van gekose velde in literatuur en taalkunde;
- toon 'n gedetailleerde begrip van die perspektief op Afrikaanse prosa in die 20ste eeu;
- identifiseer literêre bewegings gebaseer op politieke en historiese gebeure;
- kategoriseer voorgeskrewe kortverhale, dramas en romans kontekstueel, histories en literêr;
- analiseer voorgeskrewe kortverhale, dramas en romans narratologies en analities;
- stel wetenskaplik korrekte verslae op deur akademiese taal te gebruik;
- identifiseer, benoem en presenteer boomdiagramme in die konteks van eenvoudige sinne;
- gebruik terreinspesifieke terminologie en konsepte vir die velde van pragmatiek;
- bespreek sosiolinguistiese metodologie en terminologie;
- identifiseer en bespreek die gebruik van byvoeglike naamwoorde, werkwoorde, selfstandige naamwoorde en voorsetsels in eenvoudige sinne;
- presenteer byvoeglike naamwoorde, werkwoorde, selfstandige naamwoorde en voorsetsels in eenvoudige sinne deur middel van boomdiagramme;
- toon 'n geïntegreerde kennis van die gebruik van sosiolinguistiese terminologie in verskillende taalvariëteite;
- beskryf die rol van taal in die vestiging van subkulture.

AFR7174	Afrikaans 3	NKR-vlak 7	Krediete = 18

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- demonstreer geïntegreerde kennis van die Afrikaanse taal ten opsigte van geselekteerde velde in literatuur en taalkunde;
- demonstreer geïntegreerde kennis van belangrike literêre benaderings van die 20ste en 21ste eeu as ‘n studieveld;
- demonstreer geïntegreerde kennis van literêre terminologie en pas dit toe in die studieveld;
- beskryf wat die agtergrond van die historiese tydperk was van die gegewe literêre tydperk;
- beskryf die poësie van die literêre beweging van die 1960’s sowel as dié van 1980–2018;
- demonstreer geïntegreerde kennis van poësie in die 20ste en 21ste eeu;
- identifiseer, ontleed, evalueer en bespreek komplekse probleme in die veld krities, asook die toepassing van bewysgebaseerde oplossings en teoriegebaseerde argumente binne die veld, dissipline en praktyk;

- definieer wat die studie van sintaksis behels;
- demonstreer geïntegreerde kennis van die sintaktiese komponent van taal;
- demonstreer geïntegreerde kennis van die selfstandige naamwoord, byvoeglike naamwoord, werkwoord, sinskonstruksies, tempus, modaliteit en aspek, asook plekvervangers;
- verskaf oplossings met betrekking tot sintaksis;
- beskryf en pas toepaslike sintaktiese prosesse toe;
- identifiseer sy/haar leerbehoeftes ten opsigte van die kennisveld en pas daarby aan;
- verduidelik en motiveer waarom sekere sintaktiese aanduidings plaasvind en/of gemaak word;
- beskryf hoe sintaksis funksioneel benader kan word.

AFR7274	Afrikaans 3	NKR-vlak 7	Krediete = 18

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- demonstreer geïntegreerde kennis van die Afrikaanse taal ten opsigte van geselekteerde velde in literatuur en taalkunde;
- demonstreer geïntegreerde kennis van fonetiek, fonologie, semantiek, pragmatiek en leksikografie as spesialisasiegebiede;
- evalueer aspekte van kennis wat tipies tot die velde van fonetiek, fonologie, semantiek, pragmatiek en leksikologie behoort;
- evalueer verskillende oplossings vir probleme wat tot die veld van Afrikaanse Taalkunde behoort;
- demonstreer die vermoë om goed geformuleerde inligting in te samel, te evalueer en te kommunikeer met betrekking tot Afrikaanse Taalkunde en akademiese argumente;
- formuleer menings en insigte oor fonetiek, fonologie, semantiek, pragmatiek en leksikografie;
- bespreek die opvoeringselement van ‘n drama;
- identifiseer en ontleed die hoofteks en die newetekste van ‘n drama en hul rol in die interpretasie van die voorgeskrewe dramas;
- ontleed die temporele en ruimtelike aspekte van die voorgeskrewe dramas krities;
- identifiseer en bespreek die verskille in kenmerke tussen die klassieke epiek en die voorgeskrewe moderne epiek;
- pas die kenmerke van die historiese roman toe op die voorgeskrewe roman;
- ontleed die ontwikkeling van die hoofkarakter deur die loop van die voorgeskrewe roman.

Akademiese Geletterdheid

AKG5052	Akademiese Geletterdheid	NKR-vlak 5	Krediete = 12
Studente wat nie AKG5052 slaag nie, kan nie met hulle volgende studiejaar voortgaan alvorens AKG5052 suksesvol geslaag is nie.			

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- demonstreer 'n ingeligte begrip van die geskiedenis van akademiese kommunikasie;
- onderskei en definieer sekere sleutelbegrippe in akademiese kommunikasie;
- wees kundig en gee 'n paar feite oor wie akademiese skrywers is;
- beskryf kortliks die verskil tussen 'n universiteit en 'n kollege;
- verstaan en verduidelik hoe wêrelduniversiteite georganiseer is;
- verstaan en verduidelik hoe Suid-Afrikaanse universiteite georganiseer is;
- beskryf die kenmerke en verskeidenheid van akademiese kommunikasie;
- beskryf die omgewing en omstandighede waarin akademiese kommunikasie plaasvind;
- verstaan die stappe wat tydens 'n navorsingsprojek geneem word;
- wees kundig en gee 'n paar feite oor effektiewe en korrekte berging en deelopsies van navorsingsdata;
- bespreek die rol en funksie van wetenskaplike uitgewers;

- verstaan en verduidelik die belangrikheid van portuurbeoordelings;
- demonstreer 'n diepgaande begrip van die rol van kopiereg;
- demonstreer 'n diepgaande begrip van die rol van biblioteek;
- demonstreer 'n diepgaande begrip van die konsep ooptoegang-publisering;
- verstaan en verduidelik die uitdagings en kontroversies rondom ooptoegang-publisering;
- beskryf kortliks die rol wat joernalis in akademiese kommunikasie speel;
- bespreek die effektiewe gebruik van sosiale media in akademiese kommunikasie;
- bespreek kortliks die toekoms van vakkundige uitgewery;
- bespreek nuwe metodes wat beskikbaar is in die toekoms van akademiese kommunikasie.

Duits

DTS5152	Duits 1	NKR-vlak 5	Krediete = 12

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- demonstreer 'n ingeligte kennis van basiese Duitse geskiedenis, kultuur, kontemporêre Duitse samelewing en letterkunde;
- toon 'n bevoegdheid in die gebruik van Duitse grammatika – selfstandige naamwoorde en nominatiewe, datiewe en akkusatiewe naamvalle; persoonlike, besitlike, vraende voornaamwoorde; reëlmatige, onreëlmatige, modale werkwoorde in die teenwoordige en verlede onbepaalde tyd; imperatiewe werkwoorde; woordorde, voorsetsels;
- identifiseer, evalueer en los sekere probleme rakende die verstaan en skryf van grammatika en tekste op;
- demonstreer die vermoë om verantwoordelikheid te neem en om volgens voorgeskrewe etiese kodes te werk;
- selekteer en pas metodes van standaardontleding van verskillende Duitse tekste toe;
- evalueer sy/haar eie uitsette tydens die verbale en visuele aanbieding van sy/haar semesteropdragte;
- voer 'n interaktiewe gesprek in Duits met gemak.

DTS5252	Duits 1	NKR-vlak 5	Krediete = 12

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- demonstreer 'n ingeligte kennis van basiese Duitse geskiedenis, kultuur, die kontemporêre Duitse samelewing en letterkunde;
- toon 'n bevoegdheid in die gebruik van Duitse grammatika – selfstandige naamwoorde en die nominatief, genitief, datief en akkusatief naamval; persoonlike, besitlike, vraende, onbepaalde, demonstratiewe, relatiewe, refleksiewe voornaamwoorde; reëlmatige, onreëlmatige, modale werkwoorde in die teenwoordige en verlede onbepaalde tyd; konjunktiewe modus; woordorde, voorsetsels, vergelyking van byvoeglike naamwoorde en bywoorde;
- identifiseer, evalueer en los sekere probleme rakende die verstaan en skryf van grammatika en tekste op;
- demonstreer die vermoë om verantwoordelikheid te neem en om volgens voorgeskrewe etiese kodes te werk;
- selekteer en pas metodes van standaardontleding van verskillende Duitse tekste en literatuur toe;
- evalueer sy/haar eie uitsette tydens die verbale en visuele aanbieding van sy/haar semesteropdragte;
- voer 'n interaktiewe gesprek in Duits met gemak.

DTS6163	Duits 2	NKR-vlak 6	Krediete = 15

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- toon 'n ingeligte kennis van basiese Duitse geskiedenis, kultuur, hedendaagse Duitse samelewing en literatuur;
- wys 'n vaardigheid in die gebruik van Duitse grammatika – (Lydende vorm – modale werkwoorde in die teenwoordige onbepaalde tyd, voltooide deelwoord en verlede onbepaalde tyd; persoonlike voornaamwoorde in die nominatief, datief en akkusatief; Ordinale getalle, byvoeglike naamwoorde in die nominatief sonder artikels; byvoeglike naamwoorde in die genitief sonder artikels; hoofsinne + infinitiewe sinne; konjunktiewe vorm – modale werkwoorde, negatiewe sinne, voltooide deelwoord; SMS-taal; konjunktiewe vorm – sein, haben, werden & sommige onreëlmatige werkwoorde – finden, kommen; afkortings; modale werkwoord “möchte”; bywoorde; byvoeglike naamwoord as selfstandige naamwoord; gekombineerde sinne; byvoeglike naamwoorde in die datief en akkusatief; vraende voornaamwoorde; da- & wo-samestellings; byvoeglike naamwoorde en teenoorgesteldes;
- identifiseer, evalueer en los sekere probleme op rakende die begrip en skryf van grammatika en tekste;
- toon die vermoë om verantwoordelikheid te neem en volgens voorgeskrewe etiese kodes te werk;
- kies en pas metodes van standaardanalise van verskillende Duitse tekste toe;
- evalueer sy/haar eie uitsette tydens die mondelinge en visuele aanbieding van sy/haar semesteropdragte;
- voer 'n interaktiewe gesprek in Duits met gemak.

DTS6263	Duits 2	NKR-vlak 6	Krediete = 15

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:
- toon 'n ingeligte kennis van basiese Duitse geskiedenis, kultuur, hedendaagse Duitse samelewing en literatuur;
- wys 'n vaardigheid in die gebruik van Duitse grammatika – (refleksiewe werkwoorde; die persoonlike voornaamwoord “jy” & meervoud; voegwoord “dass” & ander ondergeskikte voegwoorde; byvoeglike naamwoorde sonder artikels in die genitief; negatiewe artikel “kein”; woordorde veranderings; vraende voornaamwoorde; ordinale getalle; plusquamperfek; konjunktiewe vorm “weil”; woordorde; gekombineerde sinne, betreklike voornaamwoorde; selfstandige naamwoorde gebruik in byvoeglike naamwoord vorm;
- identifiseer, evalueer en los sekere probleme op rakende die begrip en skryf van grammatika en tekste;
- toon die vermoë om verantwoordelikheid te neem en volgens voorgeskrewe etiese kodes te werk;
- kies en pas metodes van standaardanalise van verskillende Duitse tekste toe;
- evalueer sy/haar eie uitsette tydens die mondelinge en visuele aanbieding van sy/haar semesteropdragte;
- voer 'n interaktiewe gesprek in Duits met gemak.

DTS7174	Duits 3	NKR-vlak 7	Krediete = 18

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:
- demonstreer ingeligte kennis van basiese Duitse geskiedenis, kultuur, kontemporêre Duitse samelewing en letterkunde;
- toon vaardigheid in die gebruik van Duitse grammatika – (woordorde in ‘n sin; ontkenning; vergelykingsinne met als, wie en je … desto / umso; die woord / persoonlike voornaamwoord “dit”; dubbele konjunktiewe; konjunktiewe um zu, ohne zu, (an)statt zu + infinitief en alternatiewe; relatiewe sinne; selfstandige naamwoord-werkwoord verbindings);
- identifiseer, evalueer en los sekere probleme op met betrekking tot die begrip en skryf van grammatika en tekste;
- demonstreer die vermoë om verantwoordelikheid te neem en volgens voorgeskrewe etiese kodes te werk;

- selekteer en pas metodes van standaardanalise toe op verskillende Duitse tekste;
- evalueer sy/haar eie uitsette tydens die mondelinge en visuele aanbieding van sy/haar semestertake;
- voer met gemak ‘n interaktiewe gesprek in Duits.

DTS7274	Duits 3	NKR-vlak 7	Krediete = 18

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- demonstreer ingeligte kennis van basiese Duitse geskiedenis, kultuur, kontemporêre Duitse samelewing en letterkunde;
- toon vaardigheid in die gebruik van Duitse grammatika – (woordorde in ‘n sin; ontkenning; vergelykingsinne met als, wie en je … desto / umso; die woord / persoonlike voornaamwoord “dit”; dubbele konjunktiewe; konjunktiewe um zu, ohne zu, (an)statt zu + infinitief en alternatiewe; relatiewe sinne; selfstandige naamwoord-werkwoord verbindings);
- identifiseer, evalueer en los sekere probleme op met betrekking tot die begrip en skryf van grammatika en tekste;
- demonstreer die vermoë om verantwoordelikheid te neem en volgens voorgeskrewe etiese kodes te werk;
- selekteer en pas metodes van standaardanalise toe op verskillende Duitse tekste;
- evalueer sy/haar eie uitsette tydens die mondelinge en visuele aanbieding van sy/haar semestertake;
- voer met gemak ‘n interaktiewe gesprek in Duits.

Ekonomie

EKN5152	Ekonomie 1	NKR-vlak 5	Krediete = 12

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- definieer die mikpunte en doelwitte van ekonomie as 'n fundamentele menslike aktiwiteit en belangstelling;
- herken die plek van mikpunte en doelwitte van ekonomie in die groter som van menslike strewe en identifiseer die basiese beginsels waarop dit gebou is, insluitend die etiese beginsels daarvan;
- demonstreer die vermoë om 'n volledige prentjie van die som van ekonomiese aktiwiteit te vorm;
- demonstreer 'n ingeligte begrip van historiese perspektief en die historiese invloede wat vandag steeds markte vorm;
- demonstreer 'n ingeligte kennis van die vraag en aanbod-beginsel;
- demonstreer die vermoë om die eienskappe van 'n gesonde ekonomie te erken;
- evalueer 'n verskeidenheid bestaande ekonomieë;
- bespeur patrone onder 'n verskeidenheid gebeurlikhede;
- demonstreer 'n ingeligte begrip van die verweefde aard van politiek, ekonomie, geskiedenis en filosofie;
- demonstreer die vermoë om die verband tussen ideologie en ekonomiese praktyk, en situasie van die vraagstuk van armoede, insluitend die welsynstaat, te erken.

EKN5252	Ekonomie 1	NKR-vlak 5	Krediete = 12

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- demonstreer die vermoë om te skets hoe die verskillende sektore van die gemengde ekonomie by mekaar pas;
- verduidelik die vyf makro-ekonomiese doelwitte en die implikasies van die interaksie tussen veranderinge in een of meer van 'n wye reeks makro-ekonomiese kragte (ekonomiese groei en ontwikkeling; inflasie; werkloosheid; die betalingsbalans en wisselkoerse);

- beskryf hoe die prestasie van die ekonomie gemeet word; vraag en aanbod en markewewig en die interaksie tussen verwante markte verstaan;
- demonstreer 'n ingeligte begrip van hoe totale ekonomiese aktiwiteit gemeet word;
- verduidelik die vraag na geld en hoe die aanbod van geld bepaal word en die basiese instrumente van monetêre beleid en die funksies van die Suid-Afrikaanse Reserwebank;
- demonstreer 'n ingeligte begrip van die rol van die regering in die ekonomie en fiskale beleid;
- demonstreer 'n ingeligte begrip van die betekenis en uitdagings van globalisering en internasionale ekonomiese integrasie en die betalingsbalans en wisselkoerse.

EKN6163	Ekonomie 2	NKR-vlak 6	Krediete = 15

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- toon 'n gedetailleerde begrip van die filosofie agter sowel as die praktiese toepassing van die regerings fiskale beleid en evalueer die gesondheid daarvan;
- vergelyk fiskale modelle en beleide tussen verskillende lande;
- identifiseer swakpunte, potensiaal vir konflik en mislukkings, en verskille van historiese presedente rakende fiskale modelle;
- identifiseer verskille tussen gebeurlikhede en noodsaaklikhede;
- onderskei tussen swart swane en gewone skommelinge en pas indien moontlik nuwe teorieë toe op plaaslike toestande;
- toon 'n gedetailleerde begrip van die teorie agter internasionale handel en die ontstaan van skuld as 'n ekonomiese bepalende faktor;
- toon 'n gedetailleerde kennis van die fundamentele beginsels van internasionale handel en die huidige toepassing daarvan.

EKN6263	Ekonomie 2	NKR-vlak 6	Krediete = 15

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- demonstreer 'n gedetailleerde begrip van Suid-Afrikaanse ekonomiese data;
- demonstreer die vermoë om die hoofbronne van data oor elke aanwyser te identifiseer en die tegnieke om ekonomiese data te interpreteer en te analiseer;
- demonstreer 'n gedetailleerde begrip van en interpreteer en verduidelik die betekenis, relevansie, en toepassing van die volle reeks ekonomiese aanwysers;
- lees en interpreteer grafieke en het 'n goeie praktiese kennis van ekonomiese aanwysers om ekonomiese data te vind, verstaan en interpreteer;
- bespreek en som die belangrikste kenmerke en probleme van die Suid-Afrikaanse ekonomie op.

EKN7174	Ekonomie 3	NKR-vlak 7	Krediete = 18

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- toon die vermoë om sy/haar eie fiskale modelle te ontwikkel;
- toon die vermoë om eenvoudige voorspellings te maak;
- identifiseer swakhede in regeringsbeleid;
- erken die beperkings van voorspellende modelle;
- pas kontemporêre modelle toe;
- toon die vermoë om tendense op mikrovlak te identifiseer;
- toon die vermoë om eie voorspellende modelle te ontwikkel;
- ontwikkel alternatiewe vir bestaande modelle;
- toon ’n geïntegreerde begrip van handelsmerkontwikkeling, digitale bemarking, inligtinggebaseerde kapitalisme, hedendaagse vorme van Marxisme, en die verskillende dryf- en stootfaktore van moderne kapitalisme.

EKN7274	Ekonomie 3	NKR-vlak 7	Krediete = 18

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- ontleed, plaas in konteks, sintetiseer en redeneer op ’n logiese, objektiewe en beargumenteerde wyse;
- sien die “groot prentjie” en nie net die detail van ’n spesifieke, beperkte probleem nie;
- toon ’n geïntegreerde begrip van standpunte wat in die openbare en professionele debat oor die Suid-Afrikaanse ekonomie ingeneem word;
- evalueer, staaf en bevraagteken standpunte wat in die openbare en professionele debat oor die Suid-Afrikaanse ekonomie ingeneem word;
- verstaan die betekenis en uitdagings van globalisering en internasionale ekonomiese integrasie;
- verstaan en beskryf die implikasies van die wisselwerking tussen veranderings in een of meer van ’n wye reeks makro-ekonomiese kragte (ekonomiese groei, werkloosheid, inflasie, wisselkoerse, betalingsbalans);
- weet watter ekonomiese inligting benodig en beskikbaar is om ’n ingeligte besluit te neem, en weet hoe om hierdie inligting te integreer, te verwerk, te ontleed, te interpreteer en aan te bied ten einde tot ’n besluit te kom;
- integreer bogenoemde om te verstaan hoe en waarom ekonomiese beleidbesluite geneem word.

Engels

ENG5152	Engels 1	NKR-vlak 5	Krediete = 12

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- demonstreer 'n ingeligte kennis van die Engelse taal in terme van geselekteerde velde in die letterkunde;
- demonstreer 'n ingeligte kennis oor 'n wye reeks voorgeskrewe tekste;
- demonstreer 'n ingeligte begrip van die generiese klassifikasie van literatuur en toepaslike terminologie;
- identifiseer en bespreek die historiese ontwikkeling van Engelse letterkunde en die invloed daarvan op kontemporêre taalgebruik;
- ontleed en bespreek die verband tussen teks en konteks van die voorgeskrewe tekste;
- formuleer akademiese argumente deur die korrekte terminologie te gebruik;
- ontleed, som op en parafraseer 'n gedig akkuraat;
- ontleed 'n gedig deur die toepaslike terminologie te gebruik;
- definieer en bespreek verskillende genres en stylperiodes van poësie, drama en die roman;
- identifiseer die leesstrategieë wat nodig is om waardering vir die spesifieke literêre genres te verhoog;
- definieer en beskryf die genres van komedie en tragedie;
- kategoriseer tekste met betrekking tot genre.

ENG5252	Engels 1	NKR-vlak 5	Krediete = 12

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- demonstreer 'n ingeligte kennis van die Engelse taal in terme van geselekteerde velde in die letterkunde;
- identifiseer en ontleed die kenmerke van Modernisme en Kolonialisme;
- identifiseer en ontleed die kenmerke van die 19de en 20ste eeuse Suid-Afrikaanse Letterkunde;
- demonstreer 'n ingeligte kennis van die historiese ontwikkeling van Engelse letterkunde vanaf die Renaissance tot die tydperk van Modernisme;
- identifiseer en bespreek 'n roman rakende die narratiewe stem en romantieke tegnieke;
- ontleed 'n uittreksel van 'n roman, plaas die uittreksel in die konteks van die roman as geheel en lewer kommentaar op intrige, karakterisering, temas, beelde en literêre middele wat in die uittreksel gebruik word;
- demonstreer 'n ingeligte begrip van die Engelse romantradisie;

- demonstreer 'n ingeligte begrip van die verskillende vorme of dele van die werkwoord;
- identifiseer, kategoriseer en korrigeer foutiewe sinstrukture met verwysing na gefragmenteerde sinne, misplaaste of hangende wysigers, passiewe en aktiewe konstruksies, en gesplete infinitiewe;
- demonstreer 'n ingeligte begrip van die verskillende tye van die werkwoord.

ENG6163	Engels 2	NKR-vlak 6	Krediete = 15

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- demonstreer 'n gedetailleerde kennis van die Engelse taal in terme van geselekteerde velde in letterkunde;
- beskryf die sosio-politieke agtergrond van die voorgeskrewe letterkunde;
- demonstreer 'n gedetailleerde kennis van die datums van die verskillende stylperiodes in Engelse letterkunde;
- demonstreer 'n gedetailleerde begrip van die historiese ontwikkeling van temas, genres en style in Engelse letterkunde;
- bespreek die sosio-politieke bekommernisse van die tekste wat in hierdie module bestudeer word;
- noem en bespreek prominente skrywers in verskillende stylperiodes en genres;
- ontleed 'n teks krities.

ENG6263	Engels 2	NKR-vlak 6	Krediete = 15

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- demonstreer 'n gedetailleerde kennis van die Engelse taal in terme van geselekteerde velde in letterkunde;
- demonstreer 'n gedetailleerde kennis van die belangrikste bekommernisse van die Romantiese beweging, 20ste eeuse Amerikaanse letterkunde, en postmodernisme en wêreldletterkunde;
- skryf 'n kritiese ontleding van enige teks met 'n spesifieke kritiese raamwerk in gedagte;
- lewer kommentaar op en bespreek moderne drama;
- skryf 'n kritiese ontleding van 'n uittreksel uit 'n moderne drama;
- skryf 'n kritiese ontleding van 'n postmoderne teks;
- demonstreer 'n begrip van die ontwikkeling van Engelse letterkunde vanaf die vroeë 19de eeu tot die vroeë 21ste eeu;
- demonstreer 'n gedetailleerde begrip van moderne tragedie;
- skryf 'n kritiese ontleding van 'n uittreksel uit 'n voorgeskrewe roman.

ENG7174	Engels 3	NKR-vlak 7	Krediete = 18

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- toon ’n geïntegreerde kennis van die Engelse taal met betrekking tot geselekteerde velde in die letterkunde;
- lys die datums wat met die Romantiese en Viktoriaanse tydperke geassosieer word;
- bespreek die gees (ethos) van die Viktoriaanse tydperk;
- lys die datums wat met die Moderne tydperk geassosieer word;
- lewer kommentaar op proto-modernisme en die moderne roman;
- toon ’n geïntegreerde begrip van postkolonialisme;
- toon ’n geïntegreerde begrip van die temas en kwessies van die verskillende moderne romans;
- skryf ’n kritiese ontleding van ’n uittreksel uit enige van die voorgeskrewe romans;
- toon die vermoë om goed opgeboude argumente te formuleer met gebruik van toepaslike vakterminologie.

ENG7274	Engels 3	NKR-vlak 7	Krediete = 18

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- Toon ’n geïntegreerde kennis van die Engelse taal met betrekking tot geselekteerde velde in die letterkunde;
- Toon ’n geïntegreerde kennis van die kwessies en innoverende tegnieke van moderne drama en moderne poësie;
- Toon ’n geïntegreerde kennis van die poëtiese strominge van die eerste vyf-en-sewentig jaar van die 20ste eeu: vanaf die vroeë Moderniste, na Oorlogspoësie, tot Hoogmodernisme en “The Movement”;
- ontleed ’n moderne gedig krities;
- identifiseer en bespreek die kwessies en temas van moderne drama, sowel as dramatiese tegnieke en kenmerke van taalgebruik;
- toon ’n geïntegreerde begrip van die gebruik van geskiedenis om kommentaar te lewer op hedendaagse temas en kwessies in die voorgeskrewe tekste;
- formuleer goed opgeboude argumente oor die temas, dramatiese tegnieke en taalkenmerke in die voorgeskrewe toneelstuk;
- toon ’n geïntegreerde kennis van die ontwikkeling van die hoofletterkundige genres oor verskillende tydperke heen;
- bespreek en ontleed krities die ontwikkeling van Engelse letterkunde vanaf die Romantiese en Viktoriaanse tydperke tot en met die Moderne tydperk;
- bespreek en ontleed krities die temas en kwessies van Modernisme;
- toon ’n geïntegreerde begrip van die impak van die Groot Oorlog op Engelse letterkunde;
- toon die vermoë om inligting in te win en ’n goed geformuleerde akademiese ontleding van ’n voorgeskrewe teks te skryf;
- bespreek en ontleed krities die temas en kwessies van Postmodernisme.

Filosofie

FIL5152	Filosofie 1	NKR-vlak 5	Krediete = 12

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- demonstreer 'n ingeligte begrip van die grondmotiewe van Westerse denke en hoe dit in die denke van pre-Sokratiese denkers na vore kom;
- verstaan wat Sokrates en Plato se filosofiese benaderings behels, asook die hoofkenmerke daarvan;
- ken die belangrikste beginsels van Aristoteles se filosofie en demonstreer die vermoë om 'n kritiese oordeel van vroeë Griekse denke te vel;
- toon 'n oorsig van Patristiese denke met spesiale verwysing na Aurelius Augustinus se filosofie;
- verstaan wat die hoofkwessies was waarmee Skolastiese denkers te kampe gehad het, met spesifieke verwysing na Thomas Aquinas;
- toon begrip van die filosofie van Aquinas, sowel as die agteruitgang van Skolastiek soos uitgedruk in die filosofie van Bacon, Scotus en Ockha;
- ken die filosofiese idees van die Renaissance;
- wees bewus van wat Reformatoriese denke behels en vergelyk dit breedweg met Aristoteles en Thomas van Aquinas;
- ken die basiese idees van Cartesianisme en vergelyk dit kortliks met ander strominge;
- toon begrip van die denktradisies vanaf Hume tot Nietzche;
- verstaan wat die "krisis" van humanisme behels;
- onderskei en beskryf die eksistensiële denke van Kierkegaard, Husserl en Sartre en verkry 'n oorsig van kontemporêre filosofiese neigings.

FIL5252	Filosofie 1	NKR-vlak 5	Krediete = 12

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- wees bewus van die kenmerke van lewens- en wêreldbeskouings;
- toon begrip van die deonistiese aard van lewens- en wêreldbeskouing;

- definieer die Calvinistiese perspektief van lewens- en wêreldbeskouing;
- verduidelik die basiese idees van die Christelike lewens- en wêreldbeskouing rakende skepping, die regsorde en rol van die universiteit;
- verstaan die Calvinistiese perspektief op lewens- en wêreldbeskouing en die aard daarvan;
- verduidelik wat filosofiese antropologie is, wat die mensdom as beeld van God behels en wat die implikasies daarvan is;
- verstaan wat die betekenis van die mens as beeld van God vir die filosofiese antropologie behels;
- demonstreer kennis van die belangrikste filosofiese fasette van vryheid en die beginsels van die liberale lewens- en wêreldbeskouing;
- verduidelik wat teologiese, filosofiese en wetenskaplike etiek is en hoe dit binne die sentrale Calvinistiese uitgangspunte figureer;
- toon begrip van 'n filosofiese benadering tot moraliteit;
- gee 'n oorsig oor Calvyn se opvatting van moraliteit;
- bespreek die betekenis van die Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing vir die kultuurlewe.

FIL6163	Filosofie 2	NKR-vlak 6	Krediete = 15

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:
- demonstreer gedetailleerde kennis oor filosofiese denkrigtings in Westerse Filosofie tot die Verligtingstydperk;
- verstaan die spesiale bydraes van gerespekteerde filosowe in die Westerse denktradisie, sowel as die invloed wat dit gehad het op die ontwikkeling van filosofiese denke;
- onderskei en ontleed die belangrikste godsdienstige grondmotiewe wat in Westerse denke verskyn het;
- demonstreer 'n begrip van die fundamentele bydrae wat die Christelike denke gemaak het tot die denktradisie van Westerse Filosofie.

FIL6263	Filosofie 2	NKR-vlak 6	Krediete = 15

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:
- demonstreer dat hulle 'n gedetailleerde begrip het van die taak en die veld van filosofie;
- verstaan die spesifieke funksie wat filosofie vervul as 'n oorhoofse wetenskap;
- toon dat hulle in staat is om die unieke taak van die filosofiese wetenskap te verken en te verstaan;
- demonstreer dat hulle gedetailleerde kennis van filosofie, sentrale konsepte, beginsels en teorieë kan toepas en gebruik in bekende en onbekende kontekste.
- demonstreer wat modaliteit is as 'n spesifieke veld van dissipline en analiseer die inter-modale en dissiplinêre verhoudings op verskillende vlakke van werklikheid;
- toon dat hulle verantwoordelikheid kan neem vir hul eie sienings en keuses of besluite rakende die dissipline sowel as dié van ander in 'n duidelik gedefinieerde konteks of situasie.

FIL7174	Filosofie 3	NKR-vlak 7	Krediete = 18

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:
- toon ’n geïntegreerde kennis van moderne filosofiese strominge en denkskole;
- bewys dat hy/sy ’n uiteensetting kan gee van die belangrikste bydraes tot moderne filosofiese denke;
- bespreek wat die uitbreiding van Rasionaliteit in die Westerse denke behels;
- verstaan wat bedoel word met Christelike Romantisisme en die relevansie daarvan vir die dissipline;
- toon ’n geïntegreerde kennis van Idealisme en kan dit toepas en evalueer ;

- evalueer wat Hegel se bydrae tot die Westerse denke is;
- sintetiseer, evalueer en beoordeel die invloed van Pragmatisme en Anglo-Amerikaanse Idealisme;
- toon dat hy/sy geïntegreerde kennis het van Konfessionalisme en Rasionalisme;
- gee ’n uiteensetting van die onderliggende godsdienstige motiewe wat moderne filosofieë rig;
- gee ’n uiteensetting van die besondere bydrae wat deur die Christelik-filosofiese tradisie gelewer is.

FIL7274	Filosofie 3	NKR-vlak 7	Krediete = 18

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:
- verstaan wat met sistematiese filosofie bedoel word;
- bewys dat hy/sy insig het in filosofie as dissipline en die uniekheid daarvan verstaan;
- bewys dat hy/sy die uniekheid van modale aspekte kan begryp;
- beskryf wat ’n goed gefundeerde filosofiese antropologie behels en kan daaroor standpunt inneem;
- toon dat hy/sy geïntegreerde kennis van Christelike antropologie het;
- identifiseer, ontleed en evalueer die filosofiese aspekte van revolusionisme;
- toon dat hy/sy geïntegreerde kennis het van staatsfilosofiese aspekte as ’n veld van filosofie.

Frans

FRS5152	Frans 1	NKR-vlak 5	Krediete = 12

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:
- demonstreer 'n ingeligte kennis van die Franse taal;
- demonstreer die vermoë om 'n basiese gesprek in Frans te voer;
- demonstreer 'n ingeligte kennis van basiese grammatika;
- demonstreer die vermoë om op 'n eenvoudige manier interaksie te hê;
- demonstreer begrip en beantwoord sekere vrae in die klaskamer.

FRS5252	Frans 1	NKR-vlak 5	Krediete = 12

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:
- demonstreer 'n ingeligte kennis van die Franse taal;
- demonstreer die vermoë om 'n basiese gesprek in Frans te voer;
- demonstreer 'n ingeligte kennis van basiese grammatika;
- demonstreer die vermoë om op 'n eenvoudige manier interaksie te hê;
- demonstreer begrip en beantwoord sekere vrae in die klaskamer.

FRS6163	Frans 2	NKR-vlak 6	Krediete = 15

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:
- demonstreer 'n gedetailleerde kennis van die Franse taal;
- ontleed Franse grammatika;
- verstaan en gebruik gedetailleerde frases en alledaagse uitdrukkings;
- demonstreer die vermoë om 'n gesprek in Frans te voer;
- demonstreer die vermoë om woorde in 'n Franse konteks te plaas.

FRS6263	Frans 2	NKR-vlak 6	Krediete = 15

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:
- demonstreer 'n gedetailleerde kennis van die Franse taal;
- ontleed Franse grammatika;
- verstaan en gebruik gedetailleerde frases en alledaagse uitdrukkings;
- demonstreer die vermoë om 'n gesprek in Frans te voer;
- demonstreer die vermoë om woorde in 'n Franse konteks te plaas;

- demonstreer die vermoë om betekenisvolle teksontleding te doen;
- demonstreer skryfvaardighede.

FRS7174	Frans 3	NKR-vlak 7	Krediete = 18

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- toon ’n geïntegreerde kennis van die Franse taal;
- toon begrip van die belangrikste aspekte van duidelike, standaard bydraes;
- toon die vermoë om alledaagse situasies te hanteer;
- skryf ’n teks oor bekende of persoonlike onderwerpe;
- beskryf ervarings, gebeurtenisse, drome, hoop of ambisies;
- evalueer die bydrae van spesifieke Frankofoon-lande tot die letterkundige en kulturele kanon;
- neem taal- en kultuurverskille tussen Frankryk en Frankofoon-lande waar.

FRS7274	Frans 3	NKR-vlak 7	Krediete = 18

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- toon ’n geïntegreerde kennis van die Franse taal;
- toon begrip van die belangrikste aspekte van duidelike, standaard bydraes;
- toon die vermoë om bekende situasies te hanteer;
- skryf ’n teks oor bekende of persoonlike onderwerpe;
- beskryf ervarings, gebeurtenisse, drome, hoop of ambisies;
- evalueer die bydrae van spesifieke Frankofoon-lande tot die letterkundige en kulturele kanon;
- neem taal- en kultuurverskille tussen Frankryk en Frankofoon-lande waar;
- skryf ’n selfportret;
- skryf ’n mening oor ’n rolprent;
- ontleed ’n verfilming van ’n boek.

Gemeenskapsontwikkeling

COD5252	Gemeenskapsontwikkeling	NKR-vlak 5	Krediete = 12

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- demonstreer 'n ingeligte begrip van gemeenskapsontwikkeling;
- identifiseer en verduidelik wat gemeenskapsontwikkeling is en wat die belangrikheid van gemeenskapsontwikkeling is;
- verstaan die rol van die professionele individu in gemeenskapsontwikkeling;
- verduidelik en neem etiese kodes met betrekking tot gemeenskapsontwikkeling in ag;
- bespreek en beskryf meganismes van gemeenskapsontwikkeling;
- identifiseer, verduidelik, beskryf, bespreek en evalueer verskillende soorte gemeenskapsintervensies;
- beskryf, identifiseer en evalueer verskillende soorte gemeenskapstransformasie;
- beskryf toegang tot, verwerking en bestuur van inligting rakende konsepte van gemeenskappe;
- demonstreer 'n ingeligte kennis van die gemeenskap in modernisme;
- verduidelik die konteks en sisteme van gemeenskappe tussen die individu en die staat en die verhouding tussen hierdie dele;
- verstaan die verhouding tussen tradisie en moderniteit oor gemeenskappe en gemeenskapsontwikkeling;
- bestudeer 'n gemeenskap ten opsigte waarvan die leerder die vermoë toon om standaardmetodes en prosedures binne die veld en dissipline te selekteer en toe te pas.

COD6263	Gemeenskapsontwikkeling	NKR-vlak 6	Krediete = 12

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- demonstreer 'n gedetailleerde kennis van intervensie en die bou van gemeenskappe;

- evalueer gemeenskappe in terme van gesondheid, maatskaplike welstand, sterk- en swakpunte, probleme, intervensies, geleenthede;
- verstaan rolle in deelname aan gemeenskapsbou;
- verduidelik sleutel tegnieke in gemeenskapsbou;
- beskryf die rol van leierskap in die gemeenskap;
- identifiseer en ontleed leierskap, eienskappe en instellings in 'n gemeenskap;
- bestudeer gemeenskappe met betrekking tot wat die leerder die vermoë toon om toepaslike metodes, prosedures en tegnieke binne gedefinieerde kontekste te evalueer, te kies en toe te pas;
- demonstreer die vermoë om voorstelle te maak rakende die oplos van probleme in gemeenskappe;
- beskryf groepsdinamika in subsisteme binne gemeenskappe en die samelewing;
- verstaan die konsep van gemeenskapsontwikkeling binne 'n metafisiese konteks.

Geografie

GRF5152	Geografie 1	NKR-vlak 5	Krediete = 12

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- demonstreer 'n ingeligte kennis van die kernareas van klimatologie en geomorfologie se konsepte, algemene beginsels, reëls en teorieë;
- definieer die studie van geografie;
- ontleed die verskillende sub-dissiplines binne die vak Geografie;
- bespreek die ontwikkelingsgeskiedenis van die vak Geografie;
- selekteer, pas toe, beplan en implementeer standaardmetodes, prosedures en tegnieke binne klimatologie en geomorfologie;
- demonstreer die vermoë om verantwoordelikheid te aanvaar in ooreenstemming met die voorgeskrewe organisatoriese en professionele etiese gedragskodes;
- versamel, kies en evalueer inligting uit 'n wye verskeidenheid bronne, wat mondelinge tradisie, geskrewe en simboliese teks kan insluit, om toepaslike inligting vir spesifieke take te verskaf;
- verduidelik kontemporêre geografie deur drie analitiese metodes te gebruik;
- karteer die aarde en lig sy hoofkomponente uit;
- som die inligting wat verband hou met geografiese inligtingstegnologie op;
- versamel en gebruik inligting wat relevant is en wat die regte konteks van klimatologie en geomorfologie aanvul;
- definieer die konsepte van weer en klimaat sodat die verskille duidelik is;
- verduidelik die intensiteit van sonstraling as gevolg van daglengtes, seisoenale variasies en gepaardgaande sonligduur;
- bespreek die energiebalans in die atmosfeer deur die toepaslike vakterminologie te gebruik;
- identifiseer en demonstreer planetêre lugdrukpatrone op aarde;
- identifiseer die faktore wat die globale klimaat op Aarde beïnvloed;
- ontleed die anatomie van tektoniese plate;
- bespreek die verband tussen die voorkoms van plate, vulkane en aardbewings;
- verduidelik rotsvorming as gevolg van plaattektoniek, vulkanisme, vou en verplasings;
- vergelyk, definieer en bespreek die eksterne prosesse van verwering, erosie, afsetting en massabeweging met mekaar;
- illustreer, verduidelik die hidrologiese siklus (watersiklus) om al die belangrike komponente bymekaar te bring.

GRF5252	Geografie 1	NKR-vlak 5	Krediete = 12

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- demonstreer 'n ingeligte begrip van die kernareas van klimatologie en geomorfologie se konsepte, algemene beginsels, reëls en teorieë;

- demonstreer 'n ingeligte begrip van die studie van kartografie;
- definieer en bespreek die doel van kaarte;
- ontleed die verskillende tipes kaarte wat voortspruit uit die doel en bruikbaarheid van die kaarte;
- bepaal die verwysingsnommers van die spesifieke topografiese en ortofotokaarte, gebaseer op die koördinate van 'n plek of gebied in Suid-Afrika;
- identifiseer, differensieer en bereken verskillende tipes skale;
- bereken oppervlakte-oppervlaktes van enige gebied op 'n kaart (met 'n skaal of waarvan die skaal bepaal kan word);
- onderskei tussen ware geografiese en magnetiese rigting;
- onderskei tussen ware geografiese peiling en magnetiese peiling;
- definieer magnetiese deklinasie;
- definieer kontoere en kontoere tussen spasies;
- herken eenvoudige landvorme en tipes hellings deur kontoere te gebruik;
- identifiseer en definieer verskillende tipes lugfoto's sowel as hul doel;
- bespreek satelliete en GIS as nuttige hulpmiddels vir geograwe;
- interpreteer kaarte en pas teorie toe om die fisiese verskynsels op kaarte te herken;
- definieer die vakterminologie rakende meteorologie en sinoptiese weerkaarte;
- interpreteer weerkaarte;
- interpreteer weerkaarte en pas teoretiese werk in klimatologie toe om sinoptiese weerkaarte beter te verstaan;
- definieer die algemene konsepte rakende meteorologie en sinoptiese weerkaarte;
- pas teoretiese werk in klimatologie toe om sinoptiese weerkaarte beter te verstaan;
- verstaan die daaglikse praktiese ervarings van daaglikse weerstoestande en koppel dit aan die interpretasie van sinoptiese weerkaarte en lê/trek verbande;
- pas teoretiese werk in klimatologie toe om sinoptiese weerkaarte beter te verstaan - spesifiek tipe drukstelsels, wolkvorming en neerslagtipes.

GRF6163	**Geografie 2**	**NKR-vlak 6**	**Krediete = 15**

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- demonstreer 'n gedetailleerde kennis van die studie van geografie en die subveld bevolkingsgeografie;
- ontleed die redes waarom stedelike geografie bestudeer moet word;
- definieer die stad as entiteit en kwaliteit;
- verduidelik die betekenis van die konsepte ruimte en plek met betrekking tot stedelike geografie;
- ondersoek die oorsprong en groei van dorpe en stede;
- demonstreer 'n gedetailleerde begrip van die geskiedenis en ontwikkeling van die stedelike omgewing;
- bespreek die verhouding tussen verstedeliking, stedelike groei en stedelikheid in terme van die globale stedelike patroon;
- onderskei tussen die tipes verstedelikte streke;
- definieer die konsep, eienskappe en vlakke van nasionale stedelike stelsels;
- vergelyk verskillende teorieë van stedelike stelsels met mekaar;
- identifiseer en verduidelik die funksionele rol van rolspelers in die produksieproses van dorpsontwikkeling;
- bespreek die sentrale sakegebied as 'n grondgebruik tipe in die stad;
- identifiseer en klassifiseer die verskillende behuisings in die behuisingsmark omgewing;
- wys die verband aan tussen die lewensiklus van 'n buurt en die kontinuum van buurtveranderinge;
- ontleed en klassifiseer die verskillende kleinhandel tipes binne die stedelike kleinhandelstruktuur;

- ontleed die vervoerprobleme in stedelike gebiede en moontlike volhoubare oplossings en drywers daarvoor;
- bespreek die globale ekonomie in vergelyking met die ekonomie van stede;
- verduidelik stedelike verandering en die impak daarvan op die stedelike en globale ekonomie;
- verduidelik die geografie van armoede;
- ondersoek die teorieë, aard, dimensies, geografie en uitbreiding van ontbering;
- verduidelik die gebiedsgebaseerde benadering tot ontbering;
- onderskei tussen die verskillende stedelike bevolkings (insluitend sosiale, kulturele en ouderdomsgroepe) en hul ervaring van stedelike lewe.

GRF6263	Geografie 2	NKR-vlak 6	Krediete = 15

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- demonstreer 'n gedetailleerde kennis van die studie van geografie en die subveld omgewing;
- verduidelik die wederkerige invloed wat die mens op sy omgewing het;
- verduidelik die rede waarom die vind van oplossings vir omgewingsprobleme gewoonlik lei tot die studie van stelsels en hul verandering;
- verduidelik die werking van 'n natuurlike stelsel: balans, invoer-uitvoer analise en terugvoer;
- bespreek die verskillende vloeiwyses van 'n stelsel;
- hersien die volgende algemene begrippe met betrekking tot bevolkingsgeografie en die term wat verband hou met die direkte of indirekte invloed van die bevolking op die omgewing - bevolkingsdinamika, bevolking, spesiedemografie;
- definieer biologiese diversiteit;
- verduidelik hoe geografie en geologie biodiversiteit kan beïnvloed;
- evalueer die belangrikheid van woude vir mense;
- identifiseer die kenmerke en voordele van woude;
- verduidelik die wette van energie-doeltreffendheid;
- bespreek tipes energie en energieverbruik;
- verduidelik die kernkragsiklus, die verhouding daarvan tot die omgewing en verwante probleme;
- bespreek die probleem van waterbesoedeling - oppervlakwater en grondwater;
- bespreek die belangrikheid van water en waterbestuur.

GRF7174	Geografie 3	NKR-vlak 7	Krediete = 18

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- toon ’n geïntegreerde kennis van Geografie en die subveld van volhoubare ontwikkeling;
- toon ’n geïntegreerde begrip van die aard, oorsake en huidige stand van onderontwikkeling;
- definieer die balansstaat van ontwikkeling en beskryf ook die betekenis daarvan in hedendaagse terme;
- verduidelik die rol wat armoede en ontbering in ontwikkelende lande speel en bepaal of dit tot ’n wêreldkrisis bydra;
- konseptualiseer die begrip volhoubare ontwikkeling en identifiseer die kernfokusareas van die konsep;
- bespreek die veranderende persepsies en sienings van volhoubare ontwikkeling vanaf die 1950’s tot in die twintigste eeu;
- dui wêreldwye uitdagings aan en bespreek dit krities met verwysing na natuurlike hulpbronne;
- verduidelik die uitdagings van bevolkingsgroei as gevolg van vraag en verbruik van natuurlike hulpbronne;

- bespreek die uitdagings van armoede en ongelykheid binne die konteks van die Millennium-ontwikkelingsdoelwitte op ’n kritiese wyse;
- bespreek die kwessie van internasionale lenings en skuld van ontwikkelende lande in die proses om volhoubare ontwikkeling te bereik;
- identifiseer die belangrikheid van landelike ontwikkeling in die bereiking van die Millennium-ontwikkelingsdoelwitte;
- bespreek armoede as deel van ’n wêreldkrisis;
- vergelyk demokratiese ontwikkeling, goeie regering en ontwikkeling;
- ondersoek die begrip, doelwitte en veranderende sienings van volhoubare ontwikkeling;
- dui die wêreldwye uitdagings vir volhoubare ontwikkeling aan;
- bestudeer volhoubare ontwikkeling in landelike en stedelike gebiede;
- identifiseer die verskillende rolspelers in die proses van volhoubare ontwikkeling en hul aktiwiteite;
- bepaal die faktore en redes vir die toenemende globalisering van die landbouvoedselsisteem;
- ontleed die uitdagings van volhoubare landbou-ontwikkeling;
- bespreek die verband tussen verstedeliking en sosio-ekonomiese ontwikkeling;
- bespreek die rol van aanwysers wat die weg wys na ’n meer suksesvolle proses en patroon van volhoubare ontwikkeling.

GRF7274	Geografie 3	NKR-vlak 7	Krediete = 18

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- toon ’n geïntegreerde kennis van Geografie en die subveld van bevolkingsgeografie;
- toon ’n geïntegreerde begrip van die historiese agtergrond van Suid-Afrika en die invloed daarvan op die geografie van Suid-Afrika;
- som die politieke veranderinge in Suider-Afrika op en bepaal die invloed daarvan op die geografie;
- ontleed die kulturele geografie van Suid-Afrika, veral die veranderinge ná die nuwe politieke orde van ’n nuwe Suid-Afrika;
- ondersoek die veranderende bevolkingsstruktuur van Suid-Afrika;
- bespreek die ekonomiese ontwikkeling en groei van Suid-Afrika;
- toon ’n geïntegreerde kennis van stedelike strukture en veranderinge binne Suid-Afrika;
- ontleed Suid-Afrikaanse vervoernetwerke en tendense oor tyd en vergelyk mobiliteit en toeganklikheid wat daarmee verband hou oor tyd;
- identifiseer veranderinge en ontwikkelings in landbou- en landelike gebiede in Suid-Afrika;
- bespreek krities die breër geologiese raamwerk en meer spesifiek die perspektiewe van Suider-Afrika en Suid-Afrika se geologiese geskiedenis;
- navors die klimaat van Suider-Afrika en Suid-Afrika, sowel as die oorsake en gevolge van klimaatsverandering oor tyd;
- verduidelik die redes en gevolge van landskapontwikkeling in Suid-Afrika;
- formuleer goed opgeboude argumente oor die invloed van omgewingswetgewing en wette in die algemeen, en meer spesifiek in Suid-Afrika.

Geskiedenis

GES5152	Geskiedenis 1	NKR-vlak 5	Krediete = 12

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- demonstreer ‘n ingeligte begrip van die kernareas, sowel as konsepte, feite en algemene beginsels van geskiedenis;
- onderskei tussen en definieer sekere historiese konsepte;
- beskryf geskiedskrywing as ‘n proses;
- verstaan en verduidelik die verband tussen historiese tydperke;
- beskryf kortliks die oorsprong van die eerste beskawings in die Nabye Ooste;

- ken en gee ‘n paar feite weer oor die aard van die volgende beskawings: Sumeriërs, Akkadiërs, Babiloniërs, Egiptenaars, Hetiete, Assiriërs, Perse en Hebreërs;
- verstaan en verklaar die godsdienstige oriëntasie van die antieke Nabye-Ooste;
- beskryf kortliks enkele prestasies van die Nabye-Oosterse beskawings;
- dra kennis van die vroeë Egeïese beskawings;
- beskryf die ontwikkeling van die Griekse stadstate;
- beskryf die invloed van die skrywer Homerus op die Griekse lewensuitkyk en godsdiens;
- bespreek die stadstaat Athene as die versinnebeelding van die ideaal van politieke vryheid;
- beskryf die Persiese oorloë en dui die betekenis daarvan aan;
- beoordeel die beperkings, tekortkominge en betekenis van die Atheense demokrasie;
- beskryf die Peloponnesiese oorlog kortliks en dui die betekenis daarvan aan;
- bespreek en beoordeel die Klassieke era of hoogtepunte van die Griekse kuns;
- beskryf die Hellenistiese tyd en kultuur;
- bespreek die belangrikste twee filosofiese denkrigtings van die Hellenistiese tyd;
- dra kennis van en gee enkele feite weer oor die drie tydperke in die Romeinse geskiedenis;
- toon aan hoe die kultuur van die Republiek en die Rykstydperk verskil het;
- bespreek die Rykstydperk in terme van: Wet en orde, Letterkunde en geskiedskrywing, Filosofie, Wetenskap, Kuns en argitektuur, Vermaak en vryetydsbesteding.
- bespreek die Romeinse prestasie kortliks;
- posisioneer die Christelike godsdiens in die Romeinse Ryk;
- beskryf die ontstaan van die kloosterwese;
- bespreek die rol van die kerkvaders;
- verstaan en verduidelik waarom die Christelike godsdiens as ‘n sintese van die Hebreeuse – en Grieks-Romeinse tradisies beskou word;
- beskryf die Klassieke Humanisme en die Christendom as twee hoofkomponente van die moderne, Westerse beskawing;
- tref ‘n beknopte vergelyking te tussen die geskiedenis en kultuur van die Wes- en Oos-Romeinse Ryke voor en gedurende die Middeleeue;
- verklaar wat die Heilige Romeinse Ryk was en beskryf die rol daarvan in die Middeleeue;
- bespreek die aard en denkwyse van die Middeleeuse samelewing;
- verduidelik hoe die feodale stelsel gefunksioneer het;
- bespreek die rol van die Kerk in die Middeleeue;
- toon die betekenis van kuns en argitektuur in die Middeleeue aan;
- toon die aard en invloed van die Kruistogte kortliks aan;
- ken Romaanse en Gotiese argitektuur uit, noem die belangrikste stylkenmerke van elk en verduidelik hoe die argitektuur die tydsgees verpersoonlik;
- verstaan die redes vir die kulturele ontwaking in die 11de en 12de eeue;
- bespreek die opkoms van handel en stede;
- gee die aard en kenmerke van die Middeleeuse stad weer;
- bespreek die ontstaan en funksionering van die gildes in die Laat-Middeleeue;
- bespreek die Hoog- of Laat-Middeleeuse wêreldbeskouing;
- dui die kontinuïteit en diskontinuïteit van die Middeleeuse wêreldbeskouing aan;
- definiëer die volgende begrippe: Renaissance, Humanisme, Hervorming;
- bespreek die samelewing van ongeveer 1400-1600 in terme van:
  - die kontras wat daar met die Middeleeue bestaan het;
  - die klassestruktuur,
  - die belangstelling in die Klassieke kultuur;
- noem op en omskryf kortliks die kenmerke van die Renaissance-mens;
- dra kennis van die ontwikkeling in die wetenskap en kuns gedurende hierdie tyd;

- ken Renaissance-argitektuur uit en bespreek die belangrikste eksponente en kenmerke daarvan;
- lys die kenmerke van die skilder- en beeldhoukuns van die tyd kortliks;
- bespreek die betekenis van die Renaissance en die Humanisme;
- verduidelik die oorsprong en aard van die Humanisme;
- bespreek Desiderius Erasmus as die belangrikste Nederlandse Humanis;
- dra kennis van enkele Duitse, Franse en Engelse Humaniste;
- verstaan die invloed van die Humanisme op die Kerkhervorming;
- verduidelik kortliks hoe die Kerkhervorming plaasgevind het en wat Calvinisme is;
- bespreek die verloop en gevolge van die Beeldestorm;
- verduidelik die invloed van die Hervorming op die kunste in Nederland;
- bespreek die ontstaan van die Barok as kultuurstroming en teenreaksie op die Renaissance;
- dra kennis van die Kontra-Reformasie en die Barok as kerklike kunsuiting;
- beskryf die aard en struktuur van die samelewing tydens die tydperk;
- bespreek die geestesingesteldheid en lewenswyse van die Barokmens;
- ken uit en noem die kenmerke van Barokkuns op;
- bespreek Barokargitektuur kortlik;
- omskryf die Rococotyd kortliks.

GES5252	Geskiedenis 1	NKR-vlak 5	Krediete = 12

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- bespreek die lewenswyse en bewegings van die vroeë inwoners van die Afrikaanse sub-kontinent kortliks;
- noem en bespreek kortliks die eerste Oosterse en Europese besoekers aan Suidelike Afrika;
- bespreek en verstaan die Nederlandse setlaars se koms en Jan van Riebeeck se opdrag en nalatenskap;
- bespreek die aard en groei van die koloniale gemeenskap aan die Kaap;
- beskryf die koms en bydrae van die Franse en Duitse setlaars;
- bespreek die koms, regte en pligte van die eerste slawe aan die Kaap;
- bespreek Simon van der Stel se bewindstyd;
- verduidelik die ontstaan van die veeboer in Suid-Afrika;
- verduidelik waarom en hoe Groot Brittanje die Kaap die Goeie Hoop in 1795 in besit geneem het;
- verduidelik die redes vir en verloop van die koms van die Britse Setlaars;
- verduidelik die Slagtersnek-rebellie breedvoerig;
- bespreek die ontstaan en groei van die Engelse nedersetting in Port Natal;
- duidelik uiteen te sit wat die Mfecane was en hoe dit plaasgevind het;
- bespreek die ontwikkeling en uitbreiding van Shaka se ryk en sy 12 jaarlange bewindstyd;
- beskryf en verklaar kortliks die toestand op die Oos-grens van die Kaapkolonie en waarom dit bygedra het tot die Groot Trek;
- skryf kort aantekeninge oor elk van die verskillende trekgeselskappe;
- bespreek die Slag van Vegkop;
- verduidelik wat by Thaba Nchu gebeur het toe die verskillende geselskappe daar ontmoet het en watter twispunte daar bestaan het;
- bespreek die direkte oorsake, verloop en gevolge van die Slag van Bloedrivier;
- bespreek die kortstondige bestaan van die Republiek Natalia;
- beskryf die omstandighede waarbinne die Vrystaatse Republiek tot stand gekom het;
- verhaal die vroeë geskiedenis van die ZAR kortliks;
- voer ‘n beperkte genealogiese ondersoek uit;

- verduidelik wat die doel en nut van genealogie is;
- verskaf ‘n kort opsomming van die geskiedenis van genealogie as studieveld;
- interpreteer en verstaan die oorsprong en aard van familiewapens;
- ontwerp ‘n eenvoudige embleem volgens die internasionaal aanvaarde heraldiese riglyne;
- beskryf bogenoemde ontwerp in korrekte heraldiese taalgebruik;
- interpreteer en verstaan die oorsprong en aard van sekere Afrikaanse familiename;
- gee enkele feite oor die vestiging van ‘n Indiër-bevolking in Natal weer;
- gee enkele feite oor die ontdekking van diamante in Suid-Afrika weer;
- bespreek die omstandighede wat daartoe aanleiding gegee het dat Brittanje die ZAR in 1877 geannekseer het, kortliks;
- bespreek die redes en verloop van die eerste Britse inval in Zoeloeland tydens die Anglo-Zoeloe-oorlog kortlik;
- beskryf die gebeure vanaf die Tweede Inval tydens die Anglo-Zoeloe-oorlog tot die einde van die Zoeloe-koninkryk in 1887 kortliks;
- gee enkele biografiese feite oor Paul Kruger weer;
- beskryf die verloop van die oorlog kortliks;
- bepaal en verduidelik die betekenis van die Slag van Majuba;
- sit die bevolkingsamestelling van die Afrikaner kortliks uiteen;
- verduidelik hoekom die stamouers van die Afrikaner na Suid-Afrika gekom het en wat hulle aard was;
- bespreek die verskillende hoofgroepe waaruit die Afrikaner afstam se bydraes in terme van genetika en kulturele beïnvloeding;
- verduidelik hoe die bodemgesteldheid en die kultuur van ‘n land mekaar wedersyds beïnvloed en verskaf voorbeelde van kultuuraspekte wat ten nouste verwant is aan die bodem;
- sit die wisselwerkende proses uiteen wat plaasgevind het tussen die Suid-Afrikaanse bodem en die ontwikkeling van die Afrikanerkultuur as ‘n gevallestudie van die verskynsel dat bodem en kultuur mekaar wedersyds beïnvloed.

GES6163	Geskiedenis 2	NKR-vlak 6	Krediete = 15

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- bespreek die lewenswyse en bewegings van die vroeë inwoners van die Afrikaanse sub-kontinent kortliks;
- noem en bespreek kortliks die eerste Oosterse en Europese besoekers aan Suidelike Afrika;
- bespreek en verstaan die Nederlandse setlaars se koms en Jan van Riebeeck se opdrag en nalatenskap;
- bespreek die aard en groei van die koloniale gemeenskap aan die Kaap;
- beskryf die koms en bydrae van die Franse en Duitse setlaars;
- bespreek die koms, regte en pligte van die eerste slawe aan die Kaap;
- bespreek Simon van der Stel se bewindstyd;
- verduidelik die ontstaan van die veeboer in Suid-Afrika;
- verduidelik waarom en hoe Groot Brittanje die Kaap die Goeie Hoop in 1795 in besit geneem het;
- verduidelik die redes vir en verloop van die koms van die Britse Setlaars;
- verduidelik die Slagtersnek-rebellie breedvoerig;
- bespreek die ontstaan en groei van die Engelse nedersetting in Port Natal;
- duidelik uiteen te sit wat die Mfecane was en hoe dit plaasgevind het;
- bespreek die ontwikkeling en uitbreiding van Shaka se ryk en sy 12 jaarlange bewindstyd;
- beskryf en verklaar kortliks die toestand op die Oos-grens van die Kaapkolonie en waarom dit bygedra het tot die Groot Trek;

- skryf kort aantekeninge oor elk van die verskillende trekgeselskappe;
- bespreek die Slag van Vegkop;
- verduidelik wat by Thaba Nchu gebeur het toe die verskillende geselskappe daar ontmoet het en watter twispunte daar bestaan het;
- bespreek die direkte oorsake, verloop en gevolge van die Slag van Bloedrivier;
- bespreek die kortstondige bestaan van die Republiek Natalia;
- beskryf die omstandighede waarbinne die Vrystaatse Republiek tot stand gekom het;
- verhaal die vroeë geskiedenis van die ZAR kortliks;
- voer ‘n beperkte genealogiese ondersoek uit;
- verduidelik wat die doel en nut van genealogie is;
- verskaf ‘n kort opsomming van die geskiedenis van genealogie as studieveld;
- interpreteer en verstaan die oorsprong en aard van familiewapens;
- ontwerp ‘n eenvoudige embleem volgens die internasionaal aanvaarde heraldiese riglyne;
- beskryf bogenoemde ontwerp in korrekte heraldiese taalgebruik;
- interpreteer en verstaan die oorsprong en aard van sekere Afrikaanse familiename;
- gee enkele feite oor die vestiging van ‘n Indiër-bevolking in Natal weer;
- gee enkele feite oor die ontdekking van diamante in Suid-Afrika weer;
- bespreek die omstandighede wat daartoe aanleiding gegee het dat Brittanje die ZAR in 1877 geannekseer het, kortliks;
- bespreek die redes en verloop van die eerste Britse inval in Zoeloeland tydens die Anglo-Zoeloe-oorlog kortlik;
- beskryf die gebeure vanaf die Tweede Inval tydens die Anglo-Zoeloe-oorlog tot die einde van die Zoeloe-koninkryk in 1887 kortliks;
- gee enkele biografiese feite oor Paul Kruger weer;
- beskryf die verloop van die oorlog kortliks;
- bepaal en verduidelik die betekenis van die Slag van Majuba;
- sit die bevolkingsamestelling van die Afrikaner kortliks uiteen;
- verduidelik hoekom die stamouers van die Afrikaner na Suid-Afrika gekom het en wat hulle aard was;
- bespreek die verskillende hoofgroepe waaruit die Afrikaner afstam se bydraes in terme van genetika en kulturele beïnvloeding;
- verduidelik hoe die bodemgesteldheid en die kultuur van ‘n land mekaar wedersyds beïnvloed en verskaf voorbeelde van kultuuraspekte wat ten nouste verwant is aan die bodem;
- sit die wisselwerkende proses uiteen wat plaasgevind het tussen die Suid-Afrikaanse bodem en die ontwikkeling van die Afrikanerkultuur as ‘n gevallestudie van die verskynsel dat bodem en kultuur mekaar wedersyds beïnvloed.

GES6263	Geskiedenis 2	NKR-vlak 6	Krediete = 15

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- bespreek die omvang en invloed van die goudmynbedryf aan die Rand;
- dui aan en bespreek President Kruger se hantering van die Uitlandergriewe;
- verstaan wat die aard en gevolge van Cecil John Rhodes se karakter en politieke loopbaan op die Suid-Afrikaanse geskiedenis is;
- bespreek die Jameson-inval breedvoerig;
- verduidelik waarom pres. Kruger ‘n ultimatum aan die Britse regering gestel het;
- bespreek die strategie van die Boere-offensief in die eerste fase van die oorlog kortliks;
- verklaar waarom die Britse Pers die eerste week van Desember 1899 as “Swart week” bestempel het;
- bespreek die strategie van die Britse-offensief in die tweede fase van die oorlog kortliks;
- bespreek die laaste fase van die oorlog;

- verduidelik wat die Britte se Konsentrasiekampbeleid behels het en wat die gevolge daarvan was;
- bespreek die vredesonderhandelinge en -bepalings kortliks;
- som die toestand en gebeure in Suid-Afrika na afloop van die oorlog kortliks op;
- sit die voordele van Uniewording vir die Britte uiteen;
- verduidelik hoe die proses van Uniewording verloop het van 1906 tot 1910;
- bespreek die eerste tekens van swart nasionalisme;
- bespreek die redes, verloop en uiteinde van die 1914-Rebellie kortliks;
- verskaf enkele biografiese feite rondom Jan Christiaan Smuts;
- bespreek die Suid-Afrikaanse Weermag se betrokkenheid by die oorlog in terme van die volgende drie veldtogte kortliks: Suidwes-Afrika-veldtog, Oos-Afrika-veldtog, Slag van Delville-bos;
- dui verder kortliks aan wat nie-blanke Suid-Afrikaners se bydrae tot die oorlog was;
- toon ‘n breë begrip van die sosiale, ekonomiese en politieke omstandighede in Suid-Afrika tussen die twee Wêreldoorloë;
- verduidelik wat met die volgende stelling bedoel word – “Die nuus dat Groot Brittanje op 3 September 1939 oorlog teen Duitsland verklaar het, het die land [Suid-Afrika] weer verdeel;”
- bespreek Suid-Afrika se betrokkenheid by die Tweede Wêreldoorlog ten opsigte van die volgende aspekte: Die Unie se Verdedigingswet, Die Veldtog in Oos-Afrika, ook genoem die Abessiniese Veldtog, 1940, Die Verowering van Madagaskar, 1942, Die Veldtog in Noord-Afrika, ook genoem die Veldtog in die Westelike Woestyn, 1941-1943, Die SA-Vloot se betrokkenheid, Die SA-Lugmag se betrokkenheid, Die Veldtog in Italië, 1944-1945, Anderskleuriges se bydrae, Suid-Afrika se bydrae op ander gebiede;
- skets die ekonomiese toestand in Suid-Afrika na die oorlog kortliks;
- spreek ‘n mening uit oor die mate van ondersteuning wat afsonderlike ontwikkeling voor 1948 geniet het en verskaf voorbeelde verskaf om die mening te staaf;
- verduidelik kortliks hoe die teenstanders en die ondersteuners van die beleid van Apartheid dit onderskeidelik na 1948 beskou het;
- verstaan en sit die weg na Republiekwording in Suid-Afrika verstaan en kortliks uiteen;
- verduidelik hoe dit gebeur het dat Suid-Afrika teen 1980 internasionaal geïsoleerd was;
- som die veldtog vir swart politieke mag in Suid-Afrika na 1948 kortliks op;
- verskaf redes vir, asook enkele feite oor die verloop van die Suid-Afrikaanse weermag se betrokkenheid by die oorloë in Angola en Mosambiek;
- verduidelik waarom die oorlog in Namibië uitgebreek het, wat die aard daarvan was en hoe vrede en onafhanklikheid uiteindelik bewerkstellig is;
- bespreek die einde van die NP-bewind en die oorgang na die Nuwe Suid-Afrika;
- dra kennis van die bekendste Suid-Afrikaanse skilders;
- wees ingelig oor die hoofkunsstrominge in Suid-Afrika in die 20ste eeu;
- verduidelik hoe kuns die samelewing se geestesgesteldheid weerspieël;
- definiëer die begrippe Africana, Antiek en Memorabilia.

GES7174	Geskiedenis 3	NKR-vlak 7	Krediete = 18

Die module bestaan uit vier afdelings waarvan studente twee vir bestudering kies.
Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

Keuse-afdeling A - Erfenishulpbronbestuur

- definiëer die volgende begrippe: Erfenis, Kulturele erfenis, Natuurlike terrein of gebied, Bewaringsgebied, Wêrelderfenisterrein, Erfenishulpbron, Erfenishulpbronbestuur;
- bespreek die betekenis en waarde van erfenis;
- bepaal, noem op en omskryf die faktore wat die betekenis of waarde van erfenishulpbronne bepaal;
- verduidelik waarom dit belangrik is om die betekenis of waarde van erfenishulpbronne te bepaal;

- demonstreer ‘n ingeligte verstaan van die kernareas, asook konsepte, feite en algemene beginsels van erfenisbewaring;
- definieer die terme erfenishulpbronne, erfenishulpbronbestuur en kulturele erfenishulpbronne deeglik;
- bespreek die doel van erfenishulpbronbestuur;
- lewer kommentaar op die stand van erfenishulpbronbestuur in die Westers wêreld en in Afrika;
- verduidelik wat die kenmerke van kulturele betekenis van erfenishulpbronne is;
- bespreek die proses van waardepaling van erfenishulpbronne;
- verduidelik watter bestuursimplikasies die proses van waardebepaling inhou;
- beskryf die uitdagings met betrekking tot die bestuur van erfenishulpbronne;
- verstaan die uitdagings met betrekking tot --die bestuur van erfenishulpbronne;
- bespreek die beginsel van *volhoubare bestuur van erfenishulpbronne*;
- verduidelik hoe die debat oor toegangsfooie die bestuur van erfenishulpbronne beïnvloed;
- hanteer en interpreteer die *Wet op Nasionale Erfenishulpbronne* en verstaan waarna die definisies soos in die Wet vervat, verwys;
- verduidelik wat die Nasionale raamwerk vir die bestuur van erfenishulpbronne in Suid-Afrika, soos in die Wet uiteengesit, behels;
- noem die algemene funksies van SAEHA op;
- noem die funksies, bevoegdhede en pligte van provinsiale erfenishulpbronowerhede op;
- bespreek die sewe vorme van formele beskerming en vyf vorme van algemene beskerming waarvoor daar in die Wet voorsiening gemaak word;
- neem kennis van die bepalings in artikels 39-61 van die Wet;
- kennis neem van die belangrikste internasionale ooreenkomste en wetgewing in erfenisbewaring;
- bespreek kortliks: *The World Heritage Convention*, *The World Heritage Committee*, *The World Heritage List;*
- noem en bespreek die Suid-Afrikaanse wêrelderfenisterreine kortliks;
- bespreek kortliks die betekenis van: *Burra Charter*, *Nara Document*, *Declaration of San Antonio on Authenticity*, *UNIDROIT Convention on stolen or illegally exported cultural objects;*
- verduidelik die voordele of belangrikheid van strategiese beplanning in erfenisbestuur;
- verduidelik wat die verskil is tussen ‘n bewaringsbestuursplan en ‘n geïntegreerde bestuursplan;
- bespreek die stappe om ‘n bestuursplan op te stel;
- verduidelik hoe ‘n situasie-analise gedoen word;
- verstaan en verduidelik die finansiële bestuursdoelwitte vir erfenisbewaring;
- bespreek die formule vir die vermeerdering van wins;
- verduidelik wat die simbiotiese verhouding tussen erfenishulpbronne en hul besoekers behels;
- verduidelik wat die konvensionele benadering tot die bestuur van besoekers behels;
- stel ‘n nuwe, uitgebreide benadering tot die bestuur van besoekers voor;
- bespreek die verskillende vereistes by die bestuur van verskillende soorte erfenishulpbronne;
- bespreek belangrikheid van bemarking in erfenishulpbronbestuur;
- verduidelik die bemarkingsproses;
- definieer en bespreek marksegmentering, teikenbemarking en posisionering;
- verstaan en verduidelik die proses wat gevolg word tydens ‘n erfenis-impakstudie;

Keuse-afdeling B – Die Anglo-Boereoorlog

- verduidelik hoe Britse Imperialisme en Afrikanernasionalisme aan die einde van die 19de eeu in botsing gekom het;

- wys die implikasies van die Konvensie van Pretoria (1881), die Konvensie van Londen (1884), die ontdekking van goud aan die Witwatersrand (1886) en Brits-Duitse verhoudings in die aanloop tot die oorlog uit;
- verduidelik hoe die Uitlanderkwessie gebruik is om ander politieke oogmerke te bereik;
- bespreek die direkte gevolge van die Jameson-inval;
- verduidelik hoe die Bloemfonteinse Konferensie verloop het;
- bespreek die Boere-offensief;
- bespreek die mislukte eerste Britse offensief;
- bespreek die geslaagde tweede Britse offensief;
- verstaan en dui aan wat bewegingskryg is en hoe dit beslag gekry het na die val van Pretoria onder Roberts en Kitchener se beheer onderskeidelik;
- beskryf die vredesonderhandelings en uiteindelike vredesondertekening;
- vorm ‘n duidelike begrip van die aard en karakter van die deursnee Britse soldaat wat aan die oorlog deelgeneem het;
- verduidelik hoe die weermagte van die Boererepublieke daaruit gesien het;
- bespreek die lewe op kommando;
- verduidelik die emosionele uitwerking van die oorlog op die Boerekommando’s;
- verklaar wat die redes vir en ligging van krygsgevangenekampe was;
- bespreek die lewe in die krygsgevangenekampe;
- verduidelik wat die geestelike uitwerking van die kampe op die gevangenes was;
- verstaan en bespreek die beleid van *Verskroeide aarde*;
- beskryf en beoordeel die toestande in die konsentrasiekampe;
- verduidelik aan die hand van voorbeelde wat die vrouevluglaers was en hoe dit gefunksioneer het;
- verduidelik wie die *hensoppers* en *joiners* in die oorlog was;
- bespreek die beskouing van *hensoppers* en *joiners* deur die Britte en die Boere;
- beskryf die rol van agterryers in die oorlog;
- bespreek die belangstelling wat die oorlog in Europa en die VSA gewek het;
- verduidelik wat die betokkenheid en houding van die res van die wêreld behels het;
- sit die gevolge van die oorlog deeglik uiteen.

Keuse-afdeling C – Die Groot Trek

- verduidelik kortliks wie die Trekkers was;
- weet uit watter gebied elke trekgeselskap afkomstig was;
- verhaal in breë trekke die verloop van die Trek chronologies;
- skryf kort aantekeninge oor elk van die Trekleiers;
- neem kennis van die belangrikste bronne oor die Groot Trek;
- bespreek die Trekkers se verhouding met ander volke op die Trek breedvoerig;
- neem kennis van belangrike take wat afgehandel moes word voor die Trek kon begin;
- neem kennis van wat alles op trek saamgeneem moes word;
- toon aan of daar bediendes was wat die Trek meegemaak het en verduidelik wat die Trekkers se verhouding met hierdie bediendes was;
- beskryf die moeilikhede rondom die verhuising met diere;
- beskryf die onstaan en bou van die ossewa;
- verduidelik kortliks hoe ‘n wa ingespan en aangedryf word, asook uitgespan word;
- bespreek die moeilikhede wat die Trekkers met hulle waens beleef het, asook die herstelwerk aan die waens;
- beantwoord **kortvrae** oor die Trekkers se kos en klere;
- beantwoord **kortvrae** oor waarom, hoe en waarmee die Trekkers self noodsaaklike gebruikartikels vervaardig het;
- verduidelik hoe die jagtersbestaan die lewe op die Trek beïnvloed en die kultuur van die Trekkers help vorm het;
- bespreek die politieke en militêre organisasie op die Groot Trek;

- beantwoord **kortvrae** oor die wapens van die Voortrekkers;
- gee ‘n beskrywing van die medisyne en rate wat die Trekkers tot hulle beskikking gehad het;
- beskryf enkele gebruike rondom dood en begrafnis;
- beskryf die godsdienstige en kerklike belewenis van die mense op die Groot Trek;
- bespreek doop- en huweliksregisters en ander geskrifte tot die Trekkers se beskikking;
- verduidelik hoe die Trekkers verseker het dat hulle kinders nie ongeletterd en onopgevoed in die binneland word nie;
- beantwoord **kortvrae** oor hoe mense op die Groot Trek hulle beperkte vryetyd bestee het;
- beskryf die rol wat smouse in die lewe van die Trekkers gespeel het;
- beskryf die eerste argitektoniese strukture wat die Trekkers in die binneland

Keuse-afdeling D – Verstedeliking in Suid-Afrika en twintigste eeuse Afrikanerkultuur

- definieer die volgende begrippe: opper- en onderkultuur, kulturele tydsgees, die verband tussen kultuurperiodes, die dinamiese aard van kultuur, die proses van akkulturasie, dekulturasie, kultuurontwikkeling, verwestering, dubbelkultuur, kontrakultuur;
- beskryf die term verstedeliking as ‘n demografiese begrip;
- beskryf die term verstedeliking as ‘n sosio-kulturele begrip;
- onderskei tussen die terme stedelik en verstedelik;
- sit die ontwikkeling van stede in Suid-Afrika kortliks uiteen deur na die ekonomiese ontwikkling van die land en die Afrikaner en die swartes aan die begin van die twintigste eeu te verwys;
- bespreek die oorsake van verstedeliking in Suid-Afrika;
- vergelyk Afrikaner- en swart verstedelikingsprosesse;
- bespreek die toestand aan die Witwatersrand tydens die aanvang van verstedeliking;
- bespreek die kulturele verandering wat die Afrikaner en die swartman ondergaan het as ‘n gevolg van verstedeliking;
- beskryf die ekonomiese gevolge van verstedeliking vir die Afrikaners en die swartmense;
- beskryf die sielkundige uitwerking van verstedeliking op die Afrikaners en die swartmense;
- verduidelik wat die sanitasie-sindroom was;
- bespreek die aard en oorsake van die Swart Gevaar;
- vergelyk die lewensomstandighede van ‘n Afrikanervrou en ‘n swart vrou in Johannesburg in die eerste helfte van die twintigste eeu;
- verklaar die volksaard van die vroeë Afrikaner;
- beskryf die Afrikaner se tradisionele godsdiensopvatting;
- bespreek die posisie van die vrou in die tradisionele Afrikanersamelewing;
- sit die politieke organisasie van die vroeë twintigste Afrikaner uiteen;
- bespreek die ekonomiese en maatskaplike gesteldheid van die vroeë stedelike Afrikaners;
- beskryf die stryd vir Afrikaans;
- bespreek die kultuurlewe van die vroeë Afrikaner;
- gee ‘n deeglike uiteensetting van die manier waarop die vroeë stadsafrikaner sy vryetyd bestee het;
- skryf kort aantekeninge oor vroeë twintigste eeuse Afrikaanse musiek.

GES7274	Geskiedenis 3	NKR-vlak 7	Krediete = 18

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- verstaan die term historiografie en defineer dit;
- sit die ontwikkeling van die geskiedskrywing kortliks uiteen;
- wys die verskillende beskouings in die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing uit;
- beskryf die komplekse aard van die geskiedenis as vakgebied;

- toon die nut van geskiedenis as vakgebied aan;
- som die probleem van objektiwiteit in geskiedenis op;
- bespreek die probleem van waarde-oordele in geskiedenis;
- weet watter navorsingshulpmiddels daar tot die historikus se beskikking is;
- som die navorsingsproses vir geskiedenis kortliks op;
- dui die waarde van kwantitatiewe navorsing in geskiedenis aan;
- bespreek die fase van ontleding en sintese in die navorsingsproses breedvoerig;
- dra kennis van die riglyne vir goeie skryfwerk ten einde ‘n sinvolle navorsingsproduk te kan lewer;
- omskryf die beginsel van kousaliteit;
- bespreek die probleme met kousaliteit;
- bespreek die beginsel van veralgemenings in geskiedenis deeglik;
- bespreek die verskillende bronne tot die historikus se beskikking kortliks;
- verduidelik wat eksterne kritiek behels;
- bespreek die proses van eksterne kritiek;
- verduidelik wat die verskil tussen die letterlike en bedoelde betekenis van bronmateriaal is;
- bespreek die aard en oorsaak van foute in bronmateriaal;
- verstaan wat die proses van interne kritiek behels;
- weet wat die kriteria is waarvolgens interne kritiek toegepas word;
- verduidelik wat die verband tussen herinnering en geskrewe geskiedenis is;
- verduidelik hoe die oordrag van sosiale herinnering plaasvind;
- beskryf die gebruike van sosiale herinnering en sosiale geheueverlies;
- verduidelik wat die konstruksie van sosiale geheue behels deur Wolf Kansteiner se hermeneutiese driehoek te gebruik;
- bespreek die waarde van mondelinge geskiedskrywing;
- wys die probleme met mondelinge geskiedskrywing uit;
- verduidelik hoe om mondelinge data in te samel;
- weet hoe om onderhoude te transkribeer.

Klassiek-Christelike wêreldbeskouing

KCW5252	Klassiek-Christelike wêreldbeskouing	NKR-vlak 5	Krediete = 12

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- demonstreer 'n begrip van 'n Bybels-gereformeerde wêreldbeskouing;
- beskryf die verskil tussen teologie en filosofie in 'n akademiese konteks;
- definieer die hervorming van die samelewing;
- verduidelik persoonlike hervorming;
- ontwikkel hervormingstrategieë om probleme in verskeie sektore van die samelewing op te los;
- kommunikeer hervormingsontwikkeling in 'n akademiese en werksomgewing.

Joernalistiek

JNL5152	Joernalistiek 1	NKR-vlak 5	Krediete = 12

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- bespreek waarom joernalistiek 'n roeping is;
- identifiseer waardes, norme en lewensbeskouings in joernalistiek;
- identifiseer die karakter van 'n goeie joernalis;
- identifiseer en bespreek verskillende joernalistieke beginsels en praktyke in die produksie van geskrewe, gesproke en visuele joernalistieke inhoud;
- identifiseer, ondersoek en analiseer inligting vir die produksie van joernalistieke artikels, verslae en dokumentêre projekte;

- bespreek verskillende sosiale, politieke, ekonomiese en kulturele kwessies krities en objektief;
- ondersoek professionele standaarde, etiese riglyne en wettige vereistes vir joernalistieke;
- gebruik nuwe mediaplatforms en tegnologieë vir die verspreiding van joernalistieke inhoud;
- ondersoek, ondervra en verifieer verskeie bronne vir die produksie van betroubare en akkurate joernalistieke inhoud;
- dra joernalistieke inhoud op 'n toeganklike en begryplike manier oor;
- werk saam in spanverband, aanvaar kritiek en gee konstruktief terugvoer op die werk van mede-joernaliste;
- bespreek die veranderende nuusomgewings;
- pas joernalistieke inhoud aan vir verskillende platforms en formate;
- ontwikkel kreatiewe en innoverende inhoud vir joernalistieke produksie en verspreiding.

JNL5252	Joernalistiek 1	NKR-vlak 5	Krediete = 12

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- bespreek etiek in joernalistiek;
- bespreek joernalistiek en die stryd om waarheid;
- identifiseer verskillende joernalistieke platforms en tegnieke;
- bespreek rekonstruksie van joernalistiek;
- pas verskillende joernalistieke tegnieke toe in geskrewe werke;
- redigeer en hersien joernalistieke inhoud vir gedrukte media, soos koerante en tydskrifte;
- redigeer en hersien joernalistieke inhoud vir aanlyn media, soos webwerwe, blogs en sosiale media;
- redigeer en hersien joernalistieke inhoud vir omroepermedia, soos radio en televisie;
- identifiseer professionele standaarde en etiek in joernalistiek;
- verifieer en gebruik navorsing en inligting vir die produksie van betroubare joernalistieke inhoud;
- identifiseer, ontwikkel en dra joernalistieke stories oor deur middel van geskikte narratiewe strukture en verteltegnieke;
- ondersoek kritiese denke en analitiese vaardighede om komplekse sake te rapporteer;
- gebruik effektiewe mondelinge kommunikasievaardighede vir onderhoude, verslaggewing en oorredende kommunikasie;
- redigeer, hersien en verbeter joernalistieke inhoud vir akkuraatheid, helderheid en impak.

JNL6163	Joernalistiek 2	NKR-vlak 6	Krediete = 15

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- Toon 'n gedetailleerde kennis van die amptelike verhaal en die protestantse hervorming;
- Definieer en onderskei tussen rewolusie en teenrevolusie;
- Bespreek die kern van 'n matige revolusie wat aanhou;
- Verduidelik en bespreek die ontwikkeling en verdediging van Christelike joernalistiek;
- Verduidelik wanneer samelewings afbreek;
- Definieer en bespreek pro-lewe-joernalistiek;
- Definieer en bespreek sosialistiese joernalistiek;
- Definieer en bespreek ideologiese gevegte;
- Beskryf en bespreek die onlangse Amerikaanse joernalistieke kanteling;
- Verduidelik en bespreek feitelike akkuraatheid in joernalistiek en nederige saaiwerk.

JNL6263	Joernalistiek 2	NKR-vlak 6	Krediete = 15

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- Toon 'n gedetailleerde kennis van die verhouding tussen politieke partye en die media;
- Verduidelik waarom koerante die afgelope dekades agteruit geboer het;
- Bespreek bruin Afrikaanse joernaliste;
- Voer ‘n gevallestudie uit: Hoe Huisgenoot soos ‘n verkleurmannetjie by sy omgewing aangepas het;
- Beskryf en bespreek die geskiedenis van die Afrikaanse radio;
- Definieer en bespreek studentejoernalistiek;
- Beskryf en bespreek gemeenskapskoerante;
- Beskryf en bespreek die geskiedenis van die massakommunikasie;
- Bespreek die media — van die vroegste tye tot vandag;
- Verduidelik en evalueer treffende foto’s in koerante, asook van gebeure en mediafigure.

JNL7174	Joernalistiek 3	NKR-vlak 7	Krediete = 18

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- ontleed die rol van amptelike narratiewe in geskiedenis en joernalistiek, en bespreek die invloed van die Reformasie daarop;
- onderskei tussen revolusionêre en teen-revolusionêre joernalistieke benaderings en evalueer hul langtermyn-impak op die samelewing;
- definieer en beskryf die konsep van ’n matige, volhoubare revolusie in joernalistieke praktyk;
- ontleed die ontwikkeling van Christelike joernalistiek binne kultureel vyandige of sekulêre samelewings;
- evalueer die rol van joernalistiek in tye van sosiale verbrokkeling en krisis;
- vergelyk en kontrasteer pro-lewe-joernalistiek met sosialisties-geïnspireerde joernalistieke benaderings;
- analiseer die opkoms van sosialisme en postmodernisme in mediaproduksie en -beskrywing;
- evalueer ideologiese botsings in nuusdekking en hul uitwerking op die openbare diskoers;
- bespreek tendense in hedendaagse joernalistiek en beskryf die invloed van politieke simpatie op geloofwaardigheid;
- pas beginsels van feitelike akkuraatheid toe en beoordeel die waarde van nederigheid in nuusverslaggewing;
- ontwikkel ’n persoonlike raamwerk vir integriteit in joernalistieke praktyk, gegrond op waarheid en roeping;
- ontleed historiese en kontemporêre voorbeelde van suksesvolle Christelike joernalistieke praktyke.

JNL7274	Joernalistiek 3	NKR-vlak 7	Krediete = 18

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- verduidelik die grondliggende beginsels van mediareg in Suid-Afrika, met inagneming van die Grondwetlike reg op vryheid van uitdrukking;
- bespreek die reg op toegang tot inligting en beperkings daarop ingevolge wetgewing soos PAIA en POPIA;
- evalueer die rol van selfregulering in die media, insluitend die funksie van die Persraad van Suid-Afrika en BCCSA;
- ontleed regspraak rakende laster, haatspraak, en privaatheid in mediakontekste;
- verduidelik die regsverpligtinge van joernaliste tydens regsprosesse, insluitend hofverslaggewing en sub judice beginsels;
- bespreek die reg en beperkinge op opname van klank en beeldmateriaal in openbare en private ruimtes;
- onderskei tussen etiese en wettige grense van ondersoekende joernalistiek;

- evalueer die impak van sosiale media op tradisionele media-verantwoordelikheid en aanspreeklikheid;
- ontleed gevallestudies van media-oortredings en die gevolge vir persvryheid en publieke vertroue;
- ontwikkel ’n kritiese en verantwoordelike gesindheid teenoor regskwessies in digitale joernalistiek;
- skryf ’n geïntegreerde mediabeleid vir ’n fiktiewe joernalistieke organisasie, met aandag aan reg, etiek en platform-verspreiding;
- demonstreer ’n begrip van die verbande tussen openbare belang, individuele reg en joernalistieke integriteit.

Kommunikasie vir beroepsdoeleindes

COP6163	Kommunikasie vir beroepsdoeleindes	NKR-vlak 6	Krediete = 12

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- Toon 'n gedetailleerde kennis van professionele kommunikasie;
- Definieer kommunikasie vir professionele doeleindes;
- Onderskei tussen algemene kommunikasie en professionele kommunikasie;
- Verduidelik die waarde, doel en gebruik van kommunikasie vir professionele doeleindes;
- Onderskei, definieer en bespreek sekere sleutelkonsepte wat in professionele kommunikasie gebruik word;
- Verduidelik en bespreek hoe kommunikasie in die digitale era in die algemeen verander het en spesifiek hoe dit deel geword het van die netwerke van professionele kommunikasie;
- Verstaan en verduidelik kortliks die basiese beginsels van professionele etiek
- Bespreek en beskryf die belangrikheid van die ontwikkeling van 'n geïntegreerde etiese netwerkbenadering tot professionele kommunikasie;
- Definieer wat bedoel word met fatiese kommunikasie, en bespreek die doel en rol daarvan in die handhawing en bou van etiese verhoudings;
- Verduidelik kortliks die geskiedenis van beroepe;
- Definieer en bespreek in detail wat dit beteken om 'n professionele persoon te wees.
- Verstaan en verduidelik die belangrikheid van effektiewe professionele kommunikasievaardighede, insluitend gesprekke met kliënte en kollegas, die aanbied van inligting en skryfwerk;
- Beskryf en skep verskeie nuusvrystellings, nuusbriewe en brosjures;
- Beskryf en stel 'n mediapakket saam;
- Verstaan en skep kreatiewe inhoud vir 'n webwerf;
- Bespreek die gebruik en effek van sosiale media in professionele kommunikasie;
- Beskryf en skep kreatiewe inhoud vir verskeie sosiale mediaplatforms;
- Verduidelik en bespreek die transformasie in professionele kommunikasiepraktyk;
- Verstaan en verduidelik kortliks die werking van 'n sake-omgewing;
- Verstaan en verduidelik die reeks verantwoordelikhede en aktiwiteite vir korporatiewe kommunikasie;
- Bespreek interne kommunikasie-instrumente en -tegnieke deur die 9 belangrikste korporatiewe kommunikasiepraktyke te verken.

Kommunikasiekunde

COM5152	Kommunikasiekunde 1	NKR-vlak 5	Krediete = 12

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- demonstreer 'n ingeligte begrip van die ontwikkeling van kommunikasie;
- konseptualiseer kommunikasie as 'n studieveld met spesifieke verwysing na die basiese beginsels van strukturalisme en konstruktivisme;

- analiseer die vorming van indrukke deur te verstaan hoe persepsies gevorm word, asook die rol van luister in hierdie prosesse;
- demonstreer 'n begrip van nie-verbale kommunikasie deur gebruik te maak van illustrasies uit die alledaagse lewe;
- verduidelik die rol van taal in kommunikasie;
- demonstreer 'n basiese begrip van die verskillende kontekste waarin kommunikasie plaasvind, insluitend intrapersoonlike kommunikasie, interpersoonlike kommunikasie, kleingroepkommunikasie, massakommunikasie en digitale kommunikasie;
- evalueer die uitbeelding van godsdiens in die media, met spesifieke fokus op die rol van digitale media in die vorming van persepsies oor godsdiens;
- demonstreer 'n basiese begrip van die beginsels van retoriek.

COM5252	Kommunikasiekunde 1	NKR-vlak 5	Krediete = 12

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- demonstreer 'n ingeligte begrip van die basiese definisies en benaderings tot ontwikkelingskommunikasie;
- ontleed die verspreiding en deelnemende modelle van ontwikkelingskommunikasie;
- evalueer die rol van die media om deelname aan ontwikkeling te fasiliteer;
- demonstreer 'n ingeligte begrip van die ontwerp en verandering in Ontwikkelingskommunikasie;
- demonstreer 'n ingeligte begrip van die ontwerp en verandering in Gesondheidskommunikasie;
- demonstreer 'n ingeligte begrip van die ontwerp en verandering in kruiskulturele en interkulturele kommunikasie.

COM6163	Kommunikasiekunde 2	NKR-vlak 6	Krediete = 15

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- demonstreer 'n algemene bewusheid en begrip van die fundamentele konsepte en idees wat die veld van kommunikasie- en mediastudies vorm;
- herken en verduidelik die verskillende teorieë oor die rol en effekte van kommunikasie en media in die hedendaagse samelewing, insluitend die Strukturalisme Teorie, Konstruktivisme Teorie, Retoriese Teorie, Sosiale Kognitiewe Teorie, Gebruike- en Bevredigingsteorie, Agendasettingsteorie en Diffusieteorie;
- verduidelik die verhouding tussen verskillende kommunikasie-teorieë;
- definieer en bespreek effektiewe kommunikasie;
- bespreek die elemente van die kommunikasieproses;
- identifiseer en bespreek die hindernisse tot kommunikasie;
- bespreek krities die rol van etiek in kommunikasie.

COM6263	Kommunikasiekunde 2	NKR-vlak 6	Krediete = 15

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- demonstreer 'n ingeligte begrip van die Vierde Industriële Revolusie;
- demonstreer 'n basiese begrip van die vyf kodeertale;
- pas kodeerkennis toe deur 'n webblad te skep;
- definieer en bespreek verskillende tipes kunsmatige intelligensie;
- bespreek krities die effek van KI;
- demonstreer 'n ingeligte begrip van die rol wat kommunikasie in die digitale ekonomie speel;
- beskik oor kennis en insig in die regulering en oordrag van inligting deur verskeie kommunikasiekanale;
- verstaan die werking en toepassing van Big Data Analytics;
- identifiseer geleenthede en probleme rondom die gebruik van Big Data;
- demonstreer 'n begrip van en ontleding van argumente;

- evalueer bewyse en logiese spronge van denke;
- pas kritiese denke toe in die studie van kommunikasie;
- evalueer die rol van sosiale media in kommunikasie;
- verstaan en pas sosiale media strategieë toe;
- demonstreer 'n begrip van die kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsingsmetodes wat in media- en kommunikasienavorsing gebruik word.

COM7174	Kommunikasiekunde 7	NKR-vlak 7	Krediete = 18

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- toon begrip van die fundamentele beginsels van organisasiekommunikasie;
- verstaan die beginsels van geïntegreerde kommunikasie binne ’n organisasie;
- voorspel aspekte wat die implementering van geïntegreerde kommunikasie beïnvloed;
- verskaf argumente oor die voordele van die implementering van geïntegreerde kommunikasie;
- regverdig die belangrike rol van leierskapkommunikasie in hedendaagse organisasies;
- bespreek krities die belangrike beginsels van leierskapkommunikasie;
- definieer en bespreek die ontwikkeling van geïntegreerde bemarkingskommunikasie;
- verduidelik die wese en rol van verbruikers-, mark- en handelsmerk-insigte in die neem van bemarkingskommunikasiebesluite;
- bespreek verskillende faktore wat die taktiek van 'n veldtog sal beïnvloed;
- identifiseer en bespreek die deelnemers in die advertensieproses;
- ontwikkel, implementeer en evalueer ’n bemarkingstrategie en/of handelsmerkplan; stel advertensiedoelwitte, ’n begroting, ’n boodskapstrategie en ’n mediastrategie op;
- bespreek hoe kommunikasie in verskillende aanlyn gemeenskappe funksioneer;
- verduidelik die konsep van oortuigingskommunikasie en bespreek die elemente wat daarmee saamgaan;
- definieer advertensie en verduidelik die implikasies van dié definisie;
- verduidelik hoe advertensies werk deur toepaslike advertensiemodelle uiteen te sit;
- evalueer die tendense wat nuwe maniere van kommunikasie noodsaaklik maak.

COM7274	Kommunikasiekunde 3	NKR-vlak 7	Krediete = 18

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- definieer openbare betrekkinge (PR), publieke en belanghebbendes;
- bespreek die ontwikkeling van openbare betrekkinge, internasionaal en in Suid-Afrika;
- toon professionaliteit en die vermoë om besluite te neem, en daardie besluite te regverdig, op grond van etiese waardes en prosesse soos toegepas binne ’n ondersteunende omgewing;
- ontwikkel toepaslike prosesse vir die insameling van inligting binne ’n spesifieke konteks, en toon die vermoë om inligtingsbronne te evalueer en te bestuur;
- ontwikkel en kommunikeer idees in goed-ontwikkelde argumente deur gebruik te maak van toepaslike akademiese en professionele retoriek;
- neem volle verantwoordelikheid vir sy/haar eie akademiese werk;
- deel verantwoordelikheid vir besluite wat in onbekende of ongedefinieerde kontekste geneem word.

SOS7274	Sosiologie 3	NKR-vlak 7	Krediete = 18

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- toon geïntegreerde kennis van verskeie vakgebiede, dissiplines en/of praktyke;
- toon ook ’n wye kennisbasis van spesialisasiegebiede en die vermoë om aan te dui hoe hierdie gebiede met mekaar verband hou;
- besit kennis van, evalueer en verduidelik betwiste kennis wat tipies met die spesialisasiegebied of studieveld geassosieer word;
- verstaan ’n wye reeks metodes binne die veld en kan toepaslike metodes kies en toepas binne probleemoplossingskontekste;
- identifiseer, evalueer en los ingewikkelde en komplekse probleme in die veld op deur gebruik te maak van bewysgebaseerde oplossings en teoriegedrewe argumente;
- toon professionaliteit en die vermoë om besluite te neem en daardie besluite te regverdig, gegrond op etiese waardes en prosesse soos toegepas binne ’n ondersteunende omgewing;
- ontwikkel toepaslike prosesse vir die insameling van inligting binne ’n spesifieke konteks en toon die vermoë om inligtingsbronne te evalueer en te bestuur;
- ontwikkel en kommunikeer idees in goed opgeboude argumente deur gebruik te maak van toepaslike akademiese en professionele retoriek;
- neem volle verantwoordelikheid vir sy/haar eie akademiese werk;
- deel verantwoordelikheid vir besluite wat in onbekende of ongedefinieerde kontekste geneem word.

Toegepaste internet kommunikasie en Vierde Industriële Rewolusie Tegnologie

ICT6263	**Toegepaste Internet kommunikasie en Vierde Industriële Rewolusie Tegnologie**	**NKR-vlak 6**	**Krediete = 12**

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- ken, verstaan en verduidelik die impak van opkomende tegnologieë en die effekte daarvan op mense in 'n sosiale en sakekonteks;
- ken, verstaan en demonstreer gesonde netwerk- en sekuriteitsprotokolle in die gebruik van netwerktoestelle;
- identifiseer, definieer en onderskei tussen 'n wye reeks multimediale produkte wat beskikbaar is vir gebruik deur sosiale wetenskaplikes;
- identifiseer, ken, verstaan en bespreek krities die IoT (internet van dinge) en die voordelige gebruik daarvan, sekuriteitskwessies en die etiese oorwegings;
- ken en verstaan die basiese kennisbasis van kunsmatige intelligensie en die verskeie gebruike daarvan, die bedreiging wat dit kan inhou, die byna onbeperkte potensiaal en die etiese oorwegings;
- demonstreer die gebruik van basiese masjientaal;
- identifiseer, verstaan en demonstreer e-handel deur verskeie aanlyn transaksies;
- identifiseer en verstaan toepaslike 4IR-tegnologieë in verskeie velde.

Toegepaste Sagteware en verwante Tegnologie

AST7274	**Toegepaste Sagteware en verwante Tegnologie**	**NKR-vlak 7**	**Krediete = 12**

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- toon geïntegreerde kennis van navorsingsmetodologie;
- verduidelik die basiese etiese beginsels van navorsing;
- beskryf die verskillende terme wat met steekproefneming verband hou;
- bespreek verskillende ontwerpbenaderings in kwalitatiewe navorsing;
- wys die verskillende soorte data-insamelings- en ontledingsstrategieë aan in kwalitatiewe navorsing;
- illustreer basiese kennis van navorsingsstrategieë in kwalitatiewe navorsing;
- toon basiese kennis van verskillende data-insamelingsmetodes en -instrumente in kwantitatiewe navorsing;

- som die basiese inhoud van die gemengde navorsingsmetode (mixed method) op;
- stel die basisteorie van ’n navorsingsvoorstel op;
- lewer kritiek op die inhoud wat vir die navorsingsvoorstel gekies is;
- formuleer ’n plan vir ’n spesifieke navorsingsvoorstel;
- evalueer die plan van die spesifieke navorsingsvoorstel.

Werksgeïntegreerde leer

PRP7274	Werksgeïntegreerde leer	NKR-vlak 7	Krediete = 30

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- toon geïntegreerde kennis van 'n “stelseldenkende” benadering: tot die wêreld van werk binne die hoofstudierigtings, en tot die volhoubaarheid van beroepsisteme in verwante velde;
- toon die vermoë om toepaslike prosesse vir inligtingsinsameling te ontwikkel; en
- toon die vermoë om ’n verskeidenheid metodes te kies en toe te pas om uitdagings op te los en verandering voor te stel in onbekende kontekste wat beroepsisteme in verskillende sosio-ekonomiese omgewings in die wêreld van werk beïnvloed;
- ontwikkel en kommunikeer hul verslag deur middel van goed opgeboude argumente, met gebruik van toepaslike akademiese, professionele of beroepsdiskoers in hul hoofstudierigting;
- identifiseer, evalueer en stel hul voortdurende selfontwikkelingsbehoeftes en beroepsgeleenthede op ’n selfgerigte wyse voor;
- neem volle verantwoordelikheid vir hul werkgeïntegreerde leer (WIL) in verskeie sosiaal-beroeps- en/of professionele kontekste, insluitend besluitneming en die gebruik van hulpbronne.

Wiskunde

WHS5152	Wiskunde 1	NKR-vlak 5	Krediete = 12

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:
Demonstreer 'n ingeligte begrip van -

- basiese beginsels en vrae oor Wiskunde as God se openbaring;
- hoe vroeë telstelsels en simbole gefunksioneer het, met 'n spesifieke fokus op die Egiptenare en Grieke;
- hoe vroeë telstelsels en simbole gefunksioneer het, met 'n spesifieke fokus op die Babiloniërs;
- intervalnotasie;
- die reëls vir ongelykhede;
- bewerkings van eksponente;
- algebraïese uitdrukkings;
- komplekse getalle;
- modelleringsprobleme;
- ongelykhede;
- absolute waardes;
- koördinaat meetkunde;
- lyne;
- direkte en indirekte verandering;
- funksies;
- grafieke van funksies;
- gemiddelde tempo van verandering van funksie;
- lineêre funksies en modelle;
- transformasies van funksies;
- een-tot-een funksies en hul transformasies;
- kombinasie van funksies;

- een-tot-een funksies en hul inverses;
- kwadratiese funksies en modelle;
- polinoomfunksies en hul grafieke;
- verdeling van polinome;
- nulle van polinome;
- komplekse nulle;
- die fundamentele stelling van algebra;
- rasionele funksies;
- polinome en rasionele ongelykhede;
- eksponensiële funksies;
- die natuurlike eksponensiële funksie;
- logaritmiese funksies;
- die wette van logaritmes;
- eksponensiële en logaritmiese vergelykings;
- die eenheidsirkel;
- trigonometriese funksies van reële getalle;
- trigonometriese grafieke;
- inverse trigonometriese funksies en grafieke.

WHS5252	Wiskunde 1	NKR-vlak 5	Krediete = 12

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- ken en teken die algemene vorm van grafieke van funksies;
- in staat wees om polinome te verdeel;
- bepaal die nulle van polinome;
- bepaal komplekse nulle;
- teken rasionele funksies
- los ongelykhede op;
- ken die algemene vorm van die eksponensiële funksie;
- ken die grafieke van die verskillende eksponensiële funksies;
- ken die wette van eksponente;
- weet hoe eksponensiële funksies in alledaagse situasies gebruik kan word;
- wees vertroud met die eksponensiële funksie met basisse;
- vertroud wees met die transformasie van die eksponensiële funksies;
- weet hoe die logaritmiese funksie gedefinieer word;
- ken die algemene vorm van die logaritmiese funksie;
- ken die grafieke van die verskillende logaritmiese funksies;
- ken logaritmiese wette;
- weet hoe logaritmiese funksies in alledaagse situasies gebruik kan word;
- wees vertroud met die natuurlike logaritmiese funksie en sy eienskappe;
- vertroud wees met die transformasie van logaritmiese funksies;
- los eksponensiële en logaritmiese vergelykings en ongelykhede op;
- ken drie tegnieke om gelyktydige oplossings vir stelsels te vind;
- ken elementêre bewerkings wat op 'n stelsel lineêre vergelykings toegepas kan word sonder om die oplossingstel te verander;
- ken elementêre bewerkings wat op 'n stelsel lineêre vergelykings in matriksvorm toegepas kan word sonder om die oplossingstel te verander;
- skryf enige stelsel lineêre vergelykings in matriksvorm deur middel van Gaussiese afleiding in stapvorm;
- skryf die oplossing(s) van 'n stelsel lineêre vergelykings in stapvorm neer;
- weet wanneer 'n stelsel lineêre vergelykings 'n duidelike oplossing, geen oplossing of oneindig baie oplossings het nie;
- neem kennis van die tegniek van Gauss-Jordaniese herleiding;

- los toegepaste probleme op;
- los stelsels van ongelykhede grafies op;
- pas die algebraïese bewerkings op matrikse toe;
- bepaal die inverse van 'n matriks;
- in staat wees om te bepaal wanneer 'n matriks nie 'n inverse het nie;
- los matriksvergelykings op;
- bepaal die determinant van 'n matriks;
- ken Cramer se reël;
- breek algebraïese breuke in gedeeltelike breuke op;
- los stelsels van nie-lineêre vergelykings en ongelykhede op;
- weet wat sommige van die implikasies van die Bybel vir Wiskunde is;
- toon wat die vroeë telstelsels en simbole was;
- kennis van Wiskunde in vroeë beskawings te demonstreer.

WHS6163	Wiskunde 2	NKR-vlak 6	Krediete = 15

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- demonstreer 'n ingeligte begrip van Wiskunde as God se openbaring;
- demonstreer 'n ingeligte begrip van menslike kennis van Wiskunde;
- demonstreer 'n ingeligte begrip van die oorsprong en ontwikkeling van Griekse Wiskunde, met 'n spesifieke fokus op meetkunde;
- demonstreer 'n ingeligte begrip van die oorsprong en ontwikkeling van Griekse Wiskunde, met 'n spesifieke fokus op meetkunde en van die antieke konstruksieprobleme;
- demonstreer 'n ingeligte begrip van Euclides en die Elementa van Euklidiese Meetkunde;
- demonstreer 'n ingeligte begrip van die raaklyn- en snelheidsprobleme, die limiet van 'n funksie en limietwette;
- demonstreer 'n ingeligte begrip van kontinuïteit, limiet by oneindigheid en die horisontale asimptoot;
- demonstreer 'n ingeligte begrip van afgeleides en die tempo van verandering en die afgeleide as 'n funksie;
- demonstreer 'n ingeligte begrip van afgeleides van polinome; eksponensiële en trigonometriese funksies, die somreël, die produkreël, die kwosiënreël en die kettingreël;
- demonstreer 'n ingeligte begrip van implisiete differensiasie en die afgeleides van logaritmiese funksies;
- demonstreer 'n ingeligte begrip van die toepassing van differensiasie, die maksimum en minimum waardes van funksies, die gemiddelde waardestelling, hoe die vorm van die afgeleide die vorm van die grafiek beïnvloed, onbepaalde vorme en l'Hôpital se reël;
- demonstreer 'n ingeligte begrip van kromme-tekening en optimaliseringsprobleme.

WHS6263	Wiskunde 2	NKR-vlak 6	Krediete = 15

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- gebruik die Newton-Raphson-metode om nulle te vind;
- skryf die definisie van 'n anti-afgeleide van 'n funksie neer en gebruik dit;
- bepaal die mees algemene anti-afgeleide van 'n funksie;
- bepaal 'n funksie as sy afgeleide (s) gegee word;
- bereken benaderde areas onder grafieke;
- verduidelik die definisie van die spesifieke integraal;
- ken die integrale en die integrasiegrense van 'n spesifieke integraal;
- gebruik die eienskappe van die bepaalde integraal;
- ken en pas die hoofstelling van Calculus toe;
- ken en pas onbepaalde integrale toe;
- ken die totale veranderingsstelling;

- pas die substitusiereël toe;
- gebruik faktorintegrasie;
- gebruik trigonometriese identiteite om integrale op te los;
- gebruik gedeeltelike breuke om te integreer;
- integrasiestrategieë;
- berekening van die area tussen twee grafieke;
- bereken volumes met integrasie;
- weet wat sommige van die implikasies van die Bybel vir Wiskunde is;
- om te wys wat die vroeë telsisteme en simbole was;
- demonstreer kennis van Wiskunde in die vroeë beskawings;
- demonstreer kennis van die begin van Griekse Wiskunde.

WHS7174	Wiskunde 3	NKR-vlak 7	Krediete = 18

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:
Toon 'n ingeligte begrip van -

- wiskunde as Goddelike openbaring;
- die mens se kennis van Wiskunde;
- eenvoudige wiskundige strukture;
- newton en Leibniz se bydrae tot differensiasie en integrasie;
- die oorsprong van waarskynlikheidsteorie;
- Pascal se rekenkundige driehoek;
- modellering met differensiaalvergelykings;
- rigtingsvelde;
- Euler se metode;
- die oplos en modellering van differensiaalvergelykings;
- lineêre differensiaalvergelykings;
- die definisie van kurwes aan die hand van parametriese vergelykings;
- die toepassing van differensiaalrekening op parametriese vergelykings;
- die voorstelling van polêre koördinate;
- die berekening van oppervlaktes en lengtes;
- kegelsnitte (conic sections);
- die voorstelling van statistiese data;
- die berekening van sentrale neiging;
- waarskynlikheid;
- die Binomiale, Poisson- en Normale verdelings;
- die toepassing van die Binomiale, Poisson- en Normale verdelings;
- lineêre korrelasie en regressie;
- steekproefneming en skattingsleer;
- die kennis en toepassing van statistiese hipoteses;;
- die toepassing van statistiese hipoteses;
- Chi-kwadraat- en nie-parametriese toetse.

WHS7274	Wiskunde 3	NKR-vlak 7	Krediete = 18

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- los differensiaalvergelykings op en pas dit toe;
- besit kennis van parametriese vergelykings;
- ken en pas inleidende statistiek toe;
- verstaan die plek van Wiskunde binne die algemene openbaring;
- ken die geskiedenis van die ontwikkeling van Wiskunde tot en met Euklides.

BACCALAUREUS IN SOSIALE WETENSKAPPE HONNEURS IN SIELKUNDE / BACHELOR OF SOCIAL SCIENCES HONOURS IN PSYCHOLOGY (BSocSci Hons Sielkunde)

GEAKKREDITEER - SAKO (SAQA) ID: 125164

MINIMUM 120-KREDIET PROGRAM OP VLAK 8 VAN DIE NASIONALE KWALIFIKASIERAAMWERK (NKR)

LW: Hierdie kwalifikasie gee nie toelating tot registrasie by die Raad vir Gesondheidsberoepe van Suid-Afrika (RGBSA/HESA) nie!

Die aansoeke vir die BSocSci Honneurs in Sielkunde is voorwaardelik aan 'n minimum aantal inskrywings sowel as 'n keuringsproses onderhewig.
Die sluitingsdatum vir hierdie program is 30 September 2026.

INLEIDING

Die doel van die Baccalaureus Sosiale Wetenskappe Honneurs in Sielkunde is om gegradueerdes te lewer wat toegerus is met 'n reeks toepaslike kennis, 'n reeks professionele vaardighede en bevoegdhede hoofsaaklik binne 'n Suid-Afrikaanse konteks wat sal fokus op, maar nie beperk is nie tot

- 'n geïntegreerde en omvattende liggaam van kennis op die voorpunt van die veld,
- 'n klassiek-christelike benadering,
- voldoende toepassing en effektiewe kommunikasie in Christelike sielkunde en leierskap, gemeenskapsdiens en ontwikkeling wat geskik is vir gedifferensieerde kontekste en
- die suksesvolle betreding en bemeestering van nagraadse studies.

Die kurrikulum van die BSocSci Hons (Sielkunde) is ontwerp om bogenoemde doel te bereik. Dit behels die studie van verskillende psigologiese dissiplines en benaderings, historiese ontwikkeling van velde, psigoterapie en praktyke. In leer wat geleidelik meer uitdagend word, word studente blootgestel aan die studie van navorsingsmetodologie met 'n navorsingsprojek, benaderings tot psigoterapie en spesifieke gesinsterapie, psigopatologie, sielkundige assessering, ontwikkelingsielkunde, gesins- en gemeenskapsielkunde, traumatologie en Christelike sielkunde met 'n Christelike benadering in alle modules. Die program ontwikkel 'n wye reeks vaardighede en bevoegdhede, vergestalt in die generiese uitkomste, van toepassing op die veld van sielkunde en dienooreenkomstig verwant aan

- begrip van hoe om die omvang van kennis toe te pas,
- metode en prosedure in sielkunde in kreatiewe probleemoplossing,
- aanspreek van etiese kwessies binne verskillende etiese waardesisteme binne 'n Christelike terapeutiese benadering
- bestuur van inligting
- effektiewe kommunikasie en
- aanspreeklikheid in werk en besluitneming.

Die doel van hierdie program is om professionele persone met vakkundigheid in Afrikaans as die taal van onderrig en leer (TLO) op te lei.

DUUR VAN DIE KURSUS

Die BSocSci Hons (Sielkunde)-graad duur een jaar voltyds en twee jaar deeltyds. Dit mag egter nie drie jaar oorskry nie.

METODE VAN ONDERRIG

BSocSci Hons (Sielkunde)-studente kan deur middel van **kontak- of afstandsonderrig** studeer.

TOELATINGSVEREISTES

Toelatingsvereiste(s) vir hierdie program is 'n Baccalaureus Artium (BA)-graad of Baccalaureus in Sosiale Wetenskappe of ‘n soortgelyke graad op NKR-vlak 7 met Sielkunde as hoofvak met 'n minimum punt van **65%** vir derdejaar Sielkunde.

Voornemende studente moet daarop let dat daar afgesien van die toelatingsvereistes, ‘n keuringsproses plaasvind waarvoor daar spesifieke vorms voltooi moet word. Die vorms is by programadministrasie – Sosiale Wetenskappe, beskikbaar.

SPESIFIEKE INSTELLINGSVEREISTES

Klassiek-Christelike wêreldbeskouing (KCW4282)
Die Senaat van die APA het besluit dat KCW4282 as vereiste gestel word vir toelating tot die BSocSci Hons (Sielkunde)
Klassiek-Christelike wêreldbeskouing word as nie kredietdraende module ekstra-kurrikulêr geneem. Die vak is verpligtend vir studente in die BSocSci Hons (Sielkunde) wat nie hulle eerste kwalifikasie by die APA voltooi het nie. Studente kan die module gelyklopend met die BSocSci Hons (Sielkunde) neem en kan voorwaardelik toegelaat word. **Studente betaal addisioneel vir dié vak.**
Studente wat die module reeds suksesvol voltooi het, word vrygestel van die verpligting.

FINANSIES

Die volgende studiegeld is betaalbaar:

Aansoekgeld:	Nie-terugbetaalbare bedrag	**R500.00**
Deposito: **(R10 000.00 van die deposido vorm deel van die studiegeld** en is dus nie 'n addisionele fooi nie)	Met registrasie moet die deposito van R11 600.00 betaal word, waarvan R10 000 dien as ‘n terugbetaalbare bedrag **SLEGS INDIEN** daar voor die aangeduide datum op die kalender gekanselleer word.	**R11 600.00** (per jaar)

Benaderings tot Psigoterapie	R 4 750.00 (per vak, per jaar)
Christelike Sielkunde	R 4 750.00 (per vak, per jaar)
Klassiek-Christelike wêreldbeskouing	R 2 880.00 (per vak, per jaar)
Navorsingsmetodologie	R 4 750.00 (per vak, per jaar)
Navorsingsprojek	R14 250.00 (per vak, per jaar)
Psigopatologie	R 4 750.00 (per vak, per jaar)
Sielkunde assessering	R 4 750.00 (per vak, per jaar)
Traumatologie	R 4 750.00 (per vak, per jaar)
Ontwikkelingsielkunde of Gemeenskapsielkunde	R 9 500.00 (per vak, per jaar) of R 9 500.00 (per vak, per jaar) **TOTAAL: R55 130.00**

Hereksamengeld	R1 000.00 (per vraestel)
Hermerk van vraestel	R1 000.00 (per vraestel)
Senaatseksamen	R1 000.00 (per vraestel)
CAT/RPL	R 750.00 (per vak)

Bogenoemde gelde is verpligtend en ‘n student wat dit nie betaal nie, word nie as ‘n geregistreerde student van die Akademie beskou voordat die geld teen die aanvang van die akademiese jaar betaal is nie.
Geen studie inligting sal tydens die Oriëntasietydperk voorsien word sonder bewys van betaling nie.

FINALE DATUMS VIR BETALING VAN VOLLE STUDIEGELD ELKE JAAR:

Eerste Semester: 31 Maart
Tweede Semester: 31 Augustus
Studente wat hier in gebreke bly, se volle akademiese diens word onmiddellik opgeskort indien die studiegeld nie teen die betrokke spertye betaal is nie.

- **Geen student sal toegelaat sal word om eksamen af te lê alvorens hul studiegelde op datum betaal is nie.**
- **Geen student sal 'n Puntestaat ontvang of toegelaat word om vir die volgende semester/studiejaar in te skryf alvorens die student se agterstallige studiegeld ten volle betaal is nie**.
- **Geen grade sal toegeken word indien studiegeld nie ten volle vereffen is nie**.

KWYTSKELDINGS BY STAKING VAN STUDIE EN OF VAKKE

Indien studente binne die eerste twee weke nadat die eerste semester se klasse begin het (soos op kalender aangedui), besluit om hul studie te staak of vakke te kanselleer, en vroegtydig **behoorlik en skriftelik** kennis daarvan aan die Programkoördineerders van die onderskeie programme gee, word die studente van die studiegeld vir die eerste semester kwytgeskeld. **Die aansoekgeld (R500.00) en R1 600.00 van die deposito is egter nie terugbetaalbaar indien studies gestaak word nie**. **R10 000.00 dien as 'n terugbetaalbare bedrag SLEGS INDIEN daar voor die aangeduide datum op die kalender gekanselleer word**.

Indien studente ***ná*** die eerste twee weke nadat die klasse vir die eerste semester begin het, besluit om hul studies te staak of vakke te kanselleer, bly die studente verantwoordelik vir die betaling van die **volle** studiegeld vir die eerste semester en word kwytskelding gegee vir die tweede semester. Indien studente egter versuim om betyds kennis te gee, bly hulle aanspreeklik vir die volle jaar se studiegeld.

Indien studente binne die eerste twee weke nadat die tweede semester begin het, besluit om hul studie te staak of vakke te kanselleer, en vroegtydig, behoorlik en skriftelik kennis daarvan aan die Programkoördineerders van die onderskeie programme gee, word die student van die studiegeld vir die tweede semester kwytgeskeld. Sou die studente hul studie ***ná*** die eerste twee weke van die tweede semester staak**, bly die studente verantwoordelik vir die betaling van die volle studiegeld vir die volle tweede semester**.

Alle gelde wat betaalbaar is, word direk in die AP Akademie se bankrekening inbetaal, waarna die bewys van betaling aan die rekenmeester (finansies@apa.ac.za) deurgestuur word. Waar studente 'n studielening ontvang, word die toekenning direk en ten volle op hul studie-rekening inbetaal en nie aan die studente nie, tensy daar 'n krediet tot hul beskikking is. Indien die toekenning minder is as die bedrag wat betaalbaar is, is die studente verantwoordelik daarvoor om die ontbrekende bedrag betyds in te betaal.

KURRIKULA/PROGRAMSAMESTELLING

Alle modules is ontwerp met die doel om te artikuleer met die huidige en toekomstige behoeftes van die werkswêreld en dus resoneer met 21ste eeuse kennis, vaardighede en toegepaste bevoegdhede. Die meeste van die modules in hierdie program is verpligtend en daar is een keusevak tussen Ontwikkelingsielkunde **of** Gemeenskapsielkunde (24 Krediete).

JAAR 1	MODULEBESKRYWING	KODE	NKR-VLAK	KREDIETE
Jaarvak	Navorsingsprojek (verpligtend)	REP4086	8	36
Sem. 1	Christelike Sielkunde (verpligtend)	CHC4182	8	12
	Navorsingsmetodologie (verpligtend)	RME4182	8	12
	Psigopatologie (verpligtend)	PSP4182	8	12

Sem. 2	Benadering tot Psigoterapie (verpligtend)	ATP4282	8	12
	Klassiek-Christelike wêreldbeskouing (verpligte vak)	KCW4282		
	Ontwikkelingsielkunde (Elektief) of Gemeenskapsielkunde (Elektief)	DEP4284 CPS4284	8 8	24 24
	Sielkunde assessering (verpligtend)	PAS4282	8	12
	Traumatologie (verpligtend)	TRA4282	8	12
	Totale krediete			**132**

AKKUMULASIE VAN AKADEMIESE KREDIETE

Ten einde die **BSocSci Hons (Sielkunde)-graad** (NKR-vlak 8) te verwerf, moet 'n student altesaam minstens 132 krediete verkry.

'n Student ontvang erkenning vir krediete sodra 'n vak suksesvol geslaag is.

UITKOMSTEBESKRYWING

Hierdie afdeling bevat 'n kort beskrywing van die inhoud van elke vak.

Elke krediet soos aangetoon naas die vaknaam verteenwoordig 10 ure van onderrig en leer (byvoorbeeld 10 ure x 12 krediete = 120 ure) – **Vergelyk: Omskrywing rakende onderrig en leer**

Benadering tot Psigoterapie

ATP4282	Benadering tot Psigoterapie	NKR-vlak 8	Krediete = 12

Na voltooiing van hierdie module behoort 'n student die volgende uitkomste te bereik:

- herken en identifiseer sielkundige versteurings en gedragspatologieë;
- demonstreer kennis van die verskillende terapeutiese benaderings, soos psigoanalise, psigodinamiese terapieë, kognitiewe en gedragsterapieë, persoongesentreerde terapieë, ervaringsterapieë, postmoderne/gesinsterapieë en Christelike benaderings tot psigoterapie;
- bepaal en pas verskillende terapeutiese intervensies toe;
- demonstreer kennis van etiese, multikulturele en historiese aspekte van psigoterapie;
- beskryf selfkennis opgedoen deur diepgaande kennis van bepaalde terapeutiese benaderings;
- toon begrip van die gebruik van sielkundige teorie om vrae in werklike terapeutiese omgewings te beantwoord.

Christelike Sielkunde

CHC4182	Christelike Sielkunde	NKR-vlak 8	Krediete = 12

Na voltooiing van hierdie module behoort 'n student die volgende uitkomste te bereik:

- demonstreer honneursvlakkennis van die ontwikkelingsgeskiedenis en toepassing van Christelike Sielkunde;
- demonstreer begrip van die teorieë, navorsingsmetodologieë, metodes en tegnieke wat relevant is vir die veld van Christelike Sielkunde;
- demonstreer die vermoë om etiese kwessies te identifiseer en aan te spreek op grond van kritiese nadenke van die etiese waarde-stelsel wat in die Christelike sielkunde gebruik word;
- verkry toegang, verwerk en hanteer verskillende inligtingsbronne op die gebied van Christelike Sielkunde, om 'n sintese van data van die verworwe inligting krities te evalueer ten einde kreatiewe antwoorde op probleme en kwessies in die Christelike Sielkunde te ontwikkel;

- toon die vermoë om die teorieë, metodes en tegnieke te evalueer van, maar nie beperk tot die volgende deskundiges nie: Jay Adams; Malcolm Jeeves; C. Stephen Evans; David Benner & Gary Collins;
- toon ’n deeglike verstaan van die gebruik van Christelike Sielkunde-teorieë om vrae in die werklike terapeutiese omgewings soos individuele-, kinder-, adolessente-, huweliks-, gesins- en groepterapie te beantwoord.

Gemeenskapsielkunde

CPS4282	Gemeenskapsielkunde (Elektief)	NKR-vlak 8	Krediete = 24

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- demonstreer honneursvlakkennis oor die geskiedenis van die ontwikkeling van Gemeenskapsielkunde met betrekking tot gesin en gemeenskap;
- illustreer deeglike begrip van sistemiese teorieë wat terapeutiese intervensies in die gesin en gemeenskap beïnvloed;
- toon die vermoë om die teorieë, metodes en tegnieke van Bateson, Minuchin, Satir en Bowen te evalueer;
- verstaan die kompleksiteite en vrae van navorsingsmetodologieë relevant tot die veld van gemeenskapsielkunde en gesinsterapie;
- demonstreer 'n vermoë om etiese kwessies te identifiseer en aan te spreek gebaseer op kritiese refleksie van verskillende etiese waardesisteme ten opsigte van navorsing in sistemiese psigoterapie;
- verkry toegang tot, verwerk en bestuur verskillende bronne van inligting binne die veld van sielkunde toegepas op die gesin en gemeenskap, om die sintese van data krities te hersien ten einde kreatiewe reaksies op probleme en kwessies in hierdie veld te ontwikkel.

Ontwikkelingsielkunde

DEP4282	Ontwikkelingsielkunde (Elektief)	NKR-vlak 8	Krediete = 24

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- definieer en omskryf basiese konsepte in Ontwikkelingsielkunde;
- demonstreer ontwikkelingsmatige kennis van die leeftyd van die mens, soos dit voorkom binne die prenatale en neonatale lewensfases en die babajare, asook die vroeë- en middelkinderjare, adolessensie en die volwasse lewensfase, tot en met dood;
- illustreer in-diepte begrip van normatiewe menslike ontwikkeling binne die fisiese, kognitiewe, emosionele, sosiale, morele en persoonlikheids-domeine, gedurende al die lewensfases;
- demonstreer die vermoë om verskeie teoretiese benaderings, etiese vraagstukke en navorsingsmetodologieë binne Ontwikkelingsielkunde krities te evalueer en te integreer;
- demonstreer die vermoë om die invloed van kontekstuele faktore op ontwikkeling, met spesifieke verwysing na die Suid-Afrikaanse samelewing, te beskryf en te verklaar;
- integreer kennis omtrent ontwikkeling in die ontwerp van praktiese, doelmatige en etiese beleidsbenaderings en ondersteuningsprogramme in reaksie op ontwikkelingsprobleme en nie-normatiewe ervarings in verskillende lewensfases.

Klassiek-Christelike wêreldbeskouing

KCW4282	Klassiek-Christelike wêreldbeskouing

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- demonstreer 'n begrip van 'n Bybels-gereformeerde wêreldbeskouing;
- beskryf die verskil tussen teologie en filosofie in 'n akademiese konteks;
- definieer die hervorming van die samelewing;
- verduidelik persoonlike hervorming;
- ontwikkel hervormingstrategieë om probleme in verskeie sektore van die samelewing op te los;

- kommunikeer hervormingsontwikkeling in 'n akademiese en werksomgewing.

Sielkunde Assessering

PAS4282	Sielkunde assessering	NKR-vlak 8	Krediete = 12

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- neem kennis van die vroeë oorsprong van sielkundige assessering;
- beskryf standaardisering in die Suid-Afrikaanse konteks en die faktore wat belangrik is om sielkundige toetse te evalueer;
- verduidelik hoe psigometriese toetse vir sielkundige assessering op alternatiewe maniere aangewend en geïnterpreteer kan word in Suid-Afrika;
- demonstreer kennis van verskillende sielkunde registrasiekategorieë en watter sielkundige maatstawwe elk mag aanwend;
- verduidelik wat ‘n regverdige en etiese assesseringsproses behels;
- definieer die verskillende tipes kognitiewe maatstawwe;
- beskryf voorbeelde van kontekste waar persoonlikheidstoetse ingeskakel kan word;
- identifiseer die teoretiese konsepte en aannames van benaderings tot beroepsvoorligting;
- identifiseer die etiese en praktiese aspekte wat ‘n toetsafnemer in ag moet neem met rekenaargebaseerde werk;
- verduidelik hoe sielkundige assessering toegepas word in die bedryfswêreld, in ontwikkelingsassessering, in opvoedingskontekste en vir psigodiagnostiese doeleindes;
- verduidelik verskillende metodes van toetsresultaat interpretasie;
- verklaar etiese aspekte wat gevolg moet word wanneer toetsresultate oorgedra word;
- evalueer krities al die moontlik faktore wat assesseringsresultate kan beïnvloed en watter maatreëls in plek gestel moet word om dit te bekamp.

Psigopatologie

PSP4182	Psigopatologie	NKR-vlak 8	Krediete = 12

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- konseptualiseer gesondheid, siekte, abnormale gedrag, behandeling en herstel binne verskeie kontekste;
- bespreek die verskeie benaderings tot die identifikasie en interpretasie van abnormale gedrag;
- evalueer die doel en relevansie van die diagnosering van abnormale gedrag;
- bespreek krities die voor- en nadele van die verskeie benaderings tot abnormale gedrag, met verwysing na beide internasionale en Suid-Afrikaanse kontekste;
- oorweeg krities die implikasies van ‘n kategoriseringsbenadering teenoor ‘n dimensionaliseringsbenadering tot abnormale gedrag;
- definieer en bespreek diagnostiese kriteria en prosesse gebaseer op die gebruik van die DSM 5-TR en ICD-11 klassifikasiesisteme;
- demonstreer in-diepte kennis aangaande die manifestasies, etiologieë en implikasies van spesifieke sielkundige steurnisse;
- vergelyk verskeie benaderings om abnormale gedrag te interpreteer en te verduidelik;
- ontleed en vergelyk verskeie behandelingsbenaderings met betrekking tot abnormale gedrag;
- sintetiseer navorsingsbevindinge aangaande die manifestering, etiologieë en behandeling van abnormale gedrag;
- regverdig die etiese en toepaslike bevordering van gesondheid en welstand.

Navorsingsprojek

REP4086	Navorsingsprojek	NKR-vlak 8	Krediete = 36

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- identifiseer 'n psigososiale navorsingsprobleem;
- voer 'n literatuuroorsig uit;
- formuleer 'n doelstelling;
- formuleer doelwitte vir die navorsing;
- formuleer 'n navorsingsvraag;
- formuleer óf bykomende navorsingsvrae (vir 'n kwalitatiewe navorsingstudie) óf h0ipoteses (vir 'n kwantitatiewe navorsingstudie);
- plaas die navorsing in 'n teoretiese raamwerk;
- kies 'n wêreldbeskouing vir die navorsing;
- pas die wêreldbeskouing op die navorsingsontwerp van 'n navorsingsprojek toe;
- ontwerp 'n navorsingsprojek wat relevante aspekte soos die navorsingsterrein, populasie van belang, steekproefproses, werwing van deelnemers, data-insamelingstegniek, data-ontledingstrategie en etiese kwessies wat met die navorsingsprojek verband hou, insluit;
- voer die navorsingsprojek uit;
- skryf 'n navorsingsverslag.

Navorsingsmetodologie

RME4182	Navorsingsprojek	NKR-vlak 8	Krediete = 12

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- sit verskeie wêreldbeskouings en die navorsingsimplikasies daarvan uiteen;
- bespreek verskeie navorsingsbenaderings;
- identifiseer psigososiale navorsingsprobleme en formuleer doelstellings;
- formuleer navorsingsdoelwitte en belyn dit met die Nasionale Ontwikkelingsdoelwitte van Suid-Afrika;
- formuleer psigososiale navorsingsvrae en hipoteses;
- bespreek verskeie navorsingsmetodologieë in kwalitatiewe, kwantitatiewe en gemengdemetodes navorsingsbenaderings;
- regverdig metodologiese besluite;
- ontwerp navorsingsprojekte;
- evalueer die geldigheid en/of betroubaarheid van die navorsing soos geïmpliseer deur die navorsingsontwerp;
- identifieer en spreek etiese kwessies in navorsing aan.

Traumatologie

TRA4282	Traumatologie	NKR-vlak 8	Krediete = 12

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- konseptualiseer trauma en traumatiese stres;
- omskryf ‘n teoretiese verwysingsraamwerk wat die aanleidende faktore tot trauma en reaksie op trauma bevat;
- identifiseer verskillende tipes trauma en bespreek die algemeenste tipes in diepte;
- onderskei tussen post-traumatiese stressteurnis (PTSS) en ander trauma-verwante steurnisse;
- bespreek trauma binne ‘n ontwikkelingsmatige konteks;
- omskryf sosiale-, godsdiensige en politieke kontekste van trauma;
- beskryf en evalueer hanteringsmeganismes en die prosessering van traumatiese gebeure op fisiologiese, sielkundige en spirituele vlak;
- evalueer ‘n sterkte-gebaseerde benadering tot aanpassing by trauma;
- bespreek toepaslike behandelingsmetodes wat tot post-traumatiese groei kan lei;
- toepassing van kennis oor traumatiese stres en formulering van ‘n raamwerk vir die prosessering van trauma en die vind van betekenis;
- sintetiseer die basiese elemente van traumaberaad.

BACCALAUREUS IN TEOLOGIE/BACHELOR OF DIVINITY (BDiv) GEAKKREDITEER - SAKO (SAQA) ID: 111897

MINIMUM 480-KREDIET PROGRAM OP VLAK 8 VAN DIE NASIONALE KWALIFIKASIERAAMWERK (NKR)

INLEIDING

Die doel met hierdie program is om getrou aan die Skrif toegeruste persone te lewer wat oor die vereiste vlak van kennis en vaardighede beskik wat nodig is vir toelating tot kerk-eie opleiding. Die onderrig en leer geskied vanuit die klassiek-gereformeerde tradisie en deur medium van Afrikaans.

Benewens kerklike ordening bied die program ook 'n uitstekende geleentheid vir enige gegradueerde wat teologie wil studeer en die uitkomste wil gebruik om indiensneming in 'n verskeidenheid denominasies, kerke en verwante gemeenskapsorganisasies te vind. Verder staan die program ook in diens van die groeiende aanbod van werksgeleenthede wat 'n afgeronde en breë onderrig in 'n gepaste Baccalaureus graad (insluitende Teologie) vereis. Die program het ook in hierdie konteks die doel om gegradueerdes te lewer wat vaardig is in die bediening van geestelike groei, in 'n etiese- en professionele praktyk op die vaste grondslag van die Bybel en die klassieke Christelike tradisie, om dienooreenkomstig hul roeping in die samelewing te vervul.

Die kwalifikasie bied voorts die basis vir verdere studie. Dit artikuleer vertikaal na die Magister in Teologie op NKR-vlak 9.

Gegradueerdes beskik oor 'n afgeronde kwalifikasie van hoogstaande gehalte wat hulle toerus met die kennis en vaardighede om met verantwoordelikheid op die voorpunt van leierskap, beïnvloeding, inspirasie en versorging in die toepaslike gemeenskappe te staan.

DUUR VAN DIE KURSUS

Die BDiv-graad duur vier jaar voltyds en ses jaar deeltyds.

METODE VAN ONDERRIG

BDiv-studente kan voltyds deur middel van **kontak- of afstandsonderrig** studeer.

Studente wat die BDiv-graad met die oog op toelating tot die bediening wil volg, moet vooraf met hul Kuratorium van hul betrokke kerk skakel om die toepaslike vereistes te bepaal. Hierdie vereistes mag onder meer bepalings ten opsigte van die modus van onderrig insluit.

TOELATINGSVEREISTES

1. Om tot die BDiv Program toegelaat te word, moet die kandidaat oor die volgende beskik:

- 'n Senior Sertifikaat met universiteitsvrystelling en 'n M-telling van ten minste 28; of
- 'n Nasionale Senior Sertifikaat of Nasionale Sertifikaat (Beroepsgerig) en 'n toelatingspunttelling van minstens 28; of
- 'n gelykwaardige kwalifikasie; of
- 'n toepaslike Hoër Sertifikaat, of gelykwaardige kwalifikasie; of
- Toepaslike erkenning van vorige leer (RPL).
- In die vakke Afrikaans en Engels is 'n C-simbool (vóór 2008) of 'n 5 vir Afrikaans of Engels (ná 2008) 'n vereiste om toegang tot die program te verkry.

2. Voorwaardelike vrystelling op grond van ouderdom van minstens 23 jaar (St.10 / Graad 12)

Indien 'n persoon aan die volgende vereistes voldoen, kan aansoek om voorwaardelike Vrystelling gedoen word:

a. Indien die ouderdom van 23 jaar reeds op 1 Januarie van die jaar waarin vir die BDiv geregistreer word, bereik is; en
b. Indien een vak in matriek op hoër graad geslaag is; en

c. Indien ten minste vier graad 12 – vakke op Hoërgraad of op Standaardgraad met simbole A tot E geslaag is; en
d. Indien minstens drie vakke tydens een eksamensessie (eksamengeleentheid) geslaag is.

3. Vrystelling op grond van ouderdom 45 jaar of ouer
'n Persoon wat 45 jaar of ouer is, hoef geen skool kwalifikasie te besit alvorens vir vrystelling aansoek gedoen word nie.

4. Studente het 'n telling van 28 nodig vir toelating tot die BDiv-program (die som van die TPT punte toegeken "achievement level" van tot ses vakke, Lewensoriëntering uitgesluit).

5. Studente met 'n telling van **27** word **voorwaardelik toegelaat** om vir al sy/haar vakke in te skryf, mits hy/sy die vakke in die eerste semester slaag. Indien die student in gebreke bly om al die vakke te slaag, sal hy/sy oorgaan op die verlengde program

6. Studente met 'n telling van **24 tot 26** word **toegelaat tot die verlengde program** wat beteken dat 'n student met 'n telling van 24 tot 26 in die eerste jaar die verlengde AKG module moet doen en slegs 'n gedeelte van die verpligte vakke in die eerste jaar mag neem, dit wil sê óf die verpligte tale, naamlik Grieks (GRK1064), Hebreeus (HEB1064) en Latyn (LAT1152), óf die verpligte teologie-modules naamlik BYT1152; DOG1252; KGS1252; DKN1252 en MIS1252. Indien die student die gekose vereiste modules aan die einde van die eerste jaar slaag, mag die student in die tweede jaar die ander uitstaande modules van die eerste jaar doen.

Studente wat individuele vakke vir nie-graaddoeleindes wil neem, kan vir afsonderlike modules inskryf, mits daar aan die artikulasievereistes van die betrokke geakkrediteerde kwalifikasie voldoen word. Toelating tot modules, soos OTW 3, is derhalwe slegs moontlik nadat die voorgeskrewe voorafgaande modules, naamlik OTW 1 en OTW 2, voltooi is.

FINANSIES

Die volgende studiegeld is betaalbaar:

Aansoekgeld:	Nie-terugbetaalbare bedrag	**R500.00**
Deposito: (**R10 000.00 van die deposito vorm deel van die studiegeld** en is dus nie 'n addisionele fooi nie)	Met registrasie moet die deposito van R11 600.00 betaal word, waarvan R10 000 dien as 'n terugbetaalbare bedrag **SLEGS INDIEN** daar voor die aangeduide datum op die kalender gekanselleer word.	**R11 600.00** (per jaar)

BDiv	R43 500.00 (per jaar)
Hereksamengeld Hermerk van vraestel Senaatseksamen CAT/RPL	R1 000.00 (per vraestel) R1 000.00 (per vraestel) R1 000.00 (per vraestel) R 750.00 (per vak)

Bogenoemde gelde is verpligtend en 'n student wat dit nie betaal nie, word nie as 'n geregistreerde student van die Akademie beskou voordat die geld teen die aanvang van die akademiese jaar betaal is nie.
Geen studie inligting sal tydens die Oriëntasietydperk voorsien word sonder bewys van betaling nie.

FINALE DATUMS VIR BETALING VAN VOLLE STUDIEGELD ELKE JAAR:

Eerste Semester: 31 Maart **Tweede Semester: 31 Augustus** Studente wat hier in gebreke bly, se volle akademiese diens word onmiddellik opgeskort indien die studiegeld nie teen die betrokke spertye betaal is nie.

- **Geen student sal 'n Puntestaat ontvang of toegelaat word om vir die volgende semester/studiejaar in te skryf alvorens die student se agterstallige studiegeld ten volle betaal is nie.**
- **Geen grade sal toegeken word indien studiegeld nie ten volle vereffen is nie.**

KWYTSKELDINGS BY STAKING VAN STUDIE EN OF VAKKE

Indien studente binne die eerste twee weke nadat die eerste semester se klasse begin het (soos op kalender aangedui), besluit om hul studie te staak of vakke te kanselleer, en vroegtydig **behoorlik en skriftelik** kennis daarvan aan die Programkoördineerders van die onderskeie programme gee, word die studente van die studiegeld vir die eerste semester kwytgeskeld. **Die aansoekgeld (R500.00) en R1 600.00 van die deposito is egter nie terugbetaalbaar indien studies gestaak word nie. R10 000.00 dien as 'n terugbetaalbare bedrag SLEGS INDIEN daar voor die aangeduide datum op die kalender gekanselleer word.**

Indien studente ***ná*** die eerste twee weke nadat die klasse vir die eerste semester begin het, besluit om hul studies te staak of vakke te kanselleer, bly die studente verantwoordelik vir die betaling van die **volle** studiegeld vir die eerste semester en word kwytskelding gegee vir die tweede semester. Indien studente egter versuim om betyds kennis te gee, bly hulle aanspreeklik vir die volle jaar se studiegeld.

Indien studente binne die eerste twee weke nadat die tweede semester begin het, besluit om hul studie te staak of vakke te kanselleer, en vroegtydig, behoorlik en skriftelik kennis daarvan aan die Programkoördineerders van die onderskeie programme gee, word die student van die studiegeld vir die tweede semester kwytgeskeld. Sou die studente hul studie ***ná*** die eerste twee weke van die tweede semester staak, bly die studente verantwoordelik vir die betaling van die **volle** studiegeld vir die volle tweede semester.

Alle gelde wat betaalbaar is, word direk in die AP Akademie se bankrekening inbetaal, waarna die bewys van betaling aan die rekenmeester (betalings@apa.ac.za) deurgestuur word. Waar studente 'n studielening ontvang, word die toekenning direk en ten volle op hul studie-rekening inbetaal en nie aan die studente nie, tensy daar 'n krediet tot hul beskikking is. Indien die toekenning minder is as die bedrag wat betaalbaar is, is die studente verantwoordelik daarvoor om die ontbrekende bedrag betyds in te betaal.

KURRIKULA/PROGRAMSAMESTELLING

JAAR 1	MODULEBESKRYWING	KODE	NKR-VLAK	KREDIETE
Jaarvak	Akademiese Geletterdheid	AKG1052	5	12
Jaarvak	Bybelse Grieks I	GRK1064	6	24
Jaarvak	Bybelse Hebreeus I	HEB1064	6	24
Sem. 1	Basiese Latyn of Basiese Duits	LAT1152 DTS1152	6	12
	Inleiding tot Bybelse Teologie	BYT1152	5	12
	Rekenaar- en digitale geletterdheid	RGL1151	5	6
Sem. 2	Inleiding tot Sistematiese Teologie	DOG1252	5	12
	Inleiding tot Kerkgeskiedenis	KGS1252	5	12
	Inleiding tot Diakoniologie	DKN1252	5	12
	Inleiding tot Missiologie	MIS1252	5	12
	Totale krediete			**138**

JAAR 2	MODULEBESKRYWING	KODE	NKR-VLAK	KREDIETE

Jaarvak	Bybelse Grieks II	GRK2074	7	24
Jaarvak	Bybelse Hebreeus II	HEB2074	7	24
Sem. 1	Studie van die Ou Testament: Pentateug	OTW2162	6	12
	Studie van die Nuwe Testament: Sinoptiese evangelies	NTW2162	6	12
	Studie van Kerkgeskiedenis: 33-500 Nc	KGS2162	6	12
Sem. 2	Studie van die Ou Testament: Historiese Boeke	OTW2262	6	12
	Studie van die Nuwe Testament: Pauliniese Literatuur en die Algemene Briewe	NTW2262	6	12
	Studie van Diakoniologie: Kategetiek	DKN2262	6	12
	Studie van Missiologie: Godsdiensgeskiedenis	MIS2262	6	12
	Totale krediete			**132**

JAAR 3	MODULEBESKRYWING	KODE	NKR-VLAK	KREDIETE
Sem. 1	Navorsingsmetodologie	NAM3172	7	12
	Gevorderde studie van die Ou Testament: Profetiese Boeke	OTW3172	7	12
	Gevorderde studie van die Nuwe Testament: Johannese Literatuur	NTW3172	7	12
	Studie van Sistematiese Teologie: Van Belydenis tot Dogmatiek	DOG3162	6	12
	Gevorderde studie van Kerkgeskiedenis: 500-1500 nC	KGS3172	7	12
	Gevorderde studie van Diakoniologie: Liturgiek of Gevorderde studie van Diakoniologie: Jeugwerk	DKN3172 DKN3172a	7	12
Sem. 2	Navorsingsvoorstel	NAV3281	8	6
	Gevorderde studie van die Ou Testament: Wysheidsliteratuur	OTW3272	7	12
	Gevorderde studie van Sistematiese Teologie: God, skepping, openbaring en etiek	DOG3272	7	12
	In-diepte studie van Kerkgeskiedenis: 1500-1800 nC	KGS3282	8	12
	Gevorderde studie van Missiologie: Afrika tradisionele godsdienste en Islam	MIS3272	7	12
	Werksgeïntegreerde leer (Gemeente prakties) (WIL)	DIP3272	7	12
	Totale krediete			**138**

JAAR 4	MODULEBESKRYWING	KODE	NKR-VLAK	KREDIETE
Jaarvak	In-diepte studie van Bybelse Teologie	BYT4084	8	24

Sem. 1	In-diepte studie van Sistematiese Teologie: Mens, verlossing, kerk en etiek	DOG4182	8	12
	In-diepte studie van Kerkgeskiedenis: 1800-2000 nC	KGS4182	8	12
	In-diepte studie van Diakoniologie: Poimeniek en Pastorale Psigologie of In-diepte studie van Diakoniologie: Kerkplanting	DKN4182 DKN4182a	8	12
	In-diepte studie van Missiologie: Sendinggeskiedenis	MIS4182	8	12
Sem. 2	Navorsingsprojek	NAP4282	8	12
	In-diepte studie van die Nuwe Testament	NTW4282	8	12
	In-diepte studie van Sistematiese Teologie: Wysheid en Apologetiek	DOG4282	8	12
	In-diepte studie van Diakoniologie: Homiletiek of In-diepte studie van Diakoniologie: Pastorale berading	DKN4282 DKN4282a	8	12
	Totale krediete			**120**

KOMBINASIEREËLS

Die doel van die BDiv program is om in elke vakuitkomstes op vlak 8 van die Nasionale Kwalifikasie Raamwerk (NKR) te bereik. Ten einde dié doel te bereik, is die program sodanig ontwerp dat dit aan streng kombinasiereëls onderwerp is. Die reëls vereis van studente om vakinhoude op ‘n bepaalde NKR-vlak eers volledig te bemeester voordat na ‘n hoër vlak beweeg word. Die Programkoördineerder is in beheer van die proses en maak seker dat die vordering van kandidate ooreenkomstig die kombinasiereëls is. Op hierdie wyse word die integriteit en samehang van die kwalifikasie gehandhaaf.

In die algemeen bepaal die kombinasiereëls dat die voltooiing van modules op ‘n laer NKR-vlak nodig is ten einde na ‘n hoër vlak te beweeg. In die besonder is die volgende kombinasiereëls van krag:

- *Bybelse Hebreeus I* (HEB1064) is ‘n voorvereiste vir *Bybelse Hebreeus II* (HEB2074)
- *Bybelse Grieks I* (GRK1064) is ‘n voorvereiste vir *Bybelse Grieks II* (GRK2074)
- *Bybelse Hebreeus II* (HEB2074) is ‘n voorvereiste vir *Gevorderde studie van die Ou Testament: Profetiese Boeke* (OTW3172) en *Gevorderde studie van die Ou Testament: Wysheidsliteratuur* (OTW3272), sowel as vir die *In-diepte Studie van Bybelse Teologie* (BYT4084) en *In-diepte studie van Diakoniologie: Homiletiek* (DKN4282).
- *Bybelse Grieks II* (GKR2074) is ‘n voorvereiste vir die *Gevorderde studie van die Nuwe Testament: Johannese Literatuur* (NTW3172), sowel as vir die *In-diepte Studie van Bybelse Teologie* (BYT4084) en *In-diepte studie van Diakoniologie: Homiletiek* (DKN4282).
- In gevalle waar die tema van die *Navorsingsprojek* (Skripsie – NAP4282) *Bybelse Hebreeus II* (HEB2074) en/of *Bybelse Grieks II* (GRK2074), of *Basiese Latyn* (LAT1054) en/of *Basiese Duits* (DTS1054) vereis, is genoemde vakke dus ‘n voorvereiste vir die hierdie projek.
- *Navorsingsmetodologie* (NAM3172) is ‘n voorvereiste vir die *Navorsingsvoorstel* (NAV3281) en beide is ‘n voorvereiste vir die *Navorsingsprojek* (NAP4282).

In tabelvorm lyk die kombinasiereëls dus só:

HEB1064	HEB2074
GRK1064	GRK2074
HEB2074	OTW3172
	OTW3272
GRK2074	NTW3172
HEB2074	BYT4082
GRK2074	DKN4282
HEB2074, GRK2074, LAT1054, DTS1054	NAP4282 waar die tema van die navorsingsprojek dit vereis.
NAM3172	NAV3281
NAM3172, NAV3281	NAP4282

Die kombinasiereëls bepaal ook die keuses wat uitgeoefen word ten opsigte van die keusevakke ten einde die kurrikulum te voltooi. Studente moet sover dit keusevakke aangaan, die een óf die ander vak kies. Die volgende keusemoontlikhede is ter sprake:

- In die eerste studiejaar kan tussen *Basiese Latyn* (LAT1152) of *Basiese Duits* (DTS1152) gekies word.
- In die derde studiejaar moet die student ‘n keuse uitoefen tussen DKN3172 (*Gevorderde studie van Diakoniologie: Liturgiek*) en DKN3172a (*Gevorderde studie van Diakoniologie: Jeugwerk*).
- In die derde studiejaar sal keusevakke uit die aard van die saak gekoppel wees aan die beoogde *Navorsingsprojek* (NAP4282), gegrond op die *Navorsingsmetodologie* (NAM3172) en die *Navorsingsvoorstel* (NAV3281).
- In die vierde studiejaar moet die student in die eerste semester ‘n keuse uitoefen tussen DKN4182 (*In-diepte studie van Diakoniologie: Poimeniek en Pastorale Psigologie*) en DKN4182a (*In-diepte studie van Diakoniologie: Kerkplanting*) en in die tweede semester ‘n keuse tussen DKN4282 (*In-diepte studie van Diakoniologie: Homiletiek*) en DKN4282a (*In-diepte studie van Diakoniologie: Pastorale berading*).

Die kombinasiereëls ten opsigte van die keusevakke is soos volg:

- DKN3172 (*Gevorderde studie van Diakoniologie: Liturgiek*) is ‘n voorvereiste vir DKN4282 (*In-diepte studie van Diakoniologie: Homiletiek*).
- DKN3172a (*Gevorderde studie van Diakoniologie: Jeugwerk*) is ‘n voorvereiste vir DKN4282a (*In-diepte studie van Diakoniologie: Pastorale berading*).

In tabelvorm weergegee, lyk die kombinasiereëls vir die keusevakke soos volg:

DKN3172	DKN4282
DKN3172a	DKN4282a
DKN3172 / DKN3172a, DKN4282/ DKN4282a	NAP4282 waar die tema van die navorsingsprojek dit vereis.

AKKUMULASIE VAN AKADEMIESE KREDIETE

Ten einde die **BDiv-graad** (NKR-vlak 8) te verwerf, moet 'n student altesaam minstens 520 krediete verkry.

‘n Student ontvang erkenning vir krediete sodra ‘n vak suksesvol geslaag is.

- BDiv 1 en 2 het 'n kredietwaarde van 132 per jaar;
- BDiv 3 het 'n kredietwaarde van 138 per jaar;
- BDiv 4 het 'n kredietwaarde van 120 per jaar.

Sodra BDiv-studente al die vereiste vakke oor die vier jaar heen (of oor ’n langer tydperk) geslaag het, kwalifiseer hulle vir die toekenning van die geakkrediteerde BDiv-graad.

UITKOMSTEBESKRYWING

Hierdie afdeling bevat 'n kort beskrywing van die inhoud van elke vak.

Elke krediet soos aangetoon naas die vaknaam verteenwoordig 10 ure van onderrig en leer (byvoorbeeld 10 ure x 12 krediete = 120 ure) – Vergelyk: Omskrywing rakende onderrig en leer

AKG1052	Akademiese Geletterdheid	NKR-vlak 5	Krediete = 12

Studente wat nie AKG1052 in die eerste studiejaar slaag nie, kan nie met hulle volgende studiejaar voortgaan alvorens AKG1052 suksesvol geslaag is nie.

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- bespreek basiese studiemetodes, asook die eise van tersiêre studie en basiese studievaardighede;
- formuleer bronverwysings: in ‘n teks en in ‘n Bronnelys;
- demonstreer basiese taal- en leesvaardighede in skryfstukke in Afrikaans en Engels;
- reflekteer korrekte akademiese skryfvaardighede en begryp die belang van korrekte spelling;
- identifiseer die belangrikste en kerngedagtes van ‘n akademiese leesstuk, dus die prosessering en bestuur asook beheer van inligting;
- produseer, kommunikeer en bestuur akademiese inligting in skryfstukke.

DTS1152	Duits (Elektief)	NKR-vlak 5	Krediete = 12

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- demonstreer 'n ingeligte kennis van basiese Duitse geskiedenis, kultuur, kontemporêre Duitse samelewing en letterkunde;
- 'n bevoegdheid te toon in die gebruik van Duitse grammatika – selfstandige naamwoorde en nominatiewe, datief, akkusatief; persoonlike, besitlike, vraende voornaamwoorde; reëlmatige, onreëlmatige, modale werkwoorde in die huidige en verlede onbepaalde tyd; imperatiewe werkwoorde; woordorde, voorsetsels;
- identifiseer, evalueer en los sekere probleme rakende die verstaan en skryf van grammatika en tekste op;
- demonstreer die vermoë om verantwoordelikheid te neem en om volgens voorgeskrewe etiese kodes te werk;
- selekteer en pas metodes van standaardontleding van verskillende Duitse tekste toe;
- evalueer sy/haar eie uitsette tydens die verbale en visuele aanbieding van sy/haar semesteropdragte;
- voer 'n interaktiewe gesprek in Duits met gemak.

GRK1064	Grieks	NKR-vlak 6	Krediete = 24

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- toon ‘n basiese begrip van die grammatika en woordeskat wat in die Griekse taal aangetref word;
- demonstreer dat die student oor die vaardighede beskik om Griekse frases en paragrawe na Afrikaans te vertaal en woorde binne hulle morfologiese konteks te kan ontleed;
- beskik oor die toepaslike basiese vaardighede om Grieks doeltreffend aan te wend vir sy/haar studies en/of daaglikse werk;
- toon bevoegdheid in die identifisering en beskrywing van die fases (epogge) van die bonatuurlike openbaring in sy historiese progressie;
- selekteer en som kernaspekte van die Nuwe-Testamentiese geskiedenis op;

- identifiseer en beskryf die verband tussen die opkoms van die Griekse ryk en die invloed van die Griekse taal in die tyd van die Nuwe Testament;
- toon die vermoë om verantwoordelikheid te neem en te handel ooreenkomstig voorgeskrewe etiese kodes, waardes en praktyke waar geskrewe opdragte vereis word, asook vir sy/haar eie besluite en aksies rakende navorsing in die bepaalde konteks van inligtingstemas wat behandel is;
- versamel, analiseer en evalueer inligting rakende die verskillende benaderings tot die Griekse grammatika, die struktuur van die taal, die kennis van die geskiedenis en van die Griekse literatuur om sodoende basiese probleme met betrekking tot die vertaling van Griekse frases en paragrawe op te los;
- toon die vermoë tot die versameling, produsering en skriftelike kommunikasie van inligting rakende die Griekse taal in sy progressiewe ontwikkeling, asook vermoë om sy/haar eie uitsette te evalueer, volgens die ingeboude selfassesserings-opdragte;
- beoordeel eie en ander se werk en toon die vermoë om in ‘n groep te funksioneer terwyl die verantwoordelikheid vir eie leer tydens die formatiewe en summatiewe assesseringsgeleenthede getoon word.

GRK2074	Grieks	NKR-vlak 7	Krediete = 24

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- gee ‘n oorsig oor die ontstaan, ontwikkeling en voorkoms van Griekse himnes en Nuwe-Testamentiese liedere;
- identifiseer, vertaal en ontleed woorde in en beskryf die teologie in die Christelike himnes uit Lukas, Johannes, Efesiërs, Filippense, Kolossense, Timoteus, Titus en Openbaring en beskryf die teologie in die lied;
- gee ‘n oorsig oor die belang van Tekskritiek van die Bybel, beide Ou en Nuwe Testament;
- gee ‘n historiese oorsig oor die ontwikkeling van Tekskritiek deur die eeue;
- verskaf redes waarom tekskritiek as vakgebied ontwikkel het;
- vertaal en ontleed voorgeskrewe tekste, interpreteer tekskritiese aantekeninge, lewer kommentaar op die Griekse teks en som die teologie van die gedeelte op;
- beskik oor gedetailleerde kennis van Tekskritiek asook die vermoë om terme, konsepte, feite, beginsels en teorieë toe te pas deur Tekskritiese aantekeninge te interpreteer en te verklaar;
- beskik oor die vermoë om te evalueer, selekteer en metodes, prosedures en tegnieke toe te pas ten opsigte van die identifisering, vertaling, ontleding en teologiese inhoud van die leer oor gebed die Nuwe Testament, Septuaginta en Kerkvaders;
- bespreek en evalueer die ontstaan en die aard van die Septuaginta;
- bespreek en evalueer die invloed van die Septuaginta op antieke, sowel as moderne vertalings en studievelde;
- definieer en bespreek die term “Septuaginta;
- bespreek die toevoegings van die LXX;
- besit die nodige kennis om ‘n indeling van die kerkvaders te maak;
- beskik geïntegreerde kennis van wie die kerkvaders was en teen watter valse leerstellings hulle geskryf het;
- gee ‘n oorsig van die geskiedenis van die kerkvaders;
- bespreek en evalueer die nut van die kerkvaders vir die 21ste eeu;
- beskik geïntegreerde kennis van teologie van gebed by die kerkvaders Tertullianus en Chrysostomus;
- bespreek en evalueer die verklaring van die Onse Vader by Tertullianus en Chrysostomus.

HEB1064	Hebreeus	NKR-vlak 6	Krediete = 24

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- demonstreer ingeligte begrip van die Hebreeuse alfabet en Hebreeuse leestekens;

- onderskei tussen die Hebreeuse naamwoord, die gebruik van voornaamwoorde en die konstruksie van werkwoorde in verskillende tye;
- demonstreer 'n vermoë om standaard literêre en sintaktiese metodes te kies en toe te pas in die vertaling van basiese Hebreeuse sinne;
- verduidelik verskillende literêre prosedures betrokke by die oplossing van die vertaling van aktiewe en passiewe vorme van die werkwoorde in Hebreeus;
- gee 'n oorsig van die geskiedenis van die Ou Testament;
- som sleutelontwikkelings in die bestudering van die Hebreeuse Ou Testament akkuraat op;
- bied hierdie kennis in 'n basiese geskrewe formaat aan;
- pas basiese grammatikale prosesse van analise, sintese en evaluering toe.

HEB2074	Hebreeus	NKR-vlak 7	Krediete = 24

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:
- demonstreer ‘n gedetailleerde begrip van die hoofgenres in Ou-Testamentiese Hebreeus;
- demonstreer ‘n gevorderde begrip van die sintaksis en semantiek van die Hebreeuse taal;
- evalueer verskillende teorieë en praktyke van Ou-Testamentiese tekskritiek krities;
- pas belangrike grammatikale en sintaktiese beginsels van die Hebreeuse grammatika toe op die vertaling van geselekteerde tekste van die Ou Testament;
- demonstreer ‘n geïntegreerde begrip van die genre, struktuur en teologie van Ou-Testamentiese tekste;
- demonstreer ‘n geïntegreerde begrip van die sosiale en historiese agtergrond in die bepaling van die betekenis van Hebreeuse tekste;
- kommunikeer komplekse inligting betroubaar en samehangend;
- verstaan die etiese vrae en implikasies van die vroeë kerkgeskiedenis;
- los probleme op in die onbekende konteks van die Hebreeuse Ou Testament gebaseer op bewyse uit primêre bronne;
- evalueer hul eie prestasie sowel as dié van ander tydens die mondelinge besprekings;
- neem verantwoordelikheid vir hul eie besluite met betrekking tot die navorsing van die teks van die Ou Testament, veral die tekskritiek van die Ou Testament.

LAT1152	Latyn 1 (Elektief)	NKR-vlak 5	Krediete = 12

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:
- demonstreer 'n ingeligte begrip van basiese terme, konsepte en praktyke van die Latynse taal;
- demonstreer 'n bevoegdheid in die gebruik van Latynse selfstandige naamwoorde, werkwoorde, bywoorde en byvoeglike naamwoorde;
- demonstreer ‘n ingeligte begrip van verskillende tydvorme;
- pas kennis en vaardighede toe in vertaling van basiese Latynse tekste;
- verstaan teologiese terme en konsepte van Latyn binne die klassieke gereformeerde teologiese tradisie;
- bestuur hulself met bevoegdheid in die vertaling van teologiese tekste.

NAM3172	Navorsingsmetodologie	NKR-vlak 7	Krediete = 12

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:
- gee 'n gedetailleerde ontleding van die verkrygde kennis rakende navorsingsmetodologie op 'n logiese en samehangende wyse;
- evalueer sleutelfeite, terme en konsepte rakende navorsingsmetodologie;
- verkry, verwerk en bestuur navorsingsinligting effektief;
- identifiseer en verduidelik trajekte in navorsing en ontwikkel intellektuele denke;
- ontwikkel, kommunikeer en motiveer 'n eie navorsingstesis, raamwerk en formaat;
- gebruik die kennis van vakkundige denke om navorsing eties te doen;

- vind en te versamel wetenskaplike data;
- ontwikkel ‘n strategieë vir die maak en organisering van navorsingsmateriaal;
- pas navorsingsvaardighede toe om navorsingsmateriaal te verwys;
- bestuur navorsingshulpbronne;
- onderneem die navorsingsproses;
- demonstreer die vermoë om sy of haar idees en opinies in goed gevormde argumente te ontwikkel en te kommunikeer deur toepaslike akademiese, professionele en beroepsdiskoers te gebruik;
- doen praktiese veldwerk en hou 'n gedetailleerde rekord van data;
- demonstreer die vermoë om volle verantwoordelikheid te neem vir sy of haar werk, besluitneming en gebruik van hulpbronne en beperkte aanspreeklikheid vir die besluite en optrede van ander in uiteenlopende of swak gedefinieerde konteks.

NAV3281	**Navorsingsvoorstel**	**NKR-vlak 8**	**Krediete = 6**
Navorsingsmetodologie (NAM3172) is 'n voorvereiste vir die *Navorsingsvoorstel* (NAV3281) en beide is 'n voorvereiste vir die *Navorsingsprojek* (NAP4282).			

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- demonstreer voorpunt kennis van dit wat navorsing, asook ‘n navorsingsvoorstel en die metodes en tegnieke relevant daartoe, behels;
- demonstreer die kennisgeletterdheid en vermoë om veelvuldige bronne van kennis in die spesialisasiegebied te ondersoek;
- demonstreer ‘n begrip van die prosesse, prosedures en tegnieke vir onbekende probleme wat mag opduik in die skryf van ‘n navorsingsvoorstel;
- identifiseer, analiseer en spreek komplekse probleme met behulp van gespesialiseerde vaardighede aan in die ontwikkeling en skryf van ‘n navorsingsvoorstel en al die relevante prosesse daaraan verbonde;
- demonstreer die vermoë om etiese kwessies met betrekking tot die opstel van ‘n navorsingsvoorstel, asook navorsing as wetenskap, volgens ‘n geskikte waardestelsel te identifiseer en aan te spreek;
- hersien die toegang tot, verwerking en bestuur van inligting krities;
- produseer en kommunikeer inligting aangaande die navorsingsvoorstel (in die vorm van ‘n akademiese voordrag) aan ‘n belanghebbende gehoor;
- neem volle aanspreeklikheid en verantwoordelikheid vir eie en ander se werk, besluite en die gebruik van hulpbronne.

NAP4282	**Navorsingsprojek**	**NKR-vlak 8**	**Krediete = 12**
Navorsingsmetodologie (NAM3172) is 'n voorvereiste vir die *Navorsingsvoorstel* (NAV3281) en beide is 'n voorvereiste vir die *Navorsingsprojek* (NAP4282).			

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- demonstreer voorpunt kennis van dit wat navorsing, asook ’n navorsingsartikel en die metodes en tegnieke relevant daartoe, behels;
- demonstreer die kennisgeletterdheid en vermoë om veelvuldige bronne van kennis in die spesialisasiegebied te ondersoek;
- demonstreer ’n begrip van die prosesse, prosedures en tegnieke vir onbekende probleme wat mag opduik in die skryf van ’n navorsingsartikel;
- identifiseer, analiseer en spreek komplekse probleme met behulp van gespesialiseerde vaardighede aan in die skryf van ’n navorsingsartikel en al die relevante prosesse daaraan verbonde;
- demonstreer die vermoë om etiese kwessies met betrekking tot die skryf van ’n navorsingsartikel, asook navorsing as wetenskap, volgens ’n geskikte waardestelsel te identifiseer en aan te spreek;
- hersien die toegang tot, verwerking en bestuur van inligting krities;

- produseer en kommunikeer inligting in die formaat van ’n akademiese artikel van ongeveer 6000-8000 woorde, ingesluit eindnote/voetnote en bronnelys, aanvaarbaar vir ’n geakkrediteerde akademiese (wetenskaplike) tydskrif;
- neem volle aanspreeklikheid en verantwoordelikheid vir eie en ander se werk, besluite en die gebruik van hulpbronne.

RGL1151	Rekenaar- en digitale geletterdheid	NKR-vlak 5	Krediete = 6
Studente wat op skool (Matriek/Gr 12) Rekenaartoepassingstegnologie (RTT/CAT) of Informasietegnologie (IT) as vak geslaag het kan erkenning kry vir Rekenaar- en digitale geletterdheid.			

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- toon 'n basiese begrip van rekenaarterminologie en konsepte wat in r Rekenaar- en digitale geletterdheid gevind word;
- demonstreer dat die student die vaardighede het om 'n spesifieke webblad as deel van inligting- en kommunikasietegnologie te gebruik;
- het die toepaslike basiese vaardighede om rekenaartoepassings doeltreffend en oordeelkundig te gebruik vir sy/haar studies en/of daaglikse werk;
- identifiseer, evalueer en los bepaalde roetine en nuwe kwessies op binne die konteks van integrasie tussen Microsoft Word, Excel en PowerPoint;
- kies verstekmetodes, prosedures en tegnieke terwyl u Microsoft Word, Excel en PowerPoint gebruik;
- kommunikeer en produseer inligting rakende die basiese aspekte van rekenaartegnologie en rekenaartoepassings met vertroue en begrip en toon begrip en respek vir gebruike rakende intellektuele eiendom, kopiereg en plagiaat in die voltooiing van assesseringsopdragte;
- versamel en selekteer inligting rakende rekenaarsagteware en toerusting en pas die basiese prosesse van analise, sintese en evaluering van inligting in die veld van stelselsagteware en toepassingsagteware tydens die relevante assesserings-geleenthede toe;
- pas sy/haar kennis van rekenaars en basiese rekenaarvaardighede toe met die nodige verantwoordelikheid in bekende sowel as onbekende kontekste vir die hantering van persoonlike, omgewings- en samelewingskwessies.

Departement Ou Testament

BYT1152	Inleiding tot Bybelse Teologie	NKR-vlak 5	Krediete = 12

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- demonstreer 'n deeglike kennis van die inhoud van die Bybel;
- demonstreer ’n ingeligte verstaan van Bybelse Teologie as die teologiese dissipline wat met die geskiedenis van God se openbaring soos in die Bybel opgeteken, handel;
- toon bevoegdheid in die identifisering en beskrywing van die fases (epogge) van die bonatuurlike openbaring in sy historiese progressie;
- selekteer en som kernaspekte van elke epogale ontwikkeling akkuraat op;
- identifiseer en beskryf die verband tussen elke epog en die groot verhaal van verlossing wat met die werk van Jesus Christus ’n hoogtepunt bereik;
- toon die vermoë om verantwoordelikheid te neem en te handel ooreenkomstig voorgeskrewe etiese kodes, waardes en praktyke waar geskrewe opdragte vereis word, asook vir sy/haar eie besluite en aksies rakende navorsing in die bepaalde konteks van inligtingstemas wat behandel is;
- versamel, analiseer en evalueer inligting rakende die verskillende benaderings tot epogale strukturering soos in die literatuur te vind en los basiese probleme met betrekking tot hierdie benaderings op;

- toon die vermoë tot die versameling, produsering en skriftelike kommunikasie van inligting rakende die Godsopenbaring in sy progressiewe ontwikkeling, asook vermoë om sy/haar eie uitsette te evalueer, volgens die ingeboude selfassesserings-opdragte;
- beoordeel eie en ander se werk en toon die vermoë om in ‘n groep te funksioneer terwyl die verantwoordelikheid vir eie leer tydens die formatiewe en summatiewe assesseringsgeleenthede getoon word.

BYT4082	In-diepte studie van Bybelse Teologie	NKR-vlak 8	Krediete = 24

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- demonstreer en openbaar 'n ingeligte en gevorderde kennis van Bybelse Teologie as vakdissipline, die geskiedenis daarvan en belangrike sake in die hedendaagse debat daaroor;
- verduidelik die kontinuïteit en diskontinuïteit in die Ou en Nuwe Testament ten opsigte van verskeie komplekse teologiese temas, soos koninkryk van God, volk van God, verbond as aanbidding, die aanbreek van die eindtyd skepping en koninkryk, ensovoorts;
- beoordeel aanhalings uit die Ou Testament in die Nuwe Testament op grond van 'n geldige waardesisteem;
- analiseer en evalueer op kritiese wyse gebeure en hulle gevolge;
- identifiseer en beskryf die trajekte van teologiese denke binne die konteks van Bybelse Teologie;
- evalueer die verskeidenheid interpretasies van Bybelse Teologie deur getuienisgebaseerde argumente toe te pas;
- kritiseer aannames, abstrakte begrippe en intellektuele denke wat verband hou met Bybelse Teologie;
- formuleer goed ontwerpte antwoorde op Bybelse kernsake in die kerk en breër samelewing;
- vertaal, analiseer en evalueer tekste van die Ou en Nuwe Testament deur erkende hermeneutiese, eksegetiese en homiletiese beginsels op gekose tekste toe te pas, en toon die praktiese toepassing daarvan vir die kerk en prediking aan.

OTW2162	Studie van die Ou Testament: Pentateug	NKR-vlak 6	Krediete = 12

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- demonstreer ’n detail kennis van die erkende eksegetiese en hermeneutiese metodes wat in die klassiek-gereformeerde konteks gebruik word, soos toegepas op die boeke van die Pentateug as die grondliggende boeke van die Bybel;
- analiseer en interpreteer geselekteerde gedeeltes van die Pentateug terwyl spesifieke aandag aan dié gedeeltes se verhouding met antieke Nabye Oosterse literatuur, die teologie van die Pentateug as 'n geheel en die openbaringshistoriese progressie van die Bybel gegee word;
- versamel, integreer en evalueer inligting betreffende die Pentateug vanuit verskillende bronne;
- verduidelik die sleutel teologiese temas en begrippe in 'n Bybels-teologiese raamwerk met die doel om dit in die lewe en die bediening met sy ingewikkelde etiese dilemmas toe te pas;
- bied hierdie kennis in 'n geskrewe formaat aan nadat goed ontwikkelde prosesse van analise, sintese en evaluering op die inligting toegepas is;
- kommunikeer komplekse inligting akkuraat en samehangend.

OTW2262	Studie van die Ou Testament: Historiese boeke	NKR-vlak 6	Krediete = 12

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- som die teks- en kanongeskiedenis van die Ou-Testamentiese boeke op;

- demonstreer ’n detail en gesistematiseerde kennis van die Historiese Boeke as 'n afsonderlike versameling in die Ou Testament, asook van elke boek van die versameling met spesifieke verwysing na die oorsprong, agtergrond, doel, struktuur, literêre genre, boodskap, hooftemas en teologiese beklemtoninge van elkeen van die boeke;
- demonstreer ’n detail en gesistematiseerde kennis van die erkende eksegetiese en hermeneutiese metodes wat in die klassiek-gereformeerde konteks gebruik word, soos toegepas op die Historiese Boeke as 'n afgeronde versameling van die Ou Testament;
- analiseer en interpreteer geselekteerde gedeeltes van die Historiese Boeke terwyl spesifieke aandag aan dié gedeeltes se verhouding met antieke Nabye Oosterse literatuur, die teologie van die Historiese Boeke as 'n geheel en die openbarings-historiese progressie van die Bybel gegee word;
- versamel, integreer en evalueer inligting betreffende die Historiese Boeke vanuit verskillende bronne;
- demonstreer die vaardighede wat nodig is om die verhouding tussen openbaring, geskiedenis en teologie te analiseer, te beskryf en krities te evalueer;
- verduidelik die sleutel teologiese temas en begrippe in 'n Bybels-teologiese raamwerk met die doel om dit in die lewe en die bediening met sy ingewikkelde etiese dilemmas toe te pas.
- bied hierdie kennis in 'n geskrewe of mondelinge formaat aan nadat goed ontwikkelde prosesse van analise, sintese en evaluering op die inligting toegepas is.
- kommunikeer komplekse inligting akkuraat en samehangend.

OTW3172	Gevorderde studie van die Ou Testament: Profetiese Boeke	NKR-vlak 7	Krediete = 12

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- demonstreer ’n omvattende en geïntegreerde kennis van die studie van die Profetiese Boeke, asook ‘n uitgebreide kennis van die teologie van die profetiese literatuur, en identifiseer hoe hierdie uitgebreide kennis met die geheel van die Bybelse Teologie in verband staan;
- ontwikkel toepaslike prosesse vir die invordering van inligting ten opsigte van die profetiese literatuur en evalueer en bestuur die bronne van inligting op 'n selfstandige wyse;
- toon kennis van, evalueer en verduidelik die betwiste kennis aangaande profetiese vervulling;
- pas bekende en erkende eksegetiese en hermeneutiese metodes toe op verskeie gedeeltes van die Profetiese Boeke en toon die besef dat die problematiek rondom die relevansie van die profetiese boodskap nie in isolasie opgelos kan word nie, maar vanuit die openbaringshistoriese konteks belig moet word;
- identifiseer en analiseer die probleme rondom die datering van die profetiese uitsprake en die opskrifstelling daarvan en reflekteer krities daarop;
- verduidelik die sleutel teologiese temas en begrippe in 'n Bybels-teologiese raamwerk met die doel om dit op die lewe van die kerk en samelewing, met sy komplekse etiese kwessies, toe te pas;
- motiveer 'n eie interpretasie van die Profetiese Boeke binne die klassiek-gereformeerde raamwerk;
- ontwikkel en kommunikeer die verworwe kennis in goed geformuleerde argumente in 'n geskrewe of mondelinge formaat.

OTW3272	Gevorderde studie van die Ou Testament: Wysheidsliteratuur	NKR-vlak 7	Krediete = 12

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- demonstreer ‘n geïntegreerde kennis van meer as een van die velde, dissiplines en/of praktyke, asook ‘n uitgebreide kennis van ‘n area/s van spesialisasie, en identifiseer hoe hierdie uitgebreide kennis met ander velde, dissiplines en/of praktyke in verband staan;

- toon kennis van, evalueer en verduidelik betwiste kennis en wat tipies binne die area van die studie en/of praktyk lê;
- verstaan ‘n wye reeks metodes in die veld en selekteer en pas ‘n metode toe in die konteks van probleemoplossings binne die veld;
- identifiseer, analiseer, evalueer, spreek aan en reflekteer krities (op) ingewikkelde probleme binne die veld, as ook die, asook toepassing van bewys-gebaseerde oplossings en teorie-gedrewe argumente in die veld, dissipline en/of praktyk;
- toon die vermoë om besluite te neem en professioneel te kan optree, asook die vermoë met betrekking tot die regverdiging van besluite en aksies deur van toepaslike etiese waardes en benaderings binne ‘n ondersteunde omgewing gebruik te maak;
- ontwikkel toepaslike prosesse vir die invordering van inligting in ‘n gegewe konteks of vir ‘n gegewe gebruik en evalueer en bestuur onafhanklik die bronne van inligting;
- ontwikkel en kommunikeer sy of haar idees en opinies in goed geformuleerde argumente deur die toepaslike akademiese, professionele of beroepsredevoering te gebruik vir ‘n gegewe konteks;
- pas bekende prosesse toe in onbekende en veranderlike kontekste en toon die besef dat probleemoplossing konteks en sisteem gebonde is en nie in isolasie plaasvind nie;
- identifiseer, evalueer en spreek sy/haar leerbehoeftes in ‘n selfgerigte wyse aan;
- neem volle verantwoordelikheid vir sy/haar werk, besluite en gebruik van oplossings en neem gedeeltelike verantwoordelikheid vir die besluite en aksies van ander in wisselende- of onduidelik-gedefinieerde kontekste.

Departement Nuwe Testament

NTW2162	Studie van die Nuwe Testament: Sinoptiese evangelies	NKR-vlak 6	Krediete = 12

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- toon ‘n basiese begrip van die belangrikste teologiese probleme wat ons in die Nuwe Testament aantref;
- demonstreer dat die student oor die vaardighede beskik om Nuwe-Testamentiese tekste te kan eksegetiseer en interpreteer;
- beskik oor die toepaslike basiese vaardighede om die teologie van die Nuwe Testament doeltreffend aan te wend vir sy/haar studies en/of daaglikse werk;
- toon bevoegdheid in die identifisering en beskrywing van die fases (epogge) van die bonatuurlike openbaring in sy historiese progressie;
- selekteer en som kernaspekte van die Nuwe-Testamentiese geskiedenis op;
- identifiseer en beskryf die verband tussen die eksegese en hermeneutiek;
- toon die vermoë om verantwoordelikheid te neem en te handel ooreenkomstig voorgeskrewe etiese kodes, waardes en praktyke waar geskrewe opdragte vereis word, asook vir sy/haar eie besluite en aksies rakende navorsing in die bepaalde konteks van inligtingstemas wat behandel is;
- versamel, analiseer en evalueer inligting rakende die verskillende benaderings tot die Nuwe Testament, die struktuur van die taal, die kennis van die geskiedenis en van die Nuwe-Testamentiese literatuur om sodoende basiese probleme met betrekking tot die eksegese, hermeneutiek, kanoniek en inleidingsvrae van Nuwe-Testamentiese tekste op te los;
- toon die vermoë tot die versameling, produsering en skriftelike kommunikasie van inligting rakende die studie van die Nuwe Testament in sy progressiewe ontwikkeling, asook vermoë om sy/haar eie uitsette te evalueer, volgens die ingeboude selfassesserings-opdragte;
- beoordeel eie en ander se werk en toon die vermoë om in ‘n groep te funksioneer terwyl die verantwoordelikheid vir eie leer tydens die formatiewe en summatiewe assesseringsgeleenthede getoon word.

NTW2262	Studie van die Nuwe Testament: Pauliniese Literatuur en die Algemene Briewe	NKR-vlak 6	Krediete = 12

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- die Joodse konteks van die Nuwe Testament te beskryf en Paulus se chronologie te verduidelik;
- die hoofboodskap van Romeine uit te lê met klem op regverdigmaking deur geloof en die plek van die Wet;
- die boodskap van Galasiërs saam te vat en die vryheid in Christus te verduidelik;
- die ontstaan van die gemeente in Korinte te beskryf en die wysheid van die kruis te verklaar;
- die ontstaan van die gemeente in Tessalonika te verduidelik en die eskatologiese verwagting uit te lig;
- te wys hoe Paulus geloof en etiek verbind in Filemon en Kolossense;
- Paulus se verstaan van die kerk as liggaam van Christus te verduidelik en die implikasies te beskryf;
- die tema van vreugde in Christus in Filippense te verduidelik en die Christushimne uit te lê;
- die noodsaak van gesonde leer en orde in die kerk volgens die Pastorale Briewe te verduidelik;
- Christus as Hoëpriester en Middelaar van die nuwe verbond in Hebreërs te verklaar;
- Paulus se etiese riglyne oor huisgesinne en sosiale verhoudinge te interpreteer;
- die kern van Paulus se teologie saam te vat en die relevansie daarvan vir vandag uit te wys.

NTW3172	Gevorderde studie van die Nuwe Testament: Johannese Literatuur	NKR-vlak 7	Krediete = 12

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- toon ‘n deeglike begrip vir die belangrikste teologiese probleme wat ons in die Johannese geskrifte en die algemene briewe aantref;
- demonstreer dat die student oor die vaardighede beskik om tekste binne die Johannese korpus en die algemene briewe deeglik te kan eksegetiseer en interpreteer;
- beskik oor die gevorderde kennis van die teologie van die Nuwe Testament en kan dit doeltreffend aanwend vir sy/haar studies en/of daaglikse werk;
- selekteer en gee gedetailleerde aspekte van die Nuwe-Testamentiese geskiedenis weer;
- identifiseer en beskryf die Johannese geskrifte en die algemene briewe in besonderhede;
- toon die vermoë om verantwoordelikheid te neem en te handel ooreenkomstig voorgeskrewe etiese kodes, waardes en praktyke waar geskrewe opdragte vereis word, asook vir sy/haar eie besluite en aksies rakende navorsing in die bepaalde konteks van inligtingstemas wat behandel is;
- versamel, analiseer en evalueer inligting rakende die verskillende benaderings tot die Nuwe Testament, die struktuur van die taal, die kennis van die geskiedenis en van die Nuwe-Testamentiese literatuur, spesifiek met betrekking tot die Johannese korpus en die algemene briewe van die Nuwe Testament om sodoende gevorderde probleme met betrekking tot die eksegese, hermeneutiek, kanoniek en inleidingsvrae van tekste in die Johannese korpus op te los;
- toon die vermoë tot die versameling, produsering en skriftelike kommunikasie van deeglike inligting rakende die studie van die Johannese geskrifte en die algemene briewe in sy progressiewe ontwikkeling, asook vermoë om sy/haar eie uitsette krities te evalueer, volgens die ingeboude selfassesserings-opdragte;
- beoordeel eie en ander se werk en toon die vermoë om in ‘n groep te funksioneer terwyl die verantwoordelikheid vir eie leer tydens die formatiewe en summatiewe assesseringsgeleenthede getoon word.

NTW4282	In-diepte studie van die Nuwe Testament	NKR-vlak 8	Krediete = 12

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- die rol van die kerkvaders binne die ontwikkeling van die vroeë kerk te beskryf en hulle historiese konteks te verstaan;
- die betekenis van die Apostoliese Vaders en hul bydrae tot die vorming van die vroeë Christelike tradisie te verduidelik;
- die apologete se werk en hulle verdediging van die Christelike geloof teenoor teenstanders te interpreteer;
- die groot kerkvaders van die derde eeu te identifiseer en hulle invloed op teologiese en kerklike ontwikkeling te analiseer;
- die bydrae van die kerkvaders van die vierde eeu tot die ekumeniese konsilies en belydenisse te evalueer;
- die belangrikste figure in die Latynse Weste te verduidelik en hul teologiese erfenis uiteen te sit;
- die rol van die Aleksandrynse en Antiocheense skole van Skrifuitleg te onderskei en te beoordeel;
- die ontwikkeling van die monastieke beweging en die skrywers wat dit gevorm het, te interpreteer;
- die betekenis van Augustinus vir die Westerse teologie en sy nalatenskap vir die Reformasie te verstaan;
- die invloed van die Griekse kerkvaders op die Oosterse teologie uiteen te sit;
- die rol van die kerkvaders in die vaslegging van die kanon en die oordrag van die Skrif te verduidelik;
- die huidige relevansie van die kerkvaders vir die kerk en teologie van vandag te evalueer en verantwoordelik toe te pas.

Departement Diakoniologie

DKN1252	Inleiding tot Diakoniologie	NKR-vlak 5	Krediete = 12

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- stel ingeligte kennis van die diakoniologie ten toon;
- onderskei diakoniologie van wat populêr ook bekend staan as praktiese teologie;
- identifiseer die verskeie modi waardeur God in Sy Woord tot die wêreld kom;
- som die sleutelkwessies en neigings van roeping tot die bediening van God se Woord op;
- dui oorsigtelik ’n klassiek-gereformeerde verstaan van die roeping om God se Woord te bedien aan;
- evalueer die opvatting dat die roeping tot die bediening van God se Woord gevaarlik kan wees;
- motiveer hoe daar lewenslang volhard kan word om God se Woord te bedien;
- bied hierdie kennis in ’n basiese formaat aan;
- pas basiese prosesse van analise, sintese en evaluasie toe;
- demonstreer verstaan en respek vir die beginsels rakende intellektuele eiendom, kopiereg en plagiaat.

DKN2262	Studie van die Diakoniologie: Kategetiek	NKR-vlak 6	Krediete = 12

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- bied gedetailleerde kennis oor verbondsmatige onderrig en leer, ingesluit ’n verstaan van en vermoë om;
- hanteer onbekende en verskeie kwessies en ontwikkelinge in verbondsmatige onderrig en leer;
- evalueer sleutel feite, terme en konsepte van verbondsmatige onderrig en leer;
- vergelyk verskillende godsdienstige vooronderstellings;

- identifiseer en verduidelik teologiese trajekte van intellektuele denke;
- motiveer eie interpretasie van verbondsmatige onderrig en leer;
- beargumenteer sodanige kennis in geskrewe formaat;
- ontwerp ŉ lesplan.

DKN3172	Gevorderde studie van die Diakoniologie: Liturgiek (Elektief)	NKR-vlak 7	Krediete = 12

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:
- evalueer sleutel feite, terme en konsepte van die erediens;
- vergelyk onderskeie godsdienstige vooronderstellings;
- identifiseer en verduidelik teologiese trajekte en intellektuele denke;
- motiveer die eie klassiek-gereformeerde interpretasie;
- hanteer onbekende kwessies en ontwikkelinge rond die erediens;
- beredeneer hierdie kennis in mondelinge of skriftelike formaat.

DKN3172a	Gevorderde studie van die Diakoniologie: Jeugwerk (Elektief)	NKR-vlak 7	Krediete = 12

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:
- bied omvattende en geïntegreerde kennis van jeugwerk;
- hanteer onbekende kwessies en verwikkelinge in jeugwerk;
- evalueer sleutel feite, terme en konsepte in jeugwerk;
- vergelyk verskillende godsdienstige vooronderstellings in jeugwerk;
- motiveer besluite in jeugbediening;
- beredeneer kennis in geskrewe of mondelinge formaat;

DIP3272	Werksgeïntegreerde leer (Gemeente Prakties)	NKR-vlak 7	Krediete = 12

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:
- doen ‘n 30-minute aanbieding, waardeur kritiese oorweging gedemonstreer word, oor die bediening in die plaaslike kerk waar gemeente prakties plaasgevind het;
- dien ‘n portefeulje, wat die volgende insluit:
  - ‘n dagboek (logboek)-verslag van 3 x 40-uur weke van al die bedieningsaktiwiteite by daardie betrokke werkplek;
  - twee video-opnames van eredienste in die betrokke gemeente, wat bewys lewer van optrede as liturg;
  - ‘n verslag van die bespreking wat met die bedienaar van die Woord plaasgevind het oor die dinamika van pastorale optrede (rol vervulling) in die gemeente;
  - ‘n verslag oor die bespreking wat met die bedienaar van die Woord plaasgevind het oor die proses van preekmaak wat gevolg word;
  - ‘n eksegetiese verslag oor ‘n Bybelse narratiewe gedeelte en bewys van die voorbereiding, asook ‘n video-opname van ‘n Bybelstudie wat in die gemeente aangebied is;
  - bewys van die voorbereiding wat plaasgevind het vir ‘n verbondsonderrig klas, plus die video-opname van die klasoptrede by die betrokke gemeente en die self-evaluering-verslag oor daardie klas;
  - ‘n verslag van die beplanning en waarneming van besoeke wat plaasgevind het (bv. Huisbesoeke, hospitaal en/of sieke besoeke) tydens die periode van gemeente prakties in die betrokke gemeente;
  - ‘n verslag van jeugwerk in die betrokke gemeente;
  - ‘n verslag van missionêre bewustheid, projekte en planne van die betrokke gemeente;
  - ‘n verslag van die administratiewe en finansiële stelsels in gebruik by die betrokke gemeente;

- ‘n verslag van moontlike kerkregaangeleenthede wat tydens die periode van gemeente prakties by die betrokke gemeente ontstaan het.

DKN4182	In-diepte studie van Diakoniologie: Poimeniek en Pastorale psigologie (Elektief)	NKR-vlak 8	Krediete = 12

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- toon 'n ingeligte en gevorderde kennis van Poimeniek en Pastorale Psigologie;
- interpreteer Poimeniek en Pastorale Psigologie teologies en akkuraat;
- analiseer en beoordeel koersgewende aspekte in pastorale sorg en berading;
- identifiseer en beskryf trajekte van teologiese denke binne die konteks van pastorale sorg en benadering;
- waardeer verskillende interpretasies van pastorale sorg en berading;
- kritiseer aannames, abstrakte konsepte en intellektuele denke wat verband hou met pastorale sorg en berading.

DKN4182a	In-diepte studie van Diakoniologie: Kerkplanting (Elektief)	NKR-vlak 8	Krediete = 12

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- toon 'n ingeligte en gevorderde kennis van kerkplanting;
- interpreteer teorieë van kerkplanting teologies en akkuraat;
- analiseer en waardeer koersbepalende aspekte in die bedieningswerk van Kerkplanting krities;
- identifiseer en beskryf trajekte van teologiese denke binne die konteks van Kerkplanting;
- waardeer onderskeie interpretasies van Kerkplanting;
- kritiseer vooronderstellings, konsepte en intellektuele denke in verband met Kerkplanting;
- beredeneer kennis in geskrewe of mondelinge formaat;

DKN4282	In-diepte studie van Diakoniologie: Homiletiek (Elektief)	NKR-vlak 8	Krediete = 12

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- toon 'n ingeligte en gevorderde kennis van Homiletiek;
- interpreteer prediking (Woordbediening) teologies en akkuraat;
- analiseer en beoordeel koersgewende aspekte in prediking;
- identifiseer en beskryf trajekte van teologiese denke binne die konteks van heilshistoriese prediking;
- waardeer verskillende interpretasies van prediking, deur gebruik te maak van bewyslewerende argumentasie;
- kritiseer homiletiese aannames, abstrakte konsepte en intellektuele denke wat verband hou met prediking;
- ontwerp 'n preek en bied ook aan;
- pas eksegetiese metodes en kennis toe om die kommunikasie van die preek te substansieer.

DKN4282a	In-diepte studie van Diakoniologie: Pastorale berading (Elektief)	NKR-vlak 8	Krediete = 12

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- bied ingeligte en gevorderde kennis van pastorale berading;
- hanteer onbekende kwessies en verwikkelinge in pastorale berading;
- evalueer sleutel feite, terme en konsepte in pastorale berading;
- vergelyk onderskeie godsdienstige vooronderstellings in pastorale berading;
- motiveer besluit in die bediening van pastorale berading;
- beredeneer kennis in geskrewe of mondelinge formaat;

- stel akkurate verslae saam.

Departement Dogmatologie

DOG1252	Inleiding tot sistematiese teologie	NKR-vlak 5	Krediete = 12

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- demonstreer ‘n ingeligte verstaan van die gereformeerd-katolieke tradisie, asook insig in hoe dit van ander teologiese tradisies verskil;
- toon ‘n bevoegdheid in die hantering van belydenisskrifte soos die drie formuliere van eenheid;
- definieer en evalueer bepaalde teologiese tradisies en afwykings;
- toon die vermoë om verantwoordelikheid te neem en te handel ooreenkomstig voorgeskrewe etiese kodes, waardes en praktyke waar geskrewe opdragte vereis word, asook vir sy/haar eie besluite en aksies rakende navorsing in die bepaalde konteks van inligtingstemas wat behandel is;
- beskryf en pas metodes vir sistematiese teologie toe vanuit Skrif en tradisie;
- toon die vermoë tot die beoordeling van hoofstroom teologiese tradisies en rigtings waarmee die gereformeerd-katolieke tradisie in gesprek mag tree;
- beoordeel, hanteer en weergee van die gereformeerd-katolieke benadering teenoor die benadering van die korrelasie-teologie.

DOG3162	Studie van sistematiese teologie: Van belydenis tot sistematiese teologie	NKR-vlak 6	Krediete = 12

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- demonstreer ’n ingeligte verstaan van kern-leerstellings van die gereformeerde tradisie, met spesifieke verwysing na die historiese agtergrond sowel as die relevansie vandag;
- demonstreer ’n bewustheid van hoe aannames van die kerkvaders veronderstel word in die Nederlandse geloofsbelydenis, asook hoe dit kerk-stryde bygedra het om tot groter helderheid te kom oor leerstellings;
- selekteer standaard metodes vanuit die voorgangers in die apologetiek van die twintigste eeu oor hoe om basiese uitgangspunte van die Christelike geloof in die praktyk te verdedig;
- identifiseer, evalueer en los bepaalde, roetine en nuwe probleme binne die teologie op aan die hand van die benaderings van die kerkvaders;
- neem verantwoordelikheid vir sy/haar eie werk en tree op ooreenkomstig die etiese waardes en praktyke;
- versamel inligting uit ’n verskeidenheid bronne van literatuur, asook die selektering van informasie toepaslik tot die taak en die toepassing van basiese prosesse van analise, sintese en evaluasie van inligting;
- kommunikeer en produseer inligting betroubaar, akkuraat en samehangend uit ’n verskeidenheid bronne, asook die toon van ’n begrip en respek vir gebruike aangaande intellektuele eiendom, kopiereg en plagiaat (insluitend die wetlike implikasies);
- demonstreer die vermoë om in bekende, asook nuwe kontekste te funksioneer, demonstreer die verstaan van verskillende teologiese tradisies, asook die impak van een leerstelling op ander areas in dieselfde teologiese verstaansraamwerk;
- toon die vermoë om eie en andere se werk te evalueer en toepaslike gevolgtrekkings te maak waar nodig; neem verantwoordelikheid vir sy/haar eie leer binne ‘n gestruktureerde leerproses, asook vir die leer van andere;
- neem verantwoordelikheid om in ’n groep te werk, asook vir sy/haar eie besluite en aksies asook díe van ander binne ‘n goed-bepaalde konteks.

DOG3272	Gevorderde studie van sistematiese teologie: Etiek	NKR-vlak 7	Krediete = 12

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- demonstreer ’n geïntegreerde verstaan van kern-areas van die gereformeerde etiek, met verbandlegging na ander modelle, in besonder die deugde-etiek;
- demonstreer ’n bewustheid van die verskillende denkskole in die etiek en hoe om die aannames te beoordeel;
- selekteer standaard metodes en prosedures om etiese modelle te beoordeel sowel as hoe om etiese kwessies te benader;
- identifiseer, evalueer en los bekende en/of nuwe etiese kwessies op aan die hand van ’n gereformeerd-etiese raamwerk;
- verstaan die etiese implikasies van besluite en aksies binne die Kerk, gebaseer op ‘n bewustheid van die kompleksiteit van etiese probleme;
- versamel inligting uit ’n verskeidenheid bronne van literatuur, selekteer verskillende etiese kwessies en pas die gereformeerd-etiese model toe op etiese vraagstukke deur ’n proses van analise, sintese en evaluasie van bepaalde etiese kwessies;
- kommunikeer en produseer inligting oor etiese kwessies wat betroubaar, akkuraat en samehangend is uit ’n verskeidenheid bronne, en toon begrip en respek vir intellektuele eiendom, kopiereg en plagiaat (insluitend die wetlike implikasies);
- demonstreer die vermoë om in bekende, asook nuwe kontekste etiese besluite te kan neem, demonstreer die verstaan van verskillende etiese modelle, asook hoe die dogmatiek en etiek mekaar veronderstel in die keuse van ’n etiese raamwerk;
- toon die vermoë om eie en andere se etiese beslissings te evalueer waar nodig; neem verantwoordelikheid vir sy/haar eie etiese beslissings binne ‘n verantwoordbare en gestruktureerde leerproses, asook vir die leer van andere;
- demonstreer die vermoë om in ‘n groep te werk en neem verantwoordelikheid vir sy/haar eie etiese beslissings sowel as dié van ander in bepaalde situasies.

DOG4182	**In-diepte studie van sistematiese teologie: Die mens, verlossing, kerk en etiek**	**NKR-vlak 8**	**Krediete = 12**

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- toon ’n ingeligte en gevorderde kennis van bepaalde loci van die dogmatiek soos verwoord deur gerekende gereformeerde dogmatici;
- verstaan en gebruik verskillende navorsingsmetodes en tegnieke wat verband hou met navorsing in dogmatiese teologie;
- interpreteer teksgedeeltes in die lig van die hele Bybel en die dogmageskiedenis;
- analiseer en bied ’n oorsig van belangrike loci in die dogmatiek;
- identifiseer en beskryf trajekte van dogmatiese nadenke binne die kerkhistoriese konteks;
- identifiseer, analiseer en bespreek ingewikkelde probleme binne die dogmatiek;
- beoordeel dogmahistoriese ontwikkeling en verwording in verskillende benaderings;
- beoordeel dogmahistoriese vooronderstellings, konsepte en intellektuele raamwerke in die geskiedenis van Kerk en dogma;
- beoordeel die invloed van die Bybel en filosofiese raamwerke op dogmavorming;
- identifiseer en bespreek die dogmenshistoriese vraagstukke wat ontstaan het aan die hand van die Bybel en ’n klassiek-gereformeerde waardestelsel.

DOG4282	**In-diepte studie van sistematiese teologie: wysheid en apologetiek**	**NKR-vlak 8**	**Krediete = 12**

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- toon ’n ingeligte en gevorderde kennis van bepaalde loci van die dogmatiek soos verwoord deur gerekende gereformeerde dogmatici;
- verstaan en gebruik verskillende navorsingsmetodes en tegnieke wat verband hou met navorsing in dogmatiese teologie;
- interpreteer teksgedeeltes in die lig van die hele Bybel en die dogmageskiedenis;
- analiseer en bied ’n oorsig van belangrike loci in die dogmatiek;

- identifiseer en beskryf trajekte van dogmatiese nadenke binne die kerkhistoriese konteks;
- identifiseer, analiseer en bespreek ingewikkelde probleme binne die dogmatiek;
- beoordeel dogmahistoriese ontwikkeling en verwording in verskillende benaderings;
- beoordeel dogmahistoriese vooronderstellings, konsepte en intellektuele raamwerke in die geskiedenis van Kerk en dogma;
- beoordeel die invloed van die Bybel en filosofiese raamwerke op dogmavorming;
- identifiseer en bespreek die dogmenshistoriese vraagstukke wat ontstaan het aan die hand van die Bybel en ’n klassiek-gereformeerde waardestelsel.

Departement Ekklesiologie

KGS1252	Inleiding tot Kerkgeskiedenis	NKR-vlak 5	Krediete = 12

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- demonstreer ’n ingeligte verstaan van Kerkgeskiedenis as die teologiese dissipline wat met die geskiedenis van God se kerk in die wêreld handel;
- toon bevoegdheid in die identifisering en beskrywing van die verskillende tydperke van kerkhistoriese ontwikkeling;
- selekteer en som kernaspekte van elke tydperk se ontwikkeling, sleutelpersone en -gebeure akkuraat op;
- identifiseer en beskryf die verband tussen en bydrae van elke tydperk teen die agtergrond van die oorkoepelende verhaal van die Kerk in die wêreld;
- toon die vermoë om verantwoordelikheid te neem en te handel ooreenkomstig voorgeskrewe etiese kodes, waardes en praktyke waar geskrewe opdragte vereis word, asook vir sy/haar eie besluite en aksies rakende navorsing in die bepaalde konteks van inligtingstemas wat behandel is;
- versamel, analiseer en evalueer inligting rakende die verskillende historiese tydperke deur kennismaking met primêre bronne;
- toon die vermoë tot die versameling, produsering en skriftelike kommunikasie van inligting rakende die ontvouing van die kerk se verhaal, asook vermoë om sy/haar eie uitsette te evalueer, volgens die ingeboude selfassesserings-opdragte;
- beoordeel eie en ander se werk en toon die vermoë om in ’n groep te funksioneer terwyl die verantwoordelikheid vir eie leer tydens die formatiewe en summatiewe assesseringsgeleenthede getoon word.

KGS2162	Studie van Kerkgeskiedenis 33-500nC	NKR-vlak 6	Krediete = 12

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- ken die belangrikste kerkhistoriese sleutelfigure van die tydperk 33-900 n.C. binne hul historiese konteks;
- verstaan die besondere bydraes van hierdie sleutelfigure in die Kerkgeskiedenis en die invloed wat dit op die ontwikkeling van die kerk gehad het;
- onderskei en analiseer die belangrikste leerstellige en apologetiese bydraes van elke sleutelfiguur;
- toon aan en bespreek krities die grondliggende bydrae en waarde van verskeie primêre bronne tot die studie van Kerkgeskiedenis.

KGS3172	Gevorderde studie van Kerkgeskiedenis 500-1500nC	NKR-vlak 7	Krediete = 12

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- ken die belangrikste kerkhistoriese sleutelfigure rondom die tydperk 900-1500 n.C. binne hul historiese konteks;
- verstaan die besondere bydraes van hierdie sleutelfigure in die Kerkgeskiedenis en die invloed wat dit op die ontwikkeling van die kerk gehad het;
- onderskei en analiseer die belangrikste historiese, leerstellige en kerkregtelike bydraes van elke sleutelfiguur;

- toon aan en bespreek krities die grondliggende bydrae en waarde van verskeie primêre bronne tot die studie van Kerkgeskiedenis.

KGS3282	In-diepte studie van Kerkgeskiedenis 1500-1800nC	NKR-vlak 8	Krediete = 12

Na voltooiing van hierdie module behoort 'n student die volgende uitkomste te bereik:

- toon 'n ingeligte en gevorderde kennis van internasionale sowel as plaaslike kerkgeskiedenis en kerkreg gedurende die tydperk 1500-1800;
- verstaan en gebruik verskillende navorsingsmetodes en tegnieke wat verband hou met kerkhistoriese en kerkregtelike navorsing;
- interpreteer kerkhistoriese gebeure teologies en betroubaar nadat verskeie primêre bronne vanuit die internasionale sowel as plaaslike domein krities ondervra is;
- analiseer en bied 'n kritiese beoordeling van belangrike gebeure en onbekende probleme vanuit hierdie tydperk;
- identifiseer en beskryf trajekte van teologiese nadenke binne die kerkhistoriese konteks;
- identifiseer, analiseer en bespreek ingewikkelde probleme binne kerkgeskiedenis en kerkreg wat gedurende hierdie tydperk na vore kom;
- beoordeel verskillende verklarings van kerkhistoriese en kerkregtelike ontwikkeling deur bewysgebaseerde argumente;
- kritiseer kerkhistoriese vooronderstellings, abstrakte konsepte en intellektuele nadenke rakende hierdie tydperk van die kerkgeskiedenis;
- kritiseer die invloed van Kolonialisme op die Suid-Afrikaanse kerkgeskiedenis en kerkreg;
- identifiseer en bespreek die etiese vraagstukke wat deur kolonialisme veroorsaak is aan die hand van 'n klassiek-gereformeerde waardestelsel.

KGS4182	In-diepte studie van Kerkgeskiedenis 1800-2000nC	NKR-vlak 8	Krediete = 12

Na voltooiing van hierdie module behoort 'n student die volgende uitkomste te bereik:

- toon 'n ingeligte en gevorderde kennis van internasionale sowel as plaaslike kerkgeskiedenis en teologiese denkrigtings gedurende die tydperk 1800-2000;
- verstaan en gebruik verskillende navorsingsmetodes en tegnieke wat verband hou met kerkhistoriese en kerkregtelike navorsing;
- interpreteer kerkhistoriese gebeure teologies en betroubaar nadat verskeie primêre bronne vanuit die internasionale sowel as plaaslike domein krities ondervra is;
- analiseer en bied 'n kritiese beoordeling van belangrike gebeure en onbekende probleme vanuit hierdie tydperk;
- identifiseer en beskryf trajekte van teologiese nadenke binne die kerkhistoriese konteks;
- identifiseer, analiseer en bespreek ingewikkelde probleme binne kerkgeskiedenis en kerkreg wat gedurende hierdie tydperk na vore kom;
- beoordeel verskillende verklarings van kerkhistoriese en kerkregtelike ontwikkeling deur bewysgebaseerde argumente;
- kritiseer kerkhistoriese vooronderstellings, abstrakte konsepte en intellektuele nadenke rakende hierdie tydperk van die kerkgeskiedenis;
- kritiseer die invloed van Kolonialisme en apartheid op die Suid-Afrikaanse kerkgeskiedenis en kerkreg;
- identifiseer en bespreek die etiese vraagstukke wat deur kolonialisme en apartheid veroorsaak is aan die hand van 'n klassiek-gereformeerde waardestelsel.

Departement Missiologie

MIS1252	Inleiding tot Missiologie	NKR-vlak 5	Krediete = 12

Na voltooiing van hierdie module behoort 'n student die volgende uitkomste te bereik:

- stel 'n ingeligte kennis van eietydse Christelike sendingwerk ten toon;

- som sleutelkwessies en neigings van Bybelse, historiese en praktiese perspektiewe op eietydse sendingwerk op;
- beskryf ‘n klassiek-gereformeerde verstaan van Christelike sendingwerk in hooftrekke;
- korrigeer die populêre bewering asof die 16e eeuse kerkreformator, Johannes Calvyn, nie ’n belang by sendingwerk gehad het nie;
- evalueer die bewering asof die Afrikaanse Protestantse Kerk van die verantwoordelikheid om sendingwerk te doen wegskram;
- bied hierdie kennis in basiese skriftelike formaat aan;
- pas basiese prosesse van analise, sintese en evaluasie toe.

MIS2252	Studie van Missiologie: Godsdiens-geskiedenis	NKR-vlak 6	Krediete = 12

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- pas die leringe van Romeine 1 toe op die verskynsel van godsdienstige pluraliteit;
- bied oorsig van ’n heils-historiese verstaan van die idee ‘heiden’ in die Bybel;
- onderskei tussen tradisionele godsdienste, betekenisvolle wêreldgodsdienste, ateïstiese stelsels, en spiritistiese stelsels;
- vergelyk en kontrasteer verteenwoordiging van elke godsdienstige kategorie met die basiese leringe van die Christelike geloof;
- bespreek die unieke plek van die Persoon en Werk van Christus Jesus in die konteks van eietydse wêreldgodsdienste;
- bied hierdie kennis in skriftelike formaat aan, waartydens goed ontwikkelde prosesse van analise, sintese en die evaluering van beskikbare inligting toegepas word;
- kommunikeer komplekse inligting betroubaar en samehangend.

MIS3172	Gevorderde studie van Missiologie: Afrika tradisionele godsdienste en Islam	NKR-vlak 7	Krediete = 12

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

Ten opsigte van 'AFRIKA'

- die historiese agtergrond van die feit dat ‘Afrika’, in Suid-Afrika, die hoofstroom geword het, met kritiese insig uit ’n Afrikanersperspektief, kan bespreek;
- die begrip ‘Afrika’ met kritiese insig te verduidelik;
- ‘Afrika’ as lewens- en wêreldbeskouing te bespreek, in kontras met die sg. “Westerse” en ook die Christelike;
- die Weste se impak op Afrika te bespreek, met die gevolglike krisis waarin Afrika verkeer en antwoorde daarop soos deur Albert Luthuli, Steve Biko en Nelson Mandela;
- die verskillende denkskole wat ‘Afrika’ intellektueel bevorder, met kritiese insig te bespreek en die gevolglike deurwerking daarvan in die metafisika en epistemologie;
- 'n pastorale benaming van Afrika-Christene, met kritiese insig te bespreek.

Ten opsigte van ISLAM

- die mededingende paradigmas van Islam en Islam se inheemswording aan Afrika met kritiese insig te bespreek;
- met kritiese insig te verstaan en te verduidelik dat die Qur’an die mees sentrale – permanente, bindende en samebindende kenmerk van Islam verteenwoordig;
- die voorstelling van die Qur’an oor die Christelike Drie-eenheidsopvatting van God, met kritiese insig te verwoord, asook die implikasies daarvan aandui vir die elenktiese gesprek met Moslems;
- akkuraat weer te gee wat die Qur’an oor Isa ibn Mariam leer en hoedanig dit die godsdiensgesprek tussen Moslems en Christene raak;
- akkuraat weer te gee wat die Qur’an leer oor die kruisiging van ’Ιησοῦς ὁ βασιλεὺς τῶν ’Ιουδαίων, asook die deurslaggewende aangeleentheid van verlossing en hoedanig dit die godsdiensgesprek tussen Moslems en Christene raak;

- akkuraat weer te gee wat die Qur'an leer oor die Bybel en hoedanig dit die godsdiensgesprek tussen Moslems en Christene raak.

MIS4182	In-diepte studie van Missiologie: Sending-geskiedenis	NKR-vlak 8	Krediete = 12

Na voltooiing van hierdie module behoort 'n student die volgende uitkomste te bereik:

- toon 'n ingeligte en gevorderde kennis na aanleiding van verskeie bronne oor die geskiedenis van Christelike Sendingwerk;
- interpreteer die geskiedenis van Christelike Sendingwerk teologies en akkuraat;
- analiseer en beoordeel koersbepalende gebeure krities;
- identifiseer en beskryf trajekte van teologiese denke binne sending-historiese konteks;
- waardeer verskillende interpretasies van die sendinggeskiedenis, deur middel van bewyslewerende argumente;
- kritiseer sending-historiografiese aannames, abstrakte konsepte en intellektuele denke wat verband hou met die geskiedenis van Christelike Sendingwerk.

HOËR SERTIFIKAAT IN SOSIALE STUDIES - SAKO (SAQA) ID: 125454

MINIMUM 120-KREDIET PROGRAM OP VLAK 5 VAN DIE NASIONALE KWALIFIKASIERAAMWERK (NKR)

Die sluitingsdatum vir hierdie program is 30 Januarie 2027

INLEIDING

Die Hoër Sertifikaat in Sosiale Studies is 'n 120-krediet beroepsgerigte leerprogram in verskillende velde van sosiale studies, ontwerp op vlak 5 van die Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR). Die program is daarop gemik om geskoolde en bekwame aspirant dienswerkers op te voed en op te lei om hulle te bekwaam vir verskeie sosiale omgewings in die wêreld van werk. Die doel van die program is om die individu te bemagtig om 'n volledig toegeruste en suksesvolle dienswerker in verskeie sosiale omgewings te word, om toepaslike maatskaplike dienste en toepaslike sorg te verskaf. Daar is ‘n groot behoefte aan goed afgeronde funksionele indiwidue wat ’n groot rol kan speel in die ontwikkeling van sosiale strukture in gemeenskappe in Suid-Afrika.

Die **student wat die kwalifikasie verwerf het**, sal in staat wees om ’n ingeligte begrip van Sosiale Studies te demonstreer, asook ’n bewustheid van hoe kennisstelsels in Sosiale Studies ontwikkel en toegepas word. Die verwante kennis, vaardighede en toegepaste bevoegdhede word binne internasionale, Afrika- en hoofsaaklik Suid-Afrikaanse kontekste toegepas. Hierdie kennis, vaardighede en toegepaste bevoegdhede sal fokus op, maar nie beperk wees tot:

- verwante fundamentele leer;
- dissiplinêre studievelde in Sosiale Studies, soos Sosiale Teorie, Menslike Ontwikkeling en Sielkunde, Maatskaplike Dienste en Administrasie, en Menslike Ontwikkeling en die Omgewing; en
- spesifieke studievelde in maatskaplike diens op NKR-vlak 5, soos Gesinsstudies, Kinder- en Jeugdiensteprogramme, Maatskaplike Dienste en Berading.

Die student wat die kwalifikasie verwerf het, moet verder in staat wees om rekenskap van sy of haar optrede te gee, effektief met ander in verskeie sosiale omgewings saam te werk en hulle te respekteer, asook om, waar toepaslik, toesighoudende verantwoordelikheid vir ander te aanvaar en hulpbronne verantwoordelik te benut.

‘n Persoon wat ’n Hoër Sertifikaat in Sosiale Studies verwerf het sal in staat wees om te vorder, 1) vertikaal na 'n gevorderde sertifikaat in verwante studierigtings vir die doel van progressie, soos 'n Gevorderde Sertifikaat in Sosiale Studies by ander instellings of in die buiteland, of 2) horisontaal na verwante diplomas of grade deur 'n proses van RPL en/of CAT, soos die BSocSc by die APA.

Hierdie unieke kwalifikasie bied studente die geleentheid om die mens, die gesin, die gemeenskap en die samelewing vanuit 'n Christelike en Reformatoriese wêreldbeskouing te bestudeer.

In 'n tyd waarin gemeenskappe met uitdagings soos gesinsverbrokkeling, armoede, sosiale konflik, jeugmisdaad en etiese vraagstukke worstel, is daar 'n groeiende behoefte aan mense wat nie net kennis oor die onderwerpe het nie, maar ook met wysheid, geloof en verantwoordelikheid in die samelewing kan dien en leiding gee. Die Hoër Sertifikaat in Sosiale Studies is juis daarop gerig om sulke leiers toe te rus.

Vir wie is hierdie kwalifikasie geskik?

Die Hoër Sertifikaat in Sosiale Studies is ideaal vir:

- Skoolverlaters wat 'n betekenisvolle loopbaanrigting soek, veral iemand wat matriek geslaag het en graag toegang tot graadstudie wil bereik.

- Iemand wat au-pair werk wil doen en meer kennis wil opdoen oor die gesin, kinderontwikkeling en sosiale kwessies.
- Iemand wat by 'n kleuterskool wil werk as assistent.
- Kerklike werkers, jeugleiers en gemeentelike helpers.
- Mense wat in gemeenskapsontwikkeling belangstel.
- Persone wat hulself vir berading en maatskaplike dienswerk wil voorberei.
- Enigiemand wat mense beter wil verstaan en 'n positiewe verskil in die samelewing wil maak.
- Studente wat later verder wil studeer in sosiale wetenskap of menswetenskaplike rigtings.

By die AP Akademie glo ons dat die samelewing verander wanneer mense toegerus word met kennis, wysheid en 'n Christelike wêreldbeskouing. Die Hoër Sertifikaat in Sosiale Studies is ontwerp om studente te help om juis daardie verskil te maak.

DUUR VAN DIE KURSUS

Die Hoër Sertifikaat in Sosiale studies duur een jaar voltyds en twee jaar deeltyds. Dit mag egter nie drie jaar oorskry nie.

METODE VAN ONDERRIG

Die Hoër Sertifikaat word ten volle deur **afstandsonderrig** aangebied.

TOELATINGSVEREISTES

1. ‘n Nasionale Senior Serifikaat (NSS) wat vanaf 2008 uitgereik is, óf die Senior Sertifikaat (SS), uitgereik voor 2008.
2. Aanbevole vak(ke): Geen spesifieke vakke of kombinasie van vakke word as voorwaarde gestel nie.

Wyer geleenthede in die toelatingsproses tot die Hoër Sertifikaat in Sosiale Studies word bevorder deur die minimum toelatingsvereistes en keuringskriteria.

- ’n Relevante NKR vlak 4 kwalifikasie.
- Vanaf 2009 kan eerste keer nuwe studente (FTEN's) wat hul skoolopleiding in Suid-Afrika voltooi het, **óf**
  1) die Nasionale Senior Sertifikaat (NSC), uitgereik vanaf 2008, **óf**
  2) die Senior Sertifikaat (SC – voor 2008) aanbied vir toegang tot hoër onderwys. Die toelatingsvereistes vir toegang tot die Hoër Sertifikaat in Sosiale Studies by die AP Akademie is soos bepaal deur die Departement van Onderwys soos volg:
  - Vir studente wat die Nasionale Senior Sertifikaat (NSC) ná 2008 verwerf het, moet die sertifikaat goedgekeur word vir studies in hoër sertifikate.
  - Vir studente wat 'n Senior Sertifikaat (SC) voor 2008 verwerf het, voldoen die sertifikaat aan die minimum vereistes.

- Vrystelling op grond van volwasse ouderdom (persone van 45 en ouer) bepaal dat so 'n aansoeker nie enige skoolkwalifikasie hoef te besit om aansoek te doen vir vrystelling nie en toegang kan kry op grond van:
  - Erkenning van vorige leer RPL) van voltooide en/of onvolledige kwalifikasies anders as skoolkwalifikasies en/of ervaring vir toegang tot die hoër sertifikaat.
  - Oordrag van opgehoopte krediete (CAT) in verwante voltooide of onvolledige kwalifikasies oor die subraamwerke van die NQF kan oorweeg word vir die doel van toegang.

SPESIFIEKE INSTELLINGSVEREISTES

Voornemende studente moet oor ’n geskikte rekenaar of skootrekenaar, asook ‘n betroubare internetverbinding en voldoende data, beskik om toegang tot die program te verkry.

FINANSIES

Die volgende studiegeld is betaalbaar:

Aansoekgeld:	Nie-terugbetaalbare bedrag	**R500.00**
Deposito: **(R10 000.00 van die deposito vorm deel van die studiegeld en is dus nie 'n addisionele fooi nie)**	Met registrasie moet die deposito van R11 600.00 betaal word, waarvan R10 000 dien as 'n terugbetaalbare bedrag **SLEGS INDIEN** daar voor die aangeduide datum op die kalender gekanselleer word.	**R11 600.00** (per jaar)

Hoër Sertifikaat in Sosiale studies	
Akademiese Geletterdheid	R2 450.00 (per vak)
Klassiek-Christelike wêreldbeskouing	R2 450.00 (per vak)
Rekenaar- en digitale geletterdheid	R1 400.00 (per vak)
Administrasie van Maatskaplike Dienste	R1 600.00 (per vak)
Menslike Ontwikkeling en die Omgewing	R2 450.00 (per vak)
Menslike Ontwikkeling en Sielkunde	R2 450.00 (per vak)
Professionele Standaarde en Etiek	R1 800.00 (per vak)
Sosiale Teorie	R2 450.00 (per vak)
Werksgeïntegreerde leer (WIL):	
Professionele Praktyk in die Studieveld	R2 450.00 (per vak)
Duits **of** Gebaretaal **of** Sepedi	R1 600.00 (per vak)
Berading **of** Gesinstudies **of** Maatskaplike Sorgprogramme	R4 900.00 (per vak)
	TOTAAL: R26 000.00
Hereksamengeld	R1 000.00 (per vraestel)
Hermerk van vraestel	R1 000.00 (per vraestel)
Senaatseksamen	R1 000.00 (per vraestel)
CAT/RPL	R 750.00 (per vak)

Bogenoemde gelde is verpligtend en 'n student wat dit nie betaal nie, word nie as 'n geregistreerde student van die Akademie beskou voordat die geld teen die aanvang van die akademiese jaar betaal is nie.

Geen studie inligting sal tydens die Oriëntasietydperk voorsien word sonder bewys van betaling nie.

FINALE DATUMS VIR BETALING VAN VOLLE STUDIEGELD ELKE JAAR:

Eerste Semester: 31 Maart
Tweede Semester: 31 Augustus

Studente wat hier in gebreke bly, se volle akademiese diens word onmiddellik opgeskort indien die studiegeld nie teen die betrokke spertye betaal is nie.

- **Geen student sal 'n Puntestaat ontvang of toegelaat word om vir die volgende semester/studiejaar in te skryf alvorens die student se agterstallige studiegeld ten volle betaal is nie**.
- **Geen kwalifikasie sal toegeken word indien studiegeld nie ten volle vereffen is nie**.

KWYTSKELDINGS BY STAKING VAN STUDIE EN OF VAKKE

Indien studente binne die eerste twee weke nadat die eerste semester se klasse begin het (soos op kalender aangedui), besluit om hul studie te staak of vakke te kanselleer, en vroegtydig **behoorlik en skriftelik** kennis daarvan aan die Programkoördineerders van die onderskeie programme gee, word die studente van die studiegeld vir die eerste semester kwytgeskeld. **Die aansoekgeld (R500.00) en R1 600.00 van die deposito is egter nie terugbetaalbaar indien studies gestaak word nie**. **R10 000.00 dien as 'n terugbetaalbare**

bedrag SLEGS INDIEN daar voor die aangeduide datum op die kalender gekanselleer word.

Indien studente ***ná*** die eerste twee weke nadat die klasse vir die eerste semester begin het, besluit om hul studies te staak of vakke te kanselleer, bly die studente verantwoordelik vir die betaling van die **volle** studiegeld vir die eerste semester en word kwytskelding gegee vir die tweede semester. Indien studente egter versuim om betyds kennis te gee, bly hulle aanspreeklik vir die volle jaar se studiegeld.

Indien studente binne die eerste twee weke nadat die tweede semester begin het, besluit om hul studie te staak of vakke te kanselleer, en vroegtydig, behoorlik en skriftelik kennis daarvan aan die Programkoördineerders van die onderskeie programme gee, word die student van die studiegeld vir die tweede semester kwytgeskeld. Sou die studente hul studie ***ná*** die eerste twee weke van die tweede semester staak, bly die studente verantwoordelik vir die betaling van die **volle** studiegeld vir die volle tweede semester.

Alle gelde wat betaalbaar is, word direk in die AP Akademie se bankrekening inbetaal, waarna die bewys van betaling aan die rekenmeester (betalings@apa.ac.za) deurgestuur word. Waar studente 'n studielening ontvang, word die toekenning direk en ten volle op hul studie-rekening inbetaal en nie aan die studente nie, tensy daar 'n krediet tot hul beskikking is. Indien die toekenning minder is as die bedrag wat betaalbaar is, is die studente verantwoordelik daarvoor om die ontbrekende bedrag betyds in te betaal.

KURRIKULA/PROGRAMSAMESTELLING

Na voltooiing van hierdie kwalifikasie sal die kandidaat in staat wees om te vorder,

- vertikaal na 'n gevorderde sertifikaat in verwante studierigtings vir die doel van progressie, soos 'n Gevorderde Sertifikaat in Sosiale Studies by ander instellings of in die buiteland, **of**
- horisontaal na verwante diplomas of grade deur 'n proses van RPL en/of CAT, soos die BSocSci by die APA.

JAAR 1	MODULEBESKRYWING	KODE	NKR-VLAK	KREDIETE
Jaarvak	Akademiese Geletterdheid **(verpligtend)**	HSAG1052	5	12
Sem. 1	Rekenaar- en digitale geletterdheid **(verpligtend)**	HSRL1151	5	6
	Menslike Ontwikkeling en die Omgewing **(verpligtend)**	HSOO1152	5	12
	Menslike Ontwikkeling en Sielkunde **(verpligtend)**	HSOS1152	5	12
	Sosiale Teorie **(verpligtend)**	HSST1152	5	12
Sem. 2	Administrasie van Maatskaplike Dienste **(Verpligtend)**	HSAM1251	5	6
	Klassiek-Christelike wêreldbeskouing **(verpligtend)**	HSKC1152	5	12
	LoCC Duits **(keusemodule)** **of** LoCC Gebaretaal **(keusemodule)** **of** LoCC Sepedi **(keusemodule)**	HSDT1251 **of** HSGB1251 **of** HSSP1251	5	6
	Gesinstudies **(keusemodule)** **of** Maatskaplike Sorgprogramme **(keusemodule)**	HSGS1254 **of** HSMS1254	5	24

	of Berading **(keusemodule)**	**of** HSBR1254		
	Professionele Standaarde en Etiek **(Verpligtend)**	HSPE1251	5	6
	Werksgeïntegreerde leer (WIL): Professionele Praktyk in die Studieveld **(Verpligtend)**	HSPP1252	5	12
	Totale krediete			**120**

Die Hoër Sertifikaat in Sosiale Studies bestaan uit nege (9) verpligte modules en twee (2) keusemodule op NQF-vlak 5, wat altesaam 120 krediete beloop. Neem asseblief kennis dat studente al die modules moet voltooi en al die krediete moet behaal.

Keusemodules

1. 'n Student kies een vak uit die drie vakke hier genoem:	Taal van Geselsvaardigheid Duits	**of**	Taal van Geselsvaardigheid Sepedi	**of**	Taal van Geselsvaardigheid Gebaretaal

en

2. 'n Student kies een vak uit die drie vakke hier genoem:	Berading	**of**	Gesinstudies	**of**	Maatskaplike Sorgprogramme
Die Werksgeïntegreerde leer (professionele praktyk) hou direk verband met die keuse wat in hierdie module uitgeoefen word.					

Minimum aantal studente per vak:
Die AP Akademie behou die reg voor om nie 'n vak vir studente aan te bied, indien die klasgetalle dit nie regverdig nie. Vir eerstejaarstudente, word die minimum aantal studente per vak op **vier** vasgestel.

AKKUMULASIE VAN AKADEMIESE KREDIETE

Ten einde die **Hoër Sertifikaat in Sosiale Studies** (NKR-vlak 5) te verwerf, moet 'n student altesaam minstens 120 krediete verkry.

'n Student ontvang erkenning vir krediete sodra 'n vak suksesvol geslaag is.

UITKOMSTEBESKRYWING

Hierdie afdeling bevat 'n kort beskrywing van die inhoud van elke vak.

Elke krediet soos aangetoon naas die vaknaam verteenwoordig 10 ure van leer en onderrig (byvoorbeeld 10 ure x 12 krediete = 120 ure) – **Vergelyk: Omskrywing rakende leer en onderrig**

Administrasie van Maatskaplike Dienste

HSAM1254	**Administrasie van Maatskaplike Dienste**	**NKR-vlak 5**	**Krediete = 6**

Na voltooiing van hierdie module behoort 'n student die volgende uitkomste te bereik:

- reflekteer oor en waardeer die voeding van die 5 000 manne deur Jesus by die See van Galilea;
- demonstreer 'n ingeligte begrip van die kernareas, sleutelterme en algemene beginsels van die elemente van die administrasie van maatskaplike dienste (SSA) en pas hierdie kennis in 'n bekende omgewing toe;
- demonstreer 'n ingeligte begrip van die sleutelterme, konsepte en algemene beginsels van beleide wat met die administrasie van maatskaplike dienste (SSA) verband hou;

- Ondersoek die beskrywing, basiese feite, algemene beginsels en strukture van verwante agentskappe wat by maatskaplike ontwikkeling in die RSA betrokke is;
- bestudeer die organisasie van maatskaplike dienste en bepaal hoe die verwante bestuur deur sosiale verhoudings en tegnologiese dimensies beïnvloed word;
- ondersoek die sleutelelemente van leierskap en besluitneming in die administrasie van maatskapplike dienste (SSA) en beskryf hoe dit die administrasie van maatskaplike dienste in verskeie bekende omgewings sal beïnvloed;
- demonstreer 'n ingeligte begrip van toesig oor individuele en spanprestasie in bekende maatskaplike diensomgewings en neem gepaste stappe om verbetering te bewerkstellig.

Akademiese Geletterdheid

HSAG1052	Akademiese Geletterdheid	NKR-vlak 5	Krediete = 12

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- bespreek basiese studiemetodes, asook die eise van tersiêre studie en basiese studievaardighede;
- formuleer bronverwysings: in ‘n teks en in ‘n Bronnelys;
- demonstreer basiese taal- en leesvaardighede in skryfstukke in Afrikaans en Engels;
- reflekteer korrekte akademiese skryfvaardighede en begryp die belang van korrekte spelling;
- identifiseer die belangrikste en kerngedagtes van ‘n akademiese leesstuk, dus die prosessering en bestuur asook beheer van inligting;
- produseer, kommunikeer en bestuur akademiese inligting in skryfstukke.

Berading

HSBR1254	Berading	NKR-vlak 5	Krediete = 24

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- beskryf die term berading;
- verduidelik die doel van berading;
- verduidelik die rol van die kerk in Christelike berading;
- vergelyk berading met sielkunde;
- identifiseer en verduidelik die rol van die berader;
- identifiseer en som berading vanuit 'n Bybelse perspektief op;
- lys en verduidelik die verskillende beginsels wat op berading van toepassing is;
- identifiseer en beskryf die verskillende beradingsomgewings;
- pas vorige en nuwe kennis toe om gevallestudies op te los;
- onderskei tussen gepaste en ongepaste gedrag binne die beradingsomgewing;
- lys en som die verskillende loopbaanrigtings wat met berading verband hou, op;
- formuleer 'n inisiatief/plan vir 'n jeugaksie;
- motiveer die belangrikheid van berading in die 20ste eeu.

Gesinstudies

HSGS1254	Gesinstudies	NKR-vlak 5	Krediete = 24

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- demonstreer 'n ingeligte begrip van die Bybelse perspektiewe op die gesin;
- beskryf gesinne en gesinsstrukture, soos geïntegreerde, oorgeïntegreerde, los en gebalanseerde gesinsstrukture;
- ontwikkel gesinskaarte volgens gesinsstrukture;
- demonstreer ‘n begrip van gesins- en gesinsverwante konsepte, soos die huwelik, volwassenes, ouers, vader, moeder, kinders, vriende, huis, woning, kerk en skool;
- beskryf die tipes en aard, asook die gevolge, van gesinskonflikte;

- demonstreer ingeligte kennis en begrip van moontlike intervensie-opsies in die geval van probleemgesinne of gesinne met probleme;
- beskryf die metodes en probleme van gesinskommunikasie;
- demonstreer ’n begrip van die konteks en stelsel van groter sosiale strukture, naamlik die gemeenskap, skool, kerk en samelewing;
- toon 'n begrip van algemene- en gesinsetiek.

Klassiek-Christelike wêreldbeskouing

HSKC1152	Klassiek-Christelike wêreldbeskouing	NKR-vlak 5	Krediete = 12

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- demonstreer 'n begrip van 'n Bybels-gereformeerde wêreldbeskouing;
- beskryf die verskil tussen teologie en filosofie in 'n akademiese konteks;
- definieer die hervorming van die samelewing;
- verduidelik persoonlike hervorming;
- ontwikkel hervormingstrategieë om probleme in verskeie sektore van die samelewing op te los;
- kommunikeer hervormingsontwikkeling in 'n akademiese en werksomgewing.

LoCC Duits

HSDT1251	LoCC Duits	NKR-vlak 5	Krediete = 6

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- toon bevoegdheid in die gebruik van Duitse grammatika, insluitend selfstandige naamwoorde en die nominatief-, datief- en akkusatiefgevalle; persoonlike, besitlike en vraende voornaamwoorde; gereelde, onreëlmatige en modale werkwoorde in die teenwoordige en verlede onbepaalde tyd; gebiedende werkwoorde; woordorde; en voorsetsels;
- identifiseer, evalueer en los probleme op wat verband hou met die begrip en skryf van grammatika en tekste;
- demonstreer die vermoë om verantwoordelikheid te neem en volgens voorgeskrewe etiese kodes te werk;
- evalueer sy/haar eie uitsette tydens die mondelinge en visuele aanbieding van semesteropdragte;
- voer met gemak 'n interaktiewe gesprek in Duits.

LoCC Gebaretaal

HSGB1251	LoCC Gebaretaal	NKR-vlak 5	Krediete = 6

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- som die geskiedenis en ontwikkeling van gebaretaal in die globale en Suid-Afrikaanse konteks op;
- kommunikeer en handhaaf kort gesprekke om gebeure, mense en voorwerpe in eenvoudige terme te beskryf;
- handhaaf kommunikasie wat handel oor die direkte uitruil van inligting, sowel as die hervertelling van 'n gebaretaalgesprek;
- verstaan spesifieke voorspelbare inligting in alledaagse gesprekke oor 'n bekende onderwerp;
- som die hoofpunte van 'n kort eenvoudige gebaretaalteks op, met behulp van rolverskuiwing waar nodig;
- hervertel 'n gebaretaalgesprek oor 'n eenvoudige onderwerp met behulp van Suid-Afrikaanse Gebaretaal;
- parafraseer en som gebaretaalmonoloë oor bekende onderwerpe met behulp van Suid-Afrikaanse Gebaretaal op.

LoCC Sepedi

HSSP1251	LoCC Sepedi	NKR-vlak 5	Krediete = 6

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- demonstreer ‘n ingeligte basiese kennis van Noord-Sotho-grammatika sowel as die uitspraak van die taal;
- demonstreer bevoegdheid in die gebruik van Noord-Sotho se selfstandige naamwoorde, selfstandige naamwoordklasse, voorwerpskakels, onderwerpskakels, uitspraak van klanke, uitsonderings en voorvoegsels van klasse;
- demonstreer bevoegdheid in die gebruik van Noord-Sotho demonstratief, lokatief, formulering van sinne in die teenwoordige sowel as verlede tyd en wees vertroud met kopulatiewe struktuur en volgehoue gebrekkige hulpwerkwoordvorme;
- identifiseer evalueer en vertaal gegewe grammatikale woorde en frases in beide Afrikaans en Noord-Sotho;
- selekteer en pas metodes van standaardontledings en basiese vertaaltegnieke van Noord-Sotho-sinne en -tekste toe;
- demonstreer die vermoë om rekenskap te gee van sy/haar optrede en werk;
- demonstreer ‘n ingeligte kennis van belangrike groetwoorde en woordeskat van Noord-Sotho.

Maatskaplike Sorgprogramme

HSMS1254	Maatskaplike Sorgprogramme	NKR-vlak 5	Krediete = 24

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- beskryf die term sosiologie;
- beskryf die skepping van die mensdom;
- verduidelik die doel en roeping van die mensdom op aarde;
- onderskei tussen Christelike en nie-Christelike wêreldbeskouings;
- identifiseer die verskillende sfere waarin elke persoon in die samelewing funksioneer;
- onderskei tussen gepaste en ongepaste gedrag in die samelewing;
- lys en som die verskillende aspekte in die samelewing wat hulp benodig, op;
- formuleer 'n plan om mense in nood te ondersteun;
- Motiveer die belangrikheid daarvan om 'n betroubare burger te wees.

Menslike Ontwikkeling en die Omgewing

HSOO1152	Menslike Ontwikkeling en die Omgewing	NKR-vlak 5	Krediete = 12

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- definieer die konsep van werk;
- onderskei tussen die konsepte arbeid en werk;
- beskryf werk as 'n menslike aktiwiteit;
- identifiseer en bespreek die hooffaktore in die transformasie van werk;
- identifiseer en bespreek die toekoms van werk, insluitend die post-COVID-wêreld van werk;
- bespreek arbeidsverhoudinge as 'n kritieke komponent van 'n stabiele en produktiewe werksomgewing;
- identifiseer en bespreek die verskillende sosiale groepe;
- identifiseer en bespreek die voordele van netwerke in die samelewing en spesifiek in die werkplek;
- beskryf hoe verstedeliking vandag wêreldwyd en plaaslik manifesteer;
- identifiseer en beskryf die sleutelkwessies wanneer die omgewing gedefinieer word;
- bespreek die monetêre benadering tot die begrip van armoede;
- bespreek die vermoëbenadering tot die begrip van armoede;
- bespreek die deelnemende benadering tot die begrip van armoede;

- bespreek die geskiedenis van gemeenskapsontwikkeling in die Suid-Afrikaanse konteks;
- identifiseer en bespreek die sleutelinstellings met betrekking tot gemeenskapsontwikkeling;
- noem en bespreek die sleutelfaktore in die koördinering van gemeenskapsontwikkeling;
- identifiseer en bespreek die sleutelelemente in gemeenskapsontwikkelingsopleiding.

Menslike Ontwikkeling en Sielkunde

HSOS1152	Menslike Ontwikkeling en Sielkunde	NKR-vlak 5	Krediete = 12

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- demonstreer 'n ingeligte bewustheid en begrip van die geskiedenis van HDP en hoe die verwante dissiplines oor tyd ontwikkel het;
- demonstreer 'n ingeligte begrip van onder andere die sleutelterme, konsepte en/of feite, algemene beginsels en teorieë van HDP;
- versamel selekteer en verwerk relevante inligting in hul spesialiseringsveld en analiseer die relevansie en impak van HDP op die werk van die maatskaplikedienswerker.

Professionele Standaarde en Etiek

HSPE1251	Professionele Standaarde en Etiek	NKR-vlak 5	Krediete = 6

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- identifiseer en kontekstualiseer morele probleme;
- ken die belangrikste etiese teorieë;
- demonstreer begrip van utilitaristiese en Kantiaanse teorieë;
- kritiseer die verskillende modelle wat aangebied word;
- pas die toepaslike etiese teorie op die toepaslike konteks toe;
- plaas etiese teorie binne ‘n historiese konteks;
- pas teorie op hipotetiese situasies toe;
- pas kritiese denkvaardighede op 'n verskeidenheid gestelde probleme toe.

Rekenaar- en digitale geletterdheid

HSRL1151	Rekenaar- en digitale geletterdheid	NKR-vlak 5	Krediete = 6
Studente wat op skool (Matriek/Gr 12) Rekenaartoepassingstegnologie (RTT/CAT) of Informasietegnologie (IT) as vak geslaag het kan erkenning kry vir Rekenaar- en digitale geletterdheid.			

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- toon ‘n basiese begrip van die rekenaarterme en -konsepte wat in Rekenaar- en digitale geletterdheid aangetref word;
- demonstreer dat die student oor die vaardighede van ‘n spesifieke webblad as deel van inligtings- en kommunikasietegnologie beskik;
- beskik oor die toepaslike basiese vaardighede om rekenaartoepassings doeltreffend en oordeelkundig aan te wend vir sy/haar studies en/of daaglikse werk;
- identifiseer, evalueer en los bepaalde, roetine en nuwe probleme binne die konteks van integrasie tussen Microsoft Word, Excel en PowerPoint op;
- selekteer standaard metodes, prosedures en tegnieke tydens die gebruik van Microsoft Word, Excel en PowerPoint;
- kommunikeer en produseer inligting rakende die basiese aspekte van rekenaartegnologie en rekenaartoepassings met vertroue en begrip en toon begrip en respek vir gebruike aangaande intellektuele eiendom, kopiereg en plagiaat in die voltooiing van assesseringsopdragte;
- versamel en selekteer inligting aangaande rekenaarprogrammatuur en -apparatuur en pas die basiese prosesse van analise, sintese en evaluasie van inligting toe op die gebied van stelselprogrammatuur en toepassingsprogrammatuur tydens die toepaslike assesserings-geleenthede;

- pas sy/haar kennis van rekenaars en basiese rekenaarvaardighede met die nodige verantwoordelikheid toe in bekende sowel as onbekende kontekste vir die hantering van persoonlike, omgewings- en samelewingsproblematiek.

Sosiale Teorie

HSST1152	Sosiale Teorie	NKR-vlak 5	Krediete = 12

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- verduidelik die verskil tussen sosiale teorie en sosiologiese teorie;
- demonstreer die vermoë om die verskille tussen die hoofperspektiewe in sosiologie te verduidelik;
- toon begrip van die hooffokus van elke hoofperspektief in sosiologie;
- lys en verduidelik die basiese stappe in die sosiale navorsingsproses;
- beskryf die drie hoofnavorsingsmetodes wat normaalweg in sosiale navorsing gebruik word;
- verduidelik die navorsingsontwerpproses;
- lys en definieer verskillende terme wat gebruik word om verskillende gesins-, huishoudelike en huweliks-/samewoonvorme van gesinne te beskryf;
- bespreek vyf teoretiese standpunte oor gesinne;
- onderskei tussen die begrippe organisasie en beweging;
- identifiseer en beskryf die verskillende uitdagings van die onderwysstelsels in Suid-Afrika;
- beskryf die tweeledige effek wat sekulariteit op godsdiens kan hê;
- vergelyk die vier tipes godsdiensorganisasies (kerk, denominasie; sekte en kultus) ten opsigte van lidmaatskap en struktuur;
- identifiseer en bespreek die belangrikste risikofaktore tot misdaad in Suid-Afrika bydra;
- definieer die begrip sosiale afwyking.

Werkgeïntegreerde leer (WIL): Professionele Praktyk in die Studieveld

HSPP1252	Werksgeïntegreerde leer (WIL): Professionele Praktyk in die Studieveld	NKR-vlak 5	Krediete = 12

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- demonstreer 'n ingeligte begrip van,
  1) die standaardondersoekmetodes, -prosedures en/of -tegnieke vir toepassing in die werkplek in verwante, bekende sosiale omgewings tydens besoeke, en
  2) etiek in die werkplek en die invloed daarvan op die gedrag van die student-maatskaplike werker;
- besoek en ondersoek die aard, organisasie en bestuur van 'n bekende werkplek in die verwante studierigting en stel 'n konsepverslag eties en met integriteit saam;
- verfyn en berei 'n finale verslag oor die bevindinge van die ondersoeke in die werkplek voor;
- ontwikkel en kommunikeer die verslag deur middel van ’n goed voorbereide PowerPoint-aanbieding wat akademiese uitnemendheid weerspieël.

NAGRAADSE ONDERWYSSERTIFIKAAT VIR DIE SENIOR- EN VERDERE ONDERWYS EN OPLEIDINGSFASE (NGOS)/POSTGRADUATE CERTIFICATE IN EDUCATION FOR SENIOR PHASE AND FURTHER EDUCATION AND TRAINING (PGCE)

GEAKKREDITEER – SAKO (SAQA) ID: 99727

MINIMUM 120-KREDIET PROGRAM OP VLAK 7 VAN DIE NASIONALE KWALIFIKASIERAAMWERK (NKR)

INLEIDING

Die NGOS word begrond deur ‘n klassiek Christelik-Reformatoriese raamwerk in aansluiting by die APA se etos soos geregistreer deur die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding.

Die doel van hierdie Nagraadse Onderwyssertifikaat is die opleiding van onderwysers vir die Senior Fase (SF) en die Verdere Onderwys- en Opleidingsfase (VOO), volgens ‘n inklusiewe deelnemende strategiese model. Om hierdie doel te bereik is die NGOS kursus sodanig ontwerp dat dit werksgeïntegreerde leer insluit. Dit is ‘n doelgerigte kursus om opleiding, leer en opleiding binne die omgewing van die SF en VOO-fase te bied. Die NGOS-program behels die sistematiese ontwikkeling van kennis, vaardighede, waardes, gesindhede en verdere/ander toegepaste vaardighede wat verwag word van voornemende onderwysers om hul taak bevredigend te kan uitvoer.

DUUR VAN DIE KURSUS

Die NGOS duur een jaar voltyds en twee jaar deeltyds. Dit mag egter nie drie jaar oorskry nie.

METODE VAN ONDERRIG

NGOS-studente kan slegs deur middel van **afstandsonderrig** studeer.

TOELATINGSVEREISTES

Om toegelaat te word tot die NGOS word die volgende vereis:

1. ‘n Baccalaureusgraad (BEd-grade kan slegs in aanmerking kom vir fase spesifieke heropleiding), met 'n kredietwaarde van minstens 360/480 krediete of ‘n toepaslike diploma.

2. Gevorderde diplomas op ten minste NKR vlak 6, wat 360 krediete werd is en oor ten minste drie jaar gestrek het. Diplomas wat verwerf is voor die aanvang van die nuwe Nasionale Kwalifikasie Raamwerk moet as nasionale diplomas toegeken wees en ten minste oor drie jaar gestrek het met gepaste tweede- en derdejaarsvakke.

Die volgende diplomas **kan** in aanmerking geneem word vir keuring vir die NGOS:

A	G	P
	Gasvryheid	
B	**I**	**R**
Besigheidsstudies	Ingenieurswese	Rekeningkunde
Biotegnologie	Ingenieursgrafika en ontwerp	
	Inligitngstegnologie	
C	**K**	**S**
Chemiese Tegnologie		Sport en afrigtingkunde
D	**L**	**T**
Dans	Landbou	Toerisme
Drama		Toegepaste Wetenskap
E	**M**	**V**
	Mediese Tegnologie	Visuele Kuns
	Musiek	
F	**O**	**W**

	Ontwerp	Wiskundige Tegnologie

BELANGRIK:

- Gedurende die verwerwing van bogenoemde graad of diploma moet 'n student minstens twee erkende skoolvakke op toepaslike vlak geslaag het wat verband hou met die vakke wat 'n student op skool wil aanbied. In dié verband, sien punt 4.
- Een van die skoolvakke moet op NKR-vlak 6 geslaag wees. Dit is die vak waarvoor die student 'n vakdidaktiek ('n skoolvak) sal kies om die vak vir die SF van die skole te kan onderrig. Die vak wat die student as vakdidaktiek ('n skoolvak) moet kies om die vak vir die VOO-fase van die skole te kan onderrig, moet op NKR-vlak 7 wees.

NOTA

Indien ‘n student nie die gekose vak van die vakdidaktiek op die vereiste vlak gedoen het nie, kan ‘n student toegelaat word om dit saam met die vakdidaktiek te doen mits die student bewys van inskrywing kan lewer vir die vak op die vereiste vlak vir toelating tot die vakdidaktiek in die NGOS. Die student moet bewys lewer dat die vak op die vereiste vlak geslaag is alvorens die spesifieke vakdidaktiek en dus die NGOS toegeken sal word.

STUDENTE WAT AAN PRIVAAT INSTELLIGS STUDEER HET MOET ASSEBLIEF BEWYS VAN SAQA REGISTRASIE VAN DIE INSTELLING EN KWALIFIKASIE LEWER VIR KEURING.

3. Die volgende vakke word erken as vakke wat verbind kan word met skoolvakke waardeur 'n student tot die program toegelaat kan word:

A	**G**	**P**
Afrikaans	Geografie Omgewingswetenskap	Plantkunde
Arbeids- en Industriële Studies	Geografiese Wetenskap	Politieke Studies
	Geskiedenis	
B	**I**	**R**
Bedryfsadministrasie	Informatika	Rekenaarwetenskap
Bedryfsekonomie	Ingenieurstekeninge of verwante vakke	Rekeningkunde
Bedryfsielkunde	Inligtingstelsels	
Besigheidstudies		
Boukunde		
C	**K**	**S**
Calculus	Kleding en Tekstiel	Sielkunde
Chemie		Sosiologie
		Statistiek
D	**L**	**T**
Dierkunde	Landbou	Toegepaste Wiskunde
E	**M**	**V**
Ekonomie	Menslike Bewegingskunde	Voedsel en Voeding
Engels	Menseregte	
Etiek en Voeding		
F	**O**	**W**
Finansiële Rekeningkunde	Omgewingswetenskap	Wiskunde
Fisika	Ondernemingsbestuur	Wiskundige Statistiek
Fisiologie		
Finansiële Wiskunde		

4. Lewensoriëntering
Vir spesialisering in Lewensoriëntering: Lewensoriëntering is 'n interdissiplinêre vak wat kennis, waardes, vaardighede en prosesse insluit wat in verskillende dissiplines geïntegreer is, soos Sosiologie, Filosofie, Sielkunde, Politieke Wetenskap, Menslike Bewegingskunde, Arbeidstudies en Industriële Studies. Dit word vereis dat voornemende studente 'n kombinasie van minstens twee van hierdie rigtings in hul voorgraadse graad moes neem waarvan Sielkunde ‘n verpligte vak is - byvoorbeeld Menslike Bewegingskunde en Sielkunde. Ten minste een van hierdie velde moet op NKR-vlak 7 geneem wees vir toelating tot die VOO vakdidaktiek of NKR-vlak 6 vir die SF vakdidaktiek.

5. Tweede Addisionele tale
In gevalle waar ‘n student in die VOO fase die vakdidaktiek vir ‘n taal of die vak Tweede Addisionele tale wil doen moet die taal tot op NKR-vlak 7 voorgraads voltooi word.
Waar studente Engels vakdidaktiek in die VOO wil doen is die volgende ook aanvaarbaar, op voorwaarde dat ‘n volle jaar van Engels letterkunde voorgraads voltooi is op NKR-vlak 5: Applied English Language Studies, African Literature, Linguistics, Literary Theory, Communication, Media Studies.

6. Verbruikerstudie
Studente wat die vakdidaktiek vir Verbruikerstudie in die VOO wil neem moet voorgraadse vakke uit ten minste twee van vier hoofvelde van verbruikerswetenskap voltooi het: voedsel, kleding, interieur ontwerp of verbruikersgedrag.

7. Voorligting, Begeleiding en Berading
Studente wat die vakdidaktiek vir Voorligting, Begeleiding en Berading wil neem moet beskik oor een van die volgende vereiste kwalifikasies: teologie, maatskaplike werk, sielkunde of arbeidsterapie.

- Om toegelaat te word tot Voorligting, Begeleiding en Berading in die Senior Fase is die toelatingsvereiste ‘n NKR-vlak 6.
- Om toegelaat te word tot die Voorligting, Begeleiding en Berading in die Verdere Onderwys- en Opleidingsfase is die toelatingsvereiste 'n NKR-vlak 7.

8. Natuurwetenskappe
Studente wat wil spesialiseer in die vakdidaktiek vir Natuurwetenskappe in die Senior Fase moet voorgraads ‘n vakaanbieding gehad het wat ‘n kombinasie van die volgende velde bevat: Fisiese Geografie, Omgewingswetenskap, Fisika, Chemie of Biologiese Wetenskappe. Studente moet verkieslik uit twee van hierdie velde voorgraadse vakke gehad het tot op NKR vlak 6.

9. Ekonomiese en Bestuurswetenskappe
Ekonomiese en bestuurswetenskappe behels ‘n kombinasie van Bedryfsekonomie en Rekeningkunde. Kandidate met NKR vlak 6 uit die kommersiële wetenskappe voltooi, kan keuring kry. Dit sluit velde soos Ondernemingsbestuur, Finansiële bestuur, Rekeningkunde, Bedryfsadministrasie, Voorsieningskettingbestuur, Verbruikers-wetenskap ens. in. Kandidate wat Kommersiële Reg vakke tot NKR vlak 6 as deel van hul voorgraadse studie voltooi het, kan ook in aanmerking kom, mits Ekonomie op NKR vlak 5 voltooi word.

10. Sosiale Wetenskappe
Sosiale Wetenskappe behels ‘n kombinasie van Geografie en Geskiedenis. Kandidate met ‘n kwalifikasie in die sosiale wetenskappe met die volgende vakke op die vereiste toepaslike NKR vlakke, kan keuring kry: Sosiologie, Geskiedenis, Politieke Wetenskappe en Geografiese vakke asook Toerisme.

11. Wiskunde
Kandidate wat Calculus en Wiskunde tot op die vereiste NKR vlak vir die spesifieke fase voltooi het, kan keuring vir Wiskunde kry. Alhoewel Statistiek, Toegepaste Wiskunde en Numeriese Analise op die vereiste vlakke aanvaarbaar is om toegang tot Wiskunde te verkry,

is dit nie genoegsaam nie en word daar aanbeveel dat kandidate steeds ten minste Wiskunde op NKR vlak 5 vir die Senior Fase en Wiskunde tot NKR vlak 6 vir die VOO Fase neem.

12. Ekonomie
Ekonomie is ‘n vak met spesialisasie in die VOO met verkieslik Ekonomie tot op NKR vlak 7 voltooi vir keuring. Kandidate wat voorgraads vakke uit die kommersiële wetenskappe soos onder andere Bermarkingsbestuur en Bedryfsekonomie voltooi het op NKR vlak 7 kan aansoek doen vir Ekonomie in die VOO fase. Indien Ekonomie nie ‘n hoofvak was tydens die voorgraadse studie nie word daar aanbeveel dat kandidate Ekonomie tot NKR vlak 6 voltooi.

13. Geskiedenis
Geskiedenis is ‘n vak met spesialisasie in die VOO met verkieslik Geskiedenis tot op NKR vlak 7 vir keuring. Kandidate wat onder andere Politieke Wetenskappe of Sosiologie tot NKR vlak 7 voltooi het kan keuring kry vir vakdidaktiek Geskiedenis op voorwaarde dat Geskiedenis tot op NKR vlak 6 voltooi word.

14. Landbouwetenskap
Landbouwetenskap behels ‘n kombinasie van biologiese wetenskappe en Geografie. Kandidate wat vakke uit dissiplines soos Landbou, Plantkunde, Dierkunde, Omgewingstudies, Geografie, Wynkunde, Wildbewaring ens. tot NKR vlak 7 voorgraads voltooi het, kan keuring kry vir Landbouwetenskap.

15. Rekeningkunde
Rekeningkunde is ‘n vak met spesialisasie in die VOO met verkieslik Rekeningkunde tot op NKR vlak 7 vir keuring. Kandidate wat rekenkundige vakke soos Ouditkunde, Finansiële Rekeningkunde, Bourekeningkunde, Rekeningkunde vir die Regsberoep voltooi het tot NKR vlak 7, kan keuring kry vir Rekeningkunde.

16. Die volgende vaardighede word vereis:
a. Studente moet 'n gedetailleerde wetenskaplike kennis, spesifieke vaardighede en toegepaste bevoegdhede hê van die vak waarin hulle gespesialiseer het tydens die voltooiing van hul baccalaureusgraad of diploma.

b. Studente moet ook toegerus wees om navorsing te doen en 'n wetenskaplike verslag te skryf.

c. Studente moet rekenaargeletterd wees in 'n woordverwerkingsprogram, sigblaaie (*spreadsheets*) en aanbiedingsprogrammatuur (soos *PowerPoint*).

d. Voornemende studente moet onafhanklik kan studeer as hulle vir die kwalifikasie deur middel van afstandsonderrig met die minimum ondersteuning inskryf.

SPESIFIEKE INSTELLINGSVEREISTES

Klassiek-Christelike wêreldbeskouing (KCW721)
Die Senaat van die APA het besluit dat KCW721 as vereiste gestel word vir toelating tot die NGOS.
Klassiek-Christelike wêreldbeskouing word as nie kredietdraende module ekstra-kurrikulêr geneem. Die vak is verpligtend vir studente in die NGOS wat nie hulle eerste kwalifikasie by die APA voltooi het nie. Studente kan die module gelyklopend met die NGOS neem en kan voorwaardelik toegelaat word. **Studente betaal addisioneel vir dié vak.**
Studente wat die module reeds suksesvol voltooi het, word vrygestel van die verpligting.

FINANSIES

Die volgende studiegeld is betaalbaar:

Aansoekgeld:	Nie-terugbetaalbare bedrag	**R500.00** (per jaar)
Deposito:	Met registrasie moet die deposito van R11 600.00 betaal word, waarvan R10 000	**R11 600.00** (per jaar)

(**R10 000.00 van die deposito vorm deel van die studiegeld** en is dus nie 'n addisionele fooi nie)	dien as 'n terugbetaalbare bedrag **SLEGS INDIEN** daar voor die aangeduide datum op die kalender gekanselleer word.	

Verpligte vakke -	
Klassiek-Christelike wêreldbeskouing	R 2 880.00 (per vak)
Kommunikasie	R 3 970.00 (per vak)
Algemene Didaktiek	R 4 620.00 (per vak)
Professionaliteit in Onderrig	R 3 300.00 (per vak)
Skoolgebaseerde- /Werksgeïntegreerde leer (SBL/WIL)	R12 080.00 (per vak)
Onderwysteorie	R12 080.00 (per vak)
	TOTAAL: R38 930.00
1. Senior Fase (SF) spesialisasies*	
Afrikaans	R 7 710.00 (per vak)
Ekonomiese Bestuurswetenskap	R 7 710.00 (per vak)
Engels	R 7 710.00 (per vak)
Lewensoriëntering	R 7 710.00 (per vak)
Natuurwetenskap	R 7 710.00 (per vak)
Sosiale Wetenskap	R 7 710.00 (per vak)
Voorligting, Begeleiding en Berading	**R 8 710.00 (per vak)**
Wiskunde	R 7 710.00 (per vak)
	TOTAAL: R7 710.00
	of TOTAAL: R8 710.00
2. Verdere Onderwys- en Opleidingsfase (VOO)-spesialisasies*	
Afrikaans	R 7 710.00 (per vak)
Ekonomie	R 7 710.00 (per vak)
Engels	R 7 710.00 (per vak)
Geografie	R 7 710.00 (per vak)
Geskiedenis	R 7 710.00 (per vak)
Landbouwetenskap	R 7 710.00 (per vak)
Lewensoriëntering	R 7 710.00 (per vak)
Rekenaartoepassingstegnologie	R 7 710.00 (per vak)
Rekeningkunde	R 7 710.00 (per vak)
Tweede Addisionele tale	R 7 710.00 (per vak)
Verbruikerstudie	R 7 710.00 (per vak)
Voorligting, Begeleiding en Berading	**R 8 710.00 (per vak)**
Wiskunde	R 7 710.00 (per vak)
	TOTAAL: R7 710.00
	of TOTAAL: R8 710.00
GROOTTOTAAL	**R54 350.00 of R55 350.00**
Tweede semester inname	
Aansoekgeld ('n Nie-terugbetaalbare bedrag)	R500.00 (2de sem)
Deposito ('n Nie-terugbetaalbare bedrag)	R5 800.00 (2de sem)
Hereksamengeld	R1 000.00 (per vraestel)
Hermerk van vraestel	R1 000.00 (per vraestel)
Senaatseksamen	R1 000.00 (per vraestel)
CAT/RPL	R 750.00 (per vak)

Bogenoemde gelde is verpligtend en 'n student wat dit nie betaal nie, word nie as 'n geregistreerde student van die Akademie beskou voordat die geld teen die aanvang van die akademiese jaar betaal is nie.

Geen studie inligting sal tydens die Oriëntasietydperk voorsien word sonder bewys van betaling nie.

FINALE DATUMS VIR BETALING VAN VOLLE STUDIEGELD ELKE JAAR:

Eerste Semester: 31 Maart
Tweede Semester: 31 Augustus

- **Geen student sal 'n Puntestaat ontvang of toegelaat word om vir die volgende semester/studiejaar in te skryf alvorens die student se agterstallige studiegeld ten volle betaal is nie**.
- **Geen grade sal toegeken word indien studiegeld nie ten volle vereffen is nie**.

KWYTSKELDINGS BY STAKING VAN STUDIE EN OF VAKKE

Indien studente binne die eerste twee weke nadat die eerste semester se klasse begin het (soos op kalender aangedui), besluit om hul studie te staak of vakke te kanselleer, en vroegtydig **behoorlik en skriftelik** kennis daarvan aan die Programkoördineerders van die onderskeie programme gee, word die studente van die studiegeld vir die eerste semester kwytgeskeld. **Die aansoekgeld (R500.00) en R1 600.00 van die deposito is egter nie terugbetaalbaar indien studies gestaak word nie**. **R10 000.00 dien as 'n terugbetaalbare bedrag SLEGS INDIEN daar voor die aangeduide datum op die kalender gekanselleer word**.

Indien studente ***ná*** die eerste twee weke nadat die klasse vir die eerste semester begin het, besluit om hul studies te staak of vakke te kanselleer, bly die studente verantwoordelik vir die betaling van die **volle** studiegeld vir die eerste semester en word kwytskelding gegee vir die tweede semester. Indien studente egter versuim om betyds kennis te gee, bly hulle aanspreeklik vir die volle jaar se studiegeld.

Indien studente binne die eerste twee weke nadat die tweede semester begin het, besluit om hul studie te staak of vakke te kanselleer, en vroegtydig, behoorlik en skriftelik kennis daarvan aan die Programkoördineerders van die onderskeie programme gee, word die student van die studiegeld vir die tweede semester kwytgeskeld. Sou die studente hul studie ***ná*** die eerste twee weke van die tweede semester staak, bly die studente verantwoordelik vir die betaling van die **volle** studiegeld vir die volle tweede semester.

Alle gelde wat betaalbaar is, word direk in die AP Akademie se bankrekening inbetaal, waarna die bewys van betaling aan die rekenmeester (betalings@apa.ac.za) deurgestuur word. Waar studente 'n studielening ontvang, word die toekenning direk en ten volle op hul studie-rekening inbetaal en nie aan die studente nie, tensy daar 'n krediet tot hul beskikking is. Indien die toekenning minder is as die bedrag wat betaalbaar is, is die studente verantwoordelik daarvoor om die ontbrekende bedrag betyds in te betaal.

KURRIKULA/PROGRAMSAMESTELLING

VOLTYDS JAAR 1	MODULEBESKRYWING	KODE	NKR-VLAK	KREDIETE
Jaarvak	Skoolgebaseerde-/Werksgeïntegreerde leer (SBL/WIL)	PGWI711/712	7	32
Sem. 1	Algemene Didaktiek (verpligte vak)	PGGD711	7	12
	Kommunikasie (verpligte vak)	PGCO711	5	12
	Onderwysteorie (verpligte vak)	PGTE721	7	16
	Senior Fase didaktiek (volgens keuring)		7	20
Sem. 2	Klassiek-Christelike wêreldbeskouing (verpligte vak)	KCW721		
	Onderwysteorie (verpligte vak)	PGTE722	7	16
	Professionaliteit in Onderrig (verpligte vak)	PGPT711	7	8

	Verdere Onderrig en Opleiding didaktiek (volgens keuring)		7	20
	Totale krediete			**136**

KEUSEVAKKE
Keuses van vakke en reëls van kombinasie
(**Alle modules is gelykwaardig - geen module is die voorvereiste vir enige ander module nie.)**

Slegs PGTE721 (Onderwysteorie) is ‘n voorvereiste vir PGTE722.

Studente moet binne die maksimum tydperk van drie jaar alle modules uit die kernmodules asook twee keusemodules slaag.

Die kwalifikasie kan binne een jaar voltooi word. Dit word egter nie aanbeveel vir studente wat die kursus deur afstandsonderrig doen en ook ten volle betrokke is by 'n skool in 'n onderwyser- of assistent-onderwyserpos nie.

1. **Keuse modules** (Vakdidaktiek: Metodes vir die onderrig en leer van 'n spesifieke vak):

- In die eerste semester moet studente een keusemodule uit die lys vir die eerste semester kies. Vergelyk SF vakkeuselys

Hierdie keusemodule moet ooreenstem met die vak wat studente tydens die studie op 'n **NKR-vlak 6** behaal het vir hul baccalaureusgraad of diploma en 'n skoolvak soos deur die Departement van Onderwys bepaal.

- In die tweede semester moet studente een keusemodule kies uit die keusevakke vir die tweede semester. Vergelyk VOO vakkeuselys

Hierdie keusemodule moet ooreenstem met die vak wat studente op 'n **NKR-vlak 7** in hul studies vir hul baccalaureusgraad of diploma behaal het en 'n skoolvak is soos deur die Departement van Onderwys bepaal.

Vir die keusemodules word die volgende dus vereis:

a. Vakdidaktiek vir die **SF:** ‘n Skoolvak op **NKR-vlak 6**
b. Vakdidaktiek in die **VOO:** ‘n Skoolvak tot **NKR-vlak 7**.
c. Vir Voorligting, Begeleiding en Berading in die SF en VOO:
Sielkunde 3, Christelike Berading 3, Teologie, Maatskaplike werk, Arbeidsterapie.

Studente moet enige TWEE van a, b of c kies, onderhewig aan vereistes wat nodig is vir die betrokke keuses.

Alle ander modules in die program naas die keuse van twee uit gemelde drie, is verpligtend.

2. Algemene reëls van die program

'n Student mag inskryf vir enige aantal modules wat per semester geskeduleer is solank al die modules binne ‘n maksimum van twee jaar of binne die minimum tydperk van een jaar geslaag word.

Slegs twee modules naamlik Onderwysteorie en Werksgeïntegreerde leer (WIL) uit die eerste semester is 'n voorvereiste vir die tweede semester se modules.

AKKUMULASIE VAN AKADEMIESE KREDIETE

Ten einde die **NGOS** (NKR-vlak 7) te verwerf, moet 'n student altesaam 136 krediete verkry.

‘n Student ontvang erkenning vir krediete sodra ‘n vak suksesvol geslaag is.

Sodra 'n NGOS-studente al die vereiste vakke oor die studietydperk geslaag het, kwalifiseer hulle vir die toekenning van die geakkrediteerde Nagraadse Onderwyssertifikaat.

UITKOMSTEBESKRYWING

Hierdie afdeling bevat 'n kort beskrywing van die inhoud van elke vak.

Elke krediet soos aangetoon naas die vaknaam verteenwoordig 10 ure van onderrig en leer (byvoorbeeld 10 ure x 12 krediete = 120 ure) – Vergelyk: **Omskrywing rakende onderrig en leer**

Algemene Didaktiek

PGGD711	Algemene Didaktiek	NKR-vlak 7	Krediete = 12

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- verstaan die samelewingsverandering, rolle en waardes van onderwys;
- besef die vergelykende perspektiewe op leerteorieë en hul betekenis vir die onderwys;
- ontwikkel kennis, vaardighede en houdings ten opsigte van inheemse (Afrika) filosofieë asook die invloed van modernisme en postmodernisme op onderwys;
- beskryf, bespreek en pas implikasies van spesifieke strategieë toe, om kognitiewe onderwys in die kurrikulum te optimaliseer;
- bemeester vaardighede wat nodig is vir effektiewe kurrikulumbestuur;
- konseptualiseer die effektiewe onderwysinrigting, beleid en beplanning, strategieë en strukture;
- demonstreer die vermoë om volle verantwoordelikheid te neem om leer- en onderrigstyle te identifiseer en individuele onderwysplanne te ontwikkel;
- optree in 'n pastorale rol wanneer jy begin met onderrig;
- ontwikkel die self en professionele groei, om sodoende 'n bekwame opvoeder te word;
- bied inligting aan ander, in toepaslike vorms en moet kan skryf vir verskillende doeleindes;
- verstaan die sosiale konteks en ontwikkel ‘n verdaagsaamheid ten opsigte van diversiteit en multikulturele onderrig;
- begryp en verstaan 'n teoretiese raamwerk van waardesisteme, kulturele differensiasie en tradisies;
- dink krities oor die student-onderwyser, in sy rol as professionele opvoeder;
- ontwikkel en kommunikeer eie idees en menings in goed gevormde argumente, deur gebruik te maak van kennis oor leerhindernisse en die effek daarvan op leerders;
- weet hoe om assesseringsbevindings op te teken en daaroor verslag te doen.

Klassiek-Christelike wêreldbeskouing

KCW721	Klassiek-Christelike wêreldbeskouing

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- demonstreer 'n begrip van 'n Bybels-gereformeerde wêreldbeskouing;
- beskryf die verskil tussen teologie en filosofie in 'n akademiese konteks;
- definieer die hervorming van die samelewing;
- verduidelik persoonlike hervorming;
- ontwikkel hervormingstrategieë om probleme in verskeie sektore van die samelewing op te los;
- kommunikeer hervormingsontwikkeling in 'n akademiese en werksomgewing.

Kommunikasie

PGCO711	Kommunikasie	NKR-vlak 5	Krediete = 12

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- gebruik van LoLT in die fasilitering en bemiddeling van die kurrikulum;
- ontwikkel en kommunikeer hul omvang van opvoedkundige kennis, vaardighede en toegepaste bevoegdhede op gepaste en effektiewe wyse;
- demonstreer gespreksvaardighede in 'n ander taal as onderrigtaal;

- demonstreer u vermoë om LoLT te gebruik met die doel om verslae oor navorsingsopdragte en navorsing of opnames in verband met hul werk op te stel en te skryf;
- demonstreer en reflekteer die vermoë om te praat en die leerder te lei in die O & L-ervaring deur basiese vlakke van gespreksvaardighede in die LoLT te gebruik;
- demonstreer en reflekteer u vermoë om te praat en lei die leerder in die O & L-ervaring deur basiese vlakke van gespreksvaardighede in die LoCC te gebruik;
- vertaal en omskakeling na die gebruik van LoCC om administratiewe en bestuursverwante sake in 'n multi-linguistiese omgewing aan die leerders, kollegas of ouers te kommunikeer.

Onderwysteorie

PGTE721	Onderwysteorie	NKR-vlak 7	Krediete = 16

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- begryp die konsep en die sienings van rolspelers in die onderwys, sodat die student die geleentheid kry om waardes en oortuigings te verken;
- formulering volgens eie mening om effektief eie filosofie te beskryf;
- evaluering van tipes opvoedkundige kennis, insluitend begrip van en 'n vermoë ontwikkel om 'n idee te vorm van die geskiedenis van onderwys en geleenthede om waardes en oortuigings te verken, met goeie perspektief oor demokratiese onderwys in Suid-Afrikaanse konteks met spesifieke verwysing na die beginsels oor vryheid, gelykheid en “rule of law”;
- om deel te neem aan en om die student 'n gevoel van prestasie te gee, maar ook besef hoeveel daar is om te weet (Verstaan 'n reeks ondersoekmetodes vir probleemoplossing);
- identifiseer komplekse probleme, ontleed, evalueer en adresseer en om bewys-gebaseerde oplossings en teorie-gedrewe argumente te gebruik (lewenslange leerder);
- eties en professioneel op te tree en in staat te wees om aksies en besluite te regverdig;
- vertroud te wees met aktiewe en kreatiewe navorsing en vindingryke toepassing en nie stabiele aanleer van feite nie;
- demonstreer die vermoë om volle verantwoordelikheid vir sy / haar werk en besluite te neem.

PGTE722	Onderwysteorie	NKR-vlak 7	Krediete = 16

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- beskryf en bespreek die voortsetting van leerstoornisse met die besef dat leerders wat leerstoornisse ervaar nie by die onderwysstelsel uitgesluit moet word nie;
- kontekstualiseer adolessente-ontwikkeling in terme van fisiese groei en motoriese ontwikkeling; persepsie, kognisie, emosionele-, sosiale- en morele ontwikkeling;
- identifiseer leerders met veelvuldige gestremdhede, individuele onderwysplanne, onderrig en toesig oor meervoudige gestremde studente te ontwikkel;
- ontwerp en ontwikkel opvoedkundige dienste vir leerders met gestremdhede wat hul opvoedkundige prestasie voordelig kan beïnvloed;
- om deel te neem aan en om die student 'n gevoel van prestasie te gee, maar ook besef hoeveel daar is om te weet (Verstaan 'n reeks ondersoekmetodes vir probleemoplossing);
- identifiseer komplekse probleme, ontleed, evalueer en adresseer en om bewys-gebaseerde oplossings en teorie-gedrewe argumente te gebruik (lewenslange leerder);
- eties en professioneel op te tree en in staat te wees om aksies en besluite te regverdig;
- vertroud te wees met aktiewe en kreatiewe navorsing en vindingryke toepassing en nie stabiele aanleer van feite nie;
- demonstreer die vermoë om volle verantwoordelikheid vir sy / haar werk en besluite te neem.

Professionaliteit in Onderrig

PGPT711	Professionaliteit in Onderrig	NKR-vlak 7	Krediete = 8

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- fasiliteer en bestuur onderrig en leer in die Senior- en Verdere Onderwys en Opleidingsfases in Basiese Onderwys, effektief en met toepaslike inhoude;
- bestuur leeromgewing so, dat leer bevorder word en in ooreenstemming met onderrig- en leerbehoeftes is;
- bemeestering van vaardighede, benodig vir effektiewe onderwysbestuur;
- in staat wees om 'n geskikte omgewing vir kinderontwikkeling te skep: die rol van ouers, onderwysers en ander rolspelers;
- fokus op leerder- en selfgerigte inligting in bekende, onbekende en veranderlike kontekste
- demonstreer die vermoë om eties, moreel en professioneel op te tree;
- toon Leierskap en bestuursvaardighede om goeie interpersoonlike verhoudinge te vestig;
- verseker effektiewe, voltooide take en help om dit ten uitvoer te bring in 'n skool. (Stel 'n visie, doelwitte).

Skoolgebaseerde-/Werksgeïntegreerde leer

PGWI711/712	Skoolgebaseerde-/Werksgeïntegreerde leer (SBL/WIL)	NKR-vlak 7	Krediete = 32

Na voltooiing van hierdie module behoort ‘n student die volgende uitkomste te bereik:

- demonstreer ‘n bereidheid en ‘n gewilligheid om jouself te oriënteer, ten opsigte van die onderwyspraktyk-tydperk wat voorlê;
- bepaal wat die onderrig- en leermetodes is wat die mentor-onderwyser en die gasheerskool gebruik, terwyl jy dit waarneem en begin om dit te herken, te ondersoek en te oordeel;
- formuleer jou eie individuele benadering tot O & L, binne die teoretiese raamwerk van die gasheerskool. As sodanig moet hierdie uitkoms behaal word onder meer, maar nie beperk nie tot, 1) evaluering, 2) vergelyking en 3) formulering.

Die werk geïntegreerde leer (WIL) in die NGOS het ten doel om goeie vennootskappe tussen die APA, skole en onderwysers te vestig deur aan die behoeftes van skole en studente te voldoen.

Die studente sal bygestaan word in die ontwikkeling, lewering en refleksie van leerervarings wat alle belanghebbendes bevoordeel.

Dit sal waardevolle leer geleenthede verskaf om die konsep van werk gereedheid te bevorder, en gaan oor baie meer as blote uitreik aktiwiteite. Dit gaan ten diepste eerder tot die gedrag, houding, lewenswyse en optrede van onderwysers in die SF- en VOO fases.

Aantal weke in totaal:
8 weke (40 dae) van onderwyspraktyk. Dit kan opeenvolgend of in twee semesters by een of twee skole gedoen word. Studente wat permanent of deeltyds by laerskole aangestel word in die Senior Fase (graad 7), moet ten minste twee weke prakties in ‘n hoërskool in die VOO fase (grade 10-12) voltooi.

Aantal weke per semester:
Daar word van studente verwag om 4 weke (20 dae) van die onderwyspraktyk in ‘n VOO-skool met graad 10-12 te voltooi.
Verder word van hulle verwag om 4 weke (20 dae) van die onderwyspraktyk by 'n skool met graad 7-9 vir die SF WIL te voltooi.

Spesifieke Vakdidaktiek

(Sien reëls van kombinasie en keusemodules hierbo)

Spesifieke Didaktiek veronderstel dat daar in die Senior Fase en ook die VOO-fase by elk ‘n spesialisering moet wees. **Studente moet een vak uit die Senior- en een vak uit die VOO-fase as spesialisasie kies:**			
SF-spesialisasies (word slegs in die **eerste semester** aangebied)			
SDSA711	Afrikaans	NKR-vlak 7	Krediete = 20
SDSE711	Engels	NKR-vlak 7	Krediete = 20
SDSW711	Ekonomiese Bestuurswetenskap (EBW)	NKR-vlak 7	Krediete = 20
SDLO711	Lewensoriëntering	NKR-vlak 7	Krediete = 20
SDNS711	Natuurwetenskap	NKR-vlak 7	Krediete = 20
SDSS711	Sosiale Wetenskap	NKR-vlak 7	Krediete = 20
PGGC711	Voorligting, Begeleiding en Berading	NKR-vlak 7	Krediete = 20
SDSM711	Wiskunde	NKR-vlak 7	Krediete = 20

VOO-spesialisasies (word slegs in die **tweede semester** aangebied)			
SDFA721	Afrikaans	NKR-vlak 7	Krediete = 20
SDFB721	Ekonomie	NKR-vlak 7	Krediete = 20
SDFE721	Engels	NKR-vlak 7	Krediete = 20
SDFG721	Geografie	NKR-vlak 7	Krediete = 20
PSHI273	Geskiedenis	NKR-vlak 7	Krediete = 20
PSAG273	Landbouwetenskap	NKR-vlak 7	Krediete = 20
SDFL721	Lewensoriëntering	NKR-vlak 7	Krediete = 20
SDFC721	Rekenaartoepassingstegnologie	NKR-vlak 7	Krediete = 20
SDFR721	Rekeningkunde	NKR-vlak 7	Krediete = 20
PSAL273	Tweede Addisionele tale	NKR-vlak 7	Krediete = 20
SDFV721	Verbruikerstudie	NKR-vlak 7	Krediete = 20
PGGC721	Voorligting, Begeleiding en Berading	NKR-vlak 7	Krediete = 20
SDFM721	Wiskunde	NKR-vlak 7	Krediete = 20

Spesifieke Didaktiek is semester modules wat in die eerste of tweede semester aangebied word.

Die modules beoog om studente-onderwysers voor te berei om aan die hand van voorgeskrewe uitkomste bepaalde vakinhoud bevredigend te selekteer. Sodoende word die inhoud georganiseer om die behoeftes van die leerders en dié van die vak te vervul. Dit is ook belangrik dat hulle toegerus word om hulle vakke te onderrig en te assesseer. Die student sal in staat wees om hul kennis en vaardighede binne 'n gesimuleerde of werklike wêreld konteks toe te pas en waar moontlik met tegnologie verrykte strategieë.

Twee spesialis vakdidaktieke, een in die Senior Fase (graad 7-9) en een in die VOO Fase (graad 10-12):

Na voltooiing van hierdie modules behoort ‘n student die volgende uitkomste bereik het met betrekking tot die spesiefieke didaktiek en spesifieke fase wat voltooi is:

- beskryf, bespreek en pas Onderrig- & Leer-metodes, strategieë en style toe in spesialis didaktieke binne beide fases;
- formuleer, selekteer, skeduleer en volgorde, en toepassing van leeruitkokomstes binne spesialis didaktieke binne beide fases;
- formuleer verwante assesseringskriteria, wat belynd is met die uitkomste van spesialis didaktieke binne beide fases;
- ontwerp en ontwikkel, verduidelik en fasiliteer tegnologie-verbeterde O & L-strategieë wat gebaseer is op interaktiewe gemengde O & L en virtuele en samewerkende leerervarings;

- verstaan, ontleed, evalueer, reflekteer en adresseer en bestuur bekende en onbekende leerprobleme in hul vakgebied;
- identifiseer, beskryf, kontekstualiseer en beplan die inhoud van hul vakgebied van spesialisering in terme van die KABV en ander kurrikula se riglyne;
- identifiseer, beskryf en kontekstualiseer duidelik en pas assessering toe in terme van, maar nie beperk tot:
  - informele assessering,
  - formele assessering,
  - assesseringsprogram,
  - optekening en verslagdoening,
  - moderering van assessering,
- demonstreer onderrigvermoë ten opsigte van metodes, strategieë en style in gesimuleerde of werklike O & L-omgewings.

Voorligting, Begeleiding en Berading
Voorligting, Begeleiding en Berading (VBB) vir die SF en VOO fases word oor beide semesters versprei en aangebied. VBB is ‘n spesialis vakdidaktiek wat gefundeerd is binne spesialis mensgerigte beroepsvelde: Sielkunde, Maatskaplike werk, Opvoedkunde, Arbeidsterapie en Teologie. Studente wat hierdie didaktiek gedoen het sal kan optree as binnenshuise begeleier in skole en sal dus groot verantwoordelikheid dra vir die welstand van leerders. Dit is dus belangrik vir studente om genoeg tyd te spandeer om die nodige vaardighede diepgaande te vestig en te monitor.

VOORBEELD: KONTRAK/AANSOEKVORM

Aansoekvorms is op die webblad (www.apa.ac.za) van die APA beskikbaar.

DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE AKADEMIE MSW

Registrasienommer: 2002/031756/08

By die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding as 'n privaat tersiêre onderwysinstelling geregistreer kragtens die Hoër Onderwyswet van 1997
Registrasiesertifikaat Nr. 1999/HE08/001

Ou spore – Nuwe weë

AANSOEKVORM VIR VOORNEMENDE STUDENTE

(GEBRUIK ASSEBLIEF DRUKSKRIF EN 'N SWART PEN)
'N ONVOLLEDIGE AANSOEKVORM SONDER DIE AANSOEKGELD *KAN NIE* GEPROSSESEER WORD *NIE*

VIR KANTOORGEBRUIK

Van _____ Noemnaam _____

Studentenommer toegeken:

A. ALGEMENE INLIGTING EN VOORSKRIFTE AAN VOORNEMENDE STUDENTE

1. Lees die volgende voorskrifte en inligting deur voordat die vorm voltooi word. Onvolledige aansoeke en/of nie-akkurate inligting kan u aansoek benadeel.
   Hierdie aansoek moet ingevul word deur alle voornemende studente aan die AP Akademie.
2. Die volgende dokumente moet hierdie aansoek vergesel (slegs kopieë wat deur 'n Kommissaris van Ede gewaarmerk is, sal aanvaar word):

OORSIGLYS

Ek het die volgende dokumente ingesluit by my AP Akademie aansoekvorm (Merk met 'n ✖)

Voltooide aansoekvorm	
Gewaarmerkte afskrif van my ID Dokument en of Paspoort	
Gewaarmerkte afskrif van ID Dokument/Paspoort van persoon verantwoordelik vir rekening	
Gewaarmerkte afskrif van die persoon verantwoordelik vir die rekening se munisipale-, telefoon- of soortgelyke rekening om te bevestig dat dit die persoon, verantwoordelik vir die rekening, se fisiese adres is	
Gewaarmerkte afskrif van Matrikulasiesertifikaat/Nasionale Senior Sertifikaat (UMALUSI)	
Gewaarmerkte afskrif van getuigskrif van Skoolhoof/Leraar of Werkgewer	
Gewaarmerkte afskrif van Akademiese rekords van studie by ander tersiêre inrigting verwerf (indien van toepassing of in die geval van studente wat aansoek doen om erkenning van vakke)	
Gewaarmerkte afkrif van Graadsertifikaat, diploma en/of sertifikate	
Gewaarmerkte afkrif van Huweliksertifikaat	
Buitelandse student: Gewaarmerkte afkrif van studiepermit en bewys van mediese dekking	

- Elke bladsy van die aansoekvorm, insluitende die bylaes, moet geparafeer word deur al die ondertekendes.
- Stuur asb u Aansoekvorm in PDF formaat per epos aan .....

Bankbesonderhede:
AP Akademie
Bank: ABSA, **Tak**: 632005 (Hatfield), **Rek nr**.: 408 589 5656,
Verw.: Studentenommer (bv. 201030049)

3. Kansellasie prosedure

U moet die Programkoördineerder onmiddellik in kennis stel indien:

- u besluit om u aansoek om watter rede ookal terug te trek;
- u besluit om enige vak en/of kursus waarvoor u toegelaat was, te staak. Vakke kan gestaak word slegs voor die datum wat op die jaarprogram/kalender aangedui is. Indien enige vak na die datum op die jaarprogram/kalender gestaak word, sal die student verantwoordelik wees vir die volle kursusgeld.

Kansellasie van studies of vakke kan gedoen word deur die volgende vorm in te vul en aan die sekretaresse in die toepaslike program te stuur:
https://drive.google.com/file/d/1v-UZVCWNxxF6hxURXEE_z0YXwdcBv5FG/view?usp=sharing

Indien studente binne die eerste twee weke nadat die eerste semester se klasse begin het, besluit om hul studie te staak of vakke te kanselleer, en vroegtydig behoorlik en skriftelik kennis daarvan aan die Programkoördineerders van die onderskeie programme gee, word die studente van die studiegeld vir die eerste semester kwytgeskeld. Die deposito is egter nie terugbetaalbaar indien studies gestaak word nie.

Indien studente ***ná*** die eerste twee weke nadat die klasse vir die eerste semester begin het, besluit om hul studies te staak of vakke te kanselleer, bly die studente verantwoordelik vir die betaling van die studiegeld vir die eerste semester en word kwytskelding gegee vir die tweede semester. Indien studente egter versuim om betyds kennis te gee, bly hulle aanspreeklik vir die volle jaar se studiegeld.

Indien studente binne die eerste twee weke nadat die tweede semester begin het, besluit om hul studie te staak of vakke te kanselleer, en vroegtydig, behoorlik en skriftelik kennis daarvan aan die Programkoördineerders van die onderskeie programme gee, word die student van die studiegeld vir die tweede semester kwytgeskeld. Sou die studente hul studie ***ná*** die eerste twee weke van die tweede semester staak, bly die studente verantwoordelik vir die betaling van die studiegeld vir die volle tweede semester.

Dit is die student se verantwoordelikheid om

- te bevestig of die AP Akademie die kansellasievorm ontvang het;
- enige persoonlike inligting wat verander (bv. adres) aan die AP Akademie deur te gee.

4. Die AP Akademie wys u daarop dat die onderrig op ‘n Protestantse en Gereformeerde Afrikaanse etos berus. Die Akademie is op dié grondslag by die Departement van Onderwys geregistreer. Daar word van alle studente verwag om dié grondslag in ‘n Ondertekeningsdokument te onderskryf.

5. Die Senaat van die AP Akademie en/of Fakulteitsrade behou die reg voor om enige aansoek te weier sonder om redes te verskaf oor die besluit.

6. Die AP Akademie behou die reg voor om nie ‘n vak vir nie-teologiese studente aan te bied, indien die klasgetalle dit nie regverdig nie. Vir nie-teologiese eerstejaarstudente, word die minimum aantal studente per vak op vier vasgestel.

7. Indien u onseker is en enige verdere inligting verlang, kontak die Programsekretaresse in die onderskeie programme.

8. Waar het u gehoor van die AP Akademie? .....

REGISTRASIE-BESONDERHEDE

Vir watter kursus skryf u in?	BA	BDiv	BSocSci	NGOS (Nagraadse Onderwyssertifikaat)	NGD (Vakke vir nie-graad doeleindes)

Meld vir watter studierigting u inskryf, bv. Onderwys, Sielkunde, Teologie of ander .....

Het u al vantevore by die AP Akademie geregistreer?	Ja	Nee

Indien wel, meld u studentenommer										

B. PERSOONLIKE INLIGTING VAN KANDIDAAT

Die Aansoekvorm is opgstel in ooreenstemming met die basiese vereistes van die POPI-wetgewing. POPI verwys na Suid-Afrika se Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting, wat ten doel het om die **prosessering** en hantering van **persoonlike inligting** te reguleer.

Van _____ Voorletters _____

Volle name _____

Noemnaam _____ Titel _____

Identiteitsnommer _____

Huwelikstatus: Enkellopend | Getroud | Geskei | Ander

Geslag M | V Nooiensvan (getroude dames) _____

Nasionaliteit Suid-Afrikaanse burger: _____ Ander: _____

Indien nie Suid-Afrikaans, verskaf die volgende:

_____ Studiepermit _____ Verblyfpermit

Permitnommer _____ Vervaldatum _____

Bevolkingsgroep Blank | Bruin | Indiër | Swart

Kerkverband _____ Huistaal* _____

***** Neem asseblief kennis van die **Taalbeleid** van *Die Afrikaanse Protestantse Akademie NPC* soos vervat in die Prospektus en op die webblad.

Ly u aan enige gestremdheid? Ja | Nee Indien "JA" spesifiseer: .....

Staan u tans in 'n voltydse beroep? Ja | Nee Indien "JA" spesifiseer: .....

Was u al ooit van 'n kriminele oortreding aangekla? Ja | Nee Indien "JA" spesifiseer: .....

C. KONTAKBESONDERHEDE

1. Kontakbesonderhede van aansoeker

Posadres:		Straatadres:	
Kode:		Kode:	
Provinsie:		Provinsie:	

Telefoon (tuis) _____ Selfoonnommer _____

Telefoon (werk) _____ Faksnommer _____

Het u toegang tot rekenaarfasiliteite? Ja | Nee Het u internettoegang? Ja | Nee

In die geval van afstandstudente, ***moet*** u toegang tot 'n rekenaar asook internettoegang hê.

E-posadres

In die geval van afstandstudente, ***moet*** u 'n e-posadres verskaf.

Mag die AP Akademie u kontakbesonderhede aan mede studente wat sosiale funkies organiseer sowel as aan klas- en studiegroepe verskaf?	Ja	Nee

2. Kontakbesonderhede van persoon verantwoordelik vir die rekening

Van | Voorletters

Volle name | Titel

Identiteitsnommer

Posadres:	Straatadres:
Kode:	Kode:
Provinsie:	Provinsie:

Telefoon (tuis) | Selfoonnommer

Telefoon (werk) | Faksnommer

E-posadres | Verwantskap

Besonderhede van <u>werkgewer</u> van persoon verantwoordelik vir die rekening

Van | Voorletters

Volle name | Titel

Besigheid se naam

E-posadres

Posadres:	Straatadres:
Kode:	Kode:
Provinsie:	Provinsie:

3. Kontakbesonderhede van aansoeker se ouer/voog/naasbestaande

Van | Voorletters

Volle name | Titel

Identiteitsnommer

E-posadres | Verwantskap

Posadres:	Straatadres:
Kode:	Kode:
Provinsie:	Provinsie:

Telefoon (tuis)		Selfoonnommer	
Telefoon (werk)		Faksnommer	

4. Besonderhede van werkgewer van aansoeker (Indien van toepassing)

Van		Voorletters	
Volle name		Titel	
Besigheid se naam			

Posadres:		Straatadres:	
Kode:		Kode:	
Provinsie:		Provinsie:	

D. VERSLAG OOR SKOOLLOOPBAAN (indien van toepassing)

Naam van skool	
Dorp of Stad waar skool geleë is	

Tipe vrystelling		Algehele vrystelling	Matrikulasiejaar
		Voorwaardelike vrystelling as gevolg van ouderdom	
		Senior sertifikaat (sonder vrystelling)	
		Umalusi	

E. VERSLAG OOR TERSIÊRE GESKIEDENIS (Voltooi asb. toepaslike aansoekvorm)

Is/Was u by enige tersiêre inrigting ingeskryf? Ja | Nee

Tydperk		Naam van tersiêre instansie	Naam van graad/diploma/ sertifikaat	Studie voltooi		Universiteits-studentenr.
Vanaf jaar/ Maand	Tot jaar/ Maand			Ja	Nee	

Het u die kursus voltooi? Ja | Nee

Wil u vrystelling hê vir vakke voltooi? Ja | Nee

Meld watter vakke van ‘n graad u reeds voltooi het, asook die vlak (bv. Hebreeus 2). Indien u die vakke aan ‘n ander tersiêre inrigting voltooi het, en in aanmerking wil kom vir erkenning van vorige studie, heg die relevante puntestaat hierby aan.

.....
.....
.....

Erkenning van vakke elders verwerf
‘n Persoon wat reeds ‘n aantal vakke aan ‘n ander erkende universiteit of privaat tersiêre inrigting verwerf het, kan die BA-graad by die AP Akademie verwerf, mits die helfte plus een

van die graad-vakke by die AP Akademie gevolg en geslaag word en mits die twee hoofvakke by die AP Akademie geneem is.

F. VERSLAG VAN RELEVANTE INFORMELE OPLEIDING WAT AS RPL/CAT AANGEBIED WORD
Voltooi asseblief toepaslike aansoekvorm met die vereiste portfolio.
Aansoekvorm moet aangevra word by info@apa.ac.za.

G. VERSUIM OM FINANSIËLE VERPLIGTINGE NA TE KOM In geval van studente wat nie hul finansiële verpligtinge betyds nakom nie, behou *Die Afrikaanse Protestantse Akademie* die reg voor om die student se registrasie te kanselleer, om studie-inligting te weerhou, toegang tot lesings en eksamen te weier, sertifikate te weerhou, asook taak- en eksamenuitslae te weerhou, registrasie vir die volgende jaar te weier, die uitreiking van ‘n getuigskrif vir studies aan ‘n ander tersiêre inrigting te weier, om regsaksie teen sodanige studente asook teen die persoon aanspreeklik vir die rekening te neem. Die AP Akademie kan nie waarborg dat studie-inligting of enige ander dienste betyds gelewer sal word indien ‘n student versuim om by die betalingsooreenkoms te hou nie. Die student en persoon verantwoordelik vir die rekening sal albei aanspreeklik gehou word vir kostes op prokureur-en-kliënt skaal verbonde aan die invordering van uitstaande skuld.

H. ONDERNEMING/S deur aansoeker (ouer/voog indien van toepassing) en persoon verantwoordelik vir die rekening
Indien die student minderjarig is, moet die aansoek en onderneming ook deur die ouer/voog onderteken word.

Indien die student bygestaan word vir die betaling van die rekening, moet die persoon verantwoordelik vir die rekening, ook die aansoekvorm en die onderneming onderteken.

1. Algemeen
Ek/Ons verstaan en aanvaar dat die aansoek onder andere ook die implikasie van redelike kredietkontrole-maatreëls, byvoorbeeld ‘n kontrolering kan deur die AP Akademie na die kredietwaardigheid van die persoon verantwoordelik vir die rekening gedoen word.

Ek/Ons gee hiermee toestemming dat sou ek in gebreke bly om betalings te maak volgens hierdie ooreenkoms, my/ons persoonlike inligting hierin verskaf, aan ‘n kredietburo beskikbaar gestel mag word, en sou ek/ons verdwyn, of een of beide van die adresse deur my in hierdie aansoek verlaat, dat ek deur ‘n krediet buro opgespoor mag word. Ek/ons stem ook in om alle opspoor- en invorderingskoste te betaal.

Ek onderneem om te hou by alle reëls, regulasies, prosedures, beleide en besluite van die AP Akademie, en dat ek die leiding van die AP Akademie in ag neem wat toepaslik is op studente in die algemeen en/of op die kursus waarvoor ek registreer. Ek onderneem om die AP Akademie binne 21 kalenderdae skriftelik in kennis te stel van enige veranderinge in Afdeling B en C van die vorm. Ek verstaan en aanvaar dat enige huwelikskontrak deur my aangegaan terwyl ek onder verpligting van hierdie kontrak is, nie my aanspreeklikheid ten opsigte daarvan sal kanselleer nie.

Verder verklaar ek/ons dat ek/ons al die stipulasies van hierdie ooreenkoms verstaan en aanvaar, veral die implikasies van punt H, *Versuim om finansiële verpligtinge na te kom* en om finansiële verpligtinge op die vasgestelde datums na te kom, asook die finansiële verpligtinge wat spruit uit die kansellasie van studies na die betrokke afsnydatums.

2. Onderneming deur aansoeker
2.1 Ek verklaar dat ek die vorm volledig voltooi het, en dat alle besonderhede waar en korrek is.

2.2 Ek verstaan en erken dat by die goedkeuring van die voornemende student se aansoek by die AP Akademie, hierdie aansoekvorm ‘n bindende kontrak tussen die aansoeker en/of verantwoordelike persoon enersyds, en die AP Akademie andersyds sal wees.

2.3 Ek/ons, die ondergetekende(s), onderneem gesamentlik of indiwidueel, wat ook al van toepassing, dat ek/ons die bedrag van alle studiegeld en ander voorgeskrewe gelde stiptelik sal betaal voor of laatstens op die voorgeskrewe datums (vgl. Prospektus), soos deur die Raad van die AP Akademie vasgestel en dat ek/ons oor die middele beskik om die finansiële verpligtinge na te kom.

2.4 Ek die ondergetekende, onderneem om by die staking van kursusse en/of studie na die jaarlikse gegewe afsnydatums, die volle uitstaande studiegeld asook ander gelde wat verskuldig mag wees, te betaal, soos jaarliks deur die Raad van die Akademie vasgestel.

2.5 Ek verleen toestemming dat my/ons persoonlike inligting op die bediener van die AP Akademie gestoor mag word, en soos deur die Onderwyswet vereis, in die noodsaaklike korrespondensie met SAQA (*South African Qualification Authority*), CHE (*Council on Higher Education*) en die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding (DHET) gebruik mag word.

2.6 Ek verleen toestemming dat basiese persoonlike inligting aan die Biblioteek beskikbaar gestel mag word vir die uitreiking van ‘n gebruikersnaam en wagwoord om my in staat te stel om die rekenaarstelsel te gebruik.

2.7 Hierdie onderneming is geldig vir die duur van die student se studie aan die AP Akademie en daarna totdat alle verpligtinge (akademies, finansieel en administratief) deur die student nagekom is.

2.8 Ek neem kennis dat ek toetsantwoorde/antwoordstelle/take/opdragte/referate/skripsies soos deur die Fakulteitsraad vereis, betyds (op die voorgeskrewe datums) moet inlewer. Versuim om dit te doen, of indien ek nie ‘n slaagpunt behaal nie, sal veroorsaak dat ek nie eksamentoelating sal verkry nie.

Handtekening van student	Datum

3. Onderneming deur ouer/voog (indien student minderjarig is)

3.1 Ek verklaar dat ek sover my kennis strek die vorm volledig voltooi is, en dat alle besonderhede waar en korrek is.

3.2 Ek verstaan en erken dat by die goedkeuring van die voornemende student se aansoek by die AP Akademie, hierdie aansoekvorm ‘n bindende kontrak tussen die aansoeker en/of verantwoordelike persoon enersyds, en die AP Akademie andersyds sal wees.

3.3 Ek/ons, die ondergetekende(s), onderneem gesamentlik of indiwidueel, wat ook al van toepasiing, dat ek/ons die bedrag van alle studiegeld en ander voorgeskrewe gelde stiptelik sal betaal voor of laatstens op die voorgeskrewe datums (vgl. Prospektus), soos deur die Raad van die AP Akademie vasgestel en dat ek/ons oor die middele beskik om die finansiële verpligtinge na te kom

3.4 Ek die ondergetekende, onderneem om by die staking van kursusse en/of studie na die jaarlikse gegewe afsnydatums, die volle uitstaande studiegeld asook ander gelde wat verskuldig mag wees, te betaal, soos jaarliks deur die Raad van die Akademie vasgestel.

3.5 Ek verleen toestemming dat my/ons persoonlike inligting op die bediener van die AP Akademie gestoor mag word.

3.6 Hierdie onderneming is geldig vir die duur van die student se studie aan die AP Akademie en daarna totdat alle verpligtinge (akademies, finansieel en administratief) deur die student nagekom is.

Handtekening van ouer/voog
(Indien aansoeker onder 21 jaar is) Datum

4. Onderneming van persoon verantwoordelik vir die rekening indien dit nie die student self of die ouer/voog is nie.

4.1 Ek verklaar dat ek sover my kennis strek die vorm volledig voltooi is, en dat alle besonderhede waar en korrek is.

4.2 Ek verstaan en erken dat by die goedkeuring van die voornemende student se aansoek by die AP Akademie, hierdie aansoekvorm ‘n bindende kontrak tussen die aansoeker en/of verantwoordelike persoon enersyds, en die AP Akademie andersyds sal wees.

4.3 Ek/ons, die ondergetekende(s), onderneem gesamentlik of indiwidueel, wat ook al van toepasiing, dat ek/ons die bedrag van alle studiegeld en ander voorgeskrewe gelde stiptelik sal betaal voor of laatstens op die voorgeskrewe datums (vgl. Prospektus), soos deur die Raad van die AP Akademie vasgestel en dat ek/ons oor die middele beskik om die finansiële verpligtinge na te kom

4.4 Ek die ondergetekende, onderneem om by die staking van kursusse en/of studie na die jaarlikse gegewe afsnydatums, die volle uitstaande studiegeld asook ander gelde wat verskuldig mag wees, te betaal, soos jaarliks deur die Raad van die Akademie vasgestel.

4.5 Ek verleen toestemming dat my/ons persoonlike inligting op die bediener van die AP Akademie gestoor mag word.

4.6 Hierdie onderneming is geldig vir die duur van die student se studie aan die AP Akademie en daarna totdat alle verpligtinge (akademies, finansieel en administratief) deur die student nagekom is.

Handtekening van persoon verantwoordelik
vir die rekening Datum

VIR KANTOORGEBRUIK

M TELLING:

GOEDGEKEUR	VOORWAARDELIK GOEDGEKEUR	NIE GOEDGEKEUR NIE	VOORWAARDELIKE TOELATING	OORBRUGGING

Opmerkings: .....
.....
.....
.....

Kommentaar/Aanbevelings: .....

Handtekening: Registrateur ..... Handtekening: Dekaan .....
Datum: ..... Datum: .....



PROSPEKTUS 2027

By die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding as 'n privaat tersiêre onderwysinstelling geregistreer kragtens die Hoër Onderwyswet van 1997

(Registrasienommer 1999/HE08/001)

Straatadres:
Farendenstraat 430
CLYDESDALE
Pretoria, 0002

(012) 344 3960
info@apa.ac.za
www.apa.ac.za

OU SPORE, NUWE WEË